# NUUSKARTERING VAN NEDERLAND DEUR *BEELD* EN VAN SUID-AFRIKA DEUR *TROUW*

**Marinus Coetzee**
**B.Bk**

Verhandeling voorgelê vir die nakoming van die vereistes vir die graad Magister Artium in Bedryfskommunikasie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

**Studieleier:** Prof. A.S. de Beer
**Mede-studieleier:** Drs. T. Veen

**POTCHEFSTROOM**
**2000**

## ABSTRACT

The fall of communism and the end of apartheid brought about major changes on international political and socio-economical levels. It lead to the change of geographical maps of the world in order to reflect the new political realities. These changes also lead to a reorientation in the media. Standard perceptions of the nature and flow of news and the way in which conceptual news maps are formed, were questioned and had to be researched. As a result probably the largest news flow research project, the Global News Flow Project (GNFP), was undertaken by researchers in 42 countries in 1995. This study elaborates on that of the GNFP in that it concentrates on the news flow pattern between South Africa and the Netherlands as described by *Trouw* and *Beeld*. The researcher argues that news flow between two countries can be mapped on the basis of mainly three factors, i.e. the press landscape in which the news is generated and flows, the criteria which are applied in the selection of news, and the flowpatterns of the news. The concept 'press landscape' and it's role in news flow is discussed in terms of the functional approach and the gatekeeper theory, after which both the press landscapes of South Africa and the Netherlands are described according to these approaches. A new model for the selection of news is proposed in which the gatekeeper's role in the generation, selection and distribution of foreign news is highlighted. These two concepts, press landscapes and news selection criteria, are drawn together in the discussion of news flow in terms of factors influencing the news flow pattern and the functions of news flow. All news reports published in *Beeld* (concerning the Netherlands) and *Trouw* (concerning South Africa) in 1992 and 1996 were analysed against the background of the two countries' press landscapes. The results show that the news flow patterns between South Africa and the Netherlands are not typical of news flow between the North and the South or developed and developing countries. It also confirmed that news flow patterns between two countries are altered by changes in the press landscape in one of the two countries. This is especially indicated by the change in the focus of the main subjects of news reports on South Africa that were published in *Trouw* in the two years under consideration.

# VOORWOORD

Hiermee betuig ek graag my dank aan die volgende persone en instansies:

- Prof. A.S. de Beer van die PU vir CHO vir sy effektiewe studieleiding en deurlopende aanmoediging en ondersteuning die afgelope drie jaar.
- Drs. Ton Veen van die Christelijke Hogeschool Ede vir sy mede-studieleiding.
- Die PU vir CHO en die Christelijk Hogeschool Ede vir die geleentheid en finansiële ondersteuning om as deel van 'n uitruilooreenkoms ses maande in Nederland navorsing te kon doen.
- Die dokumentasie-afdeling by *Trouw* wat my gehelp het om die honderde berigte vir die ontleding uit hul databasis te trek.
- Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir die finansiële ondersteuning.
- Die Here vir die gawe en deursettingsvermoë om die studie te kon aanpak en voltooi.
- My familie en vriende vir hul ondersteuning en aanmoediging.

**INHOUDSOPGAWE**

**Hoofstuk 1 : Inleiding, probleem en doelstelling**

1.1 Inleiding........1

1.2 Keuse van die navorsing se fokusarea........3

1.3 Navorsingsvrae........4

1.4 Doelstellings........5

1.5 Sentrale teoretiese argumente........5

1.6 Strukturering en hoofstukindeling........6

1.6.1 Teoretiese ondersoek........6

1.6.2 Empiriese ondersoek........6

1.6.3 Begripsomskrywing........7

1.6.4 Hoofstukindeling........8

**Hoofstuk 2 : Perslandskappe**

2.1 Inleiding........9

2.2 Die funksionele benadering as basis vir perslandskappe........10

2.2.1 Die rol van die hekwagter as agendasteller in die funksionele benadering........11

2.3 Die Nederlandse perslandskap........13

2.3.1 Inleiding........13

2.3.2 Politieke faktore........15

2.3.3 Kulturele faktore........16

2.3.4 Ekonomiese faktore........17

2.3.5 Fisies-geografiese faktore........19

2.3.6 Mediafaktore........19

2.3.6.1 Mediategnologie........19

2.3.6.2 Mediaverbruikspatrone........20

2.3.7 Oorsig van die bestaande dagbladspektrum........20

2.3.8 *Trouw* as subsisteem in Nederland se perslandskap........21

2.3.8.1 Ontstaan en ontwikkeling........21

2.3.8.2 Lesersprofiel en -gedrag.....23
2.3.8.2.1 Leserstal.....23
2.3.8.2.2 Ouderdom.....24
2.3.8.2.3 Opleiding.....24
2.3.8.2.4 Inkomstegroepe.....25
2.3.8.2.5 Politieke voorkeur.....25
2.3.8.2.6 Religie.....25
2.3.8.3 Buitelandse beleid.....26
2.4 Die Suid-Afrikaanse perslandskap.....27
2.4.1 Inleiding.....27
2.4.1.1 Die laaste apartheidsjare.....27
2.4.1.2 Sedert 1990.....28
2.4.2 Politieke faktore.....29
2.4.3 Kulturele faktore.....31
2.4.4 Ekonomiese faktore.....31
2.4.5 Fisies-geografiese faktore.....33
2.4.6 Mediafaktore.....34
2.4.6.1 Mediategnologie.....34
2.4.6.2 Mediaverbruikspatrone.....34
2.4.7 Oorsig van die bestaande dagbladspektrum.....35
2.4.8 *Beeld* as subsisteem in Suid-Afrika se perslandskap.....35
2.4.8.1 Onstaan en ontwikkeling.....35
2.4.8.2 Lesersprofiel en –gedrag.....39
2.4.8.2.1 Leserstal.....39
2.4.8.2.2 Ouderdom.....39
2.4.8.2.3 Opleiding.....39
2.4.8.2.4 Inkomstegroepe.....40
2.4.8.2.5 Politieke voorkeur en religie.....40
2.4.8.3 Buitelandse beleid.....41
2.5 Opsomming van hoofstuk twee.....44

**Hoofstuk 3 : 'Nuuswaardes'**

3.1 Inleiding....45

3.2 Definiëring van die begrip nuuswaardes....45

3.2.1 'n Vierledige model vir die selektering van nuus....47

3.2.1.1 Intrinsieke en ekstrinsieke kwaliteite....48

3.2.1.2 Nuustemas en faktore wat nuuswaardigheid beïnvloed....49

3.2.2 Nuusselekteringskriteria in die hekwagtersproses....50

3.3 Die rol van nuusselekteringskriteria in die nuusproses....52

3.3.1 Nuus as kommunikasieproses....52

3.3.2 Die hekwagtersproses....53

3.3.3 Shoemaker se vlakke van die hekwagtersproses....57

3.4 Intrinsieke kwaliteite van nuus....59

3.4.1 Regverdigheid....60

3.4.2 Objektiwiteit of onbevooroordeeldheid....60

3.4.3 Waarheid....61

3.4.4 Etiese verantwoordbaarheid....61

3.4.5 Volledigheid....61

3.5 Ekstrinsieke kwaliteite van nuus....62

3.5.1 Afstandsdimensie....65

3.5.1.1 Afstand in terme van tyd....65

3.5.1.2 Afstand in terme van ruimte....67

3.5.1.3 Sosio-psigiese afstand....67

3.5.2 Intensiteitsdimensie....69

3.5.2.1 Intensiteit in terme van *status quo*....69

3.5.2.2 Intensiteit in terme van omvang....71

3.5.2.3 Intensiteit in terme van ongewoonheid....71

3.6 Nuustemas....72

3.7 Faktore wat die selektering van nuus beïnvloed....74

3.7.1 Organisasiekultuur en -struktuur....74

3.7.2 Toeganklikheid....74

3.7.3 Lewens- en wêreldbeskouing....75

3.7.4 Funksies van die media....76
3.7.5 Persoonlike ondervinding en agtergrond....76
3.7.6 Signatuur van 'n koerant....77
3.7.7 Die joernalis se persoonlike belangstellings....78
3.7.8 Ruimte....78
3.7.9 Keuse van persagentskappe....78
3.7.10 Buitelandse korrespondente en redakteurs....79
3.7.11 Die belangstelling van die lesers....79
3.7.12 Spertye....79
3.8 Opsomming van hoofstuk vier....80

**Hoofstuk 4 : Nuusvloei**

4.1 Inleiding....81
4.2 Omskrywing van die begrip 'nuusvloei'....83
4.2.1 Mowlana se model vir die vloei van internasionale nuus....84
4.3 Aanloop tot en ontwikkeling van die internasionale nuusvloeidebat....86
4.4 Faktore wat 'n nuusvloeipatroon bepaal....88
4.4.1 Die hekwagter as faktor in die nuusvloeiproses....89
4.4.1.1 Korrespondente as hekwagters....91
4.4.1.2 Internasionale nuusagentskappe as hekwagters....92
4.4.2 Nuusselekteringskriteria....92
4.4.2.1 Proksimiteit/Nabyheid....95
4.4.2.2 Elitisme....95
4.4.2.3 Ander faktore....96
4.4.3 Perslandskappe....96
4.4.3.1 Politiek en ekonomie....97
4.4.3.2 Kultuur....98
4.4.3.3 Geografie....99
4.4.3.4 Tegnologie....99
4.5 Die funksies van nuusvloei....100
4.5.1 Agendastelling....100

4.5.2 Nuuskartering....102
4.5.3 Kulturele raming....103
4.5.4 Ander funksies....105
4.5.4.1 Internasionale druk en verhoudings....105
4.5.4.2 Internasionale probleemareas....106
4.5.4.3 Strewe na wêreldvrede....106
4.6 Suid-Afrika en Nederland in die internasionale nuusvloeiproses....106
4.6.1 Drie teorieë vir nuusvloeistrukture....107
4.6.2 Nuusvloei van Suid na Noord....109
4.6.3 Nuusvloei van Noord na Suid....111
4.7 Opsomming van hoofstuk vier....112

**Hoofstuk 5 : Navorsingsmetodologie en bespreking van resultate**

5.1 Metode van ondersoek....114
5.1.1 Literatuurondersoek....114
5.1.2 Empiriese ondersoek....114
5.1.2.1 Metode van data-insameling....116
5.1.2.2 Metode van data-analise....117
5.1.2.2.1 Nuusvloei....117
5.1.2.2.2 'Nuuswaardes'....118
5.1.3 Koderingsprotokol....119
5.2 Bespreking van resultate....119
5.2.1 Inleiding....119
5.2.2 Universum....120
5.2.3 Nuusvloei....120
5.2.3.1 Bron....120
5.2.3.1.1 *Trouw*....120
5.2.3.1.2 *Beeld*....123
5.2.3.2 Tipe item....125
5.2.3.2.1 *Trouw*....125
5.2.3.2.2 *Beeld*....126

5.2.3.3 Prominensie........................................................128
5.2.3.3.1 *Trouw*........................................................128
5.2.3.3.2 *Beeld*........................................................129
5.2.3.4 Datumreël........................................................129
5.2.3.4.1 *Trouw*........................................................129
5.2.3.4.2 *Beeld*........................................................131
5.2.3.5 Onderwerp........................................................132
5.2.3.5.1 *Trouw*........................................................132
5.2.3.5.2 *Beeld*........................................................135
5.2.3.6 Tipe gebeure........................................................137
5.2.3.6.1 *Trouw*........................................................137
5.2.3.6.2 *Beeld*........................................................139
5.2.4 Nuuswaardes........................................................141
5.2.4.1 Ekstrinsieke kwaliteite........................................................141
5.2.4.1.1 *Trouw*........................................................142
5.2.4.1.2 *Beeld*........................................................145
5.2.4.2 Nuustemas........................................................147
5.2.4.2.1 *Trouw*........................................................147
5.2.4.2.2 *Beeld*........................................................149
5.2.4.3 Faktore wat nuuswaardigheid beïnvloed........................................................151
5.3 Opsomming van hoofstuk ses........................................................153

**Hoofstuk 6 : Bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings**

6.1 Inleiding........................................................154
6.2 Beantwoording van die navorsingsvrae........................................................154
6.3 Gevolgtrekking........................................................164
6.4 Tekortkominge, aanbevelings en heuristiese waarde........................................................165

**Bibliografie**

\

**Bylaag A : Koderingsprotokol**

**Bylaag B : Koderingslys**

**Bylaag C : Grafieke**

**Bylaag D : Voorbeelde van gekodeerde stories**

**Figure**

Fig. 3.1 Die vierledige model vir die selektering van nuus........................................50

Fig. 3.2 Gerbner se algemene model van kommunikasie..........................................52

Fig. 3.3 White se hekwagtersmodel...........................................................54

Fig. 3.4 McNelly se nuusvloeimodel..........................................................54

Fig. 3.5 Galtung en Ruge se model van selektiewe hekwagtery...................................55

Fig 4.1 Mowlana se model van internasionale nuusvloei..........................................84

**HOOFSTUK 1 –**

# INLEIDING, PROBLEEM- EN DOELSTELLING

## 1.1 Inleiding

Die val van die Berlynse Muur en die beëindiging van apartheid in Suid-Afrika het op internasionaal-politieke en sosio-ekonomiese vlakke ingrypende veranderinge meegebring. Dit het onder meer ingehou dat geografiese landkaarte verander en aangepas moes word om aan nuwe politieke werklikhede gestalte te gee (Hjarvard, 1995).

Bogenoemde veranderinge het ook 'n heroriëntasie op perswetenskaplike vlak genoodsaak. Standaardaannames oor die aard (Tuchman, 1978), kenmerke (Hachten, 1987) en vloei (Sreberny-Mohammadi, 1995) van nuus en die wyse waarop konseptuele nuusvloeikaarte deur middel van nuus gevorm word, is bevraagteken en moes derhalwe aan ondersoek onderwerp word (Sreberny-Mohammadi, 1995). Dié vrae is spesifiek gestel teen die agtergrond van omvattende navorsingsresultate wat toon dat inwoners van 'n bepaalde land tot groot mate hul konseptuele nuuskaart van ander lande aan inligting ontleen wat van die massamedia verkry word (Hachten, 1994).

Met die oog op bogenoemde is in 1995 met waarskynlik die grootste internasionale navorsingsprojek oor nuus en die vloei en kartering[1] van internasionale nuus begin - die *Global News Flow Project of 1990's* (GNFP). Onder leiding van Stevenson en Sreberny-Mohammadi (1995) het ondersoekspanne in 45 lande navorsing oor nuusvloei en nuuskartering onderneem. As deel van die GNFP het 'n projekspan in Suid-Afrika reeds 'n aantal nuusvloei- en nuuskarteringstudies uitgevoer. Dit sluit ondersoeke na die volgende in: die algemene nuusvloeipatroon na Suid-Afrika (De Beer, Serfontein & Naudé, 1996); die nuusvloeipatrone tussen Suid-Afrika, Kenia en Nigerië (De Beer, Serfontein, Naudé & Steyn, 1996); die redaksionele nuuskeuring- en internasionale nuusvloeiproses in 'n enkele dagblad (De Beer & Steyn, 1996) en nuusvloeipatrone in Suid-Afrika teenoor nuusvloeipatrone in die Eerste Wêreld (Fourie, Naudé & De Beer, 1997).

[1]Sien die lys van begrippe aan die einde van hierdie hoofstuk vir 'n omskrywing van die kernbegrippe wat in die huidige navorsing aan die orde kom.

Uit bogenoemde navorsing en uit ander nuusvloei-navorsingsresultate (Hachten, 1994) blyk dit onder andere dat daar steeds 'n oorwig van nuusvloei van die noorde na die suide plaasvind; dat die sogenaamde *bad news*-sindroom tot 'n sekere mate steeds van toepassing is wanneer dit oor nuusdekking van die ontwikkelende wêreld gaan; en dat Suid-Afrika na die demokratiese verkiesing van 1994 tot groot mate sy relatiewe hoë plek op die rangleer van 'nuuswaardige' lande verloor het (Steyn & De Beer, 1997; Winterstein, De Beer & Giffard, 1997).

Uit die resultate van bogenoemde navorsing het dit geblyk dat dit navorsingsgewys sinryk sal wees om die GNFP-temas met betrekking tot Suid-Afrika nie net uit te brei nie, maar ook te verdiep. Dit is in die huidige ondersoek gedoen deur 'n kwalitatiewe ondersoek oor 'n langer tydperk te doen waarin die internasionale nuusvloeipatroon, soos weerspieël in 'n spesifieke Afrikaanstalige dagblad en 'n spesifiek dagblad in die buiteland, ondersoek word teen die agtergrond van die kriteria op grond waarvan die twee koerante buitelandse nuus oor die 'ander land' karteer.

In die huidige ondersoek argumenteer die navorser dat die vloei van nuus van een land na 'n ander hoofsaaklik op grond van drie faktore gekarteer kan word, naamlik die twee lande se perslandskappe waarbinne die nuus ontstaan en moet vloei, die kriteria op grond waarvan die nuus geselekteer word en die patroon wat die vloei van nuus aanneem. Ten einde die nuus oor Suid-Afrika te karteer soos dit deur *Trouw* aangebied word en omgekeerd die nuus oor Nederland te karteer soos dit deur *Beeld* aangebied word, word die perslandskappe van die twee lande bespreek met spesifieke verwysing na die twee betrokke koerante se rol in die perslandskappe. Die teorie van nuusvloei en nuusselekteringskriteria ('nuuswaardes') word dan vir die huidige studie geoperasionaliseer word. Die empiriese deel van die navorsing behels 'n nuusvloei-ondersoek wat geskoei is op die model van die GNFP-ondersoek. In die hoofstuk met resultate word die nuusvloeipatrone tussen die twee lande soos dit in die nuusvloeiondersoek bepaal is, bespreek deur toepaslike verwysings na die perslandskappe en nuusselekteringskriteria en word die 'nuwe' konseptuele nuuskaarte van die nuusvloei tussen die twee lande weergegee.

## 1.2 Keuse van die navorsing se fokusareas

Vir die doel van die huidige studie is besluit om die ondersoek te beperk tot nuusberigte en kommentaar wat in *Beeld* in Suid-Afrika en in *Trouw* in Nederland in 1992 en in 1996 oor die 'ander land' verskyn het. Die volgende faktore het onder meer 'n rol gespeel in die keuse van die twee lande en die betrokke koerante:

1.2.1 Die GNFP kan sinvol in Suid-Afrika verder gevoer word deur 'n kwalitatiewe analise van die nuusvloei- en nuuskarteringsprosesse van 'n Afrikaanstalige koerant en 'n koerant in die buiteland.

1.2.2 Om historiese redes is dit relevant om die ondersoek te fokus op 'n Afrikaanstalige dagblad soos *Beeld*. Dit is die enigste van die drie oorblywende Afrikaanstalige dagblaaie, *Beeld*, *Die Burger* en *Die Volksblad*, wat nie voorheen 'n blatante spreekbuis van die Nasionale Party was nie. Dit het ook nie 'n spesifieke verbintenis met Nederland wat die beriggewing uit dié land kan 'skeeftrek' nie. Anders as by *Die Burger* het *Beeld* ten tyde van die ondersoek ook nie 'n buitelandse redakteur gehad nie en nuus oor Nederland het dus 'gewoonweg' tussen nuus van ander lande deur ingevloei (De Beer & Steyn, 1997).

1.2.3 *Trouw* is as relevante koerant vir die ondersoek in Nederland gekies omdat dit as een van Nederland se kwaliteitskoerante gereken word. Met 'n oplaag van sowat 120 000 is dit in grootte ook vergelykbaar met *Beeld*. Net soos *Beeld* in Suid-Afrika op sy manier 'n wegbereider was na die nuwe Suid-Afrika, was *Trouw* in Nederland een van die eerste koerante wat uit die gietvorm van versuiling gebreek het.

1.2.4 Die ondersoeker het verwag dat daar vir die doeleindes van die navorsing 'n relatief 'normale' nuusvloeiproses tussen Suid-Afrika en Nederland plaasgevind het. Albei koerante het toegang tot die belangrikste internasionale nuusagentskappe (Reuters, AFP en AP). Nasionale Pers het 'n deeltydse redaksionele medewerker vir sy koerante (dus ook *Beeld*) in Nederland, en *Trouw* het 'n heeltydse korrespondent in Suid-Afrika.

1.2.5 Die tydperke 1992 en 1996 is gekies omdat dit twee jaar voor en twee jaar na die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika in 1994 val. Die jaar 1994 dien as 'n besondere skeidslyn in die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse samelewingsisteem. Deur nuuskartering in dié betrokke twee jare te ondersoek, kan moontlike ooreenkomste, maar ook veranderinge nagevors word.

1.2.6 Om spesifieke navorsingsredes is die keuse van *Beeld* en *Trouw* ook meegebring deur die feit dat die navorser vir ses maande in Nederland vir studie was en via *Trouw* se dokumentasie-afdeling regstreeks toegang tot *Trouw* se nuusargiewe gehad het, terwyl *Beeld* se elektroniese nuusargief op die Internet beskikbaar is.

**1.3 Navorsingsvrae**

Die volgende navorsingsvrae kom in die studie aan die orde en is in gedagte gehou by die ontwerp van die navorsingsmetodes:

1.3.1 Wat is die omvang van die nuusvloeiproses tussen Suid-Afrika en Nederland soos blyk uit *Beeld* en *Trouw* se nuuskartering van die 'ander land'?

1.3.2 Wat is die aard van die nuus wat die onderskeie koerante van die 'ander land' bied?

1.3.3 Watter konseptuele nuuskaart word derhalwe deur *Trouw* van Suid-Afrika en deur *Beeld* van Nederland aan hul lesers gebied?

1.3.4 Is daar 'n verskil in die aard van die nuusvloeipatrone en nuusselektering in die tydperk voor (1992) en na (1996) die 1994-verkiesing?

1.3.5 Kan daar teen die agtergrond van die verandering in die samelewing- en perssisteem in Suid-Afrika (perslandskap) ook 'n verskil aangedui word in terme van die wyse waarop *Beeld* en *Trouw* die 'ander land' se nuus karteer?

1.3.6 Is daar 'n verandering in die hantering van die sogenaamde *bad news syndrome* in die navorsingstydperke voor en na 1994 in *Beeld* sowel as *Trouw*?

## 1.4 Doelstellings

Die doelstellings van die navorsingsprojek is gevolglik om te bepaal:

1.4.1 wat die omvang van die nuusvloeiproses tussen Suid-Afrika en Nederland is soos dit blyk uit *Beeld* en *Trouw* se nuuskartering van die 'ander land'.

1.4.2 wat die aard van die nuus was wat die onderskeie koerante van die 'ander land' bied.

1.4.3 watter konseptuele nuuskaart is deur *Trouw* van Suid-Afrika en deur *Beeld* van Nederland aan sy lesers gebied.

1.4.4 of daar 'n verskil is in die aard van die nuusselektering en nuusvloei in die tydperk voor (1992) en na (1996) die 1994-verkiesing.

1.4.5 of daar teen die agtergrond van die verandering in die perslandskap in Suid-Afrika ook 'n verskil aangedui kan word in terme van die wyse waarop *Beeld* en *Trouw* die 'ander land' aan hul lesers voorhou.

1.4.6 of daar 'n verandering is in die hantering van die sg. *bad news syndrome* in die navorsingstydperke voor en na 1994 in sowel *Beeld* as *Trouw*.

## 1.5 Sentrale teoretiese argumente

1.5.1 Die inwoners van 'n bepaalde land se 'konseptuele kaart' van ander lande word tot groot mate gevorm deur inligting wat hulle regstreeks of onregstreeks van die massamedia (o.m. koerante) kry. Tussen Suid-Afrika en meer spesifiek die Afrikaanssprekende deel daarvan, is daar 'n besondere historiese en kulturele verbintenis met Nederland. Die

invloed van apartheid en internasionale sanksies het 'n buitengewone uitwerking op dié verbintenis gehad. Daar kan tot sekere mate aanvaar word dat die medianuusdekking in Nederland van Suid-Afrika en omgekeerd 'n weerspieëling van dié faktore sou wees met 'n gevolglike uitwerking op die vorming van 'n 'konseptuele kaart' van Nederland en omgekeerd van Suid-Afrika.

1.5.2 Omdat die Suid-Afrikaanse sosio-politieke samelewingsisteem (en dus die perslandskap) gedurende die tydperk van ondersoek ingrypend verander het, word verwag dat die nuusvloeipatroon uit Suid-Afrika soos deur *Trouw* weergegee, vir die jare 1992 en 1996 sal verskil met 'n gepaardgaande verskuiwing in die nuusselekteringspatrone. Daarenteen behoort die nuusvloeipatroon van Nederland soos deur *Beeld* weergegee, nie te veel in die twee jare te verskil nie omdat die Nederlandse perslandskap weinig verander het en nuusselekteringspatrone waarskynlik dieselfde gebly het.

1.5.3 Antisiperend sou aangeneem kon word dat 'n Nederlandse dagblad soos *Trouw* heelwat 'negatiewe' nuus oor en kommentaar op Suid-Afrika voor 1994 (dws 1992) sou gedra het, en dat *Beeld* nie besonder veel aandag aan Nederland sou wy nie, met die moontlike uitsondering van 'negatiewe nuus' (vgl. die sogenaamde *bad news syndrome*). Daar word dus verwag dat *Trouw* se konseptuele nuuskartering van Suid-Afrika na 1994 noemenswaardig verander het, terwyl *Beeld* se konseptuele nuuskartering van Nederland na die 1994-verkiesing weinig of geensins verander het nie.

## 1.6 Strukturering en hoofstukindeling

Die huidige ondersoek bestaan uit twee afdelings, 'n teoretiese en 'n empiriese.

### 1.6.1 Teoretiese ondersoek

In die teoretiese deel (hoofstukke 2, 3 en 4) word die drie kernelemente van nuuskartering, naamlik perslandskappe, nuusselekteringskriteria en nuusvloei, aan die hand van literatuurstudie en onderhoude ontleed en op die huidige navorsing van toepassing gemaak. In hoofstuk 2 word

die Suid-Afrikaanse en Nederlandse perslandskappe elk afsonderlik bespreek in terme van die ses elemente van Hiebert *et. al.* (1985) se funksionele benadering en word spesifiek verwys na die twee koerante wat in die ondersoek gebruik word, *Beeld* en *Trouw*, se plek en rol in die onderskeie perslandskappe. Hoofstuk 3 bied 'n kritiese ontleding van wat tradisioneel as 'nuuswaardes' gesien is en 'n nuwe vierledige model vir die selektering van nuus word voorgestel. Dié model word later in die ontleding en bespreking van die resultate gebruik. In hoofstuk 4 word die agtergrond van die begrip nuusvloei geskets, waarna die faktore wat nuusvloeipatrone bepaal, die funksies van nuusvloei en bestaande navorsing oor nuusvloei van en na Nederland en Suid-Afrika aan die orde kom.

### 1.6.2 Empiriese ondersoek

In hoofstuk 5 word 'n uiteensetting gegee van die navorsingsmetodologie wat in die empiriese ondersoek gebruik is, en die resultate van die empiriese ondersoek word in die tweede helfte van hoofstuk 5 bespreek.

### 1.6.3 Begripsomskrywing

**Perssisteem:** die totaal van 'n land se gedrukte media wat onderhewig is aan wetgewing en regulasies wat op die pers van toepassing is.

**Perslandskap:** 'n perssisteem soos dit beskryf word in terme van byvoorbeeld die ekonomiese, politieke en sosiale sisteme van 'n land en dien dus as oorkoepelende term vir die omgewing waarin die land se nuus geskep word.

**Nuusvloei:** die vloei van inligting wat bestem is vir publikasie deur die nuusmedia, oor nasionale grense heen.

**Nuusvloeipatroon:** die beskrywing van die nuus en die vloei daarvan in terme van nuuselemente soos in die koderingsprotokol van die huidige studie vervat.

**Nuuskartering:** die beskrywing van die nuusvloeipatroon teen die agtergrond van die betrokke lande se perslandskappe en die nuusselekteringskriteria.

**'nuuswaardes':** 'n generiese term vir wat in die huidige navorsing aangebied word as 'n vierdelige model vir die selektering van nuus, bestaande uit intrinsieke en ekstrinsieke kwaliteite van nuus, nuustemas en faktore wat nuuswaardigheid beïnvloed.

**Intrinsieke kwaliteite van nuus:**

kwaliteite of eienskappe wat aan die nuusitem toegevoeg en nie bepaal word deur omstandigheidsfaktore soos tyd en ruimte nie; sluit ondere in regverdigheid, objektiwiteit, eerlikheid.

**Ekstrinsieke kwaliteite van nuus:**

kwaliteite waaraan inligting oor 'n nuusgebeurtenis moet voldoen om waarde as nuus te kan hê, om bruikbaar te wees as nuus of om belangrik (waardig) genoeg te wees om as nuus erken te word; word bepaal deur omstandigheidsfaktore soos tyd en ruimte, asook deur nuustemas en faktore wat nuuswaardigheid beïnvloed; sluit ondere andere in tydigheid, proksimiteit, prominensie.

### 1.6.4 Hoofstukindeling

| | |
|---|---|
| Hoofstuk 1 | Inleiding, probleem- en doelstelling |
| Hoofstuk 2 | Perslandskappe |
| Hoofstuk 3 | 'Nuuswaardes' |
| Hoofstuk 4 | Nuusvloei |
| Hoofstuk 5 | Navorsingsmetodologie en bespreking van resultate |
| Hoofstuk 6 | Bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings |
| Bibliografie | |
| Bylaag A: | Koderingsprotokol |
| Bylaag B: | Koderingslys |
| Bylaag C: | Voorbeelde van gekodeerde items |
| Bylaag D: | Grafieke |

**HOOFSTUK 2 -**

# PERSLANDSKAPPE

## 2.1 Inleiding

Die doel van dié studie - die beskrywing en kartering van die nuusvloeipatroon tussen Suid-Afrika en Nederland - noodsaak dat 'n konteks beskryf word waarbinne die nuusvloeipatroon verstaan kan word, asook 'n stel kriteria of waardes wat die betrokke koerante in die ondersoek toepas om die nuus te selekteer wat aan die patroon gestalte gee[1]. Die konteks is 'n beskrywing van die faktore in 'n samelewingsisteem wat 'n invloed kan hê op die aard en werking van 'n land se perssisteem, soos dit volgens die funksionele benadering die geval is. 'n Perssisteem op sy beurt is die totaal van 'n land se gedrukte media onderhewig aan wetgewing en regulasies wat onder meer op die pers van toepassing is.

Die woord 'perslandskap' word in die huidige studie as oorkoepelende term gebruik vir die beskrywing van die konteks, d.w.s. 'n perssisteem soos dit beskryf word in terme van byvoorbeeld die ekonomiese, politieke en sosiale sisteme van 'n land. Die term word in ooreenstemming met navorsers soos Sreberny-Mohammadi (1995:13) gebruik wat van 'news geographies of national media systems' praat as sy dit oor internasionale nuusvloei het. White (1995:36) beskryf op sy beurt 'n 'mediascape' as hy sê die uitsaaimedia 'has undergone considerable transformation through a variety of technological and institutional factors'.

In hierdie hoofstuk word die funksionele benadering bespreek, waarna dit toegepas word om die twee lande se perslandskappe te beskryf. Die konteks is geskep deur Suid-Afrika en Nederland se perslandskappe afsonderlik te bespreek as die twee omgewings waar die nuus gegenereer word. Die verhouding en ooreenkomste tussen Suid-Afrika en Nederland dien as rigtingwyser en word regdeur die verhandeling telkens met voorbeelde en verwysings aangespreek. Hoewel al vyf die elemente wat in die bespreking van die perslandskappe aan die orde kom, nl. politiek,

---

[1]Kyk hoofstuk 3.

ekonomie, kultuur, geografie en mediategnologie, nie in al die gevalle 'n direkte invloed het op die bepaling van die nuusvloeipatroon tussen Suid-Afrika en Nederland nie, het die navorser dit tog ter wille van konsekwentheid nodig geag om al twee lande se perslandskappe so kort, maar volledig as moontlik te bespreek.

## 2.2 Die funksionele benadering as basis vir 'n ondersoek na perslandskappe

Die basiese veronderstelling van die funksionele benadering is dat die samelewing (sosiale werklikheid) as 'n geheel of 'n struktuur gesien word wat uit interverwante dele bestaan (Jansen, 1989:18; Hiebert *et al.*, 1985:95). Die dele (komponente) lewer elk besondere bydraes wat help met die instandhouding van die geheel of struktuur waarvan dit deel is. Dié struktuur word gesien as 'n spesifieke geheel met kenmerke van sy eie wat ontstaan uit die verhoudings tussen die komponente. Die funksionele benadering het ten doel om die aard en gevolge van die wedersydse verhoudings tussen die komponente van die struktuur te bestudeer.

Die interverwantskap van die komponente word volgens die funksionele benadering verklaar in terme van die bydraes (funksies) wat elke komponent lewer tot die werking en handhawing van die struktuur. Dit beteken die verskillende komponente moet voortdurend hul onderskeie funksies verrig ter wille van die oorlewing van die sisteem. Die totale sisteem is voortdurend in 'n strewe na ekwilibrium, wat impliseer dat sommige van die funksies sal neig om die ekwilibrium te versteur. Merton (1968:79-91, 114-127) het in sy beskrywing van die funksionele benadering laasgenoemde as 'disfunksies' onderskei. Volgens hom is positiewe funksies die funksies wat 'n sub-sisteem verrig om by te dra tot die handhawing van die sisteem, terwyl disfunksies 'n negatiewe bydrae tot die sisteem is wat die normale funksionering van die sisteem belemmer. Volgens Wright (1964:99-104) kan dieselfde positiewe funksie ook disfunksies tot gevolg hê. Die nuus en inligtingsfunksie kan byvoorbeeld die samelewing dien deur waarskuwings te gee oor onmiddellike bedreigings (militêre aanvalle, natuurrampe), of deur as instrument te dien vir die bevrediging van daaglikse behoeftes van die samelewing (deurgee van aandelepryse, verkeersverslae). Dieselfde funksies kan as disfunksies optree as die waarde/belangrikheid van die nuus en inligting verkeerd beoordeel is.

Wanneer inligting oor die toenemende misdaad in Suid-Afrika deur die Nederlandse media oorbeklemtoon word en die situasie in Suid-Afrika erger voordoen as wat dit miskien in werklikheid is, kan dit die persepsie by voornemende Nederlandse toeriste skep dat dit te gevaarlik is om in Suid-Afrika te gaan toer. Wat dus aanvanklik moontlik as 'n positiewe (nuus- en inligtingsfunksie) bedoel is, word 'n disfunksie wat die ekwilibrium van die verhouding tussen die Nederlandse en Suid-Afrikaanse samelewings versteur. Die implikasie vir die nuusvloeipatroon tussen die twee lande is dat, deur die toepassing van 'n nuusselekteringsbeleid wat misdaad hoog op die agenda plaas, die nuusvloei van Suid-Afrika na Nederland danksy dié nuustema toeneem.

Die gedwonge (en in Suid-Afrika se geval onder die noodtoestand die kunsmatige) herstel van die ekwilibrium, lei soms daartoe dat van die ander funksies ingeboet word, wat dan 'n vals of verwronge beeld van die samelewing voorhou. Vir die huidige studie het dit die implikasie dat die politieke subsisteem die perssisteem op só 'n manier kan beïnvloed dat die perslandskap wat daardeur gevorm word, buitelandse joernaliste verhinder om nuus volgens hul vereiste nuusselekteringskriteria na die buiteland te stuur. Op dieselfde wyse kan die ekonomiese en tegnologiese subsisteme bydra om 'n perslandskap te skep waarbinne die joernalis beperk word. Dit word nou verder verduidelik aan die hand van die funksionele benadering tot die massamedia, waarna die twee koerante wat in die navorsing gebruik word, *Trouw* en *Beeld*, in die res van die hoofstuk teen die agtergrond van die twee lande se perslandskappe beskryf word.

### 2.2.1 Die rol van die hekwagter as agendasteller in die funksionele benadering[2]

'The process of gatekeeping is the process of creating social reality: if an event is rejected by the media I use, it probably will not become part of the social reality I percieve' (Shoemaker, 1989:27). Met hierdie definisie van die hekwagtersproses lê Shoemaker die verband tussen dié belangrike verskynsel in die nuusgaring- en selekteringsproses en die funksionele benadering. Onder 2.2. is 'n aantal funksies bespreek wat die massamediasisteem in die samelewing moet verrig. Hierdie funksies word mede-bepaal (beïnvloed) deur die ander sisteme wat saam met die massamediasisteem in die geheel bestaan. So beïnvloed die kultuur van die samelewingsisteem

[2]Kyk ook 3.2 en 3.3 vir 'n vollediger uiteensetting van die hekwagtersproses en agendastellingshipotese.

byvoorbeeld die waardes op grond waarvan die nuus- en inligtingsfunksie verrig word, en bepaal dit gevolglik ook watter items wel deur die 'nuushek' gelaat word. Die politieke sisteem is weer in 'n groot mate bepalend van die selekteringsbeleid wat die hekwagter moet toepas in terme van beperkings op die inhoud van die media en op die vloei van nuus oor landsgrense heen.

Nog 'n kommunikasieteorie wat die hekwagtersproses aanvul en tot 'n mate die manifestasie van 'n gebalanseerde samelewingsisteem is, is die agendastellingshipotese. Dié hipotese stel dat die media 'n invloed op die openbare opinie uitoefen deur bloot aan sommige kwessies aandag te skenk en ander te ignoreer (McQuail & Windahl, 1989:62). Hiervolgens heg die publiek meer waarde aan of sien hulle kwessies wat deur die media behandel word as belangriker as kwessies wat nie behandel word nie (Merrill *et al.*, 1990:89). Die media selekteer dus gebeure en idees op grond van 'n stel kriteria en vestig dan die publiek se aandag daarop (De Vito, 1991:477). Oorkoepelend beskou, hou die agendastellingshipotese in dat die hekwagters die bepalende rol speel in beide die samestelling van die verskeidenheid onderwerpe/temas wat in die 'agenda' opgeneem is, sowel as in die prioritisering van die temas op die agenda.

Vanuit 'n nuusvloei-oogpunt is dit dus duidelik dat die hekwagters die nuusagenda bepaal wat op sy beurt gestalte kry in die nuusvloeipatroon. 'n Versteuring van die ekwilibrium in 'n samelewingsisteem kan die gevolg hê dat die eise verander wat aan die media-sisteem gestel word, wat op sy beurt die hekwagters se nuusgarings- en selekteringsproses beïnvloed sodat 'n nuwe nuusagenda aan die publiek voorgehou word. Dié verandering in die nuusagenda word in die nuusvloeipatroon weerspieël in byvoorbeeld die verandering in die belangrikste nuustemas, 'n af- of toename in die aantal nuusitems wat uit 'n spesifieke land kom en die af- of toename in prominensie van die nuusitems wat uit 'n spesifieke land kom (as daar byvoorbeeld 'n staatsgreep was, sal daar waarskynlik 'n skielike toename in die aantal en die prominensie van die betrokke items wees), die tipe gebeure en die bronne[3]. Hierdie navorsing het ten doel om die vloei van nuus tussen die Nederlandse en Suid-Afrikaanse samelewingstrukture te beskryf teen die agtergrond van die twee lande se perslandskappe, en in terme van die betrokke koerante se nuusselekteringskriteria.

---

[3]Kyk hoofstuk vyf vir 'n uiteensetting van die faktore wat in die bepaling van die nuusvloeipatroon ingesluit is.

## 2.3. Die Nederlandse perslandskap

### 2.3.1 Inleiding

Kernelemente uit die Nederlandse politiek- en kultuur-historiese ontwikkeling het 'n rigtinggewende invloed op die ontwikkeling van die pers in die land gehad. Begrippe soos versuiling en ontsuiling, perskonsentrasies en pluriformiteit verteenwoordig nie net belangrike prosesse in die geskiedenis van die Nederlandse pers nie, maar is ook bepalende faktore wat 'n invloed op die perslandskap uitoefen.

'Bijna een eeuw lang, zo tussen 1880 en 1960, droeg de Nederlandse samenleving een sterk verzuild karakter. Orthodox-protestanten, rooms-katolieken en sociaal-democraten hadden zich op allerlei terreinen in organisaties verenigd' (Janse, 1991:76). Van den Berg (soos aangehaal deur Peelen, 1976:37) definieer die begrip versuiling as '(h)et verschijnsel, dat in een in levenbeschouwelijk opzicht heterogene samenleving, organisaties op levensbeschouwelijke grondslag gevormd worden, die naast andere, met hen in concurrentie-relatie staande organisaties, een zelfde maatschappelijke taak gaan verrichten'. Volgens die definisie beteken versuiling dus dat mededingende organisasies met dieselfde bedryfsoogmerke in die samelewing, opgerig word op grond van verskillende lewensoortuigings in plaas van op grond van suiwer ekonomiese oogmerke of 'n teikenmark.

Die ontstaan van 'richtingbladen' hang ten nouste saam met die versuilingsverskynsel wat rondom die eeuwisseling in Nederland ontstaan het. Die doel van die 'richtingsblade' was om die lede van die eie suil ideologies te bind of te vorm (Bardoel & Bierhoff, 1994:50). Behalwe dekking van die algemene nuusgebeure, gee dié gerigte koerante volgens elkeen se besondere stel kriteria vir die selektering van nuus, spesiaal aandag aan inligting oor die politieke en sosiaal-kulturele lewe binne die eie suil (Bardoel & Bierhoff, 1994:50). Voorbeelde van sulke 'richtingsblade' wat vandag nog in 'n ontsuilde gedaante bestaan is *de Volkskrant* wat tot in 1965 met die subtitel 'Katholiek Dagblad voor Nederland' verskyn het (Shneider & Hemels, 1979:375) en *Trouw* wat in 1943 gestig is as 'n versetsblad binne die kring van die gereformeerdes met 'n nou verbintenis met die Anti-Revolusionêre Party (Van der Ros,1993:237,240). *Reformatorisch*

*Dagblad* (met 'n nie-amptelike verbintenis tot die Staatkundig Gereformeerde Party) ondervang sedert 1971 'n deel van *Trouw* se vervreemde lesers nadat laasgenoemde in die proses van ontsuiling sy gereformeerd-spesifieke identiteit verloor het (Jansen, 1987:20; Schneider & Hemels, 1979:383).

Teen die einde van die twintigste eeu is dit nog net *Reformatorisch Dagblad*, *Nederlands Dagblad* en *Friesch Dagblad* wat 'n Protestants-christelike versuilingstipe karakter het (Van der Ros, 1991:82; Schneider & Hemels, 1979:376). Die ontsuilingsbeweging wat in die jare sestig in Nederland ontstaan het, is in baie gevalle, ook in die dagbladbedryf, versterk deur ekonomiese ontwikkelinge. Om te oorleef moes die 'richtingblade' hulself herposisioneer deur aanpassing van hul redaksionele beleidsriglyne. 'Bovendien kwam het bestaansrecht van veel levensbeschouwelijk gebonde bladen ter discussie door het brede proces van maatschappelijke ontzuiling' (Hemels, 1994:117). As 'n gevolg van die ontsuilingstendens het verskeie perskonsentrasies[4] plaasgevind, en het die gevaar ontstaan dat die pluriformiteit[5] van die pers in die gedrang kan kom. Die Nederlandse regering se manier om die ekonomiese krisis waarin sommige dagblaaie hulself bevind het, te hanteer en die pluriformiteit in die Nederlandse perslandskap te handhaaf, was die stigting van die *Bedrijfsfonds voor de Pers* (BvP), wat in 1974 gestig is (Hemels, 1994:99).

Noudat die belangrikste faktore bespreek is wat 'n rol gespeel het in die ontwikkeling van die Nederlandse perslandskap, sal die huidige perslandskap bespreek word aan die hand van die ses faktore wat volgens Hiebert *et al.* (1985:44) die perssisteem in 'n land beïnvloed.

---

[4]Van Cuilenburg *et al.* (1988:14) onderskei twee tipes perskonsentrasies, nl. aanbiederskonsentrasie en publieke konsentrasie. Eersgenoemde behels dat die aantal ekonomies selfstandige aanbieders van koerante afneem, terwyl laasgenoemde die verskynsel is dat lesers hulself oneweredig oor die dagbladspektrum verdeel. Volgens hulle het publieke konsentrasie gelei het tot 'een vermindering van het aantal, naar redactionele zelfstandigheid gewogen, dagbladen', maar dat aanbiederskonsentrasie voorkom het dat dit nog erger was. Die ontsuilingsproses en die vorming van perskonsentrasies het in die geval van *de Volkskrant*, *Trouw* en *Het Parool* saamgevloei in één 'dagbladholding, de Perscombinatie NV, waarvan *Trouw* in 1976 deel geword het.

[5]Pluriformiteit word gedefinieer as die mate waarin die inhoud van die massamedia 'naar een bepaald kenmerk of bepaalde kenmerken heterogeen is' (Van Cuijlenburg & McQuail, 1991:106).

### 2.3.2 Politieke faktore

Die belang wat die Nederlandse regering aan 'n effektiewe massamediasisteem heg, blyk duidelik uit die ingreep van die regering in die sewentigerjare om die voortbestaan van die pluriformiteit van die pers te waarborg ten spyte van die prosesse van ontsuiling en perskonsentrasie. Deur die stigting van die *Bedrijfsfonds voor de Pers* het die regering 'n instrument daargestel waarmee die genoemde pluriformiteit 'gerelateerd is aan het belang van de informatievoorziening en opinievorming voor het democratisch funktioneren van de Nederlandse samenleving' (Van Cuilenburg *et al.*, 1992:12). Die verbinding tussen pers en demokrasie is in Nederland tewens een van die vaste vooronderstellings van die persbeleid (Nieuwenhuis, 1991:149).

Die dagblad *Trouw* se onafhanklikheid word duidelik gestel in dié koerant se redaksiestatuut wat onder meer lui:

> Zonder dat *Trouw* gebonden is aan enigerlei organisatie van politieke of andere aard, zal die geschakeerdheid van haar lezerskring, vooral in kerkelijk, politiek en sociaal opzicht, medebepalend zijn voor de selectie van het nieuws en de keuze van de artikelen.
>
> (Redactiestatuut, 1997:3)

Die ontsuiling van *Trouw* kan gemerk word aan die feit dat die 60% CDA-ondersteuners wat volgens Scholten (1979:260) in 1979 ook *Trouw*-lesers was, in 1986 al teruggesak het tot 51% (Jansen, 1987:108). Volgens statistiek uit *Trouw* se dokumentasie-afdeling was 37,4% *Trouw*-lesers in 1992 CDA-ondersteuners en in 1996 nog maar 24%, die twee jare wat in die huidige navorsing ondersoek is. Soortgelyke veranderings kan waargeneem word by die lesers van die ander dagblaaie. Die uitsondering is *Nederlands Dagblad* (ND) en *Reformatorisch Dagblad* (RD), Nederland se enigste twee nasionale dagblaaie wat steeds in die vorm van versuilde koerante funksioneer. Hoewel die leserskorps van die twee koerante versprei is oor die Gereformeerd Politiek Verbond (GPV), Staatkundig Gereformeerd Party (SGP) en Reformatorische Politieke Federasie (RPF), is daar tog spesifieke verwantskappe waar te neem. Wat geestelike klimaat betref, sal die RD die meeste verwantskap hê met die SGP (Van der Ros,1991:34). Daarenteen is die meerderheid ondersteuners van die GPV *Trouw*-lesers (Van der Ros,1991:35).

Die RPF beskik egter oor geen eie koerant nie en is afhanklik van die medewerking van die *Reformatorisch Dagblad* en *Nederlands Dagblad*.

Dit is hieruit vir die huidige navorser duidelik dat die politieke sisteem in die tydperk van ondersoek 'n positiewe bydrae gelewer het tot 'n perslandskap wat die internasionale vloei van nuus onbeperk toelaat en selfs aanmoedig. Die aanname berus op twee gevolgtrekkings, naamlik dat die Nederlandse regering in die versuilingsera en ook sedertdien aktief gepoog het om 'n pluriforme pers te handhaaf. Tweedens het die regering nie in enige stadium beperkings op die binnelandse of buitelandse pers geplaas in terme van wat gepubliseer mag word en wat nie.

### 2.3.3 Kulturele faktore

In teenstelling met Suid-Afrika waar kulturele aspekte soos verskillende bevolkingsgroepe en 'n verskeidenheid van tale 'n merkwaardige invloed op die ontwikkeling van die perslandskap gehad het, bestaan Nederland uit 'n relatief homogene bevolking met Nederlands as die enigste amptelike taal. Danksy die geloofsaspek van die versuilingsproses, is die kulturele faktor soos beskryf deur Hiebert *et al.* (1974) egter een van die belangrikste determinante in die ontwikkeling van die Nederlandse perslandskap. Die bekendste voorbeeld van die verhouding tussen die pers en die kerke, is dr. Abraham Kuyper, teoloog en die stigter van *De Standaard* in 1872. Hy het dié koerant gestig om as podium te dien vir die uitdra van die Anti-Revolusionêre beginsels, en wou daardeur ook die 'gereformeerde orthodoxie herstellen' (Van Koppen, 1992:12). 'Kuyper gebruikte zijn niet geringe journalistieke kwaliteiten om zijn denkbeelden te propageren en om zijn geestverwanten aaneen te smeden tot één machtig maatschappelijk, kerkelijk en politiek blok onder zijn persoonlike leiding' (Van Koppen,1992:12).

*Trouw* is later in 1943 opgerig as spreekbuis vir die Gereformeerdes en die Anti-Rewolusionêre Party omdat *De Standaard* 'n 'apparaat in de handen van de Nationaal-Socialisten en de Duitschers' geword het (Van der Ros, 1993:237)[6]. Van die ander bekendste dagblaaie wat tydens die versuiling op grond van geloofsoortuiging bestaan het, was *de Volkskrant* (die 'Katholiek

[6]Kyk afdeling 3.8 vir 'n vollediger agtergrond oor die ontstaan en ontwikkeling van *Trouw*.

Dagblad voor Nederland'); *De Tijd* wat sedert 1845 as 'n godsdienstig-staatkundige dagblad verskyn; *Nederlands Dagblad* wat sedert 1945 'n gereformeerde gesinsblad 'in de zin van Gereformeerde Kerken (Vrijgemaakt)' is, en *Friesch Dagblad* (1903-), wat steeds oorwegend Gereformeerd is en Anti-Rewolusionêr was. Vandag bestaan nog net *Nederlands Dagblad* en *Friesch Dagblad* in hul oorspronklik versuilde vorm. Nog 'n versuilde koerant het later te midde van die perskonsentrasies sy verskyning gemaak, naamlik *Reformatorisch Dagblad.* Dié koerant se ontstaan het in 1971 gespruit uit ontevredenheid in 'de regse vleugel van de orthodoxie' met die rigting wat *Trouw*, toe nog gesien as suiwer christelike koerant, ingeslaan het (Van der Ros,1991:287). Die lesers van *Reformatorisch Dagblad* kom hoofsaaklik uit die Nederlands Hervormde Kerk en die verskeie gereformeerde kerke.

As gevolg van dié verskillende religieuse oriëntasies sal die nuusvloeipatroon uit Suid-Afrika verskillend deur die onderskeie Nederlandse koerante weerspieël word. So sal die *Reformatorisch Dagblad* heel waarskynlik veel meer aandag aan sake rakende die gereformeerde kerke en verwante sake gee as byvoorbeeld *de Volkskrant*, wat 'n Katolieke agtergrond het. Die huidige studie sal aantoon dat *Trouw*, ten spyte daarvan dat die koerant in die laaste twee dekades uit sy suil weggebreek het, tog danksy die koerant se christelike geskiedenis en redelike groep christelike lesers, 'n taamlike hoeveelheid aandag aan religieuse sake uit Suid-Afrika gee. Die religieuse belangstelling in Suid-Afrika word versterk deur die Gereformeerde tradisie wat uit Nederland na Suid-Afrika geneem is en die prominente rol wat die drie moederskerke, die Gereformeerde, Nederduitsch Hervormde en veral die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die vorige bedeling gespeel het.

### 2.3.4 Ekonomiese faktore

Vir die rigtingblaaie was dit in die versuilingsera nie moeilik om kop bo water te hou nie, aangesien die 'achterban' (ondersteuners, navolgers) 'n natuurlike afsetmark gevorm het. Hierdie situasie het tydens die ontsuilingsproses ingrypend verander. Toe die vernaamste verskuiwings in die dagbladpers teen die einde van die sewentigerjare afgehandel was, het die nasionale populêre of massakoerante heelwat van die vroeëre konfessionele, liberale of sosialistiese lesers gewen (Bardoel & Bierhoff, 1994:130). Die dagbladeienaars en -redaksies moes aanvaar dat die

leser nie meer 'n 'lid' van die koerant is nie, maar 'n 'verbruiker' van wie se ondersteuning die koerant afhanklik is vir sy voortbestaan. 'Het preken voor eigen parochie, het informeren van een in politiek, religieus of maatschappelijk opzicht homogene maatschappelijke groep, verbleek ten gunste van economische drijfveren' (Bardoel & Bierenhoff, 1994:9).

Die belangrikste ontwikkeling met ooglopende gevolge vir die Nederlandse pers was die konsentrasietendens wat as 'n gevolg van die ontsuilingsproses ontstaan het[7]. Deels as 'n gevolg van die ekonomiese druk waaronder die dagblaaie te staan gekom het en die feit dat die dagblaaie hulself meer markgerig moes oriënteer ten einde hul leserskorps te behou, het die Nederlandse regering 'n afname in die pluriformiteit van die pers begin vrees (vgl. Nieuwenhuis, 1991:122-123). Dit het daartoe gelei dat die *Bedrijfsfonds voor de Pers* in September 1974 beslag gekry het as 'n 'bij de wet ingesteld zelfstandig bestuursorgaan, gericht op het handhaven en bevorderen van die pluriformiteit van de pers, voor zover die van belang is vir de informatie en opinievorming' (Anon., 1996:1).

Afgesien daarvan om finansiële steun te verleen, doen die *Bedrijfsfonds voor de Pers* ook navorsing met betrekking tot die funksionering van die pers. Volgens so 'n ondersoek wat deur Van Cuilenburg *et al.* (1992) gedoen is, is die Nederlandse koerantmark versadig - die oplaagsyfers bly stabiel en die gemiddelde leestyd van koerante is volgens die ondersoek aan die daal. 'n Tweede insiggewende gevolgtrekking wat uit die ondersoek van Van Cuilenburg *et al.* (1992:76-79,97)) blyk, is dat die koerant aan die einde van 'haar produkt-levenscyclus' staan en beweeg in die rigting van 'n 'krant-op-maat', 'n sogenaamde 'tailored newspaper'. Dit hou in dat die leser byvoorbeeld op een of meer bylae apart kan inteken, afhangend van sy of haar behoeftes en belangstellings. Op dié manier kry die leser 'n veel groter sê in die selekteringsproses van nuus deur sy/haar stel persoonlike kriteria al toe te pas nog voor hy/sy 'n koerant koop. Mense wat belangstel in buitelandse nuus sal dan byvoorbeeld die 'buitelandse bylaag' kan koop en die 'sakebylaag' los, wat 'n heeltemal nuwe dimensie aan die bepaling van internasionale nuusvloeipatrone sal meebring. Dié ontwikkeling het egter ten tyde van die huidige studie nog nie plaasgevind nie.

---

[7]Kyk 2.3.1.

### 2.3.5 Fisies-geografiese faktore

Danksy Nederland (41 800 km²) se beperkte oppervlakte, is die verspreiding van nasionale koerante aansienlik makliker as in Suid-Afrika en die Verenigde State waar groot afstande die taak bemoeilik. Die klein afstande maak dit selfs moontlik vir koerante soos *Nederlands Dagblad* (tot in 1992) en *Reformatorisch Dagblad* om nog steeds daagliks hul produkte per pos af te lewer in gebiede waar weinig intekenare is. Al die dagblaaie beskik oor gestroomlynde verspreidingsnetwerke waarvoor hulle in 'n groot mate afhanklik is van hoofsaaklik skoolkinders wat die koerante aflewer. Danksy dié netwerke word *Trouw* ook by die huis afgelewer, en is ook te koop in winkels, op treinstasies en in muntoutomate. Weens die klein oppervlak is Nederland se nasionale dagblaaie (waaronder *Trouw*) nasionaal in die egte sin van die woord, anders as *Beeld* wat, hoewel dit in terme van nuus nasionaal gerig is, 'n sterk onderdeel streeknuus dra.

### 2.3.6 Mediafaktore

Die laaste van die ses faktore wat volgens Hiebert *et al.* (1974) 'n invloed op die vorming en funksionering van die nasionale mediasisteem in 'n land uitoefen, is die gehalte van die land se mediasisteem. Daaronder sorteer die standaard van ontwikkeling van die mediategnologie, die mediaverbruikspatrone van die publiek en algemene intstitusionele eienskappe.

#### 2.3.6.1 Mediategnologie

Nederland is 'n Eerste Wêreld- of ontwikkelde land met van die beste tegnologie tot hul media se beskikking in terme van die nuusgaring, -verwerking en -verspreiding. 'n Wêreldwye tegnologiese ontwikkeling wat besig is om die reikwydte van die dagbladpers te verruim, is die elektroniese snelweg, of te wel die Internet. Daar is wêreldwyd al meer as 1700 dagblaaie op die net beskikbaar, waaronder twaalf lede van die Vereniging de Nederlandse Dagbladpers (NDP) (Jaarverslag, 1996:34). In 1996 het 'n werkgroep van NDP-lede ondersoek ingestel na die moontlikheid van 'n gemeenskaplike platform van Nederlandse dagblaaie op die Internet, maar die gevolgtrekking was dat die tyd nog nie ryp is daarvoor nie. *Trouw* is sedert die begin van Januarie 1999 ook op die Internet te lees by http://www.trouw.nl. As deel van die ontwikkelde

Eerste Wêreld beskik die koerant oor die vermoë om inligting oor nasionale grense heen te vergaar en te versprei.

2.3.6.2 Mediaverbruikspatrone

'n Belangrike verskil wat opval in die leespatrone van die Nederlandse dagbladpubliek vergeleke met die van Suid-Afrika, is die groot persentasie intekenare in Nederland wat die totale betaalde oplaag uitmaak. In 1992 was daar sprake van 'n verskuiwing van los verkope na intekenare; in vergelyking met 1991 het die aantal intekenare met 24 000 eksemplare gestyg tot 4 138 098, terwyl die los verkope met ongeveer dieselfde hoeveelheid gedaal het. In Junie 1997 was 89% (4 231 632) van die totale betaalde oplaag van 4 753 811 aan intekenare verkoop. Net 11% was as los uitgawes in die handel verkoop.

Uit die lesersprofiel van die Nederlandse dagblaaie in 1996, blyk dit dat die koerantlesers redelik versprei was oor die ouderdomspektrum. In die 13-24 jaar ouderdomsgroep het Nederland in 1996 altesame 1 596 000 lesers gehad, 1 812 000 in die 25-34 jaar groep, 2 706 000 in die 35-49 jaar groep, 1 872 000 in die 50-64 jaar groep en 1 407 000 in die groep ouer as 65 jaar (Perskombinatie Marktonderzoek, 1997:1). Uit dié inligting kan die gevolgtrekking gemaak word dat die Nederlanders 'n besondere leeskultuur het. In ag genome dat 'n leeskultuur gebore word uit 'n belangstelling in die wêreld om jou, kan die hipotetiese stelling gemaak word dat mense wat deel is van só 'n kultuur meer in internasionale nuusgebeure sal belang stel as dié wat meer sporadies lees. As aanvaar word dat 'n leeskultuur 'n aanduiding is van die lesers se behoeftes en dat dié behoeftes in die nuusvloeipatroon weerspieël word, is dit te verwagte dat die nuusvloeipatroon tussen Suid-Afrika en Nederland onder andere sal verskil weens die verskillende leeskulture. *Trouw* se lesersprofiel word onder afdeling 2.3.8.2 bespreek.

2.3.7 Oorsig van die Nederlandse dagbladspektrum

Jansen (1987) verdeel die Nederlandse dagblaaie in vier kategorieë: 'richtingbladen' en 'neutrale bladen', nasionale en streekkoerante, kwaliteits- en populêre koerante en oggend- en aand-uitgawes. Jansen (1987:27) stel die Nederlandse 'richtingblade' (sien 2.1) teenoor sogenaamde

'neutrale bladen'. Die laasgenoemde kategorie koerante sluit koerante in soos *De Telegraaf* en *Algemeen Dagblad* en is daarop gerig om nie verbonde te wees aan enige staatkundige party of bepaalde geestelike en/of maatskappelike stroming nie. Regionale of streekkoerante verskyn net in 'n beperkte gebied in teenstelling met die nasionale koerante wat landwyd versprei word. Omdat dit dikwels voorkom dat daar net een so 'n dagblad in 'n bepaalde streek verskyn (bv. *Gelders Dagblaad* wat in Gelderland verskyn), kan die koerant sy beriggewing dus nie beperk tot die bevoordeling van een bepaalde geestelike of politieke stroming bo die ander nie (Jansen, 1987:22). *Friesch Dagblad* is 'n uitsondering omdat die koerant ditself aanbied as 'n 'christelik-nasionale' koerant (Van der Ros, 1993:207-220). *Het Parool* is nog 'n uitsondering omdat dit, buiten die feit dat dit hoofsaaklik in Amsterdam en omgewing versprei word, tog as 'n nasionale dagblad gereken word (Jansen, 1987:25). Van die ander bekendste streekkoerante is *Utrechts Nieuwsblad* en *De Haagsche Courant*.

Die mees kontroversiële onderskeiding is tussen sogenaamde kwaliteitskoerante en populêre of massakoerante. 'n Kwaliteitskoerant gee volgens Bardoel *et al.* (1984:53) en Jansen (1987:26) meer aandag aan inligtingsvoorsiening, met die klem op binne- en buitelandse politiek en sosiaal-ekonomiese nuus. Koerante wat tot dié groep behoort, is *Trouw, NRC/Handelsblad* en *de Volkskrant*. Massakoerante soos *De Telegraaf* en *Algemeen Dagblad* is meer ingestel op vermaaklikheid en menslike belang as die kwaliteitskoerante (Jansen,1987:27; Bardoel, 1984:62-70). Die laaste voor-die-hand-liggende onderskeiding is tussen oggend- en aandkoerante. Dit is nie die doel van die huidige navorsing om te bepaal watter van die kategorieë koerante internasionale nuus hoog op hul nuuslys plaas nie, maar uit die beskrywing van die kategorieë lyk dit of die kwaliteit-, nasionale en rigtingkoerante 'n hoër waarde daaraan sal heg as die ander.

### 2.3.8 *Trouw* as subsisteem van die Nederlandse perslandskap

#### 2.3.8.1 Ontstaan en ontwikkeling

*Trouw* het op 30 Januarie 1943 as onwettige 'versetsblad binnen de kring van de gereformeerden' (Van der Ros, 1993:237) ontstaan. Die belangrikste motivering vir die ontstaan van *Trouw* was

die behoefte aan 'n spreekbuis onder gereformeerdes wat nie ingeskakel het in 'de Duitsche apparaat' nie (Van der Ros, 1993:239). Die koerant het gevolglik 'n substansiële deel van sy redaksionele kommentaar aan kritiek op die reeds bestaande dagblaaie afgestaan wat 'onder toezicht van de bezettende macht' steeds verskyn het. Een van die koerante wat deurgeloop het, was *De Standaard* wat deur Abraham Kuyper gestig is en as spreekbuis van die Anti-Rewolusionêre Party (ARP) gedien het. Op 19 Maart 1943 het *Trouw* Kuyper se koerant heftig gekritiseer vir die plasing van 'n artikel oor 'De Führer'. 'Hoe is het mogelijk?... *De Standaard* verleent ruimte op oudejaarsavond, nog wel op de voorpagina, aan een goddeloos artikel van dr. Seijs Inquart over De Führer.. 'Ze moeten het' is geen argument' (Van der Ros, 1993:241).

In die dae voor Nederland se bevryding van die Duitse besetting op 5 Mei 1945, is daar ernstig besin oor *Trouw* se voortbestaan na die oorlog al dan nie. Dr. J.A.H.J.S. Bruins Slot, ten tyde die redakteur van *Trouw*, het aanvanklik geaarsel omdat hy geglo het dat *De Standaard* na die oorlog weer 'als een echte Standaard diende terug te komen, want het levenswerk van dr. A. Kuyper kon men toch eigenlijk niet zo maar prijsgeven' (Van der Ros, 1993:239). *Trouw* het egter oorleef en in 'n sekere sin 'n plaasvervanger vir *De Standaard* geword, alhoewel nie spesifiek as 'n anti-rewolusionêre dagblad nie. Slot het aangebly as hoofredakteur van die toe wettige *Trouw*.

*Trouw* het in die eerste jare van sy bestaan 'n vooroorlogse gedagtegang gevolg soos dit onder die Gereformeerde Anti-Rewolusioniste die geval was. In 1946 is Slot verkies tot lid van die Tweede Kamer vir die ARP terwyl hy aanbly as hoofredakteur. Hoewel hy geen redakteur van 'n 'Christelijk-nationaal dagblad' wou wees nie, omdat hy meer internasionaal as nasionaal gerig wou wees, kon hy nie verhinder dat *Trouw* as 'n egte anti-rewolusionêre dagblad gebrandmerk word nie (Van der Ros, 1993:240). Die verhouding tussen koerant en party het nog sterker geword in die tyd wat hy as faksievoorsitter van die ARP opgetree het.

In 1966 is *Trouw* en De Rotterdammer-Kwartetbladen saamgebind in Stichting 'De Christelijke Pers', wat in 1971 verander is na N.V. De Christelijke Pers. In die nuwe stigting is sowel vooraanstaande politici van die voormalige ARP en Christelijk Historische Unie opgeneem as verteenwoordigers van die Nederlands-Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerke. Slot het

in dieselfde jaar as hoofredakteur uitgetree en in 1972 is al vyf die dagblaaie vir die eerste keer gesamentlik onder die naam *Trouw* uitgegee.

Die ontsuilingsproses wat die Nederlandse samelewing in die jare sestig beleef het, het ook sy merk op *Trouw* gelaat. Onder die redaksie van Slot het *Trouw* onder andere deur sy blaaie oop te stel aan sportberiggewing, 'n groot deel van sy behoudende lesers vervreem. Hierdie ontsuilingsproses word by *Trouw* verder gevoer toe dit in 1975 in die Perscombinatie op grond van 'n samewerkingsverband met *de Volkskrant* en *Het Parool* opgeneem is (Van der Ros, 1991:81). Die verskuiwing van die kerklike bladsy van bladsy twee na 'n 'swevende pagina' met die herstilering van die koerant in 1986, was die laaste brug na 'n ontsuilde koerant. *Koers*, 'n gereformeerde Nederlandse gesinstydskrif, het op 2 Oktober 1987 al geskryf dat *Trouw* nie meer 'n christelike koerant is nie. Die koerant se beleid ten tyde van die ondersoek was om 'levensbeschouwelijk maatschappelijk nieuws' (Greven, 1987:105; Bootsma, 1997) te bring, al staan daar in die redaksiestatuut dit is 'een landelijk ochtendblad van protestants-christelijk signatuur' (Redactiestatuut, 1997:3). Wat politieke verbintenis betref streef *Trouw* daarna om nie polities gekoppel te wees nie, maar statistiek bewys dat die meeste *Trouw*-lesers steeds CDA ondersteuners is (sien voetnoot 8).

2.3.8.2 Lesersprofiel/gedrag[8]

2.3.8.2.1 Leserstal

*Trouw* was in 1992 en in 1996 op vier na die grootste dagblad in Nederland met 'n leserstal van 292 700 in 1992 met 'n oplaag van 121 600. In 1996 het dit vermeerder tot 301 000 lesers met 'n oplaag van 121 550. In albei jare was dit sowat 5% van die totale lesersmark van die nasionale dagblaaie.

[8]Voorsien uit die Perscombinatie Marktonderzoek 1992 en 1996. Lezersprofiel Dagbladen: Personen 13 jaar en ouder.

2.3.8.2.2 Ouderdom

Die ouderdomskategorieë wat in die bronne gebruik word om *Trouw* se lesersprofiel te beskryf, het in die twee jare effens verskil. Ten spyte hiervan kan klein verskuiwings oor die ouderdomsgrense tog waargeneem word. Dit is egter nie van só 'n omvang dat dit die profiel van *Trouw* se lesers uitermate beïnvloed het nie. Die meerderheid lesers kom in al twee jare uit die ouderdomsgroep ouer as 50 (45,5% in 1992 en 42% in 1996). In 1992 het 30% van *Trouw* se lesers uit die ouderdomsgroep 30-49 gekom terwyl 40% lesers in 1996 uit die ouderdomsgroep 25-49 gekom het. As aangeneem word dat die leserstal in die ouderdomsgroep 13-24 in 1992 ook min of meer 17% was soos in 1996, kan die oorblywende 7,5% aan die ouderdomsgroep 25-29 toegedeel word in 1992, wat dié jaar se lesers in die ouderdomsgroep 25-49 net onder die 40% te staan bring (37,5%). Dit blyk dus *Trouw* het 'n redelik eweredige verspreiding van lesers deur die ouderdomskategorieë in die twee jare van ondersoek gehad.

2.3.8.2.3 Opleiding

Die meeste *Trouw*-lesers het tersiêre opleiding voltooi, hetsy op HBO- (Hogere Beroepsonderwijs) of universitêre vlak. In 1992 het 34% van die lesers 'n tersiêre kwalifikasie agter hul naam gehad, wat in 1996 tot 40% gestyg het. Die tweede grootste hoeveelheid lesers het opleiding op sekondêre vlak voltooi. Altesame 29,1% van die lesers het in 1992 'n MBO-, HAVO- of VWO-kwalifikasie gehad, wat soortgelyk is aan hoërskoolopleiding in Suid-Afrika. In 1996 het dié syfer tot 32% gestyg. In teenstelling met 'n koerant soos *De Telegraaf* en *Algemeen Dagblad* aan die een kant (waarvan die lesers oorwegend laer opleiding het) teenoor 'n koerant soos die *NRC Handelsblad* en *de Volkskrant* (wie se lesers weer oorwegend universitêre of HBO-kwalifikasies het), is *Trouw* se lesers, baie soos dié van *Beeld*[9], oor die spektrum van onderwys versprei.

---

[9]Kyk 2.4.8.2.3.

2.3.8.2.4 Inkomstegroepe

As die inkomstegroepe verdeel word in hoog, bogemiddeld, gemiddeld, ondergemiddeld en laag, was *Trouw* se lesers in die twee jare van die ondersoek goed versprei oor die boonste vier groepe. Die meeste lesers was hoofsaaklik eweredig verdeel oor die hoë, bogemiddelde, gemiddelde en ondergemiddelde inkomstegroepe. In 1992 was 33,5% van die lesers in die hoë inkomstegroep, 16,3% bogemiddeld, 20,6% in die gemiddelde groep en 23,5% in die ondergemiddelde inkomstegroep. Dié verspreiding was omtrent dieselfde in 1996, met 36% in die hoë groep, 17% bogemiddeld en 21% elk in die gemiddelde en ondergemiddelde inkomstegroepe. 'n Klein persentasie *Trouw*-lesers het in die twee jare uit die lae inkomstegroepe gekom. In 1992 was 6,1% van die lesers in die lae-inkomstegroep, wat in 1996 tot 5% gedaal het.

2.3.8.2.5 Politieke voorkeur

*Trouw* se christelik-gereformeerde agtergrond en sy aanvanklike verbintenis met die CDA (Christelijk Demokratiese Alliansie) blyk duidelik uit die lesersprofiel. In 1992 was 37,4% van *Trouw* se lesers nog CDA-ondersteuners met 29,8% wat gesê het hulle stem nie of hulle is nie seker nie. In 1996 het dié syfers verander na 24% wat aangedui het hulle is CDA-ondersteuners en 26% wat onseker was of nie gestem het nie.

2.3.8.2.6 Religie

*Trouw* se geskiedenis word ook in sy lesers se religieuse voorkeur weerspieël. In 1992 het 39,6% *Trouw*-lesers aangedui dat hulle Gereformeerde lidmate is. Teen 1996 het dié getal verminder tot 31%. Lesers wat in 1992 aangedui het dat hulle aan geen kerk behoort nie of niks aangedui het nie, het sowat 29% van die leserstal uitgemaak. In 1996 was dié getal 32%. Uit dié syfers en ook die van die politieke voorkeure, blyk dit *Trouw* het nog 'n sterk CDA/Gereformeerde basis, wat waarskynlik besig is om danksy *Trouw* se ontsuilingproses af te neem om plek te maak vir 'n meer gebalanseerde leserskorps wat ook nie-Christene en lede van ander partye insluit. Dit stem in 'n groot mate ooreen met die *Beeld*-lesers wat na jare van NP-ondersteuning die afgelope paar jaar begin uitwyk na ander partye.

### 2.3.8.3 Buitelandse nuusbeleid

*Trouw* se buitelandse redaksie het in die twee jare van ondersoek uit twaalf joernaliste bestaan wat elkeen verantwoordelik was vir 'n deel van die wêreld met die breë opdrag om oor nuusgebeure in dié wêrelddele te skryf (Bootsma, 1997). Twee verskillende joernaliste was in die twee jare verantwoordelik vir die deel 'Afrika suid van die Sahara' - in 1992 Erik Brasse en in 1996 Esther Bootsma. *Trouw* het ook twee korrespondente in Nairobi, Kenia en in Kaapstad, Suid-Afrika. Laasgenoemde se taak was egter net om 'reportages' (indrukke, agtergrondverhale) uit Suid-Afrika te skryf omdat die harde nuus deur Bootsma self in Nederland van die kopie van die internasionale persagentskappe Reuter, AP, AFP en die ANP geselekteer is (Bootsma, 1997). Buiten die selektering van nuus uit Suid-Afrika, het Bootsma ook soms self agtergrondstories gedoen, onderhoude met belangrike mense uit Suid-Afrika gevoer en stories gedoen oor organisasies in Nederland wat in Suid-Afrika werk. Sy het ook na die lande gereis in die streek waarvoor sy verantwoordelik is om in-diepte verslaggewing te doen.

Bootsma (1997) se siening van nuus was dat dit per definisie sleg is en daarom was die oorgrote meerderheid nuus wat sy geselekteer het, sogenaamde 'bad news'. As rede daarvoor het sy aangevoer dat 'goeie gebeure' dikwels uit 'n proses vloei terwyl slegte gebeure insidente is en hulle dus beter leen tot selektering as nuus. Dit kom ooreen met die kriteria wat volgens haar die belangrikste was in die selektering van nuus. Haar lysie van kriteria wat sy in die selektering van nuus gebruik, sien soos volg daar uit:

Dit is nuuswaardig as

- daar baie mense by betrokke is (omvang)
- dit verrassend is, maar nie noodwendig onverwags nie
- dit in 'n belangrike land gebeur (belangrikheid)
- dit aktueel is (nuut)
- dit nie 'n herhaling is nie (nuut)
- dit 'maatschappelijk relevant' is, bedoelende ekonomies en polities relevant (relevansie)

- dit oor belangrike mense/politici gaan (belangrikheid, prominensie)
- dit fisies of psigologies 'naby' Nederland is (proksimiteit)
- dit slegte nuus is.

Bootsma (1997) het gesê daar is veral twee redes waarom Nederlanders, en dan spesifiek *Trouw*-lesers, in Suid-Afrika belang stel. Enersyds is daar die deel van die koerant se lesers wat sterk godsdienstige bande met Suid-Afrika het deur middel van die drie susterskerke en sterk familiebande in Suid-Afrika. 'n Ander, jonger, deel van die lesers se belangstelling in Suid-Afrika het gegroei uit die anti-apartheidstryd en hul ondersteuning van die stryd. As gevolg van *Trouw* se ontsuiling en die uitbreiding van die lesersprofiel (nie meer gekoppel aan CDA en eksklusief-christelik nie), moes die koerant deurentyd op só 'n manier oor Suid-Afrika verslag doen dat beide dié groepe tevrede gestel is.

## 2.4 Die Suid-Afrikaanse perslandskap

### 2.4.1 Inleiding

Die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse perslandskap weerspieël die diverse bevolkingsamestelling van Suid-Afrika en gaan hand aan hand met die gebeure op die nasionale politieke terrein. Om die huidige perslandskap sinvol te kan beskryf, is dit nodig dat kortliks verwys word na die ontwikkeling van dié samelewingsisteem oor veral die afgelope twee dekades. Vir dié doel word die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse perslandskap onder twee afdelings bespreek, nl. (1) die laaste apartheidsjare en (2) 1990 tot vandag.

#### 2.4.1.1 Die laaste apartheidsjare (1976-1990)

Vir die tydperk 1976-1990 kan die Suid-Afrikaanse perslandskap beskryf word volgens die indeling wat Tomaselli en Louw (1989:72-73) van die bestaande koerante tydens dié tydperk gemaak het. Hulle het die volgende agt kategorieë geïdentifiseer (let op die politieke oriëntasie van die kategorieë):

• Die konserwatiewe Afrikaanse pers: verbind tot die Nasionale Party, ondersteunend van 'hervormde apartheid' (bv. *Die Burger*, *Rapport*, *Beeld*)
• Die Engelse anti-apartheid konserwatief-liberale pers (sentrum-regs): verbind tot monopolie mynfinansieringskapitaal (bv. *The Star*, *Sunday Times*)
• Streeks- en/of gratis koerante : verbind aan bg. twee kategorieë, maar bied 'apolitiese' items van plaaslike belang (bv. *Kempton Express*, *Highway Mail*, *South Coast Sun*, *Southern Suburbs Tattler*)
• Die sosiaal-demokratiese onafhanklike pers : (bv. *South*, *Weekly Mail*, *Vrye Weekblad*, *Die Suid-Afrikaan*)
• Die links alternatiewe pers : (bv. *Saamstaan*, *Grassroots*, *New Nation*)
• Die neo-fascistiese pro-apartheid pers (regs-alternatief): dien die dele van die politieke spektrum wat weggebreek het van die Nasionale Party (bv. *Die Afrikaner*, *Die Patriot*, *Die Stem*)
• Koerante verbind met die 'Bantustan' infrastrukture: (bv. Inkhata se *Ilanga*)
• Koerante gerig op swartes maar besit deur blanke kapitaal: (bv. Argus se *Sowetan* en Nasionale Pers se *City Press*).

Uit hierdie indeling van Tomaselli en Louw blyk dit die belangrikste faktore wat 'n rol gespeel het in die pluriformiteit van die Suid-Afrikaanse perslandskap, taal en politieke diversiteit was. Waar die Nederlandse pers gepluraliseer was op grond van lewensbeskoulike gronde (hoofsaaklik geloof), is die Suid-Afrikaanse pers gepluraliseer op grond van politieke verskille wat gekoppel is aan die etniese- en taalverskeidenheid van Suid-Afrika. Dit blyk ook uit die onderskeidende karakter van die vier persgroepe waaruit Suid-Afrika se perslandskap bestaan het, nl. Independant Newspapers (toe nog Argus), Times Media Limited (tot 1987 South African Associated Newspapers), Perskor (in 1998 uitgekoop deur Caxton) en Nasionale Pers.

2.4.1.2 Sedert 1990

Sedert die begin van die negentigerjare het radikale veranderinge op byna elke vlak van die Suid-Afrikaanse samelewing plaasgevind. Baie Suid-Afrikaners het moontlik tydens die apartheidsera onder die indruk geleef dat Suid-Afrika 'n demokrasie van wêreldgehalte met 'n vrye pers was. Meet 'n mens egter vandag die perslandskap in die vorige bedeling teen die vereistes

wat vir 'n werklike vrye pers gestel word, skiet dit in vele opsigte te kort. Wat 'n pluralistiese pers in die vorige bedeling betref, het dit net bestaan so ver as wat dit deur die ekonomiese krag van die pers self gehandhaaf kon word. Die feit dat geen subsidies of finansiële ondersteuning van die regering se kant daartoe bygedra het om die pers te pluraliseer nie, ondersteun Oosthuizen (1991:41) se stelling dat die vryheid om 'n koerant in Suid-Afrika te begin, alleen maar 'n vryheid was wat aan die blanke kapitaal onderworpe was. Hoewel daar vandag steeds geen amptelike hulpstrukture bestaan waardeur die regering pro-aktief poog om die pers te pluraliseer nie, het die verskeie verskuiwings in perseienaarskap in die negentigerjare daartoe bygedra dat pluraliteit in die perslandskap bevorder word (kyk Tomaselli, 1997). Die pluraliteit word dus nie noodwendig uitgebrei deur die verskyning van 'n aantal nuwe titels nie, maar deur die oordrag van sommige reeds bestaande publikasies aan 'n diversiteit van opinievormers[10].

### 2.4.2 Politieke faktore

Ten spyte van die Botha-regering se uitsprake in die vroeg tagtigerjare dat blanke Suid-Afrikaners sal moet aanpas of doodgaan (Jackson, 1993:21), is die pers se kritiese berig-gewing oor apartheid en verwante sake beloon met verskeie beperkings. Die eerste noodtoestand met betrekking tot die plaaslike sowel as buitelandse media, is op 12 Julie 1985 verklaar. Dié verklaring het dit vir die regering moontlik gemaak om met sneller optrede as wat bestaande wetgewing moontlik gemaak het, teen 'andersdenkendes' op te tree (Jackson, 1993:129). In November 1985 het die regering egter die noodmaatreëls verskerp en visuele weergawes, video, film en drukmedia, van onrussituasies en polisie-optrede word verbied (Jackson, 1993:129; Diederichs, 1997:104). In Maart 1986 is die noodmaatreëls opgehef, net om op 12 Junie 1986 nog strenger as tevore heringestel te word. Dié situasie het voortgeduur tot Februarie 1990 toe die meeste van die beperkings opgehef is. In ooreenstemming met die politieke veranderinge wat sedert 1992 ingevoer is, is al meer beperkings op die media opgehef.

Die opheffing van die noodtoestand en die beperkings op die media wat daarmee gepaard gegaan het, het noodwendig 'n invloed op die nuusvloeipatroon tussen Suid-Afrika en die res van die

---

[10] Kyk 2.4.4 oor die ekonomiese en 2.4.2 oor die politieke aspekte van die perslandskap in Suid-Afrika.

wêreld gehad omdat buitelandse joernaliste daardeur makliker toegang tot Suid-Afrika kon kry en Suid- Afrikaanse buitelandse korrespondente vollediger verslag kon doen van die wêreldhouding oor apartheid. Wanneer 'n perslandskap van so 'n aard is dat die politieke stelsel waarbinne dit bestaan, die joernaliste verhoed om die nuusgaring en -aanbieding volgens die betrokke koerant se nuusselekteringskriteria te doen, sal dit noodwendig 'n invloed hê op die nuusvloeipatroon tussen die twee lande. Dié invloed sal sowel in terme van die omvang van die nuusvloei geld as vir die aard/onderwerpe van die nuusitems. In die jare wat die studie gedoen is, 1992 en 1996, was die beperkings op die media egter en kon aanvaar word dat die twee koerante in die ondersoek (*Beeld* en *Trouw*) sonder politieke beperkings oor die 'ander land' beriggewing kon doen.

Die nuwe era van vryheid van spraak en toegang tot inligting is in Suid-Afrika ingelui met die nuwe Grondwet (1996) en die eerste demokratiese verkiesings van April 1994. Die handves van menseregte in die grondwet maak voorsiening vir vryheid van uitdrukking deur te stel:

> 16(1) Elkeen het die reg op vryheid van spraak, wat insluit –
> (a) vryheid van die pers en ander media;
> (b) vryheid om inligting en idees te versprei en te ontvang;
> (c) vryheid van artistieke kreatiwiteit; en
> (d) akademiese vryheid en vryheid van wetenskaplike navorsing.

Die verhouding tussen die regering en die media het egter nie oornag verbeter nie. Tomaselli (1996:187) verduidelik die verhoudingsprobleem tussen die twee partye soos volg:

> The majority have control, and some of the representatives of the majority now think they alone have the correct interpretation of reality. In the past, the minority apartheid regime tried to represent their interests as the only natural reality. The new government seems to be increasingly vulnerable to the same error of universalization of a single world view.

Dié argument kan gestaaf word deur voorbeelde waar amptenare van die eerste demokratiese regering, waaronder mnr. Nelson Mandela, die media aangespreek het omdat laasgenoemde te krities op die regering sou wees (vgl. Johnson, 1996:297; Tomaselli, 1997:187-188). Wat buitelandse joernaliste betref was daar egter nooit amptelik enige sprake dat die regering hulle wou

beïnvloed om positief of minder krities teenoor die regering en die nuwe Suid-Afrika te wees nie. Vir die doel van die studie is dit dus moontlik om te aanvaar dat buitelandse korrespondente in Suid-Afrika sedert die opheffing van die beperkings op die media, en dus in al twee die jare van ondersoek - 1992 en 1996 - vry was om te skryf wat en waaroor hulle wil.

### 2.4.3 Kulturele faktore

Veral twee kultuurverbonde faktore het 'n sigbare invloed op die Suid-Afrikaanse perslandskap uitgeoefen, nl. taal en verbondenheid aan 'n politieke party as gevolg van etnisiteit. Alhoewel Suid-Afrika tans oor elf amptelike landstale beskik, was die koeranttitels in die twee jare van ondersoek hoofsaaklik versprei oor Engels en Afrikaans. Taal het dus as eerste verdeler van die perslandskap gedien. Vir sover dit die tweede faktor betref, was die Zoeloes verbind tot die Inkhata Vryheidsparty (IVP) en hul eie koerantjie, Ilanga. Die Xhosa's, waarvan mnr. Nelson Mandela self ook een is, is op hul beurt verbind tot die ANC en die Sowetan. Vir die blanke deel van die bevolking geld hoofsaaklik die verdeling in terme van taal, maar geografiese eienskappe verdeel die mark binne die taalgrense in nog kleiner segmente.

In Nederland bestaan daar binne een taal ruimte vir verskillende ideologiese of lewensbeskoulike uitgangspunte wat uitvloei in 'n plurale pers. In Suid-Afrika word die beskikbare mark as gevolg van hoofsaaklik twee van die bogenoemde redes, nl. taal en geografie, in sulke klein segmente verdeel dat daar nie veel ruimte in die mark bestaan vir 'n groot aantal opponerende koerante in dieselfde taal nie. Suid-Afrika se rykdom van diversiteit in kultuur maak dus die perslandskap in die een opsig pluralisties in terme van die verskeidenheid tale en etniese groepe, maar werk beperkend in op pluralisme binne een groep. Die resultaat is een Afrikaanse dagblad elk in Johannesburg/Pretoria, Kaapstad, Port Elizabeth en Bloemfontein, wat nie vir die leser geleentheid bied om bewustelik vir die een of ander kies nie.

### 2.4.4 Ekonomiese faktore

As 'n kapitalistiese samelewing het Suid-Afrika 'n media wat deur kommersiële beginsels gedryf word. Juis dit het egter in die verlede bygedra tot die wanbalans of gebrek aan pluralisme wat

in die perslandskap bestaan het. Volgens Louw (1993:101) beteken 'n vryemarkstelsel 'n media wat *de facto* deur adverteerders en die middelklas-belange waarop hulle gerig is, beheer word. Nie-middelklas gehore is nie winsgewend nie en dus kom die media wat byvoorbeeld die werkersklasopinie in 'n kapitalistiese samelewing verteenwoordig, voor ernstige finansiële struikelblokke te staan omdat hulle relatief min(der) sukses in advertensiewerwing het (Louw, 1993:101). 'n Voorbeeld daarvan is die *Rand Daily Mail* wat, ten spyte van 'n groot sirkulasie, weens finansiële verliese van R23 miljoen oor vyftien maande, in 1985 moes sluit (Diederichs, 1997:95). Volgens Louw (1993:95) was die rede daarvoor dat die oorgrote meerderheid van die *Rand Daily Mail*-lesers swart en uit die werkersklas was, wat die adverteerders nie kon oortuig dat die lesersprofiel die advertensiekoste regverdig nie.

Nog 'n voorbeeld is *Vrye Weekblad*, wat ook in 1994 weens finansiële implikasies moes sluit. Dié blad het uit Afrikaanse geledere teen die misdade van apartheid geveg, en het 'n uitgesoekte lesersprofiel gehad, maar kon eweneens nie 'n bestaan voer net uit intekeninggeld en skenkings nie en het min advertensies getrek. Hofgedinge waarin die blad betrokke geraak het as 'n gevolg van sy meedoënlose oopkrap-beleid, het verder tot dié publikasies se finansiële ondergang gelei.

Die probleem waarmee die nuwe regering dus sedert 1994 te kampe het, is om enersyds reg te laat geskied aan een van die pilare van 'n vryemark-demokrasie, naamlik 'n onafhanklike pers waarin 'n diversiteit van opinie weergegee word. Andersyds is dit ook die regering se taak om nie net deur die wet die reg op en toegang tot inligting te waarborg nie, maar ook om te help om dit vir die 'werkersklas' in Louw se voorbeeld moontlik te maak om dié inligting te bekom. Froneman en De Beer (1993:61) het egter al voor die oorname van die nuwe regering daarop gewys dat hierdie situasie nie opgelos behoort te word deur middel van 'n tipiese ontwikkelings-model met outoritêre wortels wat deur die regering gefinansier word nie, omdat dit die pers finansieel (en uiteindelik ook redaksioneel-inhoudelik) afhanklik kan maak. Die onwenslikheid van so 'n situasie blyk uit die woorde van Ton Vosloo, besturende direkteur van Nasionale Pers ten tyde van die ondersoek, as hy sê 'no paper ...[is] truly independant unless it is financially viable' (Froneman & De Beer; 1993:61).

Na 'n paar jaar in die nuwe bedeling blyk dit egter dat die wanbalans in die beheer van die pers en die probleem van finansiële oorlewing aangespreek word deur interessante verskuiwings in eienaarskap wat deur winsgerigtheid gemotiveer is. Waar Suid-Afrikaanse koerante voor 1990 tot groot hoogte ideologies verbind was, het die politieke bevryding van die negentigerjare veral in 1996/97 bewegings in kapitaalkragte meegebring waarmee die Afrikaanse en Engelse pers losgemaak is van 'extreme ideological and identity positions into which various political and economic factions had coalesced between 1948 and 1990' (Tomaselli,1997:22).

Vir die doel van die huidige studie is dit voldoende om te sê dat die ekonomiese beperkinge op die Suid-Afrikaanse perslandskap hoofsaaklik in die apartheidsera 'n rol gespeel het in die publikasies vir die swart deel van die bevolking en op links-alternatiewe publikasies soos *Vrye Weekblad* en die *Rand Daily Mail.* Nasionale Pers, en *Beeld* in daardie geval, se stroom van nuus uit die buiteland en buitelandse korrespondente is nooit ekonomies beperk soos wat dit in die geval van bogenoemde publikasies die geval was nie.

### 2.4.5 Fisies-geografiese faktore

Buiten die impak van die taal- en etniese verskille op die perslandskap, is die groot afstande tussen Suid-Afrika se paar grootste stede 'n ander bydraende faktor in die fragmentasie van die media (Jackson,1993:31). As 'n gevolg van Suid-Afrika se geografiese uitgestrektheid bestaan daar geen nasionale dagblaaie soos wat onder meer in Nederland die geval is nie. Nasionale Pers besit onder andere *Die Burger*, *Volksblad* en *Beeld* in onderskeidelik die Kaapprovinsies, Vrystaat en die noordelike provinsies. Hoewel hierdie dagblaaie almal oor 'n unieke identiteit en redaksionele beleid beskik, skep dit 'n mate van kontinuïteit waardeur een persgroep nasionaal verteenwoordig word. Nuus vanuit Nederland wat deur die persgroep se korrespondente en medewerkers vergaar is, word aan al drie koerante beskikbaar gestel.

Die gebruik daarvan of nie word dus nie weens geografiese beperkings bepaal nie, maar deur die betrokke koerante se nuusselekteringskriteria. Dieselfde geld vir Independant Newspapers (onder meer *Argus* in Kaapstad, *Sowetan* en *The Star* in Johannesburg, *Daily News* in Durban en *Diamond Fields Advertiser* in Kimberley) en Times Media Limited (o.a. *Cape Times* in

Kaapstad, *Business Day* in Johannesburg, *Eastern Province Herald* in Port Elizabeth). Die twee weekblaaie *Rapport* (Nasionale Pers) en *Sunday Times* (Times Media Limited) is die enigste twee Suid-Afrikaanse koerante wat nasionaal versprei word.

Danksy moderne tegnologie maak dit ook nie saak dat Suid-Afrika geografies ver van die res van die wêreld is nie. Prakties gesproke is dit makliker om 'n joernalis na 'n land te stuur wat naby is, maar met die hulp van die goed ontwikkelde internasionale nuusagentskappe en hoogs tegnologiese kommunikasieverbindings is dit moontlik om ondanks die afstand, nuus vinnig te versprei en te ontvang. Die geografiese afstand speel wel 'n rol in die bepaling van die kriteria vir die selektering van nuus. Dit word volledig bespreek onder afdeling 5.1.2 van hoofstuk 3.

2.4.6 Media

2.4.6.1 Mediategnologie

*Beeld* het in 1997 begin met 'n Internet-koerant, *eBeeld*, wat daagliks op die Internet te lees is en die belangrikste nuus uit *Beeld* bevat. Dié diens is in 1998 by Nasionale Pers se Internet-nuusdiens ingeskakel, *News24.com*, wat Nasionale Pers se onafhanklike Internet-nuusdiens is met verskillende ander nuus- en inligtingsafdelings. Die 24-uur koerant is te lees by **http://www.news.24.com** en *eBeeld* by **http://www.beeld.com**.

2.4.6.2 Mediaverbruikspatrone

As die hoeveelheid intekenare 'n aanduiding kan wees van die Suid-Afrikaanse leserspubliek se erns met hul koerante, steek hulle ietwat af teen hul Nederlandse eweknieë. In 1992 het 49,19% (50 516) van *Beeld* se totale sirkulasie van 102 676 op intekenare se voorstoep beland (Van den Berg, 1998). Dié syfer het in 1996 gestyg tot 54,91% (62 703) uit 'n sirkulasie van 114 177.

### 2.4.7 Oorsig van die bestaande dagbladspektrum

In teenstelling met Nederland se perslandskap wat uit 'n verskeidenheid dagblaaie bestaan wat almal Nederlandstalig is, en hul lesersgehore definieer op grond van ideologiese en inhoudelike klemverskille, is daar veral twee faktore wat bydra tot die diversiteit van dagblaaie in die Suid-Afrikaanse perslandskap. Eerstens beperk die geografiese uitgestrektheid van die land die dagblaaie tot hoofsaaklik vier streke, nl. die noordelike provinsies, die Vrystaat, die westelike provinsies en Natal (teen 1996 al Kwa-Zulu/Natal). Elk van Suid-Afrika se dagblaaie word in een van die vier streke versprei. Die tweede verdelende faktor is die kulturele diversiteit van die Suid-Afrikaanse leserspubliek. Namate die apartheidsera aan 'n einde gekom het, het dié indeling ook begin verander en is die wit monopolie verbreek en die pers volgens Diederichs en De Beer (1998:92) gedemokratiseer om 'n wyer spektrum van stemme en belange in die land te akkomodeer.

### 2.4.8 *Beeld* binne die konteks van die Suid-Afrikaanse perslandskap

#### 2.4.8.1. Ontstaan en ontwikkeling

Nasionale Pers in die vroeë sewentigs 'n ietwat gewaagde besluit geneem om te midde van sewe reeds bestaande dagblaaie in Transvaal (waarvan vier Afrikaans), en met die koms van televisie op hande, 'n nuwe dagblad in Johannesburg te stig. Dit was onder meer Schalk Pienaar, eerste redakteur van *Die Beeld* (die eertydse Sondagkoerant), se gevoel dat daar 'n behoefte in die destydse Transvaal bestaan aan 'n dagblad wat die soort joernalistiek bedryf en die boodskap uitdra wat kenmerkend was van die Nasionale Pers-koerante in dié tyd (Scholtz *et al.*, 1992:278). Die Perskor-publikasies, en met name *Die Transvaler*, was deurgaans die NP se partyorgane in die noorde (Scholtz *et al.*, 1992:287; Diederichs & De Beer, 1998:82). Bedenkinge is deur die Perskor-kamp uitgespreek oor die verligte idees wat vanuit Nasionale Pers-hoek oor die regering se politieke beleid uitgespreek is. Ten spyte van die teenkanting van die Nasionale Party in die Transvaal en Perskor, het Nasionale Pers tog op 30 Januarie 1973 aangekondig dat finaal besluit is om 'n oggendblad in Johannesburg te stig. Die eerste uitgawe van die dagblad *Beeld* het op 16 September 1974 verskyn.

Die aanhoudende poging om *Beeld* in die Transvaal as die grootste Afrikaanse dagblad gevestig te kry, het in die stryd teen Perskor gelei tot die sirkulasiedebakel waarin Perskor met *Die Transvaler*, *Citizen* en *Die Vaderland* se sirkulasiesyfers geknoei het (sien Van Deventer, 1995:12; Diederichs & De Beer, 1993; Scholtz *et al.*, 1992). Uiteindelik het *Beeld* as enigste Afrikaanse dagblad in die noordelike provinsies oorgebly en moes *Die Transvaler* ná 'n kwynende bestaan in 1993 finaal tou opgooi (Van Deventer, 1995:12).

*Beeld* het sedert die begin die reputasie verwerf as 'n koerant met 'n 'verligte benadering' wat nie gehuiwer het om liberale idees te verkondig nie, en vandag word die koerant wyd erken vir die rol wat dit gespeel het in die 'shaping [of] Afrikaner attitudes to political transformation. Under [Ton] Vosloo, [Hennie] Van Deventer, the late Willem Wepener and [Willie] Kühn the newspaper steadily moved towards the centre' (Botha, 1996:35). Kühn, redakteur van *Beeld* van 1993 tot 1996, het in die koerant se 21-jarige gedenkbylae geskryf *Beeld* is gebore toe die Afrikaner en Suid-Afrika 'n tydperk van ongekende veranderinge betree het.

> Apartheid het hom in 'n doodloopstraat voor 'n afgrond bevind. Afrikaners het daarop gereageer met reaksionêre denke, ontvlugting, herbore rassisme - en ook met dapper inisiatiewe wat die land op 'n morele basis van geregtigheid wou plaas. Daar was intense en soms woedende debatte oor die staatkunde, die kerk as instelling ens. By hierdie vernuwende denkers het Beeld hom geskaar omdat hy hartstogtelik geglo het dit is die enigste manier om die onregte van die verlede te verwyder en 'n Suid-Afrika van gelyke geleenthede en volle verteenwoordiging tot stand te bring (Kühn, 1995:2).

Hoewel hy die Nasionale Party ondersteun het, het *Beeld* by geleentheid standpunte ingeneem wat nie met dié van die Nasionale Party en die regering gestrook het nie. So het Ton Vosloo op 9 Januarie 1981, as redakteur van *Beeld* in 'Politieke Beeld' geskryf die dag sal aanbreek dat die Suid-Afrikaanse regering nog met die ANC sal moet onderhandel. Dié woorde van Vosloo het in sy eie woorde 'van links en regs' kritiek uitgelok (Kühn, 1995:2; Scholtz *et al.*, 1992:318).

Volgens Tim du Plessis, wat sedert 1981 politieke verslaggewer by *Beeld* was en tussen 1990 en 1998 'n hoofredaksielid by die koerant was, het *Beeld* met verloop van tyd deur "n proses van

organiese groei ... verander' danksy redakteurs soos Wepener wat 'besef het die verre toekoms lê weg van die Nasionale Party' (Du Plessis, 1998). Dit het die gevolg gehad dat die koerant al duideliker uitsprake teen die ideologie van apartheid gemaak het. Veral twee uitsprake van die koerant in 1988 onder die redakteurskap van Wepener was die rede vir pres. PW Botha se aanval op die koerant (Wepener, 1995:9). In die eerste geval het *Beeld* in 'n hoofartikel van 18 Julie 1988 geskryf Nelson Mandela behoort op sy sewentigste verjaardag vrygelaat te word. In die tweede artikel op 17 Augustus 1988 het die koerant skerp gereageer op beoogde planne van die regering met die Wet op Groepsgebiede. Laasgenoemde sou voorsiening maak vir die skepping van 'vryevestigingsgebiede', maar andersyds ook vir skerper optrede teen mense wat die betrokke Wet oortree. Dit sou dan veral na aanleiding van sulke uitsprake wees dat pres. Botha op 18 Augustus 1988 op 'n kongres van die Natalse Nasionale Party die koerant by implikasie beskuldig het van onverantwoordelike optrede waarmee in die hande van die opposisie gespeel is.

Deur middel van veral die hoofartikels en die rubriek 'Politieke Beeld', het die koerant van tyd tot tyd nie net profetiese stellings gemaak oor die verloop van die Suid-Afrikaanse politieke bedeling nie, maar ook kritiese rigtinggewende vrae gevra. Na die oorwinning van die Nasionale Party in September 1989 en die daaropvolgende inhuldiging van FW de Klerk, was hervorming in die lug. *Beeld* het die nuwe atmosfeer reg aangevoel en op 3 Januarie 1990 'die vrylating van swart leiers, toelating van organisasies wat nou verbode is, die opheffing van die noodtoestand' en nog meer bepleit (Scholtz *et al.*, 1992:322). 'n Verdere kritiese vraag wat gespruit het uit die nuwe gees van hervorming wat geheers het, was of die Nasionale Party nie ook gekleurdes as lede moet toelaat nie. Op 5 Maart 1990 het *Beeld* in 'n hoofartikel die stelling gemaak dat die dag sal kom dat die Nasionale Party lidmaatskap van ander rassegroepe sal moet oorweeg (Du Plessis, 1995:24).

Na 1994 het *Beeld* in 'n koerant ontwikkel wat sy politieke beleid aan die hand van 'n stel waardes formuleer (Kühn, 1995:2). Volgens Kühn, 'n voormalige redakteur van *Beeld*, beteken dit dat dit nie *per se* 'n opposisiekoerant of 'n ondersteuner van die regering is nie. Die benadering is 'konstruktief krities, en hy probeer versoening en nasiebou bevorder' (Kühn,1995:2). Na die afskaffing van apartheid en die oorname van Suid-Afrika se eerste demokratiese regering, het *Beeld* sy kritiese waghondstatus behou en in 'n besondere sin selfs

opgeskerp. Volgens Du Plessis ondersteun *Beeld* sedert die uitfassering van apartheid nie meer "n bepaalde politieke spektrum nie' en het die lesers se politieke menings ook 'meer diffuus' geraak (Du Plessis, 1998). Dit het die koerant die taak gestel om 'n pakket te ontwikkel wat die wye spektrum van lesers in die noordelike provinsies tevrede stel en ingelig hou oor die breë spektrum van politieke partye. Du Plessis (1998) sê die koerant is in die nuwe Suid-Afrika in 'n joernalistieke sin vryer omdat die geloofwaardigheid van die beriggewing nie meer afhang van sy ondersteuning van 'n spesifieke politieke party of groepering nie.

Ook op kerklike gebied het *Beeld* nie gehuiwer om kritiek te lewer nie. Reeds op 22 Oktober 1974 het Schalk Pienaar in 'Politieke Beeld' geskryf die Afrikaner se kerk is 'nie 'n Afrikaner-kerk ... nie', maar "n kerk van Christus' (Scholtz et.al., 323). Volgens 'n ondersoek van Froneman (1989) het *Beeld* in die jaar 1982 weer skerp kritiek gelewer op dié kerk se weiering om enige hervormings aan die kerk se rassebeleid aan te bring (Froneman, 1989:176; De Beer & Froneman, 1993;57). Hoewel die NG Kerk se uiteindelike 'bekering' op die 1986-sinode nie direk toegeskryf kan word aan die kritiek en kommentaar wat in *Beeld* en haar susterkoerante verskyn het nie, kon die koerant tog in 1986 sy goedkeuring uitspreek met dié sinode se besluit dat die Bybelse regverdiging van apartheid 'n fout was en dat lidmaatskap en die eredienste van die Kerk vir alle rassegroepe oop moet wees (Scholtz etal,1992:324). Op die 1998-sinode van die NG Kerk is apartheid uiteindelik as 'in wese ... sondig' verklaar en is toegegee dat daar geen evangeliese en teologiese regverdiging daarvoor bestaan nie.

Met die gewoel plaaslik het *Beeld* in sy eerste 21 jaar nie besonder veel tyd en ruimte aan internasionale gebeure kon of wou afstaan nie. Die koerant se beleid is om die groot storie hard te slaan (Du Plessis, 1998), en die groot stories vir *Beeld* se lesers het plaaslik gebeur. Dit blyk uit die lys van die koerant se 21 belangrikste nuusmakers wat in die 21-jarige gedenkbylae gepubliseer is; net drie internasionale persoonlikhede is in die lys ingesluit (Michail Gorbatsjof, Ian Smith en Prinses Diana). Twee internasionale nuusgebeure het die lys van 21 grootste nuusstories gehaal, naamlik die troue van prins Charles en lady Diana en die val van die Berlynse muur. Nog drie internasionale stories is ingesluit, maar waarskynlik net weens hul sterk Suid-Afrikaanse verbintenis.

2.4.8.2. *Beeld* se lesersprofiel in 1992 en 1996[11]

2.4.8.2.1 Leserstal

*Beeld* het in 1992 met 'n sirkulasiesyfer van 102 676 'n leserstal van 388 000 lesers bedien. Dié syfer het in 1996 tot 399 000 gestyg met 'n sirkulasiesyfer van 114 177. Dit gee aan *Beeld* 'n aandeel van 1,6% in Suid-Afrika se totale koerantlesersmark van 22 868 000 lesers in 1992. Dié aandeel was dieselfde in 1996 uit 'n totaal van 25 721 000 totale aantal lesers. *Beeld* was beide in 1992 en 1996 die sesde grootste dagblad onder Suid-Afrika se sewentien dagblaaie.

2.4.8.2.2 Ouderdom

*Beeld* se grootste aantal lesers lê ongetwyfeld in die hoër ouderdomsgroepe. Die lesersgetalle in beide die 35-49 en 50+ ouderdomsgroepe het tussen 1992 en 1996 toegeneem terwyl die twee jonger ouderdomsgroepe afgeneem het. In 1992 het 33,0% (128 000) van die lesers uit die ouderdomsgroep 35-49 gekom wat in 1996 tot 36% (144 000) gestyg het. Die leserstal in die groep ouer as vyftig jaar het ook toegeneem van 81 000 (20,8%) lesers in 1992 tot 106 000 (26,7%) in 1996.

Die twee jonger ouderdomsgroepe het albei lesers verloor, waarvan die meeste in die groep van 16-24 jaar. Lesers in dié groep het byvoorbeeld afgeneem van 87 000 (wat 22,5% van die lesers uitgemaak het) in 1992 tot 63 000 (15,9%) in 1996. Die afname in die 25-34 ouderdomsgroep het minder dramaties gedaal. In 1992 het 92 000 (23,8%) van die lesers uit dié groep gekom en in 1996 altesame 85 000 (21,4%).

2.4.8.2.3 Opleiding

Die oorgrote meerderheid van *Beeld* se lesers se hoogste vlak van formele opleiding is matriek. In 1992 het 33,1% (128 000) van die lesers matriek behaal met 'n verdere 29,6% (115 000) wat

[11] AMPS 1992 en 1996.

'n gedeelte van hul hoërskoolloopbaan voltooi het. Dié syfer het in 1996 effens verbeter met 37,2% (149 000) van die lesers wat matriek voltooi het en 27,1% (108 000) wat 'n gedeelte van hul hoërskoolloopbaan voltooi het. Die aantal lesers met tersiêre opleiding het ietwat toegneem vanaf 1992 tot 1996. In eersgenoemde jaartal het 16,6% (74 000) van die lesers tersiêre opleiding gehad, terwyl 23,5% (94 000) van die lesers in 1996 op tersiêre vlak gekwalifiseer was. Laasgenoemde getal is in die AMPS-tabelle aangedui as 'relatief onstabiel' omdat minder as honderd respondente uit dié groep in die ondersoek betrek was. In kort blyk dit dus dat die lesers relatief eweredig oor die samelewingspektrum verdeel is met min of meer 'n derde van die lesers wat onderskeidelik 'n deel van hul hoërskoolloopbaan voltooi het, 'n derde wat matriek voltooi het en 'n derde wat tersiêre opleiding ondergaan het.

2.4.8.2.4 Inkomstegroepe

Op die LSM-meetinstrument ('Living Standards Measurement') waar LSM 1 die laagste en LSM 8 die hoogste lewenstandaard aandui, het die oorgrote meerderheid van die respondente aangetoon dat hulle in LSM 7 of 8 val. In 1992 was 50,9% (197 000) van die lesers deel van die LSM 7-groep en 28,3% (110 000) het in die LSM 8-groep geval. In 1996 het die lewenstandaard verhoog met 66,9% (267 000) lesers wat 'n LSM 8-lewenstandaard gelei het en 27,8% (111 000) wat in die LSM 7-groep geval het.

2.4.8.2.5 Politieke voorkeur en religie

Die Suid-Afrikaanse markondersoek het nie kategorieë vir politiek en religie ingesluit soos wat in die Nederlandse lesersprofielsyfers die geval is nie, maar het wel 'n onderskeiding in rasse gemaak. Hiervolgens was 91,8% (356 000) van die lesers in 1992 blank, 1,1% (9 000) was kleurlinge, 0,1% (1 000) was Indiërs en 7,4% (14 000) was swart. Laasgenoemde drie syfers is egter al drie in die ondersoek aangegee as redelik onstabiel omdat minder as vyftig respondente in die berekening van die betrokke syfers betrek was. In 1996 was 93,3% (373 000) van die lesers blank, 1,9% (8 000) was kleurlinge, 0,1% (1 000) was Indiërs en 4,6% (18 000) was swart lesers. Laasgenoemde drie syfers is weer as redelik onstabiel aangegee.

As die diversiteit van die Suid-Afrikaanse bevolking en die politieke geskiedenis van apartheid in ag geneem word saam met die faktore wat die bestaan van 'n verskeidenheid dagblaaie vir 'n spesifieke taal- of bevolkingsgroep bemoeilik, is dit verstaanbaar dat die koerantlesers eerder in terme van ras verdeel word as in terme van politieke ideologie of religieuse oortuiging. Dit kom ook ooreen met Du Plessis (1998), politieke redakteur van *Beeld* ten tyde van die ondersoek, se verduideliking dat *Beeld* as Afrikaanse dagblad aan 'n lesersgroep met 'n breë uiteenlopende spektrum van politieke en religieuse voorkeure se behoeftes moet voldoen (Du Plessis, 1998). Dit is anders as in Nederland waar die meeste koerante min of meer 'n bepaalde denkrigting bevorder. Volgens Du Plessis (1998) het *Beeld* se besonder noue verbintenis met die Nasionale Party en die drie susterskerke in Suid-Afrika, die Nederduits-Gereformeerde, Nederduitsch Hervormde en Gereformeerde Kerke, tot 'n einde gekom in die aanloop tot die nuwe Suid-Afrika.

2.4.8.3 Buitelandse beleid

Tydens die tydperk van ondersoek (1992 en 1996) was daar nog geen amptelike buitelandse redakteur by *Beeld* nie en het internasionale nuus gewoon saam met ander nuusstories op die tafel beland (vgl. De Beer & Steyn, 1997:18). Op die oomblik bestaan *Beeld* se buitelandse redaksie[12] uit slegs een redaksielid wat ook die koerant se buitelandse redakteur is. Hy is daarvoor verantwoordelik dat daar elke dag genoeg kopie vir Wêreld-Beeld is, 'n afdeling met buitelandse nuus wat daagliks op die bladsy langs die hoofartikelbladsy verskyn.

Hoewel Nasionale Pers 'n kantoor in Londen en Washington elk het, val hulle nie onder die buitelandse redakteur se gesag nie, al skakel hulle dikwels met hom. Nog 'n aantal 'deeltydse' korrespondente van oor die wêreld, funksioneer op dieselfde manier, maar beman nie amptelike kantore vir dié twee koerante nie. Dié korrespondente is in die volgende stede: Washington (agtergrondstories), Amsterdam, Parys, Moskou, Praag, Tel Aviv, Canberra, Harare en Lusaka (De Beer & Steyn, 1997:19). Volgens die buitelandse redakteur, Francois Lötter, het hy al 'n voorstel aan die hoofredakteur voorgelê dat Nasionale Pers se drie koerante en *News24.com* (die persgroep se Internet-nuusdiens) 'n gesamentlike buitelandse redaksie moet saamstel wat dan

[12]Onder buitelandse redaksielede word verstaan die voltydse redaksielede verantwoordelik vir die afdeling 'Wêreld-Beeld' wat daagliks in Beeld verskyn.

saam aan die buitelandse nuus kan werk. Die voorstel het nie gerealiseer in die tydperk van die huidige ondersoek nie.

Die beriggewing van die korrespondente word normaalweg in die hoofdeel van die koerant gebruik (d.w.s. op die normale nuusblaaie) terwyl die wêreldblad 'eintlik 'n blad [is] waar swaarder internasionale nuus vir die rekord gepubliseer word' (Lötter, 1998). Volgens Lötter moet die wêreldnuus werklik opspraakwekkend wees of Suid-Afrika betrek voordat dit die voorblad sal haal. Afgesien van die korrespondente maak die koerant hoofsaaklik gebruik van die persagentskappe AFP, AP en Reuters wat deur Sapa herlei word, terwyl Lötter ook soms die Internet gebruik. Sedert 1995 bedryf Reuters sy eie agentskap in Johannesburg en is Sapa dus nie meer die tussenganger nie. *Beeld* kry sowat 95% van sy nuus wat hy van buitelandse agentskappe ontvang, van AFP en AP, terwyl die koerant net vir Reuters se finansiële diens ingeskryf is.

'n Ondersoek wat De Beer en Steyn (1997) vir die *Golbal News Flow Project* gedoen het oor *Beeld* se hantering van die Verenigde Nasies se vrouekonferensie wat in September 1995 in Beijing gehou is, het hulle die volgende gevolgtrekkings met betrekking tot die koerant se hantering van buitelandse nuus gedoen:

• *Beeld* gee aan sy lesers 'n taamlik klein kykie op internasionale nuusgebeure, relatief tot die hoeveelheid wit ruimte wat beskikbaar is.

• *Beeld* se internasionale nuusdekking is omtrent heeltemal op die koerant se eie stories en van Westerse nuusagentskappe gebaseer.

• *Beeld* het hoofsaaklik nuus uit Afrika en die Derde Wêreld gebruik as daar 'n Suid-Afrikaanse nuushoek aan is.

Die lande wat volgens Lötter die belangrikste vir Suid-Afrika is in terme van berriggewing, is die Suider-Afrikaanse lande 'omdat hulle naby is en enigiets wat daar kan gebeur SA direk kan beïnvloed. Veral negatiewe gebeure soos oorloë en struwelinge of swak ekonomiese situasies wat na Suid-Afrika kan oorvloei is belangrike nuus' (Lötter, 1998). Die groot nywerheidslande soos China, Amerika, Engeland, Frankryk, Duitsland en Rusland en internasionale organisasies soos die Europese Unie is ander belangrike onderwerpe van buitelandse beriggewing. Volgens Lötter

is Nederland vir Suid-Afrika maar van min belang weens Nederland se klein profiel in die wêreldarena. 'Daar is geen rede waarom Nederland regtig vir ons uit 'n nuushoek belangrik moet wees nie. Miskien meer ligte, menslike stories van tyd tot tyd vir 48uur[13], maar beslis nie sommer vir nuus nie...' (Lötter, 1998).

Lötter se siening van buitelandse nuus blyk uit sy lysie van tien kriteria wat hy oorweeg in die selektering daarvan:

- Die invloed van die nuusgebeurtenis op die wêreld.
- Die invloed van die nuusgebeurtenis op Suid-Afrika en/of Suider-Afrika.
- Die invloed van die gebeurtenis op die veiligheid en sekuriteit van die wêreld.
- Die invloed van die gebeurtenis op die veiligheid van Suid-Afrika en/of Suider-Afrika (hoe nader aan Suid-Afrika hoe belangriker).
- Suid-Afrika of een van Suid-Afrika se leiers of 'n Suid-Afrikaner se betrokkenheid by 'n gebeurtenis.
- Dood of ernstige siekte van 'n groot wêreldleier.
- Opspraakwekkende, sensasionele, korrupte optrede van bekende wêreldleiers.
- Besluite by internasionale organisasies of konferensies wat Suid-Afrika raak.
- Opspraakwekkende besluite deur spesifieke lande.
- Dit moet buitengewoon wees.

Uit die bespreking van *Beeld* se buitelandse beleid is dit duidelik dat internasionale nuus nie *per se* een van die koerant se hoofprioriteite is nie, al kry 'groot' internasionale stories tog die nodige aandag. Internasionale nuusgebeure word vir die algemene redaksionele afdeling van die koerant volgens dieselfde kriteria geselekteer as ander nuus, met Suid(er)-Afrikaanse betrokkenheid as die belangrikste oorweging vir die selektering daarvan.

---

[13] 48uur is die bylaag wat op Saterdae in die koerant verskyn met 'n wye verskeidenheid ligter agtergrond-artikels en avontuur- en omgewingsake.

## 2.5 Opsomming van hoofstuk 2

In dié hoofstuk is aangevoer dat elke land oor 'n bepaalde perslandskap beskik wat geteken word deur die verskillende samelewingstrukture in die land. Op grond van die funksionele benadering is geargumenteer dat hekwagters in die mediastruktuur, en dan spesifiek in die pers, deur middel van die toepassing van bepaalde nuuswaardes inligting vergaar en selekteer wat die ekwilibrium van die samelewingstruktuur in stand bring of hou. 'n Verandering in die perslanskap sou hiervolgens die hekwagter se selektering van berigte beïnvloed wat die aard van die nuusvloeipatroon sal beïnvloed. Vervolgens is die perslandskappe van Suid-Afrika en Nederland beskryf met spesifieke verwysing na die rol van onderskeidelik *Beeld* en *Trouw* in die twee lande se perslandskappe.

## HOOFSTUK DRIE -

## 'NUUSWAARDES'

### 3.1 Inleiding

Al kan die basiese nuusvloeipatroon tussen twee lande beskryf word in terme van nuuselemente[1] soos die belangrikste bronne, onderwerpe en die aard van die nuusitems, kry die nuusvloeipatroon[2] eers betekenis as dit teen die agtergrond van die betrokke lande se perslandskappe beskryf word, en wanneer dit aan 'n stel 'nuuswaardes'/kriteria vir die selektering van nuus gemeet kan word. Die verskil in elke koerante se selekteringskriteria sal duidelik weerspieël word in die kwantitatiewe resultate van die nuusvloeiondersoek. 'n Literatuurondersoek na die begrip 'nuuswaardes' het aangedui dat akademici uiteenlopende opinies huldig oor wat met dié begrip bedoel word. In hierdie hoofstuk word vier betekenisse van die begrip 'nuuswaardes' onderskei, nl. (1) intrinsieke kwaliteite van nuus, (2) ekstrinsieke kwaliteite van nuus, (3) nuustemas en (4) faktore wat nuuswaardigheid beïnvloed. Na aanleiding van die bespreking van hierdie vier elemente van die begrip 'nuuswaardes', sal 'n model in die empiriese hoofstuk ontwerp word waarvolgens die 'nuuswaardes' of nuusselekteringskriteria in die nuusvloeiproses tussen Suid-Afrika en Nederland beskryf kan word.

### 3.2 Definiëring van die begrip 'nuuswaardes'

'News is a report of what a news organization has recently learned about matters of some significance or interest to the specific community that news organization serves' (Fuller, 1996:6). In hierdie definisie van nuus word die drie basiese elemente van die kommunikasieproses, nl. sender, boodskapper en ontvanger, vir die nuusproses geoperasionaliseer. Belangriker egter in Fuller se beskrywing van nuus, is die kwalifiserende eienskappe wat hy aan die boodskap en die ontvanger koppel. Om as nuus gereken te word moet die 'report ... of some significance or interest' vir die ontvanger wees. Dit impliseer dat daar sekere riglyne/eienskappe/waar-

---

[1]Kyk bylaag A vir 'n uiteensetting van die koderingsprotokol.

[2]Kyk die definisie van 'n nuusvloeipatroon onder 1.6.3.

des/kwaliteite moet bestaan waarvolgens bepaal word of sekere inligting van belang is vir die gehoor.

Die tweede kwalifikasie wat Fuller (1996:6) in sy definisie toepas, word gevind in die verwysing na die 'specific community that organization serves'. Hiermee word 'n verband getrek tussen die kwaliteite waaroor die inligtingselement moet beskik voordat dit geselekteer word en die gehoor vir wie dit geselekteer word. Pool en Shulman (in Shoemaker, 1991:143) wys op hierdie verband as hulle sê '(t)he messages sent are in part determined by expectations of audience reactions. The audience, or at least those audiences about whom the communicator thinks, thus play more than a passive role in communication'. Dit blyk dus dat verskillende gehore verskillende maatstawe/waardes/beginsels van nuusoordeel en -hantering vereis.

De Beer (1994:133) se omskrywing van die begrip 'nuus' sluit hierby aan as hy skryf:

> Nuus is nie *identiek* met 'n nuusgebeurtenis nie. Dit is 'n *poging* deur die individuele joernalis en die betrokke nuusorganisasie om, dikwels onder hoë druk en sonder dat alle tersaaklike feite bekom is, die essensiële raamwerk van daardie gebeurtenis in 'n berig of artikel te *rekonstrueer*. Dit geskied volgens 'n bepaalde nuusbeleid, gedefinieer binne die besondere medium se joernalistieke verwysingsraamwerk.
>
> Die betrokke verwysingsraamwerk word beïnvloed deur o.m. die aard van die medium, die beleid te opsigte van nuuswaardes, -temas en -aanbiedingstyl; die organisatoriese struktuur, die aard van mededinging van ander media, die aard en behoeftes van die lesers en die struktuur van die samelewingsverband, waaronder buite-invloede soos dié van die staat, adverteerders en drukgroepe. Nuus is dus nie 'n eenduidige of enkeldimensionele begrip wat summier *objektief* weergegee kan word nie.

Uit dié skrywers se beskrywing van nuus kan twee elemente van die nuusproses geïdentifiseer word wat sowel 'n waarde- as 'n kriteriakomponent bevat. Eerstens word daar sekere waardeoordele oor nuusgebeure gevel om te besluit of dit nuuswaardig of belangrik genoeg is om te plaas, en tweedens word gestel dat elke gehoor sekere vereistes stel in die selektering en

aanbieding van die nuus. Die spanning tussen dié twee waarde-elemente word deur Fuller (1996:84) beskryf in sy stelling: 'Fail to encourage high standards and newspapers will decline; fail to satisfy people's curiosity and they will die...'.

3.2.1 'n Vierdelige model vir die begrip 'news values'

Tot dusver is die begrip 'news values' deur verskillende akademici met verskillende betekenisse gebruik. Ter illustrasie word drie skrywers se siening van 'nuuswaardes' kortliks bespreek:

Fuller (1996:7) beskryf 'nuuswaardes' as dit wat in hierdie studie die intrinsieke kwaliteite van die nuusberig genoem word. Voorbeelde daarvan wat hy ook in sy boek behandel, is akkuraatheid, objektiwiteit, eerlikheid, regverdigheid, etiese omgaan met bronne, die winsmotief en verantwoordelikheid teenoor die leserspubliek om maar net 'n paar te noem.

Harris *et.al.* (1992:27-33) daarenteen kwalifiseer onder andere sekere onderwerpe of temas in die nuus as 'nuuswaardes'. Daaronder tel konflik, rampe, menslike belang, seks en diere. Hulle sluit weliswaar ook twee 'nuuswaardes' met wat in hierdie studie as die ekstrinsieke kwaliteite van nuus bespreek word, by hul lysie in, nl. tydigheid en proksimiteit.

Westerståhl en Johansson (1994:72) definieer 'nuuswaardes' as die kriteria of standaarde wat toegepas word om te bepaal 'which events are worthy of becoming news and which are not' (sien ook Froneman, 1997:9). Volgens hulle model van 'News factors in foreign news', erken hulle drie ekstrinsieke kwaliteite as 'nuuswaardes', nl. proksimiteit, belangrikheid en drama. Daarby voeg hulle ideologie en toegang as twee faktore wat die nuuswaardigheid van 'n gebeurtenis beïnvloed.

Uit hierdie drie bronne blyk dat daar vier verskillende begrippe rondom die term nuuswaardes bestaan, nl. (a) intrinsieke kwaliteite van nuus, (b) ekstrinsieke kwaliteite van nuus, (c) nuustemas en (d) faktore wat nuuswaardigheid beïnvloed. Dit word vervolgens toegelig.

3.2.1.1 Intrinsieke en ekstrinsieke kwaliteite

Die verwarring oor die verskillende betekenisse van die begrip 'nuuswaarde' kan in een opsig teruggevoer word na die verskillende betekenisse van die begrip 'waarde'. Enersyds beteken die begrip 'waarde' 'moral or professional standards of behaviour; principles' - wat aan die begrip 'n morele/normatiewe geladenheid gee (Oxford Advanced Learner's Dictionary). Dit is na aanleiding van hierdie betekenis van 'waarde' dat in die huidige studie die begrip intrinsieke kwaliteite van 'n nuusitem gebruik word. Die waarde van die nuusitem word dus gemeet aan kwaliteite of eienskappe wat aan die nuusitem toegevoeg en nie bepaal word deur omstandigheidsfaktore soos tyd en ruimte nie. Onder intrinsieke kwaliteite tel dan bv. regverdigheid, objektiwiteit, eerlikheid, en etiese verantwoordbaarheid.

Andersyds beteken die begrip 'waarde' ook 'quality of being useful or worthwile or important' (Oxford Advanced Learner's Dictionary). Skrywers soos Westerståhl en Johansson (1994) en Galtung en Ruge (1973) het sekere kwaliteite as vereistes gestel waaraan inligting oor 'n nuusgebeurtenis moet voldoen om waarde as nuus te kan hê, om bruikbaar te wees as nuus of om belangrik (waardig) genoeg te wees om as nuus erken te word. In die huidige studie word hierna verwys as ekstrinsieke kwaliteite omdat dit nie inherent deel is van die inhoud van die nuusitem nie, maar bepaal word deur (a) omstandigheidsfaktore soos tyd en ruimte, asook deur die ander twee elemente van die nuusselekteringsproses, nl. (b) nuustemas en (c) faktore wat nuuswaardigheid beïnvloed (sien Fig. 3.1). Onder ekstrinsieke kwaliteite tel dan bv. tydigheid, proksimiteit, drama, prominensie en belangrikheid.

Die feit dat dié twee elemente, intrinsieke en ekstrinsieke kwaliteite van nuus, as kwaliteite of eienskappe van nuusgebeure beskryf word, beteken dat die nuusgebeure nie daarsonder sou kon bestaan nie. Dit maak die intrinsieke en ekstrinsieke kwaliteite dus bepalend in die skepping van die nuus, en dra, saam met die temas van gebeurtenisse, by tot die aard van die nuus. Die vierde element van die model vir die selektering van nuus, faktore wat nuusseleksie beïnvloed, dra nie by tot die aard van die nuus nie omdat dit buite die nuusgebeurtenis self staan en van buite op die selekteringsproses afgedwing word.

3.2.1.2 Nuustemas en faktore wat nuuswaardigheid beïnvloed

Die feit dat die ander twee begrippe, nl. nuustemas en die faktore wat nuuswaardigheid beïnvloed, ook deur sommige skrywers as 'nuuswaardes' beskryf word, kan toegeskryf word aan die vae onderskeid wat sodanige skrywers tref tussen die kwaliteite wat 'n gebeurtenis nuuswaardig maak, en eksterne elemente wat 'n rol speel in die nuuswaardigheid al dan nie van 'n gebeurtenis. Nuustemas soos konflik, rampe, seks en menslike belang is opsigself nie vereistes vir 'n nuuswaardige gebeurtenis nie, maar kan ekstrinsieke kwaliteite aan 'n gebeurtenis toevoeg en dus die nuuswaardigheid van die gebeurtenis verhoog.

'n Ramp wat pas gebeur het verleen die ekstrinsieke kwaliteit van tydigheid aan 'n nuusgebeurtenis. Konflik tussen Amerika en Irak verleen die ekstrinsieke kwaliteit van prominensie aan die gebeure. Vanuit hierdie perspektief manifesteer die 'nuuswaardes' (die ekstrinsieke kwaliteite van nuus asook die faktore wat nuuswaardigheid beïnvloed) van 'n betrokke koerant in die nuustemas wat in die koerant aangebied word. Nuustemas is dus eerder 'n funksie van die nuusselekteringskriteria; dit vergestalt die kriteria wat aktief was in die selektering- en skryfproses in die finale nuusitem. Soos in Fig. 3.1 aangetoon word, is daar 'n wedersydse interaksie tussen die nuustemas, die ekstrinsieke kwaliteite van nuus en die faktore wat nuuswaardigheid beïnvloed. In dieselfde mate wat die ekstrinsieke kwaliteite die nuuswaardigheid van nuustemas bepaal, word die ekstrinsieke kwaliteite ook deur die nuustemas bepaal.

As voorbeeld: Sou 'n boom vandag in 'n bos omval, beskik die gebeurtenis bv. wel oor die ekstrinsieke kwaliteit van tydigheid, maar nie noodwendig oor die ekstrinsieke kwaliteit van belangrikheid nie. Die ekstrinsieke kwaliteite van die gebeurtenis bepaal dus dat die nuustema (een boom in 'n bos val) nie nuus word nie. 'n Gebeurtenis as sulks is nie nuus nie, alhoewel dit sommige van die kwaliteite van 'n nuuswaardige gebeurtenis kan bevat. 'n Gebeurtenis word slegs nuus as die sinergie van die kwaliteite waaroor die gebeurtenis beskik van so 'n aard is dat dit vir iemand waarde kry en die nuuspersoon inligting oor die gebeurtenis verder versprei - 'information about an event is not news unless journalists see fit to call it such' (Bohle, 1986:789).

Sou dieselfde boom omval, maar per toeval op Rooikappie, is dit tydig en belangrik omdat 'n prominente persoon betrokke is. In hierdie geval bepaal die ekstrinsieke kwaliteite van die gebeurtenis dat die nuustema (ramp - bekende kinderverhaalkaraktertjie is dood) wel nuus word. Die nuustema is in hierdie geval die manifestasie van die kwaliteite wat van die gebeurtenis nuus maak.

Die teendeel kan ook gebeur. Rooikappie word vermis en niemand weet wat van haar geword het nie. Mettertyd verdwyn sy uit die kinderverhale en mense vergeet haar. Vyftig jaar later ontdek 'n houtkapper egter die oorblyfsels van 'n rooi kappie onder 'n boom wat ongeveer vyftig jaar gelede moes omgeval het. Tydigheid is nie ter sprake as 'n kwaliteit vir nuuswaardigheid nie en die meeste mense weet nie eers meer wie Rooikappie was nie, dus is dit ook nie meer so belangrik nie. Die nuustema, die feit dat dit 'n kinderverhaalkaraktertjie was wat in een van haar stories alleen in 'n bos onder 'n boom doodgeval is, vestig egter die aandag op die veiligheid van klein kindertjies alleen in 'n bos. Die nuustema voeg dus die ekstrinsieke kwaliteit van relevansie en psigologiese proksimiteit aan die gebeurtenis toe. Op grond daarvan kry die gebeurtenis waarde as nuus, word versprei en word uiteindelik nuus.

Op dieselfde wyse beïnvloed faktore soos toegang tot inligting, die joernalis en lesers se ideologie, die koerant se buitelandse nuusbeleid en die funksies van die media, die besluite oor die nuuswaardigheid al dan nie van 'n gebeurtenis. Op sigself bepaal sulke faktore nie die nuuswaardigheid van 'n gebeurtenis nie, maar beïnvloed wel die selektering daarvan. Nuus is dus nie die produk van die gebeurtenis alleen nie, maar ook van die joernalis se persepsie van die gebeurtenisse en die nuusbeleid van die organisasie (Epstein, 1981:120).

3.2.2 'Nuuswaardes' in die hekwagtersproses

Die verhouding tussen hierdie vier begrippe (intrinsieke en ekstrinsieke kwaliteite van nuus, nuustemas en faktore wat nuuswaardigheid beïnvloed) word in Fig. 3.1 verduidelik as deel van die hekwagter se selekteringsproses van gebeure wat as nuuswaardig genoeg geag word. 'n Gebeurtenis sal as 'nuuswaardig' geklassifiseer word as dit 'n kombinasie van elemente van die vier begrippe bevat. Iets kry dus waarde as nuus (is dus nuuswaardig) as dit oor 'n kombinasie

van die kwaliteite en faktore beskik wat volgens die model die hekwagter se selektering van nuuswaardige gebeure beïnvloed.




_ _ _ _ - Lewens- en wêreldbeskouing

☐ - Perslandskap

H – Hekwagter    I - Intrinsieke kwaliteite    E - Ekstrinsieke kwaliteite

N - Nuustemas    F - Faktore wat nuuswaardigheid beïnvloed    NP - Nuusproduk

Fig. 3.1 - 'n Vierledige model vir die selektering van nuus.

In die res van hierdie hoofstuk sal eers aandag gegee word aan die waardes of intrinsieke kwaliteite wat 'n gehoor verwag die maatstaf moet wees vir die skryf- en selekteringsproses van nuus; die kwaliteite wat die nuusproduk van 'high standards' (Fuller, 1996:84) maak. Die hooffokus van die hoofstuk is egter op die waardes of ekstrinsieke kwaliteite waaroor die nuusitems moet beskik ten einde nuuswaardig te wees en aan die gehoor se inligtingsbehoefte of 'curiosity' (Fuller, 1996:84) te voldoen. Alvorens dit gebeur, is dit eers nodig dat die nuusproses aan die hand van kommunikasieteorie verduidelik word om die rol van nuusselekteringskriteria in die nuusproses in konteks te plaas.

## 3.3 Die rol van nuusselekteringskriteria in die nuusvloeiproses

### 3.3.1 Nuus as kommunikasieproses

Seker die bekendste model vir die kommunikasieproses is die van Lasswell (1948), waarin hy vra 'wie sê wat deur watter kanaal aan wie met watter effek?'. Toegepas op die proses van nuusgaring, -selektering en -verspreiding, kan die model soos volg ingevul word: Die *joernalis* versprei *nuus* deur *'n berig/koerant* aan *die leser* ter *inligting*.

Dit is egter 'n oorvereenvoudiging van die proses van nuusgaring, -selektering en -verspreiding. Ander kommunikasiemodelle voeg elemente by soos konteks, steurings en terugvoer. Volgens die basiese model vir massakommunikasie wat De Beer (1993:8) voorstel, word die boodskappe in die kommunikasieproses 'processed, transmitted and delivered within a certain context'. In Gerbner (McQuail & Windahl, 1989:18) se algemene model vir kommunikasie (Fig. 3.2) maak hy voorsiening daarvoor dat die waarnemer (joernalis) 'n gebeurtenis waarneem vanuit sy eie aannames, verwysingsraamwerk, ondervindings en agtergrond. Afgesien van hierdie faktore wat die waarnemer (M) se waarneming beïnvloed, word dit uiteindelik bepaal deur M se manier van selektering en die konteks van die waargenome gebeurtenis (McQuail & Windahl, 1989:18). In die raamwerk van die huidige studie is dit die joernalis (korrespondent of buitelandse redakteur) se seleksie van die buitelandse nuus en die konteks waarin hy/sy die seleksie moet doen (die betrokke land in die nuusgebeurtenis se perslandskap, die koerant se buitelandse nuusbeleid, ens.) wat die boodskap (nuus) wat aan die ontvanger (leser) oorgedra moet word, se inhoud en vorm bepaal.




M - Waarnemer M2 - Waarnemer 2

E - Gebeurtenis E1 - Eerste weergawe van gebeurtenis

S - Formaat van stelling A - Inhoud van stelling

SE1 – Stelling oor gebeurtenis

Fig. 3.2 - Gerbner se algemene model van kommunikasie

3.3.2 Die hekwagtersproses en die agendastellingshipotese

In wese bestaan die totale nuusproses uit 'n reeks hekwagters wat besluite neem oor die selektering, vorming en verspreiding van nuus. Soos in Gerbner (1989) se model hierbo geïllustreer word, word die boodskap telkens deur 'n nuwe waarnemer waargeneem, wat op sy beurt 'n 'statement about the event' maak. Gerbner pas self die model toe op die massamedia en stel E gelyk aan potensiële nuus of die werklikheid, M staan vir die massamedia (die joernalis), SE is die media-inhoud (die berigte) en M2 verteenwoordig die mediagehoor (die leser) (Gerbner, 1964). In die proses van nuusgaring, -selektering en -verspreiding, kan 'n hele aantal M's (waarnemers) tussen die eerste M en die gehoor staan.

'n Gebeurtenis in Nederland word byvoorbeeld op/in die Nederlandse media gepubliseer (M1 = die Nederlandse media), die Suid-Afrikaanse korrespondent volg dit op en stuur 'n SE deur na sy/haar redaksie toe (M2 = die korrespondent) waar die buitelandse redakteur van die betrokke redaksie dit oorweeg vir seleksie (M3 = buitelandse redakteur). Sou dit so ver vorder dat die gebeurtenis wel in bv. die koerant opgeneem word, is dit uiteindelik die leser se verantwoordelikheid om 'n keuse te maak uit die agenda wat aan hom voorgelê word (M4 = die leser). Verskeie navorsers het al bewys dat die pers dalk nie vir die leser sê *wat* om te dink nie, maar beslis vir hom of haar sê *waaroor* om te dink (vgl. Galtung & Vincent, 1995; Salwen & Matera, 1992)[3].

Shoemaker (1991:8) verwys in dié verband na die 'different forces acting on the selection of a unit' wat 'n sleutelbegrip in Lewin se analise van die hekwagtersfunksie was. Hy het aan die hand van 'n model uitgebeeld hoe kos deur verskillende 'kanale' en 'hekke' (selekteringsprosesse) moet gaan voordat dit op die etenstafel beland (Shoemaker, 1991:7). Hy voer dan aan dat dieselfde model van toepassing is op die verloop van 'n nuusitem deur verskeie kommunikasiekanale. Na aanleiding hiervan het White (1950) 'n hekwagtermodel ontwerp wat spesifiek op die nuusproses van toepassing is (kyk Fig. 3.3). Volgens dié model stuur die nuusbron (N) nuusitems na die mediahekwagter, wat sommige verwerp (bv. N1 en N4) en ander ($N2^1$ en $N3^1$)[4] deurstuur na die gehoor (M). In die studie wat tot White se model gelei het, het hy bevind dat die selekteringsbesluite wat die hekwagter neem, hoogs subjektief was en gebaseer op die hekwagter se persoonlike evaluering van die meriete van die storie se inhoud en of hy glo dat dit waar is. Daarbenewens het beskikbare ruimte ook 'n rol gespeel in die selektering van stories al dan nie (Shoemaker,1991:10).

---

[3]Hierdie hoofstuk is beperk tot die elemente wat 'n rol speel in die bepaling van kriteria vir die selektering van nuus. Die nuusagenda wat daaruit voortvloei is die produk van dié besluitnemingsprosesse en word vergestalt in die inhoud van die betrokke koerant of, in die geval van die huidige navorsing, in die aard van die nuusvloeipatroon tussen Suid-Afrika en Nederland soos verteenwoordig deur *Beeld* en *Trouw*. Die hekwagter as agendasteller word in hoofstuk vier in meer detail bespreek.

[4]Die superieure syfers dui aan dat die nuusitems verander kan word as dit deur die hek gaan.




N - Bron van nuusitem N1,2,3 en 4 - Nuusitems

N2[1]; N3[1] - Geselekteerde items N1 en 4 - Verwerpte items M- Gehoor

Fig. 3.3 - White se hekwagtersmodel

Een punt van kritiek op die White-model was dat dit net voorsiening maak vir een hekwagter in plaas van verskeie, soos wat in 'n komplekse nuusproses die geval is. McNelly (1989:102) se model vir nuusvloei (Fig. 3.4) spreek die tekortkoming aan deur die verskeidenheid intermediêre kommunikators wat tussen die gebeurtenis en die uiteindelike ontvanger staan, in te sluit.




E - Nuuswaardige gebeurtenis C1-5 - Verskeie redakteurs onderweg

R – Ontvanger R1,2,3 ens -Vriende, familie ens. --- = Terugvoer

S1-3 - Die nuusberig in 'n reeks veranderde (verkorte) vorms.

S-R - Storie soos aangepas deur mondelinge oordrag

Fig. 3.4 - McNelly se nuusvloeimodel

McQuail en Windahl (1989:110-111) beskryf die proses wat McNelly (1959) se model voorstel soos volg met behulp van 'n buitelandse nuusgebeurtenis: 'n Buitelandse korrespondent van 'n nuusagentskap kry inligting oor 'n gebeurtenis en skryf 'n berig wat eers aan die streekskantoor gestuur word vanwaar dit in 'n verkorte vorm na die agentskap se nasionale kantoor in die vreemde land versend word. Daar word dit heel waarskynlik met 'n verwante storie van elders gekombineer en na 'n nasionale of streekskantoor van die tuisland verstuur, en heel waarskynlik weer gesny voor dit deurgestuur word aan die koerante en/of televisiestasies. Hier word dit nog verder gesny voordat dit die leser of luisteraar bereik. Verdere seleksie vind by die leser plaas en die storie kan òf heeltemal geïgnoreer word òf by wyse van mondelinge oordrag verder versprei word aan 'n aantal mense. Regdeur die proses word terugvoer gegee wat die verdere verspreidingsaktiwiteite mag beïnvloed. Dit is dus duidelik dat die selekteringsproses en die opstelling van die agenda verskeie hekwagters insluit en dat die hekwagters se besluite regdeur die proses beïnvloed word deur terugvoer van ander bronne.

In hul weergawe van 'n model van selektiewe hekwagtery, lig Galtung en Ruge (1965) een aspek van die hekwagtersfunksie uit wat in ander modelle net sydelings na verwys word, nl. die kriteria wat toegepas word in die besluitnemingsproses van watter inligting geselekteer word en watter verwerp word (sien Fig. 3.5). Volgens dié model is die vordering van nuusgebeure deur die hekke in die nuusproses afhanklik van 'n aantal faktore wat die selektering bepaal. Galtung en Ruge argumenteer dat 'n spesifieke nuusitem geselekteer word op grond daarvan dat die nuusitem oor een of meer van dié 'nuusfaktore' beskik. Dit kan gelyk gestel word aan die ekstrinsieke kwaliteite waarna onder 3.2.1.1 reeds verwys is.




Fig. 3.5 - Galtung en Ruge se model van selektiewe hekwagtery

### 3.3.3 Shoemaker se vlakke van die hekwagtersproses

Shoemaker (1991:25) identifiseer vyf vlakke waarop die hekwagtersfunksie in die nuusproses plaasvind. Sy onderskei nl. tussen (a) die individuele vlak, (b) die vlak van kommunikasie roetines, (c) organisasievlak, (d) institusionele vlak en (e) sosiale sisteemvlak.

Volgens Shoemaker (1991:43) blyk die belangrikheid van die **individu** in die hekwagtersproses daaruit dat, alhoewel organisasies implisiet of eksplisiet reëls vir die selekteringsproses daarstel, dit tog uiteindelik die individu is wat die besluit neem. Sy voer aan dat joernaliste se besluite beïnvloed word deur: (a) 'n stel voortdurende sosiale waardes wat die 'production of news' rig (intrinsieke kwaliteite); (b) die eienskappe van die individuele hekwagter (faktore wat nuuswaardigheid beïnvloed) en (c) die joernalis se idee van wat van hom verlang word (faktore wat nuuswaardigheid beïnvloed).

Op die volgende vlak beskryf Shoemaker (1991) die besluitneming in die hekwagtersproses as 'n resultaat van 'n stel onsydige reëls wat as **kommunikasieroetines** gedefinieer word. Kommunikasieroetines is 'patterned, routinized, repeated practices for forms that media workers use to do their jobs' (Shoemaker,1991:48). Haar beskrywing van kommunikasieroetines kom hoofsaaklik neer op die ekstrinsieke kwaliteite (kyk Fig. 3.1) waaroor 'n gebeurtenis moet beskik voordat dit as nuuswaardig geag word.

Die hekwagtersproses op **organisasievlak** behels kortliks dat die individue in die organisasie selekteringsbesluite neem in ooreenstemming met die organisasiekultuur. So 'n organisasiekultuur beïnvloed individue om hul besluite al meer te baseer op die kriteria wat binne die organisasie ontwikkel word as daarbuite. Die joernalis leer dus die normes en waardes van die organisasie aan en lê hom of haar neer by die beperkings wat die organisasie in dié opsig plaas (Shoemaker, 1991:56). In terme van Fig. 3.1 is organisasiekultuur een van die faktore wat nuuswaardigheid beïnvloed.

Die volgende twee vlakke wat Shoemaker (1991) in die hekwagtersproses identifiseer, is 'n toepassing van die funksionele benadering wat in hoofstuk twee as basis vir die bespreking oor

perslandskappe gebruik is. Hiervolgens bestaan die mediaorganisasie (die koerant) as 'n subsisteem saam met ander subsisteme binne die raamwerk van 'n groter geheel. Die hekwagters moet deurentyd met behulp van die vier elemente van nuuswaardigheid (intrinsieke en ekstrinsieke kwaliteite, nuustemas en faktore wat nuuswaardigheid beïnvloed) bepaal of 'n gebeurtenis as nuus geselekteer behoort te word. Dié selektering word gedoen in ooreenstemming met die kragte wat op die subsisteme inwerk om dit in balans te hou aangesien die hekwagters die tussengangers tussen die onderskeie subsisteme van die samelewingsisteem is. As 'n perslandskap (soos in hoofstuk 2 bespreek) gesien word as die oorkoepelende begrip vir hoe die pers in 'n betrokke samelewingsisteem funksioneer, blyk dit dat die perslandskap 'n invloed uitoefen op die hekwagtersproses (dus die garing en selektering van nuus) en gevolglik bepalend is van hoe die nuusvloeipatroon tussen twee samelewingsisteme daar uitsien.

Subsisteme wat volgens Shoemaker (1991:61-67) 'n invloed op die hekwagtersproses sou kon uitoefen, is: die gehoor (die joernalis sou selekteer wat hy weet sy gehoor wil weet); markte (in winsgewende mediaorganisasies is die hekwagtersproses deel van die oorkoepelende proses van maksimalisering van inkomste en minimalisering van uitgawes); adverteerders (die inhoud van die pers is direk verbind tot die belange van diegene wat dit finansier); regering (wêreldwyd poog regerings om op welke manier ook al die inhoud van die media te beïnvloed); belangegroepe (groepe individue wat vir 'n spesifieke saak staan poog dikwels om hul eie saak rondom sekere kwessies te stel of om media-inhoud rondom die betrokke sake te beïnvloed); skakelfunksie ('n verskeidenheid organisasies stuur skakelveldtogte van stapel waardeur hulle die media gebruik om die publiek se aandag te fokus) en ander media (sommige media tree as agendastellers vir ander op, bv. die oggendkoerante vir die middagkoerante). Volgens die model wat in Fig. 3.1 voorgestel word, kan die selekteringsproses op hierdie vlak ingedeel word onder die faktore wat nuuswaardigheid beïnvloed. Sien in hierdie verband ook hoofstuk 2 oor die perslandskappe as subsisteem in die globale samelewingsisteem.

Die hekwagtersproses word, soos aangedui, ook beïnvloed deur die ideologie van die sosiale sisteem waarin die hekwagter funksioneer (Shoemaker, 1991:69). Op die sosiale sisteemvlak is 'n bepaalde ideologie nie net 'n toevallige individuele oortuigingsisteem nie, maar 'n geïntegreerde lewens- en wêreldbeskouing wat in beginsel 'n invloed op elkeen in die sosiale

sisteem kan uitoefen. Na aanleiding hiervan word sekere gebeure enersyds geselekteer wat die *status quo* handhaaf, maar andersyds word sekere gebeure juis geselekteer omdat dit moontlike gevare uitwys wat hanteer moet word as die *status quo* gehandhaaf wil word. Ook hierdie vlak van selektering word in die Fig. 3.1 opgeneem as 'n faktor wat nuuswaardigheid beïnvloed.

In hierdie afdeling is nuuswaardes, of soos dit in die huidige navorsing herdefinieer is - die kriteria vir die selektering van nuus - se rol in die nuusvloeiproses beskryf, asook die hekwagter se taak in die uitoefening van die kriteria. In die res van die hoofstuk sal die vier elemente van die vierledige model vir die selektering van nuus, nl. intrinsieke en ekstrinsieke kwaliteite, nuustemas en faktore wat nuuswaardigheid beïnvloed, afsonderlik bespreek en op die huidige navorsing van toepassing gemaak word.

### 3.4 Intrinsieke kwaliteite van nuus

'The daily agenda of news reports called news is not the inevitable product of such events, it is the result of decisions made within a news organization ' (Epstein, 1981:119). Uit die bespreking van die onderskeiding tussen die verskillende betekenisse van die begrip 'nuuswaardes', asook die rol van die hekwagter in die nuusproses (kyk 3.3.2), blyk dit dat hierdie besluite oor die produk van die nuusproses in sommige gevalle by die joernalis as individu berus en soms by die joernalis as verteenwoordiger van 'n stel organisasie- of samelewingstandaarde. Met eersgenoemde besluite, deur die joernalis as individu, oefen die joernalis invloed op die besluite uit teen die agtergrond van sy eie oortuigings en lewens- en wêreldbeskouing. Die joernalis se lewens- en wêreldbeskouing beïnvloed sy besluit oor watter en in hoe 'n mate intrinsieke kwaliteite aan 'n gebeurtenis toegevoeg word. Prakties beteken dit dat 'n joernalis besluite moet neem in die skryf van die nuusitem (in hoe 'n mate hy hierdie kwaliteite aan die betrokke gebeurtenis toevoeg), en in die selektering van die nuusitems (is daar o.a. absolute sekerheid oor die feite en die etiese verantwoordbaarheid van die publikasie daarvan).

Die besluite wat die joernalis as verteenwoordiger van 'n stel organisasie- of samelewingstandaarde moet neem, kom in twee vorme voor. Eerstens verwag die organisasie en die samelewing dat die joernalis 'n stel algemeen aanvaarde waardes in gedagte moet hou tydens die selekte-

ringsproses. Hierdie stel algemeen aanvaarde waardes skryf voor watter nuustemas geselekteer moet word waarin die gemeenskap as 'n geheel sou belangstel, dui ook die belangrikheid van die teenwoordigheid van die intrinsieke kwaliteite in die nuus, vir die joernalis aan. Die belangrikheid van kwaliteite soos waarheid, regverdigheid, billikheid ens. is nie beperk tot 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing nie, maar word in die meeste lewens- en wêreldbeskouings hoog aangeslaan. Tweedens word die besluite wat die joernalis as verteenwoordiger van 'n stel organisasie- of samelewingstandaarde moet neem, bepaal deur 'n stel kriteria vir die selektering van nuus. Hierdie kriteria sluit dan in dat gebeure oor 'n kombinasie van ekstrinsieke kwaliteite van tydigheid, geografiese of psigologiese proksimiteit, prominensie, relevansie ens., moet beskik. Omdat die intrinsieke kwaliteite van nuusgebeure nie kwantitatief meetbaar is nie en dus vir hierdie studie slegs van akademiese belang, word dit vervolgens net kortliks bespreek.

### 3.4.1 Regverdigheid (fairness)

Die regverdige hantering van 'n nuusgebeurtenis (sowel die persone betrokke as bronne, as die inligting tot beskikking) hang van die joernalis as individu af. Dit blyk uit Gans (1979:189) se stelling '[f]airness ... is a matter of intent, and journalists who believe they have acted fairly can ignore charges to the contrary'. 'n Joernalis wat die nuusgebeurtenis in alle opsigte regverdig wil hanteer (d.w.s. die intrinsieke kwaliteit van regverdigheid aan die gebeurtenis toevoeg), hoort oor die volgende vrae te besin wat deur Hausman (1990:51) voorgestel word:

- Verteenwoordig die storie die totale perspektief; word die kern van die gebeure aangespreek?
- Is daar nog enige vrae onbeantwoord gelaat of belangrike kwessies nog nie gedek nie?
- Is my perspektief objektief?
- Is my bedoeling objektief?
- Het ek genoeg materiaal om die storie op te baseer?

### 3.4.2 Objektiwiteit (objectivity) of onbevooroordeeldheid (impartiality)

'Objectivity is not only impossible, but scarcely desirable. Fact cannot be seperated from value; detached observation is unattainable. Human objectivity is an oxymoron' (Christians *et al.*, 1993:118). Dit kom ooreen met die argument dat elke mens vanuit 'n bepaalde lewens- en

wêreldbeskouing handel. Na aanleiding van argumente soortgelyk aan die van Christians *et al.* beveel Froneman en De Beer (1993b:263) aan dat die term 'objektiwiteit' vervang moet word met terme soos 'verantwoordelikheid' en 'regverdigheid'. 'n Ander moontlike plaasvervanger vir objektiwiteit is onbevooroordeeldheid. Tuchman (1978:83) beskryf onbevooroordeeldheid as die poging om alles moontlik te doen om akkuraat te wees ten einde geloofwaardigheid te behou en in effek 'removing oneself from a story'. Froneman (1997:6) operasionaliseer wat hy onpartydigheid noem deur dit te kwalifiseer as die poging om alle moontlike hoeke te ondersoek en 'n verskeidenheid bronne aktief uit te soek ten einde 'n afgeronde idee te kry van die gebeure. Dit kom dus neer op 'n gebalanseerde weergawe van die gebeure waarin alle betrokke partye en perspektiewe 'n gelyke proporsie aandag kry.

### 3.4.3 Waarheid (truth)

Die kern van die waarheidskwessie in die nuusproses is die feit dat 'n storie uit die regte inligting saamgestel kan wees, maar totaal verkeerde indruk kan oordra (Hausman, 1990:29). As Christelike joernalis, en minstens etiese indien nie Christelik nie, is dit 'n verantwoordelikheid om inligting so oor te dra dat die leser dit met vertroue kan gebruik vir beoordeling, besluitneming en handeling (Snyman, 1994:62).

### 3.4.4 Etiese verantwoordbaarheid (ethical justification)

Oor sy hantering van die nuusgebeurtenis sou 'n joernalis homself kon afvra of hy op enige stadium van die proses 'n onprofessionele verhouding met die bron van die storie gehad het, of die bronne wat hy gebruik het eerlik en regverdige voorstellings gemaak het tydens die konstruksie van die storie, of hy onbevooroordeeld was, of hy eerlik met homself en die leser was (Hausman, 1990:101).

### 3.4.5 Volledigheid

Volledigheid sluit by die kwessie van objektiwiteit aan deurdat 'n storie net so objektief kan wees as wat dit 'n volledige en gebalanseerde aanbieding van die onderskeie kante van 'n saak is.

Die lys van intrinsieke kwaliteite wat aan 'n gebeurtenis toegevoeg kan word om die waarde daarvan as nuus te verhoog, kan nog veel langer gemaak word, maar uit die literatuurstudie het die bogenoemde kwaliteite geblyk die belangrikste te wees. Vir die doel van die huidige studie word hiermee volstaan.

### 3.5 Ekstrinsieke kwaliteite van nuus

Volgens Ward (1995:100) is die joernalis se rol as hekwagter om uit die magdom van gebeure in die wêreld die enkeles te selekteer wat nuuswaardig is en werd is om opgeskryf te word. Om hierdie taak te verrig het die hekwagter 'n stel kriteria nodig waarvolgens hy die selekteringsbesluite moet neem; 'criteria which determines which events are worthy of becoming news and which are not' (Westerståhl & Johanssen, 1994:72). Volgens Chang en Lee (1992:556) kan buitelandse beriggewing uit twee perspektiewe beskou word, nl. konteks-geörienteerd versus inhoud-geörienteerd. Laasgenoemde fokus volgens hulle op die 'characteristics inherent in the foreign event itself ... It follows the long standing definition of what is newsworthy: timeliness, impact or consequence ...'.

De Beer (1977:40-52) onderskei tussen twee dimensies in sy operasionalisering van 'nuuswaardes'[5], nl. afstand en intensiteit. Volgens dié afstand-/intensiteitsmodel (AI-model) resorteer al die 'nuuswaardes' wat betrekking het op die ontvanger se persepsie van sy betrokkenheid by die boodskap in terme van tyd, ruimte en die sosio-psigiese aard van die gebeurtenis, onder die afstandsdimensie. Die intensiteitsdimensie behels dan al die 'nuuswaardes' wat betrekking het op die uitwerking van die gebeurtenis op die *status quo* van die samelewing en die omvang en ongewoonheid daarvan in terme van die ontvanger se persepsie (De Beer, 1977:40; Steyn, 1995:40).

Na 'n omvangryke literatuurstudie het De Beer (1977:40) altesame 26 'nuuswaardes' geïdentifiseer wat deur ander skrywers as sodanig geklassifiseer word, wat hy dan in sy AI-model gekategoriseer het. Die model sien daar soos volg uit:

---

[5] Wat De Beer as nuuswaardes hanteer word in die huidige studie as ekstrinsieke kwaliteite van nuus beskryf.

**Afstandsdimensie**

| Tyd | Ruimte | Sosio-psigies |
| --- | --- | --- |
| Tydigheid | Proksimiteit | Menslike belang |
| | | Interessant |
| | | Beloning |
| | | Persoonlike appèl |
| | | Belang |
| | | Bruikbaarheid |
| | | Emosie |
| | | Selfbelang |
| | | Identifisering |
| | | Self-identifisering |
| | | Leserbehoeftes |

**Intensiteitsdimensie**

| Status Quo | Omvang | Ongewoonheid |
| --- | --- | --- |
| Prominensie | Omvang | Ongewoonheid |
| Gevolge | Grootte | Nuutheid |
| Belangrikheid | | Onverwagsheid |
| Konflik | | Voorspelbaarheid |
| Merkwaardigheid | | |
| Status quo | | |
| Effek | | |

'n Literatuurstudie deur die huidige navorser het aangetoon dat al die konsepte wat in die huidige navorsing as 'ekstrinsieke kwaliteite van nuus' beskryf word, in De Beer (1977) se AI-model opgeneem is. Soos voorheen gestel, poog die navorser om in hierdie hoofstuk die verwarring rondom die begrip 'nuuswaardes' uit te klaar deur in 'n vierledige model te onderskei tussen nuustemas, faktore wat nuuswaardigheid beïnvloed, intrinsieke kwaliteite van nuus en ekstrinsieke kwaliteite van nuus. Wat in die AI-model dus as 'nuuswaardes' voorgehou word, word

volgens die vierledige model as ekstrinsieke kwaliteite van nuus gekategoriseer. In die beskrywing van die huidige studie se resultate sal die nuusvloeipatroon onder andere beskryf word in terme van sommige van die aspekte wat in die vierdelige model aan die orde kom, soos die belangrikste nuustemas en sommige van die ekstrinsieke kwaliteite soos prominensie, proksimiteit, tydigheid en onverwagsheid.

Uit die beskrywing van die verskillende kwaliteite sal dit blyk dat dit soms nie duidelik onderskeibaar is nie, maar in meeste gevalle in interafhanklikheid met mekaar staan. Die nuuswaardigheid van 'n gebeurtenis is dus nie alleen afhanklik van een van hierdie kwaliteite nie, maar van 'n kombinasie daarvan. Uiteraard, hoe meer van die kwaliteite in 'n gebeurtenis teenwoordig is, hoe makliker behoort dit geselekteer te word as nuus (vgl. Westerståhl & Johanssen, 1994:75). Galtung en Vincent (1992:7) verduidelik na aanleiding van Galtung en Ruge (1974:270-271) se additiewe en komplementêre hipoteses hoe 'n kombinasie van hierdie kwaliteite die nuusvloeiproses kan beïnvloed.

Die additiewe hipotese hou in dat 'n gebeurtenis al hoe makliker as nuus geklassifiseer word hoe meer van hierdie kwaliteite daarin betrokke is. Volgens die komplementêre hipotese steun 'n gebeurtenis soms ekstra swaar op van die ander kwaliteite as die additiewe totaal van die kwaliteite nie genoeg is om dit as 'n nuusgebeurtenis geklassifiseer te kry nie. Laasgenoemde beteken byvoorbeeld dat 'n randland ('periphery'), wat dan sogenaamd nie as sulks genoeg nuuswaarde sou hê nie, deur elite persone verteenwoordig moet word ten einde die nuusagenda te haal. Daarteenoor kan normale roetine-gebeure soos bv. verkiesings en algemene parlementêre gebeure, maar wat in 'n sentraalland ('centre') gebeur, op die agenda geplaas word omdat dit op grond van die land waarin dit gebeur al genoeg nuuswaarde het.

Dit is dus hieruit duidelik dat die nuusvloeipatroon tussen lande in 'n groot mate bepaal word deur die toepassing van die kriteria wat nuusselektering beïnvloed. Vervolgens word van die belangrikste ekstrinsieke kwaliteite van nuus bespreek wat in die huidige studie 'n rol speel.

### 3.5.1 Afstandsdimensie

Volgens die afstandsdimensie in die AI-model van De Beer (1977), word nuuswaardigheid in terme van drie elemente bepaal, nl. tyd, ruimte en sosio-psigiese afstand.

#### 3.5.1.1 Afstand in terme van tyd

■ Tydigheid ('timeliness')

Tydigheid ('timeliness') is verreweg dié ekstrinsieke kwaliteit waaroor 'n gebeurtenis volgens die meeste skrywers moet beskik om daarvan nuus te maak. In sy afstand-intensiteit nuusmodel voer De Beer (1977:40; 1996:91) aan dat die afstandsdimensie in terme van tyd onder andere behels dat die tydafstand (verloop van tyd) tussen die gebeurtenis en die publikasie daarvan, so klein as moontlik moet wees.

Tydigheid kan beskryf word as Galtung en Ruge (1965) se 'continuity as property of news events' (Corrigan, 1990:655). Daarvolgens poog die pers om voortdurend die nuutste, mees opgedateerde inligting oor 'n voortdurende storie aan sy lesers te verskaf. Drie aspekte van tyd moet in oorweging geneem word in die selektering van gebeure, nl. (1) nuwigheid/resentheid ('recency'), (2) onmiddellikheid ('immediacy') en (3) teenwoordigheid ('currency') (Roscho, 1975:10). Harris *et al.* (1992:33) noem tydigheid as 'n gewenste kwaliteit ('desirable qualification') van nuus wat 'vars' of 'nuut' beteken.

Frekwensie is 'n verdere element van die tydigheidskwaliteit wat Galtung en Ruge noem (Tunstall, 1973:63). 'n Nuusgebeurtenis sal dus as meer nuuswaardig gereken word as dit binne dieselfde tydsraamwerk plaasvind as waarbinne die nuusmedium opereer (bv. 'n 24-uur siklus by 'n dagblad). 'n Enkele moord op 'n dorpie sal eerder gerapporteer word in die volgende uitgawe van die koerant as een van baie moorde tydens 'n oorlog waarin byna elke minuut iemand doodgemaak word.

Tydigheid is ook 'n belangrike oorweging in die nuuswaardigheid van 'n gebeurtenis in die sin van vars, nuwe of onlangse gebeure. Wanneer internasionale gebeure egter ter sake is, word hierdie aspek volgens Gaunt (1990:126) minder belangrik, behalwe in gevalle van baie belangrike stories. Dieselfde geld vir proksimiteit. Wanneer dit oor internasionale gebeure gaan, word geografiese afstand minder belangrik en word dit eerder die kulturele of etniese affiniteit wat die psigiese afstand bepaal, soos die geval tussen Nederland en 'n deel van die Suid-Afrikaanse bevolking is.

3.5.1.2 Afstand in terme van ruimte

Die tweede element waarvolgens De Beer (1977) die afstandsdimensie beskryf, is die ruimtelike afstand tussen die nuusgebeurtenis en die gehoor. Die ruimtelike afstand neem verskillende vorme aan, wat almal onder die begrip 'proksimiteit' beskryf kan word.

■ Proksimiteit (proximity)

Proksimiteit is volgens die meeste skrywers 'n kousale faktor wat die selektering van buitelandse nuus beïnvloed (kyk Westerståhl & Johansson, 1994; Corrigan, 1190). Westerståhl en Johannson (1994:73) definieer proksimiteit in terme van drie dimensies, nl. geografie, kommersieel en kultureel. Geografie word bereken deur die fisiese afstand tussen die hoofstede, kulturele proksimiteit word bepaal deur 'n psigologiese identifisering met die gebeurtenis en 'n gebeurtenis is kommersieel naby as die leser (of sy regering) ekonomies betrokke is by die gebeurtenis of as dit ekonomiese gevolge vir die leser/regering inhou.

Volgens sy model vir die bepaling van 'encoded values in the news', is 'n gebeurtenis volgens Corrigan (1990:655) proksimies naby as daar 'a localizing angle or the naming of a hometown group or event' in die gebeurtenis is. Dit kom ooreen met Harrison *et al.* (1992:33) se definisie van proksimiteit as 'n gebeurtenis met 'local appeal' en wat dus dui op die **geografiese nabyheid** van die gebeure.

Betekenisvolheid (meaningfulness) is een van Galtung en Ruge (1973:64) se 'properties of events' wat nuuswaardigheid beïnvloed. Vir 'n gebeurtenis om egter betekenisvol te wees moet dit volgens die skrywers **kulturele proksimiteit** hê en/of relevant wees. Kulturele proksimiteit beteken volgens hulle dat die nuusgebeurtenis interpreteerbaar moet wees binne die kulturele raamwerk van die leser. Dit wat 'culturally similar' is word as meer betekenisvol gesien en dus makliker deur die hekwagter geselekteer as dit wat dan 'culturally distant' is.

De Beer en Steyn (1996:92) vat die twee aspekte van proksimiteit in hul model saam as **fisiese afstand** en **sosio-psigologiese** afstand. Hoewel fisiese afstand in alledaagse nuusgebeure 'n belangrike faktor in die nuusselekteringsproses is ('n moord op 'n onbekende vrou in die Kaap is minder belangrik vir 'n Potchefstromer as 'n moord op 'n vrou in Potchefstroom), blyk dit volgens Chang en Lee (1992:559) dat fisiese afstand nie 'n groot rol speel in die selektering van buitelandse nuus nie. In die geval van Suid-Afrika/Nederland kan dus geargumenteer word dat die psigologiese afstand van De Beer en Steyn (1996) belangriker is as die fisiese afstand tussen die lande (sien in die verband ook Choi, 1994:179-180). Plaaslike nuus oor 'n ander land (bv. nuus rakende Nederland wat in Suid-Afrika gegenereer is) is egter steeds meer nuuswaardig as internasionale nuus oor dieselfde land (Peterson, 1979:120). Nuus oor koningin Beatrix se besoek aan Suid-Afrika is nuuswaardiger vir die Suid-Afrikaanse leser as haar besoek aan Engeland; 'n Nederlandse toeris wat in Suid-Afrika beroof en vermoor word is veel meer nuuswaardig vir die Suid-Afrikaanse leser as 'n Nederlander wat in Nederland vermoor word.

3.5.1.3 Sosio-psigiese afstand

Die derde element van die afstandsdimensie in De Beer (1977) se AI-model, is die sosio-psigiese afstand tussen die nuusgebeurtenis en die gehoor. Drie van die faktore wat sosio-psigiese afstand bepaal en vir die huidige studie van belang is, nl. dramatiese elemente, identifisering en relevansie, word hier bespreek.

■ Dramatiese elemente (Dramatic elements)

Die teenwoordigheid van dramatiese elemente in 'n gebeurtenis, verhoog volgens Hausman (1990:14) die gehoor se belangstelling in 'n gebeurtenis (kyk ook Westerståhl & Johansson, 1994:73). Alhoewel dramatiese gebeure ook as 'n nuustema hanteer word, gaan dit hier oor die herkenning van dramatiese elemente in 'n gebeurtenis wat dit vir die hekwagter makliker maak om die gebeurtenis te selekteer as nuus. Dramatiese elemente se nuuswaardigheid word egter bepaal deur die ander kwaliteite, nl. omvang, relevansie, prominensie ensovoorts. As nuustema kry die dramatiese gebeure name soos rampe, oorlog, konflik ens.

■ Identifisering (Identification)

Een van die kriteria vir die selektering van nuus wat deur meeste skrywers in hul verduideliking van die begrip nuuswaardes net na verwys word, is die gehoor se identifisering met die gebeurtenis. Identifisering beteken volgens Hausman (1990:13) die soort nuus oor dit wat vir die leser bekend is of waarmee hy kan identifiseer. Nuus oor busrampe in Suid-Afrika waarin buitelandse toeriste dood is, is van meer belang vir voornemende buitelandse toeriste as vir mense wat nie 'n bustoervakansie in Suid-Afrika beplan nie.

■ Relevansie (Relevance)

Relevansie is ook 'n faktor wat volgens Galtung en Ruge (1973) die betekenisvolheid van 'n gebeurtenis bepaal. Betekenisvolheid ('meaningfulness'), een van Galtung en Ruge se 'properties of events', word volgens dié twee skrywers bepaal deur kulturele proksimiteit en relevansie. 'n Gebeurtenis kan bv. in 'n kultureel afgeleë plek afspeel maar steeds gelaai wees met betekenis in terme van wat dit vir die leser of kyker impliseer (Galtung & Ruge, 1973:64). 'n Gebeurtenis wat belangrike gevolge vir die leser of kyker impliseer, is dus meer relevant as 'n gebeurtenis wat geen gevolge vir of impak op die gehoor het nie. Dit dui weereens op die interafhanklikheid tussen die ekstrinsieke kwaliteite of eienskappe van nuus.

### 3.5.2 Intensiteitsdimensie

Die AI-model se intensiteitsdimensie word in terme van drie elemente beskryf, nl. *status quo*, ongewoonheid en omvang (De Beer, 1977). Die ekstrinsieke kwaliteite in die huidige studie wat onder dié kategorieë val, word vervolgens bespreek.

#### 3.5.2.1 Intensiteit in terme van die *status quo*

■ Belangrikheid of merkwaardigheid (significance)

In Galtung en Ruge (1973:64) se lys van 'properties of events' noem hulle drumpelgrens ('threshold') as die faktor wat voorsiening maak vir 'n nuusgebeurtenis se selektering op grond van die belangrikheid daarvan. Hoe wreedaardiger die moord, hoe groter opslae sal dit in die pers maak, aldus Galtung en Ruge (1973:63). Dit impliseer daar is 'n sekere drumpel wat die gebeurtenis moet oorsteek voordat dit oor die mate van belangrikheid beskik wat dit benodig om nuus te kan word.

Internasionale nuusgebeure word as meer nuuswaardig gereken as dit van ekonomiese en politieke belang is vir die persoon se land (Shoemaker *et al.*, 1991:781-795). Westerståhl en Johansson (1994:73) noem belangrikheid ('importance') as een van drie kousale faktore wat nuuswaardigheid beïnvloed. Hulle beskryf dit as belangrikheid in terme van populasiegrootte, bruto nasionale produk en militêre begroting.

Dat meeste van hierdie ekstrinsieke kwaliteite nie onafhanklik van mekaar die nuuswaardigheid van gebeure beïnvloed nie, blyk uit Rhoades (1981:33) se beskrywing van belangrikheid ('significance') met impak of gevolge in gedagte:

> Any physical or non-physical event in which a large number of readers participate - or which affects, now or in the future, a large number of persons in the community. 'Affect' is used with impact or consequences in mind. The 'effect' can be damaging or enhancing. Political, economic, social and moral consequences are of concern here.

■ Prominensie (prominence)

Die onderskeid tussen belangrikheid en prominensie blyk nie duidelik uit die literatuur nie, maar die feit dat sommige skrywers tog albei in een lysie opneem, of ander minstens die een of die ander, maak dit nodig dat beide aandag kry. Normaalweg is dit die teenwoordigheid van 'n persoon of groep persone in 'n storie wat bekendheid verwerf het deur bv. oorerwing of prestasie, óf van bekende of gesaghebbende bronne in 'n nuusstorie, wat prominensie aan 'n gebeurtenis verleen (Corrigan, 1990:655; Louw, 1981:33). Galtung en Ruge (1973:66) se stelling dat die handelinge van élite mense en volke meer waarskynlik nuus sal word as die ander, sluit by hierdie verduideliking van prominensie aan. Hulle noem in dié verband drie 'properties of events' wat nuuswaardigheid bevorder, nl. verwysing na élitevolke, mense en persone/individue.

■ Gevolge (consequences)

Enige gebeurtenis wat aanleiding of moontlik aanleiding kan gee tot 'n reeks gebeure wat 'n groot aantal mense kan affekteer, is nuuswaardig (Harris *et al.*, 1992:28). Hoe groter die effek wat dit op die mense het, hoe meer ruimte sal daaraan afgestaan word. Shoemaker *et al.* (1991:783) en Berthelot en Mancuso (1988:142) het bevind dat die hekwagter uit die aard van sy sosiale verantwoordelikheid teenoor die leser, oorweging moet skenk aan die gevolge wat die gebeurtenis vir die leser inhou. Corrigan (1990:655) wys in dié verband na 'spesifieke effekte' of 'veranderings vir 'n groot deel van die publiek' as aanduiders van hierdie eienskap van nuus.

■ Onmiddellike impak (immediate impact)

Volgens Hausman (1990:11) is die eerste stap in die bepaling van wat nuus behoort te word, om vas te stel óf en watter onmiddellike impak 'n gebeurtenis op die lesers het. Die verskil tussen impak en gevolge lê daarin dat laasgenoemde ook die langtermyneffek op die gehoor insluit (bv. 'n oorstroming hou die gevolg in dat die slagoffers vir 'n tyd dakloos is en dalk van voor af moet begin bou aan 'n toekoms). Onmiddellike impak het betrekking op die tyd rondom die publikasie of uitsending van die nuus (bv. sal dit 'n onmiddellike impak op lesers hê as dit bekend word dat die dorp se water vergiftig is).

3.5.2.2 Intensiteit in terme van die omvang

Die tweede element in De Beer (1977) se intensiteitsdimensie aan die orde kom, is omvang of 'magnitude'.

■ Omvang (magnitude)

Volgens Hausman (1990:15) is 'the weight of numbers ... a strong determinant in the news value of a story'. De Beer (1977:51) onderskei egter buiten die kwantitatiewe omvang van 'n gebeurtenis, ook 'n kwalitatiewe dimensie. 'n Brand in die parlementsgebou waarin al die kabinetslede dood is, is byvoorbeeld in terme van (kwalitatiewe) omvang net so nuuswaardig as 'n ramp in Indië waarin tienduisende mense dood is (kwantitatiewe omvang).

3.5.2.3 Intensiteit in terme van ongewoonheid

■ Onverwags (unexpected) of ongewoon (unusual)

Hoe meer onverwags 'n gebeurtenis voorkom, hoe beter is die kans dat dit nuus kan word. Die onverwagte binne-in die betekenisvolle en konsonante gebeure sal eerder nuus word as die verwagte en 'normale' gebeure (Galtung & Ruge, 1973:65). Gegee 'n aantal gebeure wat beide betekenisvol (kultureel bekend en relevant) en konsonant (voorspelbaar en gewens) is, is dit die gebeurtenis wat onverwags of ongewoon was wat as die nuuswaardigste beskou sal word (Peterson, 1979:120). Harris *et al.* (1992:30) verduidelik dié ekstrinsieke kwaliteit van 'n nuusgebeurtenis met voorbeelde soos 'die tweekop-kalf' en 'die kat wat 200 myl loop om sy eienaar te vind wat na 'n ander stad verhuis het'.

Uit die voorafgaande bespreking van De Beer (1977) se AI-model, blyk dit duidelik dat nuusgebeure wel oor sekere eienskappe of kwaliteite beskik wat deur eksterne of omstandigheidsfaktore bepaal word, soos tyd, ruimte, sosio-psigiese afstand, omvang, die *status quo* en ongewoonheid. Dié eienskappe, of ekstrinsieke kwaliteite soos daar in die huidige navorsing na verwys word, word deels deur die perslandskap van die betrokke land aan die gebeurtenis

toegevoeg[6], en speel 'n bepalende rol in die vorming van die nuusvloeipatroon tussen twee lande[7]. Vervolgens word die derde element van die vierdelige model vir die selektering van nuus bespreek.

### 3.6 Nuustemas

Onder 2.1.2 is reeds aangevoer dat sommige skrywers nuustemas voorgee as waardes of kriteria waarvolgens gebeure as nuus erken word. Hiervan is Harris *et al.* (1992) se lysie nuuswaardes die beste voorbeeld (vgl. ook Davie & Lee, 1995). Hulle bied onder andere nuustemas soos konflik, rampe, menslike belang en seks aan as nuuswaardes.

Menslike belang of 'human interest', wat deur die meeste skrywers (vgl. Harris *et al.*, 1990; Corrigan, 1990; Rhoades, 1981) as 'n kriterium vir nuuswaardigheid gelys word, kan vir die leser nuuswaardig word omdat dit vir die lesers interessant/in hul belangstellingsveld sal wees. Uit 'n ander hoek hanteer sommige skrywers menslike belang suiwer as nuuswaardig op grond van die onderwerp van die gebeurtenis. In Harris *et al.* se geval word menslike belang as nuustema hanteer omdat hulle dit aanbied as stories waarin mense in ongewone en soms emosionele situasies die onderwerp van die nuus is.

Die insluiting van seks in hul lysie van nuuswaardes is egter die ekstreemste voorbeeld. Wat volgens hulle nuuswaardig is aan die sekskapades van Hollywoodsterre is veel eerder 'n nuustema met waarde vir lesers wat daarin belangstel. Die waarde/kriterium op grond waarvan sodanige stories as nuus geselekteer sou word, lê eerder in die prominensie van die persone betrokke by die gebeure as by die feit dat dit oor seks gaan. Sou laasgenoemde die geval wees behoort daar baie meer stories ook oor minder bekende mense se sekslewe te gaan. Die belangstelling van die lesers dien in hierdie geval ook as faktor wat die nuuswaardigheid van die gebeure beïnvloed in terme van vermaaklikheid as funksie van die media.

---

[6]Kyk 2.2.

[7]Kyk 4.5.2.

'n Oneindige lys van nuustemas kan geïdentifiseer word (vgl. die empiriese hoofstuk vir die lys van nuustemas wat in die koderingsprotokol gebruik is). Hier word egter vervolgens net aandag gegee aan een oorkoepelende tendens wat in die nuustemas manifesteer, nl. negatiwiteit in die nuus. Volgens Gans (1980:40) is nuus in baie gevalle 'about the violation of values; crime and disasters are not reported because these phenomena are desirable, which is why audiences and journalists alike speak of bad news'. In 'n studie van nuusselektering by *The Times* in Londen het Peterson (1979:124) bevind dat joernaliste wat tussen 'n positiewe en negatiewe storie moet kies (alle ander nuuswaardes as gelyk aanvaar), eerder die negatiewe storie sal kies. Dit is nie so vreemd as in ag geneem word dat dit volgens De Beer en Steyn (1996:91) 'n algemene joernalistieke oortuiging is dat '... bad news is good news and good news is no news'. Dit verklaar waarom negatiwiteit as 'n nuustema gesien word.

Die verwarring van negatiwiteit as nuuswaarde en nie bloot as nuustema nie, word veroorsaak deur die feit dat 'n negatiewe gebeurtenis dikwels oor 'n aantal van die ekstrinsieke kwaliteite van 'n nuuswaardige gebeurtenis beskik. Galtung en Ruge (1974:267) voer in die verband drie redes aan vir hul insluiting van negatiwiteit by hul lysie van nuuswaardes:

- Negatiewe nuus voldoen beter aan die kwaliteit van tydigheid as positiewe nuus (- dit neem maande op honderd huise te bou maar ure om dit in 'n brand te vernietig).
- Negatiewe nuus is duideliker en ondubbelsinniger as positiewe nuus. Daar bestaan gewoonlik konsensus oor die feit dat 'n gebeurtenis negatief was, terwyl 'n positiewe gebeurtenis vir sommige mense meer positief as ander kan wees.
- Negatiewe nuus is meer onverwags as positiewe nuus, beide in die sin dat die gebeure waarna verwys word minder voorkom as en minder voorspelbaar as positiewe nuus is.

Negatiewe gebeure (ongelukke, rampe, konflik, geweld) is dus normaalweg tydig (het in die afgelope 24-uur gebeur of is steeds aan die gang), onverwags, relevant (oorlog bedreig internasionale vrede), belangrik (duisende mense het moontlik in 'n ramp omgekom), of het gevolge vir die leser (oorlog in Europa hou gevolge in vir die Suid-Afrikaanse ekonomie).

## 3.7 Faktore wat nuuswaardigheid beïnvloed

### 3.7.1 Organisasiestruktuur en -kultuur

Een van die vlakke waarop die hekwagtersproses volgens Shoemaker (1991:56) plaasvind, is organisasievlak. Daarvolgens beïnvloed die organisasiekultuur en -struktuur die hekwagter se besluite oor watter gebeure as nuuswaardig geselekteer word.

Welsch (in Peterson, 1979) beskryf die rol van organisasiestruktuur en -kultuur in nuuswaardigheidsbesluite soos volg:

> Any organization has characteristics that shape and reinforce the attitudes of those who are part of it and thereby influence the content of decisions made. Despite, or because of, the hierarchical structure of organizations that gives particular individuals key roles in decision-making, these decisions are made within an organizational context. The totality of an objective situation is never perceived by any individual. Since reality is so complex, only a limited part of it can be observed and assimilated. Organizations in their devisions of labor and responsibility inherently specify a set of limits on a member's definition of reality.

### 3.7.2 Toeganklikheid ('access')

Buiten die drie kousale faktore wat die selektering van nuusgebeure volgens Westerståhl en Johansson (1994:75) beïnvloed, identifiseer hulle ook toeganklikheid as 'n voorwaardelike faktor in die selekteringsproses. Uiteraard hang die selektering van gebeure as nuus af van die beskikbaarheid van inligting oor die betrokke gebeure (Gaunt, 1973:128). Enersyds kan 'n land se perslandskap van so 'n aard wees dat 'n gebrek aan toeganklikheid joernaliste in hul taak beperk. Joernaliste kan byvoorbeeld deur wetgewing verbied word om oor sekere sake berig te doen, soos wat inderdaad onder die noodtoestand in Suid-Afrika die geval was (sien hoofstuk 2 vir 'n beskrywing van Suid-Afrika se huidige perslandskap).

Andersyds kan nie-vanselfsprekende toeganklikheid tot nuusgebeure die waarskynlikheid vir die selektering van sulke gebeure verhoog. Die teenwoordigheid van korrespondente en nuuskantore in die buiteland gee 'n koerant byvoorbeeld beter toeganklikheid tot nuusgebeure wat andersins nie eers vir selektering oorweeg sou kon word nie.

### 3.7.3 Lewens- en wêreldbeskouing/Ideologie

Die belangrikheid van die individu in die nuusselekteringsproses soos deur Shoemaker (1991) op die individuele vlak van die hekwagtersproses hanteer is, blyk uit die klem wat verskeie skrywers op die individu as besluitnemer plaas (vgl. Hausman, 1990; Bohle, 1986; Gans, 1980). Vroeër in die hoofstuk is reeds gewys op die rol wat lewens- en wêreldbeskouing in 'n joernalis se hantering van nuusgebeure speel. Die implikasie van hierdie verhouding tussen die joernalis-as-menslike-wese en sy hantering van die werklikheid, word in Westerståhl en Johansson (1994:73) se model vir nuusfaktore in buitelandse nuus duidelik as hy ideologie as 'n sentrale faktor stel wat al die ander faktore beïnvloed. Dié beginsel is ook ingebou in die huidige navorser se model vir nuuswaardes in die hekwagtersproses (Fig.3.1).

Althusser (in Watson & Hill, 1997:107) sien ideologie as 'n stel onbewustelike waardes en oortuigings wat die raamwerk vorm vir 'n persoon se denke om sin van die wêreld te maak. Dit hou in dat 'n persoon volgens hierdie raamwerk die werklikheid kognitief organiseer en in ooreenstemming daarmee besluite neem oor die werklikheid waarin hy leef. By implikasie beïnvloed 'n persoon se ideologie dus sy toepassing van die kriteria vir die selektering van nuus (Westerståhl & Johansson, 1994:75).

Ideologie beïnvloed 'n joernalis se hantering van nuuswaardes op twee vlakke. Die eerste vlak behels die joernalis se waardes en oortuigings wat geld in die omgaan met inligting en bronne. Hierdie vlak word gemotiveer vanuit die joernalis se lewens- en wêreldbeskouing en vind veral uiting in die mate waarin hy die intrinsieke kwaliteite in sy nuusaanbieding inweef. Op die tweede vlak opereer wat Ward (1995:76) na verwys as 'n dinamiese sisteem van waardes en oorkoepelende oortuigings oor die kapitalistiese samelewing, sosiale, ekonomiese en politieke instellings en praktyke. Gans (1980:68) praat in min of meer dieselfde terme as hy aanvoer dat

joernaliste ideologie met politieke ekstremisme vergelyk. Op hierdie vlak beïnvloed ideologie dus die joernalis in die sin dat hy deur sy vormgewing aan die gebeure (deur selektering en skryf van die nuusberig), 'n bepaalde stel idees oor spesifieke politieke, ekonomiese of maatskaplike belange in die berig inbou.

Dié aspek het veral betrekking tot die huidige studie as in gedagte gehou word dat die twee koerante, *Trouw* in 'n groter mate as *Beeld*, afhanklik is van die korrespondent vir die selektering van nuusgebeure. Die feit dat twee verskillende korrespondente in dieselfde land wat vir dieselfde koerant moet nuus vergaar, 'n ander nuuslys sal aanbied, is enersyds die gevolg van 'n verskil in die twee korrespondente se siening van wat vir die koerant se lesers nuuswaardig sal wees. Andersyds is dit egter ook 'n gevolg van die twee lesers se persoonlike belangstellings en hul verskillende lewens- en wêreldbeskouiings en ideologieë.

3.7.4 Funksies van die media

'n Belangrike oorweging wat joernaliste (soms) onbewustelik in ag neem by die selektering van gebeurtenisse, is die vraag of die gebeurtenis voldoen aan Wright (1960) se funksie van die pers, nl. inligting, vermaaklikheid, opvoeding en dienslewering. Die kern van hierdie vraag is na hoe 'n mate dit die funksie van die media is om die gehoor te gee waarin hulle belangstel (vermaaklikheid) teenoor die mate waarin die media vir hulle moet gee wat hulle 'behoort te kry/wat goed is vir hulle' (inligting) - in watter mate lei/volg die joernalis die leser.

Volgens Chang en Lee (1992:556) speel die 'perceived interest of readers and viewers in events' die belangrikste rol in die samestelling van die nuusagenda, en beïnvloed daarom die redakteur se selekteringsproses. Hekwagters selekteer dus óf dit wat hulle dink hul gehoor behoort te weet, óf wat hulle dink hul gehoor sal geniet om te hoor (Berthelot & Mancuso, 1988:143).

3.7.5 Persoonlike ondervinding, agtergrond

Sommige van die waardeoordele of besluite in die selektering van gebeure word ook beïnvloed deur persoonlike ondervinding en agtergrond; deur die lewenstyl waaraan joernaliste as kinders

gewoond was en dit waaraan hulle nou as volwassenes gewoond is in hul eie families en gemeenskappe (Gans, 1979:208). Dit verskil van die ideologiese faktor (sien 8.4) in dié sin dat die joernalis eerder sy ondervinding en agtergrond van die samelewing gebruik om dié samelewing te reflekteer as om die samelewing te meet teen sy eie norme en waardes. Dit wil sê die joernalis/hekwagter neem besluite in die selekteringsproses na aanleiding van wat hy verwag van die gedrag van vriende, kerkgangers, openbare figure ens. op grond van sy agtergrond en ondervindings in die verlede. Dié is egter in 'n groot mate 'n onbewustelike proses en meestal ondergeskik aan die koerant se (dikwels ongeskrewe) beleid oor nuuswaardes.

## 7.6 Signatuur van koerant

By 'n koerantorganisasie manifesteer die invloed van organisiekultuur en -struktuur in die nuusselekteringsproses in wat Stoker (De Beer, 1977) die 'signatuur' van die koerant noem. Fuller (1996:107) argumenteer soos volg:

> a newspaper must have a character, a personality. On the editorial page it must present an intellectually consistent set of opinions about public policy and other important matters. In the news pages, it must put facts into an analytic framework that helps readers make sense of them. This means consciously permitting a modest amount of opinion into news reports.

Omdat die inhoud van 'n koerant 'n bepaalde gees of karakter aan die koerant gee, doen die joernaliste hul nuusgaring en -selektering met dié karakter in gedagte. Een van die afdelings in die koerant waarin die karakter of signatuur van 'n koerant die duidelikste na vore kom, is in die opinie- of kommentaarartikels en die koerant se hoofartikels. Die hekwagters van 'n meer regse politieke karakter sal ander kriteria toepas in die selektering van nuus as 'n koerant met 'n linkse karakter.

3.7.7 Joernalis se persoonlike belangstelling

Die identifisering van gebeure wat volgens die joernalis 'n potensiële nuusstorie kan word, word in baie gevalle bepaal deur die joernalis se belangstelling. Veral buitelandse korrespondente is op hul eie nuussin aangewese vir die uitsnuffel van nuusstories wat nie deur die persagentskappe en ander hoofstroom media gedra word nie, en wat hul lesers sal interesseer. Gaunt (1990:9) maak daarom die stelling dat 'the process of defining what is and what is not news is often a highly personal affair. Veteran journalists sometimes define news as what I'm interested in'.

3.7.8 Ruimte

Die aantal bladsye en bladuitleg van 'n koerant word vooruit vasgestel na aanleiding van 'newshole requirements and advertising projections' (Gaunt, 1990:117). Normaalweg is daar te min plek vir alle beskikbare kopie, met die gevolg dat die nuusredaksie en advertensiedepartement in 'n konstante stryd gewikkel is vir ruimte. Na aanleiding van hierdie stryd het Gaunt (1990:117) bevind dat buitelandse nuus normaalweg minder belangrik geag word as plaaslike nuus, met die gevolg dat buitelandse nuus eerste uitgegooi word om ruimte te maak vir plaaslike nuus. Weens die aard van *Beeld* se beleid oor buitelandse nuus[8], word daar net 'n beperkte hoeveelheid ruimte (gewoonlik 'n halwe bladsy of minder) aan Wêreld-Beeld afgestaan waarin internasionale nuus gepubliseer word. Afhangende van die nuuswaardigheid van die gebeurtenis, sal dit op die voorblad of die nuusbladsye van die koerant gebruik word. *Trouw*, daarenteen, gebruik internasionale nuus makliker tussen die 'gewone' nuus deur.

3.7.9 Keuse van persagentskappe

Een van die belangrikste faktore wat die internasionale nuusvloeipatroon tussen lande bepaal en wat veral belangrik is by die selektering van internasionale nuus, is die keuse van persagentskappe. Gaunt (1990:118) het in 'n inhoudsanalise van drie koerante bevind dat die buitelandse nuusdekking in 'n koerant baie nou ooreenkom met die persagentskappe by wie dit

---

[8] Sien 2.4.8.3.

ingeteken is. Dit behoort veral die geval te wees vir nuus oor gebeure in lande en op plekke waar die koerant nie 'n korrespondent het nie en die selekteringsproses dus beperk word tot wat deur die persagentskap aangebied word. Die belangrikste persagentskappe wat in die huidige navorsing deur die twee betrokke koerante gebruik is, was AP, AFP, ANP en Sapa wat eersgenoemde agentskappe se nuus aan Suid-Afrikaanse koerante herlei.

### 3.7.10 Buitelandse korrespondente en redakteur

Die teenwoordigheid van buitelandse korrespondente in spesifieke lande voorsien gefokusde nuusdekking van die betrokke areas en bevorder 'n langdurende belangstelling in sulke areas. As gevolg hiervan behoort stories uit en oor sulke areas in toekomstige besluite voorkeurbehandeling te kry (Gaunt, 1990:119). Op dieselfde trant behoort die teenwoordigheid van 'n buitelandse nuusredakteur op 'n koerant se redaksie 'n aanduiding te wees van die prioriteit wat die koerant aan buitelandse gebeure gee (vergelyk in dié verband Cohen, 1995:89).

### 7.11 Die belangstelling van die lesers

Sien 8.4 - Funksies van die media

### 7.12. Spertye

Die aanbreek van die elektroniese era het vir koerante die voordeel gebring dat spertye uitgestel kon word omdat kopie nog tot op die laaste oomblik vervang of verander kon word (Gaunt, 1990:120). Dit bevoordeel plaaslike nuus bo internasionale nuus om twee redes. Eerstens word internasionale nuus baie vroeër as plaaslike nuus afgerond en gefinaliseer. Tweedens neem dit baie langer vir inligting oor 'n internasionale gebeurtenis om die nuuskantoor te bereik as 'n plaaslike gebeurtenis. Dit beteken dat 'n plaaslike gebeurtenis wat net voor die spertyd plaasvind eerder kans het om in die koerant ingesluit te word as 'n buitelandse gebeurtenis wat dieselfde tyd gebeur.

**Opsomming van hoofstuk drie:**

Die begrip 'nuuswaardes' is in hierdie hoofstuk geherdefinieer om die rol van die kriteria vir die selektering van nuus in die konteks van die huidige studie duidelik te maak. Die navorser argumenteer dat 'n nuusvloeipatroon tussen twee lande binne die raamwerk van die betrokke lande se perslandskappe gevorm word, en bepaal word deur die nuusselekteringskriteria wat die hekwagters in die twee perslandskappe toepas. In hoofstuk twee is die hekwagter se rol in die stand van 'n perslandskap in terme van die funksionele benadering bespreek. In die bogaande hoofstuk word dit verder op die huidige studie van toepassing gemaak deur 'n vierledige model voor te stel waarvolgens die hekwagters die 'nuuswaardes' of die kriteria vir die selektering van nuus, en dus die nuusvloeipatroon bepaal.

Die voorgestelde vierledige model maak voorsiening vir die vier hoofelemente wat 'n rol speel in die selektering van nuus, naamlik die intrinsieke en ekstrinsieke kwaliteite van nuus, nuustemas en die faktore wat nuuswaardigheid beïnvloed. Volgens die model is intrinsieke kwaliteite dié eienskappe van 'n nuusitem wat daaraan toegevoeg word en nie deur omstandigheidsfaktore soos tyd en ruimte bepaal word nie, byvoorbeeld waarheid, objektiwiteit ens. Ekstrinsieke kwaliteite word egter wel deur omstandigheidsfaktore bepaal, byvoorbeeld tydigheid, proksimiteit ens. Nuustemas word afsonderlik gegroepeer omdat sekere temas op sigself van waarde is vir 'n betrokke koerant, terwyl 'n klomp faktore uitgesonder word wat 'n invloed het op die selektering van 'n nuusitem. Onder laasgenoemde tel toegang tot inligting en die koerant se beleid oor buitelandse nuus.

In hoofstuk vier sal die nuusvloeikonsep bespreek word, die rol van die hekwagter in die kartering van nuus, elemente van die vierledige model vir die selektering van nuus se rol in die vorming van 'n nuusvloeipatroon sal bespreek word, asook die invloed van perslandskappe op die nuusvloeiproses.

# HOOFSTUK 4 -

# NUUSVLOEI

## 4.1 Inleiding

Verskeie belangrike ontwikkelings in die internasionale arena die afgelope twee dekades het aanleiding gegee tot 'n hernieude belangstelling in die vloei van nuus oor nasionale grense heen en die patrone wat daardeur gevorm word. Die belangrikste van hierdie ontwikkelings is die val van kommunisme in Sentraal- en Oos-Europa (Sreberny- Mohammadi, 1995:8; Hachten, 1996:vii; Merrill, 1991:53; Ayish, 1992:488), die (kommunikasie-) tegnologiese ontploffing in die tagtiger- en negentigerjare (Hachten, 1996:xi-xii; Mowlana, 1997:23; Ayish, 1992:488) en die gevolglike toenemende ekonomiese en politieke betrokkenheid van kleiner lande by die groter internasionale gemeenskap (Mowlana, 1997:17; Sreberny-Mohammadi *et al.*, 1997:x,4).

Dié drie faktore is hoofsaaklik verantwoordelik vir die sogenaamde *global village*-effek, of die kleinerwordende wêreld. Volgens Sreberny-Mohammadi *et al.* (1997:xii) beteken die globaliserings-effek uit 'n kommunikasie-oogpunt die 'patterns of social interaction and information flows are increasingly occurring across national boundaries to form new bases of political and cultural identity'. Hachten (1996:xii) noem die internasionale kommunikasienetwerk die sentrale senuweestelsel van 'our fragile, shrinking, and increasingly interdependant world'. Die moderne kommunikasietegnologie maak dit byvoorbeeld moontlik om binne minute nuus oor gebeure in die noordelike halfrond na die suidelike halfrond deur te stuur en omgekeerd. Suid-Afrikaners is byvoorbeeld vir die duur van die oorlog tussen magte van die Verenigde Nasies en Joegoe-Slawië in Kosovo voortdurend op die hoogte gehou. Nuus oor die gevegte in die Demokratiese Republiek van die Kongo was egter meer sporadies en met minder detail deurgestuur.

Veral na die val van apartheid in Suid-Afrika word dié land ook toenemend deel van die sogenaamde 'global village' - ook wat nuusvloei betref. In die huidige studie word gekyk hoe die nuusvloeiproses tussen Suid-Afrika en Nederland voor en na die 1994-verkiesing daar uitsien sodat die invloed van 'n veranderende perslandskap (in Suid-Afrika se geval) op die nuusvloeipatroon tussen twee lande uit die ondersoek waargeneem kan word. Die kern van die

vorige twee hoofstukke vorm die basis van die teoretiese begronding van die begrip nuusvloei. In hoofstuk 2 het die navorser die perslandskappe van die twee lande in die huidige navorsing beskryf as 'n subsisteem van elk van die twee samelewings (Suid-Afrika en Nederland) en aangedui hoe verskeie van die ander subsisteme die perssisteem beïnvloed en mede-bepaal om 'n unieke perslandskap te skep. Uit hoofstuk 3 het dit geblyk dat die fel van waardeoordele onvermydelik is in die hekwagter se selektering van nuusgebeure vir die nuusproses en dat 'ekstrinsieke faktore' soos die politieke, ekonomiese en kulturele sisteme hierdie waardeoordele, en dus die nuusvloeipatroon, beïnvloed.

Wat in hierdie hoofstuk onder die oorkoepelende begrip 'nuusvloei' bespreek sal word, is wat Galtung en Vincent (1992:33) na verwys as 'the flow of information ... between nations'. Dit impliseer 'n aantal hekwagters wat betrokke is by die garing, verwerking en verspreiding van inligting oor sekere nuusgebeure en wat elkeen in 'n spesifieke perslandskap funksioneer. In die hoofstuk word onder andere geargumenteer dat die aard van die nuusvloeipatroon tussen twee lande onderhewig is aan die mate waarin 'n aantal faktore die betrekkinge tussen die twee lande bepaal, waaronder die politieke stelsels van die betrokke lande (wat in effek die perslandskap beïnvloed), die tegnologie beskikbaar vir kommunikasie tussen die betrokke lande (ook 'n faktor wat die perslandskap beïnvloed) en die politieke, ekonomiese en kulturele aktiwiteite van die betrokke lande (in terme van kriteria vir die selektering van nuus). In die res van die hoofstuk kom die rol van die hekwagter as agendasteller in die nuusvloeiproses en die funksies van die internasionale nuusvloeiproses aan die orde en word daar gekyk na die tradisionele siening van nuusvloei tussen Afrika en Europa met spesifieke verwysing na Suid-Afrika en Nederland.

Met betrekking tot die huidige studie word daar ook gepoog om veral op twee vrae wat Sreberny-Mohammadi (1995:15) oor die hedendaagse nuusvloeipatrone in die wêreld vra, te antwoord, naamlik: (a) Wat is die huidige nuuslandskap van verskeie nasionale mediasisteme (in die huidige geval tussen SA en Nederland) en (b) word die derde wêreld steeds deur 'n 'coup and catastrophe'-prisma gesien (of, insgelyks, word Suid-Afrika na die eerste demokratiese verkiesing steeds deur 'n apartheid/rasse-prisma gesien)? Die eerste vraag is reeds in hoofstuk 2 aangespreek en die tweede vraag sal in die navorsingsresultate behandel word.

## 4.2. Omskrywing van die nuusvloeikonsep

Die begrip 'nuusvloei', of inligtingvloei soos wat sommige navorsers in 'n breër sin daarvan praat, word vir die doeleindes van die huidige studie gedefinieer as die vloei van inligting wat bestem is vir publikasie deur die nuusmedia, oor nasionale grense heen (vgl. Galtung & Vincent, 1995:33; Merrill, 1991:29; Starck, 1990:4). Die internasionale vloei van inligting is dus

> the movement of messages across national boundaries among two or more national and cultural systems ... it is a term used to describe a field of inquiry and research that consists of the transfer of values, attitudes, opinion and information through individuals, groups, governments and technologies, as well as the study of the structure of institutions responsible for promoting or inhibiting such messages among and between nations and cultures.
>
> Mowlana (1997:26, 207

Nuusvloei tussen twee lande kan dus enersyds eenvoudig beskryf word op grond van die kwantitatiewe resultate van 'n inhoudsanalise van die nuusmedia van die twee lande waaruit onder andere die belangrikste bronne, hoof- en subonderwerpe, prominensie van nuusitems oor die betrokke land en die aard van die nuusitems afgelei sal kan word. Die nuusvloeipatroon (die kaart van die nuus) kry eers gestalte as dit teen die agtergrond van die betrokke lande se perslandskappe beskryf word en wanneer die kwantitatiewe resultate in terme van 'n stel nuuswaardes/kriteria vir die selektering van nuus beskryf kan word. Die verhouding tussen nuusvloei en 'n nuusvloeipatroon kan in 'n eenvoudige vergelyking gelyk gestel word aan die verhouding tussen water en 'n rivierbedding waar die nuusvloei die water is en die nuusvloeipatroon die rivierbedding is. Net soos sekere obstruksies in die geografie die water dwing om in die rivierbedding te vloei, is daar in die nuusvloeiproses ook sekere elemente wat dit dwing om 'n bepaalde patroon te vorm.

Navorsers het reeds in die begin van die huidige eeu benaderings soos dié gehandhaaf waarin die nuusvloei tussen lande in 'n patroon vasgelê word. Lippmann (soos aangehaal deur Atwood, 1984:4) het die belang van 'pictures in our heads' uitgelig vir die politieke, ekonomiese en

kulturele verhoudings tussen lande. Hy het gesê regerings en individue tree op grond van 'n 'mental image' op wat hulle van hul omgewing het omdat 'whatever we believe to be a true picture, we treat it as if it were the environment itself'.

Dié siening het twee implikasies vir die studie van nuusvloei. Eerstens beklemtoon dit die belangrikheid daarvan om die vloei van nuus tussen twee lande in 'n konteks (lees: teen die agtergrond van 'n perslandskap) te sien ten einde relevante afleidings of 'n nuusvloeipatroon daaruit te kan aflei. Dit word onder 4.4.2 as die karteringsfunksie van nuus bespreek. In die tweede plek dien dit as die kulturele karteringsfunksies van nuusvloei, naamlik om deur middel van nuus uit ander lande vir die leser 'n beeld van die betrokke land te skets. Waar die eerste implikasie van Lippmann (1984) se siening dat mense in beelde na die wêreld kyk, betrekking het op die stand/kaarte van nuusvloeipatrone tussen lande, speel die tweede implikasie 'n rol by die lesers se konseptuele kaarte van die ander land waaroor berig gedoen word. Dié twee aspekte van nuusvloei word onder 4.5.2 en 4.5.3 as funksies van nuusvloei in meer detail bespreek. In die res van die hoofstuk word verder uitgebrei oor sommige van die aspekte wat hier aangeraak is.

4.2.1 Mowlana (1997) se model vir die vloei van internasionale nuus

Mowlana (1997) se model wat die vloei van internasionale nuus uitbeeld, bestaan uit 'n horisontale kommunikasie-as en 'n vertikale tegnologie-as. Die kommunikasie-as word gevorm deur die twee fases van nuusvloei, naamlik die produksie- en verspreidingsfase. Elkeen van hierdie twee fases word beïnvloed deur 'intra- en ekstra-media veranderlikes'; dit sluit onder andere in eienaarskap, beheer, ekonomiese hulpbronne en tipes inhoud. Hierdie begrip sluit aan by die verdeling in hoofstuk 3 van intrinsieke en ekstrinsieke kwaliteite wat die selektering en produksie van nuus bepaal. In die produksiefase sal dit dan veral die intrinsieke kwaliteite wees wat die 'bron/kommunikeerder' se vorming van die boodskap beïnvloed, terwyl die ekstrinsieke kwaliteite en die perslandskap soos in hoofstuk 2 bespreek, hoofsaaklik die verspreiding van die boodskap na die bestemming/ontvanger beïnvloed.

Die vertikale tegnologie-as staan in Mowlana (1997:32) se model op die kommunikasie-as tussen die produksie- en verspreidings-asse om die belangrike rol van kommunikasie-tegnologie in die internasionale kommunikasieproses aan te dui. Tegnologie vorm dus die brug tussen die produksie en verspreiding van nuus. Twee komponente word in die tegnologie-as onderskei wat albei 'n prominente rol in die produksie en verspreiding van nuus speel. Hierdie twee komponente is die kommunikasie-hardeware en kommunikasie-sagteware. Eersgenoemde is die fisiese medium waardeur die boodskap gedra word, soos satelliete, uitsaaisenders en koerante. Die sogenaamde sagteware behels die kennis en middele om die hardeware te kan gebruik, naamlik programinhoud, mannekrag, vaardighede en opleiding.

Die totale internasionale nuusvloeiproses word dus in hierdie model saamgevat en pas in by die deurlopende argumentasielyn in hierdie navorsing dat sekere kriteria in die selektering van nuus en die perslandskappe van die betrokke lande die patroon van nuusvloei tussen dié lande bepaal.




Fig. 4.1 - Mowlana (1997) se model van internasionale nuusvloei

## 4.3. Aanloop tot en ontwikkeling van die internasionale nuusvloeidebat

Die ondersoek na die vloei van nuus is die resultaat van 'n aantal uiteenlopende faktore wat van twee kante op die, in 'n groot mate gedwonge en onbeheersde, ontwikkeling van die wêreldmedia inwerk. Aan die grondslag van die internasionale gesprek rondom nuusvloei, was die beweging in mediakringe in die sewentigerjare om te beweeg na 'n nuwe wêreld inligtings- en kommunikasie-orde (NWIKO). Die NWIKO het hoofsaaklik ontstaan as 'n reaksie op die bestaan van wat in die Derde Wêreld beskou is as neo-kolonialisme en Westerse imperialisme in ontwikkelende lande (Faure, 1994:1). Dit is gedoen in 'n poging om meer gebalanseerde beriggewing van ontwikkelende lande te bewerk as wat normaalweg in die Westerse kapitalistiese pers gegee is (Watson & Hill, 1997:156).

Dit word algemeen aanvaar dat die NWIKO ontstaan het op basis van die beginsels wat vir die nuwe wêreld ekonomiese orde (NIEO) gegeld het en ongeveer in dieselfde tydperk ontstaan het (Legum & Cornwell, 1978:25; Bourne, 1995:57; Galtung & Vincent, 1995:17). Die stigting van die NIEO was die gevolg van die ontwikkelende lande se strewe om die juk van imperialisme af te gooi en die internasionale handels- en finansieringstelsels wat vir eeue deur die lande met 'n ontwikkelde bedryfsinfrastruktuur gedomineer is, te herstruktureer. Die NIEO is deur UNESCO van stapel laat loop om die armer, ontwikkelende lande se stryd om ekonomiese en politieke onafhanklikheid te erken en te bevorder en so meer ekonomiese balans te bring tussen die ontwikkelende en ontwikkelde lande (Galtung & Vincent, 1995:75).

In wese lê die wortel van die nuusvloeidebat in die strewe na en aanspraak op die basiese reg op vryheid van spraak en reg tot uitdrukking. Volgens Lorimer (1994:254) word internasionale inligting versamel, georganiseer en versprei op grond van die beginsels van vrye toegang tot inligting, vryheid van uitdrukking en die vrye vloei van inligting. Die derde wêreld lande (ontwikkelende lande) voel egter beperk in hul nastreef van hierdie beginsels in terme van tegnologiese infrastruktuur, finansiële hulpbronne en joernalistieke en tegniese vaardighede (vgl. Lorimer, 1994:255). Omdat die ontwikkelende lande weens die beperkings nie die hierdie beginsels kan uitleef nie en die Eerste Wêreld-lande dit wel tot hul eie voordeel uitleef, ontstaan die wanbalans in die internasionale nuusvloeipatroon. In die huidige studie is Nederland 'n Eerste

Wêreld-land, en Suid-Afrika 'n mengsel van die Eerste en Derde Wêreld.

Uit die bespreking van die Suid-Afrikaanse perslandskap en *Beeld* se geskiedenis het dit geblyk dat dié koerant in terme van tegnologiese infrastruktuur en politieke vryheid op die vlak van ander Eerste Wêreld-koerante is. Die koerant is egter, soos baie ander Derde Wêreld-koerante, oorafhanklik van Westerse nuusagentskappe vir internasionale nuus, deels weens finansiële beperkings en moontlik ook weens die behoeftes van die lesers.

Die Westerse lande het in hul reaksie op die nuwe beweging toegegee dat 'n wanbalans in die internasionale nuusvloeipatroon bestaan, dat die nie-Westerse lande meer nuus en inligting ontvang as wat hulle uitstuur, dat die meeste van dié lande se vermaaklikheids- en massakultuur-produkte uit die Weste kom en dat die armer lande op telekommunikasie-gebied agter is (Hachten, 1996:162). Vir dié lande is dit egter geen rede om nie oor ekonomiese rampe, korrupsie en burgeroorloë te berig nie, maar hulle besef wel dat hulle met meer verantwoordelikheik oor dié soort sake berig moet doen deur meer volledige agtergrondinligting te verskaf met 'n historiese perspektief (Hachten, 1996:163). 'n Belangrike rede wat die Westerse lande aanvoer vir die wanbalans in nuus, is die moeite wat Westerse joernaliste het om toegang tot inligting in die ontwikkelende lande te kry (Merrill, 1991:76; Bourne, 1995:57). Beperkende regeringsmaatreëls en aanvalle op joernaliste maak dit soms onmoontlik vir hierdie joernaliste om inligting beskikbaar te stel vir die Westerse pers. In Suid-Afrika is buitelandse joernaliste in dié opsig beperk onder die noodtoestand wat in 1986 ingestel is. Die noodtoestand is in 1990 opgehef en met betrekking tot die huidige navorsing was daar geen beperking om Nederlandse joernaliste om in 1992 en 1996 beriggewing oor Suid-Afrika te doen nie.

Die einde van kommunisme in die laat tagtigerjare het in 'n groot mate die einde van die debat rondom die NWIKO ingelei. Met 'n groot deel van die ondersteuning vir die NWIKO verlore het 'n komitee van die Verenigde Nasies belas met inligtingsbeleid in Mei 1990 'n resolusie aanvaar wat die amptelike beleid van 'n nuwe wêreld inligtingsorde afskaf (Hachten,1996:170). Federico Mayor, toe direkteur-generaal van Unesco, het in Januarie van die volgende jaar egter aangekondig dat dié beleid vervang is deur 'n nuwe strategie waarvolgens die vrye vloei van inligting verseker sal word (Traber & Nordenstreng, 1992:13). Dit sou onder meer Unesco se

verbintenis behels om kommunikasie-aktiwiteite in die ontwikkelende wêreld te versterk, veral deur die internasionale program vir die ontwikkeling van kommunikasie (Traber & Nordenstreng, 1992:13). Die amptelike dekade-lange debat oor die stand van nuusvloei tussen verskillende wêrelddele was dus daarmee afgesluit. Hoewel dit beteken het dat aktiewe beywering vir 'n herstel van die balans op regeringsvlak grootliks tot rus gekom het, is die akademiese debat rondom dié kwessie voortgesit deur organisasies en groepe soos die *Cultural Environment Movement*, die Amerikaanse *Freedom Forum*, die *International Organization of Journalists (IOJ)* en andere wat al verskeie konferensies en seminare oor die wêreld aangebied het rakende die NWIKO.

Wat die nuusvloeipatroon tussen Suid-Afrika en Nederland betref is daar veral sedert die opheffing van die beperkende maatreëls op die media op 2 Februarie 1990, geen rede in terme van ontwikkeling waarom daar 'n wanbalans van inligting tussen die twee lande hoef te wees nie. Polities was daar in beide rigtings geen beperkings nie en tegnologies is dit vir joernaliste in al twee lande moontlik om inligting feitlik onmiddellik te stuur en ontvang. Soos later uit die navorsingsresultate sal blyk, was daar in die geval van dié twee lande eerder 'n wanbalans van inligting van die ontwikkelde land (Nederland) na die ontwikkelende land (Suid-Afrika). Dit is 'n positiewe teken in die sin dat die twee betrokke koerante dus nie op 'beskikbare inligting' aangewese is nie, maar 'n besliste stel kriteria vir die selektering van nuus toepas en in die posisie is om dit te kan doen. In die bespreking van die navorsingsresultate sal in meer detail uitgebrei word oor hoe die nuusvloeipatroon tussen dié twee lande daar uitsien in vergelyking met die tipiese NWIKO-nuusvloeipatroon tussen die Eerste en Derde Wêreld.

## 4.4 Faktore wat die nuusvloeipatroon bepaal

In die beskrywing van die begrip nuusvloei onder 4.2, is aangevoer dat die vloei van nuus oor landsgrense heen tussen twee politieke en kulturele stelsels plaasvind. Die nuusvloeipatroon is beskryf as die vorm/kaart/patroon wat die vloei van die nuus aanneem. Die verhouding tussen nuusvloei en 'n nuusvloeipatroon kan in 'n eenvoudige vergelyking gelyk gestel word aan die verhouding tussen water en 'n rivierbedding waar die nuusvloei die water is en die nuusvloeipatroon die rivierbedding is. Net soos sekere obstruksies in die geografie die water

dwing om in die rivierbedding te vloei, is daar in die nuusvloeiproses ook sekere faktore wat die nuus dwing om in 'n sekere patroon te vloei. In elke land bestaan psigologiese en fisiese struikelblokke wat versterk word deur onder meer taalverskille, kulturele verskille, definisies van joernalistieke konsepte, opvoedkundige en ekonomiese gebrekke, beheermeganismes en propagandaneigings (Merrill, 1991:2). Dié 'struikelblokke' is voorbeelde van die twee tipes faktore wat volgens Ostgaard (1996:326) die struktuur en vloei van nuus beïnvloed. Hy onderskei naamlik tussen faktore wat ekstern van die nuusproses is (soos politieke en ekonomiese faktore, insluitend sensuur deur die regering en media-eienaarskap) en faktore wat inherent in die nuus is en 'n gebeurtenis se nuuswaardigheid verhoog (vgl. ook Chang & Lee, 1992:555-556).

Die faktore wat in hierdie studie uitgelig word as die belangrikstes wat die nuusvloeipatroon tussen twee lande bepaal, stem ooreen met dié van Ostgaard (1996), naamlik die perslandskappe van die twee lande en die kriteria vir die selektering van nuus. Soos ook in hoofstuk 3 geargumenteer is, is die verskillende hekwagters in die nuusvloeiproses diegene wat die kriteria vir die selektering van nuus moet toepas om 'n uiteindelike agenda deur middel van die nuusvloeipatroon daar te stel, en word daarom as 'n aparte faktor bespreek. Hiermee word nie gesê dat daar nie nog ander faktore kan wees nie, maar die navorser glo dat dié faktore in die huidige studie oorkoepelend genoeg behandel word om die meeste in te sluit. Eersgenoemde twee faktore word elk as aparte hoofstukke bespreek, maar word in dié hoofstuk op nuusvloei van toepassing gemaak.

### 4.4.1 Die hekwagter as faktor in die nuusvloeiproses

Die tegnologiese vooruitgang op kommunikasiegebied sedert die uitvinding van die televisie veroorsaak 'n steeds toenemende hoeveelheid beskikbare inligting. Dit is uiteraard onmoontlik om al hierdie inligting elke dag in die massamedia aan te bied en 'n proses van keuses moet noodgedwonge plaasvind. Daar moet 'n stel hekwagters wees wat die vloei van inligting reguleer en besluit watter inligting aan die reeds versadigde inligtingsmark deurgegee moet word; 'for news to be reported, events have to be sifted and sorted. They have to be *processed*, made *fit to print*, and *ready to serve*' (Galtung & Vincent, 1992:6, 49).

Uit die kommunikasiemodelle wat in hoofstuk 3 bespreek is, kan 'n aantal elemente van die nuusvloeiproses afgelei word wat betrekking het op die rol van die hekwagter in die nuusvloeiproses. In sy model vir nuusvloei (sien Fig. 3.4) maak McNelly (1959) voorsiening vir (a) 'n verskeidenheid van nuusgebeure (E), (b) 'n verskeidenheid van hekwagters (C1-5) en (c) 'n verskeidenheid van ontvangers/gehore (R). Die vorming van 'n patroon in die vloei van die nuus oor 'n gebeurtenis word in hierdie model voorgestel. Hiervolgens word die nuusstorie wat oor 'n spesifieke (geselekteer uit die verskeidenheid) gebeurtenis geskryf is, van een hekwagter na die volgende deurgegee, wat elkeen die storie kan sny, herskryf of met 'n ander storie saamsmelt voordat dit die uiteindelike ontvanger bereik (McQuial, 1989:102-103). Hierdie hekwagters kan buitelandse korrespondente, binnelandse joernaliste, redakteurs of herskrywers wees, en in die geval van die twee koerante in die ondersoek, *Beeld* en *Trouw*, ook die vertalers (Shoemaker, 1991:13).

In sy 'dubbele aksie-model' stel Bass (1989) voor dat tussen twee tipes hekwagters onderskei moet word, naamlik die nuusgaarders en die nuusverwerkers (Shoemaker, 1991:14). Eersgenoemde tipe hekwagters, wat die joernaliste of korrespondente in die veld is, se taak is om die rou nuus (gebeure, toesprake en perskonferensies) in bruikbare nuuskopie te omvorm deur 'n proses van selektering en skryf. Die tweede stel hekwagters (nuusverwerkers) is mense soos die redakteurs, subredakteurs en vertalers wat die nuuskopie in 'n finale produk omskep, in dié geval 'n koerant. Die taak van nuusselektering word danksy die moderne tegnologie egter toenemend op die streeks- of plaaslike hekwagters geplaas (Sreberny-Mohammadi, 1995:12). Ter ondersteuning van dié punt kan genoem word dat die selektering van die buitelandse nuus wat in sowel *Trouw* as *Beeld* gepubliseer word, deur die onderskeie plaaslike buitelandse redakteurs gedoen word met die hulp van die internasionale nuusagentskappe. In *Trouw* se geval is die korrespondent se taak om agtergrondverhale te skryf en die hardenuus-gebeure wat die buitelandse redakteur via die nuusagentskappe kry, in konteks te plaas.

Die nuusvloeipatroon word dus in 'n groot mate bepaal deur 'n aantal persone wat, volgens hoofstuk 3, na aanleiding van 'n groot verskeidenheid kriteria en faktore wat op hulle inwerk, besluite neem in die selektering en skryf van die nuus. McNelly (1991:13) pas hierdie invloed van verskeie faktore op die vloei van internasionale nuus toe as hy sê 'a piece of news destined for a foreign audience typically must run an obstacle course of reportorial error or bias, editorial

selection and processing, translation, transmission difficulties, and possible suppression or censorship'.

4.4.1.1 Korrespondente as hekwagters

Soos in Bass (1989) se model wat hierbo bespreek is, beskryf Peterson (1987:117) ook die nuusselekteringsproses as die resultaat van twee prosesse, die nuusgarings- en die nuusverwerkingsproses. Die nuusgaarders is volgens haar die korrespondente en medewerkers wat uit die talle gebeure die enkeles moet kies wat volgens hulle nuuswaardig genoeg is om in nuuskopie verwerk te word. Die nuusverwerkers is die redakteurs en sub-redakteurs wat uit die korrespondente se voorleggings die stories moet kies wat uiteindelik in die koerant verskyn. Die buitelandse redakteur se selektering van berigte is dus geheel en al afhanklik van die kopie wat hy van sy korrespondente of van die internasionale nuusagentskappe[1] ontvang.

Die korrespondent beïnvloed die nuusvloeipatroon op twee maniere. In die eerste plek speel die korrespondent se selektering en aanbieding van nuus[2] 'n rol in die bepaling van die hoeveelheid en die aard van die onderwerpe van nuus waaruit die redakteur in die 'tuisland' kan selekteer wat om aan sy lesers te bied[3]. Soos onder afdeling twee hierbo beskryf is, kry die nuusvloeipatroon egter eers betekenis as dit teen die agtergrond van 'n perslandskap en in terme van 'n stel kriteria vir die selektering van nuus beskryf word. Dit beteken die korrespondent speel 'n kardinale rol as hekwagter in 'the flow and formation of international news [as they] present and shape our ideas of other cultures and societies' (Starck, 1984:5). Aansluitend hierby is die rol wat die korrespondent as een van die belangrikste 'kulturele ramers' of 'kulturele tussengangers'[4] in die nuusvloeiproses speel.

---

[1]Die nuusagentskappe word onder 4.5.1.2 afsonderlik bespreek.

[2]Kyk 3.3.2.

[3]Kyk 3.3.2.

[4]Dié konsepte is onder 4.3 hierbo vollediger bespreek.

Hierdie tweede manier waarop 'n korrespondent die nuusvloeipatroon beïnvloed, moet gesien word teen die agtergrond dat die korrespondent self ook onderhewig is aan faktore wat sy persepsie van nuuswaardigheid beïnvloed, waaronder sy lewens- en wêreldbeskouing of kulturele raam en die perslandskap waarin hy moet funksioneer[5] (vgl. Starck, 1984:5; Peterson, 1987:117, 125).

4.4.1.2 Internasionale nuusagentskappe as hekwagters

Die tweede stel hekwagters waarvan die buitelandse redakteurs in dieselfde mate (en moontlik nog selfs meer) afhanklik is vir hul daaglikse nuuskopie waaruit hulle moet selekteer, is die internasionale nuusagentskappe (vgl. Mowlana, 1997:47; Sreberny-Mohammadi *et al.*, 1997:131; Stevenson & Shaw, 1984:153). Sonder om 'n volledige beskrywing van die ontstaan en ontwikkeling van die internasionale nuusagentskappe te gee, kan kortliks gesê word dat daar veral drie van dié agentskappe is wat 'n rol speel in die internasionale nuusvloeiproses[6]. Hulle is die Amerikaanse agentskap Associated Press (AP), Reuters van Engeland en Agence France Presse (AFP) van Frankryk (Sreberny-Mohammadi, 1995:5; Sreberny-Mohammadi *et al.*, 1997:131).

Die agentskappe gee aan hul kliënte 'n wyer reeks nuus oor hoofsaaklik internasionale politieke, ekonomiese en sportnuus as wat enigeen van dié kliënte op hul eie sou kon regkry (Boyd-Barrett,1997:131). Afgesien van die vollediger internasionale agenda wat die nuusredakteurs danksy die nuusagentskappe kry, is dit ook veel goedkoper as om eie korrespondente in die buiteland aan die gang te hou. Dit is deels ook danksy dié aspek dat ontwikkelende lande oorspoel word met nuus uit die ontwikkelde lande waar die oorgrote meerderheid van die nuusagentskappe se korrespondente gesetel is (Merrill, 1991:45). Die ontwikkelende lande moet weens 'n tekort aan finansies en die nodige infrastruktuur noodgedwonge van die nuusagentskappe gebruik maak vir inligting oor wêreldgebeure. Hester (1985:43) het bevind sewe uit elke tien berigte in die internasionale nuusvloeiproses het oor die ontwikkelde lande gehandel terwyl drie die ontwikkelende lande as onderwerp gehad het. Hy voer dit aan as bewys vir die invloed wat die agenda van

[5]Kyk hoofstuk 2 en 3.7.3.

[6]Vir meer inligting oor die geskiedenis van die nuusagentskappe, kyk Boyd-Barrett, O. 1980. The

die nuusagentskappe op die nuusvloeiproses kan hê en dit is volgens hom moontlik dat dit bydra 'to place such areas in the background of the world pictures held by readers' (Hester, 1985:43).

Die nuusagentskappe bepaal dus onder meer die nuusvloeipatroon deur middel van die nuusagenda wat dit aan hul kliënte (die nuusredakteurs) bied (vgl. Boyd-Barrett, 1980:19, Sreberny-Mohammadi, 1995:8). Die nuusvloeipatroon wat dan gevorm word nadat die nuusredakteurs geselekteer het, bied aan die leser op sy beurt 'n agenda waaruit hy of sy moet sin maak van die wêreldgebeure. Die agenda wat die nuusagentskappe saamstel word egter ook terugwerkend deur die lesers beïnvloed omdat die nuusagentskappe hul bronne moet toespits op die soort dekking wat die meeste van die verbruikers van hulle verlang (Merrill, 1991:46). Die belangrikheid van die nuusagentskappe as agendasteller in die internasionale nuusvloeiproses blyk uit die navorsingsresultate. Soos in die bespreking van die resultate aangedui sal word, kom die oorgrote meerderheid berigte uit of oor Nederland wat in *Beeld* verskyn het, vanaf die nuusagentskappe. In *Trouw* se geval kom die meeste beriggewing oor hardenuus-gebeure ook van die nuusagentskappe af. Laasgenoemde is in ooreenstemming met Bootsma (1997) se verduideliking dat *Trouw* se korrespondent verantwoordelik is vir agtergrondverhale, terwyl dit haar taak as buitelandse redakteur is om die nuusagentskappe se kopie oor hardenuus-gebeure te selekteer.

### 4.4.2 Kriteria vir die selektering van nuus

Een van die Derde Wêreld-lande se belangrikste argumente teen die bestaande internasionale nuusvloeipatroon is die manier waarop die ontwikkelde lande nuus versamel. Die ontwikkelde lande 'continually puts the developing nations at risk by portraying them according to western, developed world news values instead of evaluating them in their own context' (Lorimer, 1994:231). In hoofstuk 3 van die huidige studie is die kwessie van nuuswaardes deeglik beredeneer en dit word dus hier aanvaar as 'n gegewe dat die kriteria vir die selektering van nuus ook betrekking het op die verskillende hekwagters in die internasionale nuusvloeiproses (vgl. Kim & Barnett, 1996:326; Chang & Lee, 1992:554; Shoemaker *et al.*, 1991:781). Vervolgens sal daar na twee van die kriteria gekyk word as voorbeelde van selekteringskriteria wat van toepassing is op die internasionale nuusvloeiproses, naamlik proksimiteit en elitisme.

---

international news agencies. Sage Publications: California.

4.4.2.1 Proksimiteit/Nabyheid

Proksimiteit word meestal onderverdeel in geografiese en sosiale afstand, terwyl sommige skrywers ook politieke en ekonomiese proksimiteit identifiseer. In 'n studie oor die effek van sosiale en fisiese afstand op die wêreldwye kommunikasienetwerke, het Choi (1994:182) bevind die netwerke is in 'n groot mate 'n funksie van taal en fisiese (geografiese) plasing. 'n Internasionale nuusvloeiprojek wat in die vroeë tagtigerjare geloods is, het aangedui die persentasie internasionale nuus uit die onmiddellike geografiese omgewing in die besondere ondersoek het gewissel van 22% in die Joego-Slawiese media tot 56% in die Ivoorkus en 63% in Maleisië (Stevenson, 1984:10).

In terme van die internasionale nuusvloei tussen Suid-Afrika en Nederland is die kwessie van sosiale proksimiteit (nabyheid of afstand) egter belangriker. Dit sluit faktore in soos taal, kulturele en historiese affiniteit, godsdiens en gewoontes (vgl. Galtung & Vincent, 1995:37; Kariel & Rosenvall, 1991:510; Choi, 1994:182; Kim & Barnett, 1996:347; Cohen, 1995:97; Chang & Lee, 1992:561). In die huidige studie is kulturele en historiese affiniteit een van die belangriker selekteringskriteria weens die kulturele en historiese verbintenis tussen Nederland en die Afrikaanse deel van die Suid-Afrikaanse bevolking. Volgens Merrill (1991:46) wil dit voorkom asof 'n groot deel van die internasionale nuusvloei plaasvind tussen mense met gemeenskaplike kulture en politieke en ekonomiese belange. Hierdie kriterium kan 'n moontlike rede wees waarom die nuusvloeipatroon tussen Suid-Afrika en Nederland soos gekarteer in *Beeld* en *Trouw* nie 'n tipiese voorbeeld is van 'n Noord-Suid- of Eerste-Derdewêreld-patroon nie[7].

Oor die effek van ekonomiese proksimiteite op die vloei van internasionale nuus bestaan daar botsende opinies. In 'n ondersoek na die faktore wat internasionale nuusvloei beïnvloed, het Kim en Barnett (1996:347) bevind dat ekonomiese ontwikkeling die belangrikste faktor is wat die struktuur van internasionale nuus bepaal. Chang en Lee (1992:561) kom egter in hul studie na die faktore wat hekwagters se selektering van internasionale nuus beïnvloed, tot die slotsom dat die vlak van 'n land se ekonomiese ontwikkeling irrelevant is vir die besluit om 'n

[7]Kyk 6.2.4.

nuusgebeurtenis te selekteer of nie. Politieke proksimiteit is egter 'n ander saak en die navorsers is dit eens dat dit 'n faktor is in die selektering van nuusgebeure in lande tussen wie daar militêre of ander staatkundige betrekkinge bestaan. Olorunnisola (1997:261) het in 'n studie oor die invloed van proksimiteit op die selektering van nuus bevind dat daar 'n sterk neiging bestaan om internasionale nuus te selekteer 'on the basis of state-state proximate conditions'.

Soos uit die resultate van die ondersoek in *Beeld* en *Trouw* sal blyk, was die nuusvloeiproses tussen Suid-Afrika en Nederland voor die 1994-verkiesing grootliks gebou op politieke gebeure, terwyl daar na die verkiesing 'n verskuiwing plaasgevind het na ekonomiese- en handelskwessies. Uit die aard van Nederland se geskiedenis in die stryd teen apartheid, was hulle proksimies na aan die onderdrukte deel van die bevolking, wat in die nuusvloeipatroon weerspieël sal word. Met die oorgang na 'n nuwe bedeling het die rede vir politieke proksimiteit ophou bestaan en het ruimte vir ekonomiese proksimiteit ontstaan. Daar word meer hieroor uitgebrei in die bespreking van die resultate in hoofstuk ses.

4.4.2.2 Elitisme

Elitisme word gedefinieer as die media se belangstelling in belangrike, kragtige en prominente individue, instellings en lande (Cohen, 1995:91), of as 'the relative standing of nations in the eyes of others' (Kariel & Rosenvall, 1996:511). In hulle struktuur van internasionale nuus, sluit Galtung en Ruge (1974:265-266) ook 'eliteness of nations' en 'eliteness of people' in as elemente wat die nuusselekteringsproses, en dus die patroon van die nuusvloeiproses, bepaal[8]. Hierdie onderskeiding van lande wat belangriker (meer elite) as ander sou wees en gevolglik meer nuusdekking sou kry vind weerklank in die nuusvloeidebat se onderskeid tussen die sogenaamde 'center'- en 'periphery'-lande[9].

Al twee die buitelandse redakteurs van die koerante in die ondersoek, *Beeld* en *Trouw*, het dié faktor in een of ander vorm aangedui as deurslaggewend in hul selektering van buitelandse nuus.

---

[8]Kyk 3.5.2.1.

[9]Kyk 4.6.1.

'n Gebeurtenis was vir Bootsma (1997) nuuswaardig as dit in 'n belangrike land gebeur, terwyl Lötter (1998) terme gebruik het soos 'bekende' of 'groot' wêreldleiers en 'spesifieke lande'. Dié selekteringskriteria blyk uit die navorsingsresultate in terme van hoofonderwerpe waarin prominente leiers in die twee lande 'n rol speel. 'Eliteness' as kriterium onderlê ook Lötter se stelling dat Nederland nie vir *Beeld* 'n belangrike land is nie. Die waarheid van dié stelling sal duideliker blyk uit 'n vergelykende oorsig van alle nuusvloeipatrone na Suid-Afrika toe waarin die nuusvloei van Nederland in die konteks van ander lande se nuusvloei na die land toe gesien kan word.

4.4.2.3 Ander faktore

Hoewel bogenoemde selekteringskriteria deur nuusvloeiskrywers as van die belangrikste in die internasionale nuusvloeiproses gesien word, is daar 'n verskeidenheid ander faktore in die nuusselekteringsproses wat ook in 'n mindere of meerdere mate die nuusvloeipatroon bepaal soos wat in hoofstuk 3 uiteengesit is. Van hierdie faktore sluit in prominensie, menslike belang, ekonomiese of politieke belang, die joernalis of korrespondent se persoonlike belangstelling, beskikbare ruimte in die koerant ensovoorts. Mowlana (1997:33) noem ook nog eienaarskap, beheer, ekonomiese hulpbronne, verspreiding van inkomste deur die media, burokrasie, beoogde doelwitte, mediategnologie en die tipe inhoud as faktore wat die nuusvloeiproses beïnvloed.

4.4.3 Perslandskappe

In die inleiding tot hierdie hoofstuk is veranderende politieke stelsels en die tegnologiese ontploffing (en dus veranderende perslandskappe) aangevoer as een van die redes vir die verandering in internasionale nuusvloeipatrone. 'n Studie na die faktore wat internasionale nuusvloei bepaal, het bevind die struktuur van internasionale nuusvloei word beïnvloed deur die land se ekonomiese ontwikkeling, die tale wat die inwoners praat, sy fisiese ligging, politieke vryheid en die bevolking (Kim & Barnett, 1996:347). Afgesien van tegnologie word al vyf die elemente van 'n perslandskap hierin genoem. Daar word vervolgens kortliks gekyk na die rol wat die vyf elemente van 'n perslandskap soos dit in hoofstuk 2 bespreek is, op die nuusvloeiproses het.

#### 4.4.3.1 Politiek en ekonomie

Die invloed wat 'n land se politieke en ekonomiese stelsels op die nuusvloeipatroon van en na die betrokke land het, word deur verskeie navorsers erken (vgl. Ostgaard, 1996:326; Hachten, 1996:13; Sreberny-Mohammadi, 1995:8). Merrill (1991:43) sê byvoorbeeld die versameling en vloei van nuus oor die wêreld heen kan nie afsonderlik van die ontwikkelinge in ekonomie en politiek gesien word nie. Al is daar 'n algemene neiging in die wêreldpolitiek na die demokratisering van regerings, is daar egter steeds baie lande waar die korrespondente se werk aan bande gelê word deur wetgewing. Hachten (1996:15-33) het die vier teorieë van die pers soos dit deur Siebert *et al.* (1956) uiteengesit is, op die nuusvloeiproses van toepassing gemaak omdat dié perssisteme volgens hom die waardes van die politieke en ekonomiese sisteme van die lande waarin dit toegepas word, weerspieël.

Hiervolgens is die pers in die outoritêre stelsel onderworpe aan die direkte of geïmpliseerde beheer van die regering en mag nie die regering uitdaag kritiseer of op enige wyse ondermyn nie. As die pers die regerende party sou aanval, kan sensuur toegepas word en publikasies selfs gesluit word. Die kommunistiese stelsel is nog meer beperkend deurdat dit geheel en al deur die regering beheer word en geen kompeterende privaatmedia toegelaat word nie. Dié eenpartystelsel het 'n monopolie op sowel inkomende as uitgaande nuus en net 'positiewe' inligting wat die belange van die regerende party bevorder, is as nuus gesien.

Die twee stelsels wat egter in die huidige ondersoek ter sake is, is die Westerse stelsel en die ontwikkelingstelsel. Eersgenoemde is 'n vrye en onafhanklike persstelsel met (a) 'n regstelsel wat burgerlike regte beskerm, (b) 'n hoë *per capita* inkomste en hoë vlakke van opleiding en geletterdheid, (c) regering deur 'n grondwetlike parlementêre demokrasie, (d) genoeg kapitaal om die nuusmedia te ondersteun, en (e) 'n gevestigde tradisie van onafhanklike joernalistiek (Hachten, 1996). In 'n ontwikkelingstelsel daarenteen word al die massamedia deur die regering ingespan om saam te werk tot nasiebou. Die media moet dus die regering ondersteun en nie uitdaag nie, inligting word die eiendom van die staat en individuele regte tot uitdrukking word minder belangrik teen die agtergrond van maatskaplike probleme. Die regering het die soewereine reg om buitelandse joernaliste en die vloei van nuus heen en weer oor die land se grense, te beheer.

Uit die bespreking van die twee lande se perslandskappe in hoofstuk 2 het dit duidelik geblyk dat Nederland 'n Westerse persstelsel het. In terme van onafhanklike joernalistiek en 'n grondwetlike parlementêre demokrasie, is Suid-Afrika se persstelsel ook 'Westers', al neig uitsprake van sommige van die Suid-Afrikaanse politieke leiers na 'n ontwikkelingstelsel[10]. Vir die huidige studie beteken dit die nuusvloeiproses tussen Suid-Afrika en Nederland kon in die jare van ondersoek (1992 en 1996) sonder beperkings van die onderskeie regerings plaasvind.

4.4.3.2 Kultuur

Die kulturele element van 'n perslandskap kan die nuusvloeiproses van en na die betrokke land hoofsaaklik op drie maniere beïnvloed, naamlik deur kulturele vooroordeel, kulturele affiniteit en die aard of karakter van die spesifieke kultuur. Die mediavervaardigers kyk deur 'n kultureel bevooroordeelde bril na internasionale nuusgebeure (Malek, 1997:82). Die media is hoofsaaklik 'n ondersteuner van die tuisspan in sake van internasionale belang, en word beïnvloed deur homofilie of interaksie met mense wat dieselfde as die mediapersoon is (Peterson, 1994:118). Dié 'kulturele affiniteit' (Kariel & Rosenvall, 1992:509) het die implikasie dat hekwagters van elite-lande nuus oor ander elite-lande eerder as nuuswaardig sal sien as van minder ontwikkelde lande. Die derde manier - die aard of karakter van 'n kultuur - het betrekking op die gedeelde nuusselekteringskriteria van die hekwagters van 'n spesifieke kultuur. Die kulture van Europa en Noord-Amerika word meer individualisties geörienteer en Westerse korrespondente sal dus almal min of meer vanuit dié oogpunt verslag doen (Peterson, 1994:119). Aansluitend hierby is die feit dat joernaliste elkeen vanuit 'n besondere lewens- en wêreldbeskouing verslag doen waarvan die grondslag in sy kultuur gelê is[11].

Wat kulturele affiniteit betref, was daar volgens Shoemaker *et al.* (1991:781) in hul studie veral twee aanduiders van kulturele bande tussen Amerika en die ander lande in die betrokke studie, naamlik etnisiteit en religie. In die geval van die huidige studie oor Suid-Afrika en Nederland speel albei die faktore ook 'n rol aangesien 'n groot deel van die Afrikaanse bevolking Nederland-

---

[10]Kyk 2.4.2.

[11]Kyk 3.7.3.

se nasate is en boonop tot die drie Afrikaanse susterskerke behoort wat Nederlands in oorsprong is.

4.4.3.3 Geografie

Hoewel die geografie van 'n land die perslandskap van die betrokke land beïnvloed in terme van die aantal dagblaaie en die verspreiding daarvan[12], kan dit ook 'n rol speel in die selektering van internasionale nuus. Vorige navorsers het wel in 'n ondersoek bevind dat redakteurs fisiese afstand nie sien as 'n faktor in die selektering van internasionale nuus nie (Chang & Lee, 1992:559), maar sowel Lötter (1998) as Bootsma (1997) het aangedui dat onderskeidelik *Beeld* en *Trouw* oor buurlande sal berig omdat dit naby aan die betrokke koerante is en as gevolg daarvan belang het vir die koerant se lesers.

4.4.3.4 Tegnologie

Verskeie navorsers verwys na die ontwikkeling van kommunikasietegnologie as een van die redes vir die veranderinge in internasionale nuusvloeipatrone veral oor die afgelope twintig of dertig jaar (vgl. Mowlana, 1997:31; Hachten, 1996:57; Sreberny-Mohammadi, 1995:8). Tegnologie soos e-pos, die internet en skootrekenaars vergemaklik korrespondente se taak om inligting heen en weer oor die wêreld te stuur of navorsing oor nuusgebeure te doen.

Daar is veral twee maniere waarop moderne kommunikasietegnologie 'n rol speel in die vloei van internasionale inligting (Malek, 1997:34). Eerstens word joernaliste danksy die maklike verspreiding en verkryging van inligting, oorspoel deur 'n magdom feite en opinies. Dié situasie kan enersyds daartoe bydra dat joernaliste 'n vollediger agenda en akkurater inligting aan die lesers kan bied, maar bemoeilik terselfdertyd die joernalis se taak as hekwagter.

Die tweede manier waarop die moderne kommunikasietegnologie 'n rol speel in die nuusvloeiproses, is die toetrede van al hoe meer inligtingverspreiders tot die proses toe. Dit speel

[12] Kyk 2.3.5 en 2.4.5.

veral 'n rol in situasies waar internasionale druk op 'n land toegepas word weens een of ander misdryf wat in die land gepleeg word, soos wat die geval met apartheid in Suid-Afrika was. Die internasionale nuusvloei word dus op dié manier instrumenteel in die bereiking van internasionale doelwitte.

Die twee lande wat in die ondersoek betrokke is, Suid-Afrika en Nederland, en meer spesifiek dan die twee koerante, *Beeld* en *Trouw*, is hoogs gevorderd op die gebied van kommunikasie-tegnologie, in elk geval sover dit die stuur en ontvang van inligting oor nasionale grense betref[13].

## 4.5 Die funksies van nuusvloei

Afgesien van die normale funksies van nuus wat ook op internasionale nuus van toepassing is (inlig, vermaak, opvoed ens.), verrig internasionale nuus ook 'n aantal funksies wat spesifiek op die nuusvloeiproses van toepassing is. Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie reeks funksies van die nuusvloeiproses afhanklik is van die hekwagter se uitvoering van sy funksie, nl. die selektering van gebeure om in die nuusvloeiproses opgeneem te word. Al is dit nie die doel van die huidige studie om te bepaal tot watter mate die nuusvloeiproses die betrokke funksies op die *Beeld*- en *Trouw*-leser uitgeoefen het nie, word dit bespreek omdat dit 'n belangrike bydrae lewer tot die aard van die nuusvloeikonsep. Daar word vervolgens na die belangrikste funksies van die nuusvloeiproses gekyk.

### 4.5.1 Agendastelling

Die logiese gevolg van die hekwagtersmodel soos toegepas op die internasionale nuusvloeiproses, is dat 'n spesifieke agenda aan die ontvanger aangebied word na aanleiding van die keuses wat in die selekteringsproses gemaak is. Hoewel daar verskillende menings oor die onderliggende teorie van die agendastellingshipotese bestaan, is die basiese stelling tog van toepassing op die kwessie van internasionale nuusvloei. Galtung en Vincent (1995:33) som die agendastellingshipotese soos volg op:

---

[13]Kyk 2.3.6.1 en 2.4.6.1.

the press may not be successful much of the time in telling its readers what to think, but it is stunningly successful in telling its readers what to think about. The editor may believe he is only printing the things that people want to read, but he is thereby putting a claim on their attention, powerfully determining what they will be thinking about...

In 'n ondersoek na die rol van die publiek se bewustheid van buitelandse nuus, het Salwen en Matera (1992:631) hierdie reeds bekende stelling bevestig. In terme van internasionale nuusvloei beteken dit 'n persoon se blootstelling aan of gebruik van sekere nuusmedia korreleer met die persoon se kennis van wêreldgebeure of lande. Hulle het dan ook in hul studie bewys die lesers se siening van vreemde lande verander ooreenkomstig die mediadekking oor die besondere lande (vgl. ook Perry, 1990:353).

Die invloed van die nuusagenda stop egter nie daar nie. Gehore neem nie alleen kennis van openbare en ander sake deur die media nie, hulle lei ook daarvan af hoeveel waarde/belang om aan sekere sake te heg na aanleiding van die aandag wat die massamedia daaraan gee (McCombs & Shaw, 1976:18). Die belang van die agenda wat die hekwagters regdeur die proses aan die ontvanger opdis, blyk uit die stelling dat die proses waardeur sekere items vir publikasie geselekteer word terwyl ander verwerp word, 'n beeld van die wêreld vir die leser kan voorhou wat onvolledig of verwronge is (Starck, 1987:8). Peterson (1989:116) sluit hierby aan as sy sê:

[i]n a democratic society newspapers ... play a central role in providing information for decision-makers and the attentive public. The selection of news is, therefore, crucially important. If newsmen share a pattern of preferences as to what is newsworthy, and that pattern does not represent reality, they will present a distorted image of the world which may contribute inappropriate decisions and policies.

Een van die belangrikste redes vir die verskillende selekteringsprosesse en nuusagendas en die feit dat sommige mense dit as 'n verwringing van die werklikheid ervaar, lê in die verskillende definiëring van wat nuus is (Lorimer, 1994:238). Dít is presies die kwessie wat een van die

belangrikste redes was vir die ontstaan van die beweging wat hul beywer het vir 'n nuwe wêreld inligtings- en kommunikasieorde. Ten einde 'n deeglike studie van die agendastellingseffek van die media te doen, in die geval van die huidige studie *Beeld* en *Trouw*, moet die resultate van die inhoudsanalise in ooreenstemming met vraelyste aan die lesers geïnterpreteer word om te bepaal hoe die koerante die lesers se persepsies van kwessies, mense en plekke in die nuus beïnvloed. Dit was egter nie die doel van die huidige studie om te bepaal wat die agendastellingseffek van die twee koerante in die ondersoek was nie, maar dit is belangrik om die agendastellingseffek van die nuus te erken in die bespreking van die funksies van die internasionale nuusvloeiproses.

### 4.5.2 Nuuskartering

Een van die voorste hedendaagse navorsers op die gebied van internasionale nuusvloei, Sreberny-Mohammadi (1995:8), wys daarop dat die ontwikkelinge op internasionale politieke gebied (en dus veranderinge in verskeie lande se perslandskappe) nie net nuwe geografiese en konseptuele kaarte vereis nie, maar ook nuwe mediakaarte. Daarmee verwys sy na die invloed wat dié ontwikkelinge op die vloei van nuus oor die wêreld heen het in terme van die belangrikste nuus-genererende lande, die balans van nuusvloei tussen die verskillende wêrelddele en die verskuiwing wat in die kriteria vir die selektering van nuus plaasgevind het (vgl. Sreberny-Mohammadi, 1995:8-9).

Die mediakaarte is dan enersyds 'n voorstelling of 'kaart' wat 'n idee gee van die hoeveelheid en rigting van die nuusvloei en dien as verkonkretisering van internasionale verhoudings. Volgens Sreberny-Mohammadi (1995:13) is die 'news map' (nuusvloeipatroon) 'n aanduiding van ontluikende neigings in sodanige verhoudings. Met betrekking tot die huidige studie behoort daar 'n verskil waargeneem te kan word in die nuusvloeipatroon tussen Suid-Afrika en Nederland in die tydperk voor die 1994-verkiesing en die tydperk na die verkiesing, wat behoort te dui op 'n verskuiwing van klem in die verhouding tussen die twee lande.

Andersyds bepaal die aard van die mediakaart (in terme van onderwerpe en selekteringskriteria) die lesers se kennis en houdings, of 'conception' soos wat Robertson (in Sreberny-Mohammadi *et al.*, 1997:2) dit noem, van en teenoor die ander land. In die huidige navorsing word gepoog

om só 'n 'mediakaart' vir die nuusvloeipatroon tussen Suid-Afrika en Nederland te karteer[14] teen die agtergrond van die perslandskappe van die twee lande en te beskryf in terme van die kriteria vir die selektering van nuus.

Die idee/beeld wat die leser oor ander lande en wêreldgebeure vorm ('cultural framing' of kulturele raming) is die resultaat van die mediakaarte wat deur die internasionale vloei van nuus gevorm word. Volgens Atwood (1984:5) is die ekwivalent van 'n geografiese kaart in die kommunikasieproses 'n kanaal of medium van kommunikasie. Dit beteken die vloei van nuus oor internasionale grense heen dien vir die koerantleser as 'kaart' om sy eie beeld/'mental map' van die land(e) te vorm waaroor berig word net soos wat die leser van 'n geografiese kaart die afbeelding voor hom in sy kop probeer vaslê. Dié 'mental map' sal van (kaart-)leser tot (kaart-)leser verskil omdat elkeen vanuit sy eie verwysingsraamwerk na die nuus kyk (Starck, 1987:7). Daar word hieronder in meer detail ingegaan op dié aspek.

4.5.3 Kulturele raming

'n Kousale verband bestaan tussen verhoogde nuusgebruik en gunstiger houdings, met vermeerderde kennis as die tussenkomenlike veranderlike (Perry, 1990:357; McNelly & Izcaray, 1984:552). In die konteks van internasionale nuusvloei beteken dit dat hoe meer die lesers buitelandse nuus lees en hul kennis oor die lande, hul mense en omstandighede verbeter, hoe meer positief verander hul houding teenoor die betrokke land. Een van die belangrikste funksies van internasionale nuusvloei (en in 'n land soos Suid-Afrika ook van binnelandse nuusvloei), is om mense van verskillende lande en kulture oor mekaar in te lig. Diê funksie, wat 'n belangrike deel vorm van die karteringsfunksie van nuusvloei, word toenemend al belangriker omdat lande weens die kleiner wordende wêreld ('global village'-effek) al nouer met mekaar moet saamwerk.

As die inligtingsfunksie suksesvol verrig word, baan dit die weg vir 'n tweede funksie wat betrekking het op die aanbieding van die inligitng aan die lesers. Buitelandse nuus is volgens

---

[14]Die begrip 'karteer' word in die huidige navorsing gebruik vir die vaslegging/beskrywing van die *media maps*/nuusvloeipatrone wat hierbo bespreek is.

Starck (1987:4-5) 'n interpretasie van inligting wat uit een kultuur verkry word en verpak en aangebied word vir interpretasie aan 'n gehoor van 'n ander kultuur. Hekwagters van internasionale nuus speel dus 'n belangrike rol in die aanbieding van gebeure in die buiteland op só wyse dat die inligting die buitelandse gebeure vir die plaaslike gehoor interpreteer. Die som van dié twee funksies, naamlik inligtingvoorsiening en die interpretering daarvan, lei tot 'n derde funksie wat Starck (1987:7) bespreek as kulturele raming met die doel om beter begrip te kweek. Volgens hom is kulturele raming deur middel van buitelandse korrespondente daarop gerig om 'n beter begrip en kennis van gemeenskappe te skep en tergelykertyd met vooroordele en stereotipes weg te doen. Korrespondente is dus as die eerste hekwagters in die nuusvloeiproses belangrike 'cultural framers of events' (Starck, 1987:9).

Tuchmann (1978:1) beskryf nuus as 'n venster op die wêreld waardeur 'n mens meer oor jou eie en ander lande en hul mense kan leer. Die beeld deur die raam word egter beïnvloed deur faktore soos die grootte daarvan, of dit getint of deursigtig is en die rigting waarin dit uitkyk. As belangrike hekwagters in die selektering en vloei van internasionale nuus, maak die leser staat op die buitelandse korrespondent 'to present and shape our ideas of other cultures and societies' (Starck, 1987:5). 'n Kulturele raamwerk is volgens Gitlin (1987:7)

> persistent patterns of cognition, interpretation and presentation of selection, emphasis and exclusion by which symbol-handlers routinely organize discourse, whether verbal or visual. Thus readers and viewers come to depend on news reports generally depicted, selected and organized through what journalists feel is important, which in turn is determined by their own frame of reference or cultural framing.

Hierdie funksie van internasionale nuusvloei staan ook sentraal in die debat van die NWIKO, wat hierbo bespreek is. In werklikheid behels die nuwe stel nuuswaardes 'n 'cultural reframing'; dit is buitelandse joernaliste se taak om die 'vreemde' in die 'bekende' te vertaal deur gebeure in kulturele raamwerke vir die algemene publiek aan te bied (Starck, 1987:8). Die noodsaaklikheid van hierdie funksie blyk daaruit dat verskeie skrywers oor internasionale nuusvloei onakkurate en ongebalanseerde inligting en wanvoorstellings uitwys as van die redes vir die debat oor

internasionale nuusvloei (vgl. McNelly & Izcaray, 1984:546; Hausman, 1990:29; Fuller, 1996:10; Lorimer, 1994:255-256).

### 4.5.4 Ander funksies van nuusvloei

Bogenoemde drie funksies - agendastelling, kartering en kulturele raming - vorm die basis van die funksies van nuusvloei. Ander funksies wat hieruit voortvloei, is onder andere die toepassing van internasionale druk, die kennisname van en beheer oor probleme wat gevolge vir die wêreld kan inhou en die ywer om wêreldvrede. Waar die eerste drie funksies outomaties deel van die internasionale nuusvloeiproses tussen alle lande is, is die funksies wat nou bespreek gaan word, doelbewuste funksies. Die hekwagters se kriteria vir die selektering van nuus moet daarop gerig wees om bepaalde doelwitte te bereik voordat die nuusvloeiproses instrumenteel kan wees in die bereiking daarvan.

#### 4.5.4.1. Internasionale druk en verhoudings

Die ontwikkeling op kommunikasie-tegnologiese gebied het daartoe bygedra dat die tempo en rigting van die wêreldgeskiedenis versnel is - wat later sou gebeur het gebeur nou gouer (Hachten, 1996:8, 140-156). Giddens (1994:28) sluit hierby aan deur te sê 'international communications has collapsed global space, promoted an immense speedup of historical processes and eroded the container effects of national boundaries'.

Die beste voorbeeld hiervan is die val van apartheid in Suid-Afrika wat deels deur internasionale druk te weeg gebring is. Deur die geweld en onreg in Suid-Afrika hoog op hul politieke agendas te plaas, het lande soos Amerika, Engeland en Nederland 'n groot rol gespeel om die wêreld bewus te maak van wat in dié land aan die gang was. Die Suid-Afrikaanse regering het wel probeer om die vloei van nuus oor die politieke geweld uit Suid-Afrika na die buiteland te keer met die instelling van 'n noodtoestand in die tagtigerjare, maar organisasies soos die ANC het deur middel van hul aktiwiteite in die buiteland gesorg dat die internasionale druk steeds toegeneem het. Een van die voordele van die globaliseringseffek van internasionale nuusvloei is die moontlikheid dat uitgeweke politieke aktiviste vanuit die buiteland veldtogte kan voer en

deur middel van die buitelandse media internasionale openbare forums kan mobiliseer om toestande in hul eie land te verander (Sreberny-Mohammadi & Mohammadi, 1994:29).

4.5.4.2 Internasionale probleemareas

Die globaliseringseffek of die kleinerwordende wêreld hou ook die gevolg in dat ander lande en vastelande se probleme nie meer net hul eie is nie. Probleme soos pandemiese siektes, armoede, oorbevolking en hongersnode word al meer 'n probleem vir die Westerse, ontwikkelde lande, deels weens die humanitêre verantwoordelikheid en deels ter wille van oorlewing. Die vloei van internasionale nuus dien hier eerstens die funksie om die wêreld in te lig oor die betrokke probleme en die begrip te vestig dat dit bestaan, wat dus voortvloei uit die karteringsfunksie wat hierbo bespreek is. In die tweede plek dien die internasionale nuusvloeiproses as medium waardeur samewerking tussen die ontwikkelde lande geskep kan word om die wêreldprobleme aan te pak. Hachten (1996:7) sê selfs dat die vloei van inligting en nuus oor die wêreld heen 'n groter impak as opvoeding sal hê op die wêreld se vermoë om sy probleme en gevare te verstaan.

4.5.4.4 Strewe na wêreldvrede

Idealisties gesien, kan die vloei van internasionale inligting daartoe meewerk om verskillende lande se mense by mekaar uit te bring en internasionale organisasies ondersteun in hul lewering van dienste aan die internasionale gemeenskap (Mowlana, 1997:6,146). Dié vloei van inligting kan daartoe lei om gemeenskaplike gronde tussen verskillende lande te vestig op grond waarvan samewerkingsooreenkomste gebou kan word. Die funksie van kulturele raming word dus geoperasionaliseer deur die hipotese dat kennis en begrip van mekaar verskillende lande sal aanspoor tot samewerking vir wêreldvrede.

## 4.6. Suid-Afrika en Nederland in die internasionale nuusvloeiproses

Die huidige studie bou voort op die werk van navorsers soos Sreberny-Mohammadi (1995) en De Beer *et al.* (1996) oor internasionasionale nuusvloei deur die kartering van die nuusvloeipatroon tussen twee lande uit verskillende wêrelddele. Die huidige navorsing toon aan dat die

nuusvloeipatroon gekwalifiseer behoort te word teen die agtergrond van die twee lande se perslandskappe en die kriteria wat van toepassing is in die selektering van nuus ('nuuswaardes' soos dit meer algemeen bekend is, vgl. hoofstuk 3). Vervolgens word die tradisionele siening van nuusvloeipatrone in die wêreld kortliks bespreek. 'n Oorsig van die nuusvloei na Suid-Afrika (Afrika) en Nederland (Europa) word kortliks gegee waarna dié twee lande in terme van die begenoemde internasionale nuusvloeipatrone bespreek sal word.

4.6.1 Drie teorieë vir nuusvloeistrukture

Soos onder 4.3 van hierdie hoofstuk aangedui is, was die rede vir die navorsing oor internasionale nuusvloei die ontwikkelende lande/Derde Wêreld se aantygings oor 'n wanbalans in die vloei van internasionale nuus. Talle studies het aangetoon dat daar besliste neigings in die hoeveelheid en rigting van die vloei van internasionale nuus is wat daartoe lei dat bepaalde strukture in die nuusvloeipatroon gevestig kan word (vgl. Mowlana, 1997; Gerbner *et al.*, 1993; Traber & Nordenstreng, 1992; Sreberny-Mohammadi, 1984; Meyer,1984). Dié strukture was polities verdelend deurdat onderskei is tussen 'n eerste, tweede, derde en selfs 'n vierde wêreld waarvolgens die tweede wêreld die kommunistiese blok was en die vierde wêreld Australasië.

Die ontwikkelinge op die internasionale politieke terrein die afgelope dekade of twee - die einde van die Koue Oorlog en van apartheid - het egter daartoe gelei dat politiek nie meer die groot verdelende faktor is nie. Volgens Sreberny-Mohammadi (1995:9) is ras, etnisiteit, religie en politieke identiteite nou die belangrikste verdelende faktore. Dit het die implikasie dat, as hierdie faktore verdelend kan wees, dit net sowel ook bindend kan wees. In terme van die huidige studie is een van die belangrikste bande tussen die Afrikaanssprekende[15] lesers van *Beeld* en die Nederlanders juis dié van etnisiteit en religie. In die verlede was die twee lande verdeeld op grond van politieke verskille; vandag word die kultureel-religieuse bande weer verstewig. Dié aspek sal in die hoofstuk met resultate weer aangespreek word.

[15]Dit is belangrik om weer daarop te let dat daar nie aanspraak gemaak kan word daarop dat *Beeld* verteenwoordigend is van alle Suid-Afrikaners nie, maar wel van Afrikaanssprekendes wat 'n histories-kulturele verbintenis met Nederland het.

Die tradisionele sienings van die internasionale nuusvloeipatroon is deur verskeie navorsers gekonkretiseer deur hoofsaaklik drie modelle vir die vloei van nuus, nl. die sentrum-rand-, die Noord-Suid- en die Oos/Wes-Suid-modelle (vgl. Mowlana, 1997; Galtung & Vincent, 1992; Lorimer, 1994). Die bekendste hiervan, die sentrum/rand-struktuur, herinner sterk aan die wêreldstruktuur in die koloniale tydperk. Hiervolgens is daar 'n sentrum wat die setel van mag is en wat in dié hoedanigheid nie net sy eie sosiale, ekonomiese, kulturele, politieke en militêre praktyke organiseer nie, maar ook die van die randlande wat onder die sentrumland se politieke beheer kan wees, maar nie noodwendig is nie (Lorimer, 1994:232). Die Europese lande het vir lank die middelpunt van die wêreldekonomie gevorm en die randlande gekolonialiseer. Dit het die gevolg gehad dat alle kommunikasie en aktiwiteite deur die sentrum gedomineer is, met geen of weinig interaksie tussen die randlande self.

Die Noord-Suid-struktuur sluit by die eerste aan in die sin dat nuusvloei van die ontwikkelende, geïndustrialiseerde lande (Noorde) vloei na die ontwikkelende lande (Suid) (Galtung & Vincent, 1992:38). Hier word die wêreld dus weer in twee gedeel met 'n dominerende en ondergeskikte party. Die verskil met die sentrum-randstruktuur lê egter daarin dat daar in hierdie struktuur wel onderlinge vloei in die Noorde en in die Suide is, hoewel substansiëel minder in die Suide (Mowlana,1997:45). 'n Ander element wat nuut in hierdie struktuur uitgewys word, is die sirkelvloei-tendens in die Noord-Suid- struktuur. Dit beteken nuus wat in die Suide deur korrespondente van die Noorde gegaar word, word na die Noorde gestuur waar dit verwerk en weer na die Suidelike media versprei word (Meyer, 1984:230-237). Dit kan veral gebeur in gevalle waar politieke grense tussen lande van die Suide verhoed dat inligting wedersyds deur die media versprei word.

Die derde struktuur, Oos/Wes-Suid, is in werklikheid 'n verfynde weergawe van die Noord-Suid-struktuur. In dié struktuur word die Noorde verdeel in Oos en Wes wat elkeen op hul beurt apart met die Suide verbind word (Mowlana, 1997:46; Galtung & Vincent, 1995:38). Hierdie struktuur het eers meetbaar geword na die val van kommunisme in Oos-Europa in 1989. Navorsers van dié struktuur het bevind dat die Weste en die Ooste meer aandag aan Oos-Wes verhoudings gee as aan nuus uit die Suide, terwyl die Derde Wêreld die grootste dekking aan buitelandse nuus uit die Noorde (Oos en Wes) gee.

Die huidige studie is 'n voorbeeld van nuusvloei tussen twee wêrelddele wat nie in alle opsigte geskei is soos die res van die Suide teenoor die Noorde nie. Suid-Afrika is in terme van Eerste en Derde Wêreld-standaarde in verhouding met die res van die Suide 'n mengsel van die twee. Vloei tussen Suid-Afrika en Nederland is dus geografies òf 'n Noord-Suid òf Suid-Noord-vloeirigting, maar nie in die eerste plek tussen 'n ontwikkelde en ontwikkelende land nie. Nuusselekteringskriteria soos politieke prominensie en kulturele affiniteit speel in dié geval 'n groot rol in die vloei van nuus tussen die twee lande en sou moontlike redes kon wees waarom die normale Noord-Suid-rigting in hierdie geval ook Suid-Noord kan wees.

Navorsing oor die vloei van internasionale nuus na Suid-Afrika toe, is so ver bekend nog net deur De Beer en van sy medewerkers gedoen (vgl. De Beer & Steyn, 1997; De Beer *et al.*, 1996). 'n Intensiewe soektog in Suid-Afrika en in Nederland kon geen navorsing lewer wat al voorheen die vloei van nuus uit Nederland na Suid-Afrika toe ondersoek het nie. Vervolgens word die Noord-Suid- en Suid-Noord-nuusvloeipatrone, waarvan Nederland en Suid-Afrika onderskeidelik deel vorm, kortliks bespreek na aanleiding van vorige navorsing oor internasionale nuusvloei.

4.6.2 Nuusvloei van Suid na Noord

In die middel tagtigerjare het Hachten en Beil (1985:626-630) in 'n studie van nuus uit Afrika in Westerse koerante vir die tydperk 1965-1982 bevind sowel die frekwensie as die volume van nuusdekking oor Afrikalande in 1982 met meer as die helfte gedaal het teenoor 1965. Die skrywers maak die afleiding hieruit dat gebeure in die ontwikkelingslande oor die tydperk in die oë van die Westerse nuusmedia afgeneem het in nuuswaardigheid. Hulle bevind ook dat 'n tendens in dié tydperk bestaan het waarvolgens die Westerse pers net oor krisisgebeure verslag doen wanneer joernaliste gedink het dit regverdig uitsetting uit dié lande. Die Westerse leser kry dus nie die noodsaaklike inligting oor die ekonomiese krisisse en ander probleme waarmee die leiers van die ontwikkelingslande te kampe het nie (Hachten & Beil, 1985:629).

Navorsing wat De Beer, Fourie en Mbennah (1997) en Eribo (1997) vir die GNF-projek gedoen het, het terselfdertyd aangedui dat Afrika nie hoog op die res van die wêreld se nuusagenda is nie. Slegs 6,4% van die totale aantal stories wat in die internasionale nuusvloeiprojek gekodeer is,

het na Afrika as die hoofstreek verwys. Van dié persentasie was 45,7% in Afrika self gepubliseer, 24,9% in Wes-Europa en 16,1% in die Midde-Ooste (De Beer *et al.*, 1997:27). Dit laat die navorsers vra of die afwesigheid van Afrika op die internasionale nuusagenda nie 'n aanduiding is dat Afrika sy regmatige deel nuusdekking deur die res van die wêreld ontneem word nie (De Beer *et al.*, 1997:28).

In sy navorsing oor die tekort aan ingeligte nuus oor Afrika en die oorvloed van slegte nuus uit dié kontinent, voer Kenney (1994:61-85) aan dat rasse-oorwegings die belangrikste rede hiervoor is. Hy het in sy ondersoek na beriggewing oor Afrika in twee Amerikaanse nuustydskrifte, *Emerge* (gerig op die swart middelklas) en *Newsweek*, met mekaar vergelyk. Die bevinding was dat *Emerge* veel meer nuus oor Afrika gedra het, oor meer lande in Afrika geskryf het en meer positiewe foto's en stories oor en uit Afrika gepubliseer het as *Newsweek*, wat een van die Westerse wêreld se voorste nuustydskrifte is. Hieruit blyk dit dat die gewone argumente wat die pers voorhou vir die stand van beriggewing oor Afrika, nie so waterdig en altyd geldig is as wat voorgegee word nie. Kenney (1994:81) wys in sy navorsing daarop dat die hele wêreld se nuusmedia 'n toenemend groter swart gehoor kry, en dat hulle gevolglik 'n beter swart perspektief op Afrika moet kry, bedoelende 'n meer gebalanseerde nuusagenda uit Afrika.

'n Ondersoek deur middel van inhoudsanalise twee jaar later het dít bevestig wat een van die kernargumente van die pro-NWIKO aktiviste was, naamlik dat die Westerse pers steeds die Suide afskeep in terme van nuusdekking en net in gevalle van oorloë en rampe in dié gebiede beriggewing dra (Donck, 1996:103-116). 'n Vergelykende studie oor nuus oor Afrika in twee nuustydskrifte, *Der Spiegel* en *Newsweek*, het bevind daar is wel 'n konstante stroom van beriggewing oor Afrika, maar dat 'n groot persentasie daarvan in *Der Spiegel* konflik of krisisse as onderwerp gehad het (Annas, 1997:196-208). In teenstelling met Kenney se bevindings het Annas bevind dat die beriggewing in *Newsweek* gebalanseerd was met onderwerpe soos ekonomiese ontwikkeling, Afrika-kultuur, godsdiens en sport wat prominent vertoon het.

Uit bogenoemde navorsers se bevindings blyk veral twee belangrike neigings. In die eerste plek is almal dit in 'n meerdere of mindere mate eens dat nuus uit Afrika afgeneem het en dat dié vasteland nie sy regmatige deel nuusdekking in die Noorde kry nie. Die tweede belangrike

neiging blyk te wees dat nuus uit Afrika wat wel gepubliseer word, steeds 'bad news' of ontwrigtend te wees. Soos wat uit die huidige navorsing blyk, geld dié patroon nie vir nuus wat uit Suid-Afrika in die Nederlandse koerant *Trouw* in die betrokke jare van ondersoek gepubliseer is nie[16]. Die rede hiervoor word in hoofstuk ses verklaar in terme van die huidige studie se navorsingsonderwerp waarvolgens perslandskappe en selekeringskriteria die nuusvloeipatroon beïnvloed.

4.6.3 Nuusvloei van Noord na Suid

In projekte wat as deel van die GNF-internasionale nuusvloeiprojek onderneem is, het verskeie navorsers die nuusvloei na Afrika ondersoek soos wat dit geblyk het uit koerante en uitsaaimedia in Suid-Afrika, Kenia en Nigerië (vgl. De Beer *et al.*,1996; Eribo, 1997; De Beer *et al.*, 1997). Dié navorsers se bevindings sluit aan by die van Ayish (1992) en Stevenson (1984) dat die nuusvloeipatroon na en binne Afrika merkwaardig verander het in die sin dat daar heelwat meer aandag aan internasionale stories met 'n sogenaamde 'non-disruptive' inhoud gegee word (d.w.s sport, vermaaklikheid, menslikheidstories ens.) as aan sogenaamde 'bad news'. Afgesien van nuus oor konflikte van streke waarvan dit verwag kon word, soos Sentraal/Oos-Europa en die Midde-Ooste, kon die navorsers 'n duidelike beweging weg van dié soort nuus in die drie lande se media waarneem (De Beer *et al.*,1996:13). Hulle wys onder andere op die GNF-projek se bevinding dat altesame 59,6% van die stories (N=743) wat in Kenia vir die projek gekodeer is, as nie-ontwrigtende aangeteken is, 73,0% (N=359) van die stories in Nigerië en in Suid-Afrika altesame 71,8% (N=820) (De Beer *et al.*, 1997).

'n Tweede belangrike neiging wat uit die navorsers se bevindings blyk, is dat geografiese en kulturele proksimiteit blykbaar 'n besonder belangrike rol speel in die betrokke lande se selektering van internasionale nuusgebeure. Die meerderheid van die internasionale stories wat in die drie Afrika-lande by die ondersoek ingesluit is, het 'n Afrika-datumlyn gehad, naamlik 78,0% (N=3 765) (Eribo, 1997:274; De Beer *et al.*, 1997:29). Hulle kom ook tot die gevolgtrekking dat die Afrika-pers toenemend gebruik maak van hul eie korrespondente en

[16]Kyk 6.2.6.

verslaggewers as van die vier groot westerse nuusagentskappe (De Beer *et al.*, 1996:14).

Afrika se belangrikste bronne van internasionale nuus is volgens die GNF-projek die media se eie of spesiale korrespondente (30,4%), ongeïdentifiseerde bronne 23,7%, AFP 12,9%, Reuters 8,8%, die plaaslike nuusagentskappe 6,4% en AP (3,0%) (Eribo, 1997:273; De Beer *et al.*, 1997:30).

Die verskuiwing na nie-ontwrigtende nuus, die feit dat nuus vanuit die Noorde minder gebruik word ten gunste van nuus oor ander Afrika-lande en die oorwegende gebruik van eie of spesiale korrespondente vir internasionale nuus eerder as die Westerse nuusagentskappe, dui alles op daarop dat Afrika se media die ontwikkelingsmodel vir joernalistiek nastreef. Met die inligting oor die internasionale nuusvloeipatroon na Suid-Afrika soos wat dit deur De Beer en Steyn (1997) nagevors is, het die geleentheid ontstaan om *Beeld* se beriggewing van buitelandse nuus met 'n soortgelyke Westerse buitelandse koerant se beriggewing oor Suid-Afrika te vergelyk om te sien in watter mate die beriggewing uit die Noorde na Suid-Afrika ooreenstem met die persepsie van Afrika (as deel van die Suide) se beriggewing oor die Noorde. Die nuusvloeipatroon tussen Nederland en Suid-Afrika sal onder andere ook aandui in hoe 'n mate *Beeld* inpas by die ontwikkelingsjoernalistiek wat in Afrika bedryf word.

## 4.7 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die begrip 'nuusvloei' bespreek aan die hand van die funksies van nuusvloei en 'n aantal faktore wat die aard van internasionale nuusvloeipatrone bepaal. Nuusvloei is vir die doel van die huidige studie gedefinieer as 'die vloei van inligting wat bestem is vir publikasie deur die nuusmedia, oor nasionale grense heen'.

Uit die bespreking van die nuusvloeikonsep het dit geblyk dat veral drie faktore 'n rol speel in die vorming van 'n nuusvloeipatroon, nl. die hekwagter, die betrokke lande se perslandskappe en die selekteringskriteria. Die betrokkenheid van die hekwagter in die nuusvloeiproses word hiermee deurgetrek vanaf die **perslandskap** wat die omgewing vorm waarin die hekwagter sy **selekteringsbesluite** neem om uiteindelik aan 'n besondere **nuusvloeipatroon** gestalte te gee.

Die hekwagter se rol in die nuuvloeiproses is bespreek met verwysing na korrespondente en internasionale nuusagentskappe, die rol van nuusselekteringskriteria is verduidelik aan die hand van voorbeelde soos proksimiteit en elitisme, en die invloed van perslandskappe op die vloei van internasionale nuus blyk uit die bespreking van onder andere politieke, ekonomiese en geografiese aspekte.

Drie funksies van nuusvloei - agendastelling, kartering en kulturele raming - is afsonderlik bespreek. Die nuusvloeipatroon dien dus vir die hekwagters (redakteurs of nuusverspreiders) as 'n instrument waardeur 'n agenda van internasionale nuus aan die leser gestel kan word, 'n 'kaart' of beeld van internasionale verhoudings aan die leser voorgehou kan word en ander kulture aan die leser bekend gestel kan word. Daar is ook kortliks na 'n paar ander funksies van internasionale nuusvloei verwys, soos die bruikbaarheid daarvan om as instrument te dien in die strewe na wêreldvrede en die internasionale toepassing van druk op lande.

Laastens is drie teorieë vir nuusvloeistrukture bespreek, met spesifieke verwysing na die vloei van nuus tussen die Noorde en die Suide, waarin Nederland en Suid-Afrika val. Volgens dié teorieë en die bespreking van vorige navorsing oor nuusvloei tussen die ontwikkelde en ontwikkelende lande, behoort daar 'n oorwig van nuus van Nederland na Suid-Afrika te vloei, maar die verwagting is dat die resultate anders sal bewys.

# HOOFSTUK 5 –

## NAVORSINGSMETODE EN RESULTATE

### 5.1. Metode van ondersoek

#### 5.1.1. Literatuurondersoek

Die literatuurondersoek behels 'n kritiese analise van bestaande bronne wat lig kon werp op die navorsingsdoelstellings, en het op die drie sleutelbegrippe in die navorsing gefokus, nl. nuusvloei, 'nuuswaardes' en perslandskappe. Die perslandskappe van die twee lande is na aanleiding van die literatuurondersoek beskryf in terme van die funksionele benadering tot die massamedia en kernbegrippe van die nuusvloeiproses soos die hekwagter- en agendastellingsteorieë. Die literatuurondersoek na die begrip 'nuuswaardes' het gelei tot die daarstelling van 'n nuwe vierledige model vir die selektering van nuus. Derdens is die vloei van internasionale nuus bespreek teen die agtergrond van die Nuwe Wêreld Inligtings- en Kommunikasieorde (NWIKO), nuusvloeistrukture in die wêreld en spesifiek die vloei van nuus tussen Afrika en Europa.

#### 5.1.2 Empiriese ondersoek

Die huidige navorsing sluit aan by die *Global News Flow*-projek (GNFP) wat in 1995 plaasgevind het en waaraan meer as veertig lande van regoor die wêreld deelgeneem het. Die doel van die GNFP was om te bepaal 'how much news about the 'foreign' is actually located at home' en 'to provide a reasonably complete analysis of the current geography of international news coverage' (GNFP, Internet). In dié projek het die deelnemers in die betrokke lande vir gegewe tydperke in 1995 alle berigte in die geselekteerde media wat internasionaal van aard was, volgens 'n standaard protokol gekodeer. Die resultate van dié ondersoek is dan aangebied as die nuusvloeipatrone regoor die wêreld.

Die huidige studie verskil van die GNFP deurdat net twee lande by die ondersoek betrek is, nl. Suid-Afrika en Nederland, en net een koerant uit elk van die twee lande, nl. *Beeld* en *Trouw*. Waar die GNFP se doel was om die nuusvloeipatrone so ver moontlik oor die hele wêreld te karteer, is die huidige ondersoek daarop gerig om die vloei van die nuus tussen twee lande te karteer teen die agtergrond van die twee lande se perslandskappe en die nuusselekteringskriteria wat 'n rol gespeel het in die skepping van die nuusvloeipatroon. Twee jare is in die ondersoek betrek, nl. 1992 en 1996. Daar is op dié jare besluit omdat dit twee jaar vóór en twee jaar ná die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika is. Dit sou die ideaal wees om twee 'normale' nuusjare in die twee koerante te ondersoek. Dit het egter uit die navorsing geblyk dat die twee jare wat in die ondersoek gebruik is, buitengewone jare was. In *Beeld* is daar in 1992 en 1996 baie geskryf oor onderskeidelik die Nederlandse premier, Ruud Lubbers, en koningin Beatrix se besoeke aan Suid-Afrika in die twee jare. *Trouw* het op sy beurt ook baie geskryf oor die ANC se standpunt oor Lubbers se besoek.

Vir die empiriese bepaling van die nuusvloeipatroon in die huidige navorsing soos dit in die GNFP gedoen is, is 'n aangepaste weergawe van dié projek se protokol wel gebruik om kwantitatiewe resultate te lewer. In ooreenstemming met die deurlopende argument in hierdie navorsing dat 'n nuusvloeipatroon eers betekenis kry as dit teen die agtergrond van die betrokke land(e) se perslandskappe gesien word en in terme van die kriteria vir die selektering van nuus beskryf word, word egter gepoog om dié resultate kwalitatief te beskryf en in dié konteks te plaas. Al het die studie dus 'n sterk kwantitatiewe element, is dit in wese 'n kwalitatiewe beskrywing van die nuusvloeipatroon tussen die twee lande. Op die manier word triangulasie – die gebruik van 'n gekombineerde kwantitatiewe en kwalitatiewe benadering om iets te ondersoek (Wimmer en Dominick, 1991:46) – gebruik om seker te maak daar word nie gepoog om op deduktiewe wyse die werklikheid te beskryf op grond van een stel resultate nie.

Weens die omvang van die data wat in die ondersoek gegenereer is, kan alles nie in die huidige navorsingsverslag weergegee word nie. Gevolglik word daar moontlik hier en daar na resultate verwys wat nie uit die grafieke afgelees kan word nie. Die volledige resultate is egter ter insae by die navorser beskikbaar.

5.1.2.1 Metode van data-insameling

Die universum is alle nuusberigte en kommentaarartikels (items) wat in 1992 in *Beeld* met betrekking tot Nederland verskyn en omgekeerd wat in *Trouw* met betrekking tot Suid-Afrika verskyn het soos wat dit met behulp van 'n elektroniese soektog uit die nuusargiewe van *Beeld* en *Trouw* verkry kan word.

Die items wat in *Trouw* verskyn het, is met die medewerking van die hoof van *Trouw* se dokumentasieafdeling in Amsterdam, Nederland uit hulle databasis getrek. Alle berigte wat een van drie trefwoorde bevat het, is in die proses by die trekking ingesluit. Die trefwoorde is Zuid-Afrika*, Zuid Afrika* en Zuidafrika* (waar die * alle uitgange aandui bv. Zuid Afrikaanse, Zuid Afrikaner ens.). Items wat wel in die insamelingsproses getrek is, maar nie 'n Suid-Afrikaanse datumreël het of nie Suid-Afrika[1] as onderwerp het nie, is uitgelaat. Dit het 'n totaal van 435 items vir die jaar 1992 meegebring en 242 vir die jaar 1996. 'n Kruiskontrolestudie is uitgevoer waartydens name van bv. Suid-Afrikaanse skrywers ingevoer is om te kontroleer of dit wel in die eerste trekking ingesluit is. Dit het hieruit geblyk dat daar wel enkele berigte is wat nie ondervang is nie, maar aangesien slegs enkele berigte so opgespoor kon word (tussen een en drie per trefwoord), is dit vir die huidige studie as onbeduidend aanvaar.

Die items wat in *Beeld* verskyn het, is met behulp van *Beeld* se argief op die Internet getrek. Dié argief is te kry by **http://www.naspers.co.za/argief**. Die trefwoorde wat op argiefsoekvorm ingevul is, is Nederland, Nederlands, Nederlandse, Nederlander, Nederlanders, Holland, Hollands, Hollandse, Hollander en Hollanders. Weereens is items uitgelaat wat wel in die insamelingsproses getrek is, maar nie 'n Nederlandse datumreël het of Nederland[2] as onderwerp het nie. 'n Totaal van 240 items vir 1992 en 205 items vir 1996 is in die ondersoek ingesluit. 'n Kruiskontrolestudie waarin bekende Nederlanders se name of plekke in Nederland as trefwoorde gebruik is, kon geen berigte oplewer wat nie in die oorspronklike insamelingsproses getrek is nie.

---

[1]Onder die term Suid-Afrika word hier verstaan die land, sy mense, sy kultuur, ekonomie, politiek ens.

[2]Dieselfde as voetnoot 1. 'n Voorbeeld van so 'n berig is die uitslae van die Olimpiese Spele waarin 'n Nederlander of Suid-Afrikaner 'n medalje gewen het en sy of haar naam in 'n lang lys van uitslae versyn.

5.1.2.2. Metode van data-analise

5.1.2.2.1 Nuusvloei

i. Eenheid van analise

Die eenheid van analise is al die uitgawes van *Beeld* en *Trouw* wat in die jare 1992 en 1996 verskyn het.

ii. Kontekseenheid

Die kontekseenheid is die individuele koerante, bv. *Trouw*, 13 Junie 1996. Die kontekseenhede is die eenhede wat ondersoek word om die metingseenhede te kodeer.

iii. Metingseenhede

Die metingseenhede is die onderskeie items wat gekodeer word ten einde 'n stel resultate te verkry. Alle items met 'n Nederlandse datumreël (in *Beeld*) of 'n Suid-Afrikaanse datumreël (in *Trouw*) of wat Nederland (in *Beeld*) of Suid-Afrika (in *Trouw*) as onderwerp het, sal getel word. Die verskillende tipes items sluit in nuusberigte met of sonder 'n foto, 'n foto wat alleen gebruik is, die koerant se redaksionele kommentaar, agtergrondverhale, briewe en rubrieke.

'n Protokol is opgestel na aanleiding van die GNFP-model waarvolgens die nuusberigte en kommentaarartikels van *Beeld* (m.b.t. Nederland) en *Trouw* (m.b.t. Suid-Afrika) ontleed is. Sien bylaag A vir 'n uiteensetting van die aangepaste protokol en die definisies van die onderskeie kategorieë. Sien bylaag B vir 'n voorbeeld van die koderingslys wat in die ondersoek gebruik is.

5.1.2.2.2 'Nuuswaardes'

Die analise van die 'nuuswaardes' wat in die berigte van toepassing gemaak is, word gedoen deur die identifisering en bespreking van die belangrikste tendense wat uit die resultate van die protokol-kodering blyk. Die bespreking sal gedoen word volgens die vierledige model vir 'nuuswaardes' wat na aanleiding van die literatuurondersoek oor die onderwerp ontwerp is (kyk hoofstuk drie van die huidige navorsing):

i. Nuustemas

Een van die kategorieë waarin die metingseenhede volgens die koderingsprotokol gekodeer is, is onderwerpe en subonderwerpe. Op grond van dié resultate sal breë tendense rakende die aard van die nuus en belangrikste nuustemas vir die twee koerante in die twee onderskeie jare afgelei word. Daar sal spesifiek verwys word na veranderings wat in die aard van nuustemas van die twee koerante oor die twee onderskeie jare plaasgevind het.

ii. Faktore wat nuuswaardigheid beïnvloed

Die faktore wat nuuswaardigheid beïnvloed word deur middel van die literatuurondersoek en persoonlike onderhoude met die buitelandse redakteurs van die twee koerante in die navorsing ondersoek. Dié faktore word in die hoofstuk met resultate opsommend saamgevat.

iii. Ekstrinsieke kwaliteite van nuus

Die belangrikste ekstrinsieke kwaliteite van nuus soos wat dit bespreek word in die vierledige model vir die selektering van nuus, word ook in die koderingsprotokol opgeneem. Dié kwaliteite sal na aanleiding van die protokol se resultate bespreek word.

iv. Intrinsieke kwaliteite van nuus

Die intrinsieke kwaliteite van nuus (w.o. waarheid, objektiwiteit ens.) is moeilik meetbaar en val buite die raamwerk van die empiriese ondersoek. Juis die feit dat die ander drie elemente van die vierledige model vir die selektering van nuus wat in hoofstuk drie voorgestel is, 'n rol in die huidige navorsing speel soos hierbo aangedui, regverdig die gebruik daarvan. Volgens die model speel die vierde element, naamlik intrinsieke kwaliteite, wel ook 'n rol in die nuusvloeiproses, maar vereis 'n studie op sigself. In die huidige navorsing word die vierde element dus nie in die resultate in berekening gebring nie.

5.1.3 Koderingsprotokol

Sien bylaag A vir 'n uiteensetting van die koderingsprotokol en bylaag B vir 'n voorbeeld van die koderingslys.

## 5.2 Bespreking van resultate[3]

5.2.1 Inleiding

In hierdie afdeling sal die resultate van die nuusvloeiondersoek bespreek word en die nuuskartering van Suid-Afrika deur *Trouw* en van Nederland deur *Beeld* gedoen word. Volgens een van die sentrale teoretiese argumente van die huidige navorsing omsluit 'n nuusvloeipatroon as geheel ook noodwendig die konsepte nuusselektering en perslandskappe, wat beteken dat daar deur die loop van die bespreking van die nuusvloeiresultate deurentyd nuuskartering van die twee lande bevorder. Sommige elemente van die vierledige model vir die selektering van nuus, wat in hoofstuk drie bespreek is, maak deel uit van die protokol waarvolgens die nuusvloeiondersoek gedoen is en het dus ook sekere resultate opgelewer wat bespreek sal word.

---

[3]Kyk bylaag C vir die grafieke.

5.2.2. Universum[4]

Die ondersoek het die volgende hoeveelheid items opgelewer wat volgens die protokol gekodeer is:

| | | |
|---|---|---|
| *Trouw* | 1992 | 435 items |
| | 1996 | 242 items |
| *Beeld* | 1992 | 240 items |
| | 1996 | 205 items |

Dit blyk hieruit dat *Trouw* se beriggewing uit en oor Suid-Afrika in 1992 nie ooreenstem met wat die 'normale' patroon vir nuusvloei tussen die twee lande blyk te wees volgens die ander drie getalle nie. Moontlike redes hiervoor sal in die verloop van die hoofstuk aan die orde kom.

5.2.3. Nuusvloei

5.2.3.1 Bron

5.2.3.1.1 *Trouw*

i. Primêre bron

Uit die koderingsresultate blyk dit dat *Trouw* se belangrikste bron van items uit of oor Suid-Afrika in 1992 hul eie redaksie was, terwyl die korrespondent in 1996 die grootste voorsiener van nuus uit en oor Suid-Afrika was (kyk grafieke 5.2 en 5.3). In 1992 was altesame 107 van die 435 items wat in die ondersoek gekodeer is (24,59%), deur *Trouw* se eie redaksie geskryf, terwyl 53 van die 242 items (21,9%) in 1996 deur die korrespondent geskryf is. In 'n onderhoud met die joernalis Ester Bootsma, wat ten tyde van die ondersoek buitelandse redakteur by *Trouw* was met

[4]Kyk grafiek 5.1.

die opdrag om te skryf oor Afrika suid van die Sahara, het sy aangedui dat dit veral die taak van die 'eie redaksie' is om oor nuusgebeure in die buiteland (in dié geval Suid-Afrika) te skryf. Die korrespondent se opdrag is om dié beriggewing in konteks te plaas deur die skryf van 'reportages' of agtergrondverhale en in-diepte artikels.

Die woelinge in die Suid-Afrikaanse samelewing in minstens die laaste vier jare wat die 1994-verkiesing vooraf gegaan het, en in die besonder dan op politieke gebied, het bygedra tot 'n lewendige belangstelling uit die buiteland in Suid-Afrika. Dié belangstelling kan verduidelik word aan die hand van die Suid-Afrikaanse perslandskap en die kriteria vir die selektering van nuus (kyk 5.2.4). Weens die aktiewe politieke situasie in Suid-Afrika (waarvan die onderhandelings tussen die regering en die ANC en politieke geweld die belangrikste was) was daar veel meer dag tot dag gebeure in 1992 as in 1996 wat volgens *Trouw* se kriteria vir die selektering van nuus wel geselekteer is. Dit ondersteun in 'n mate die NWIKO se aantyging dat die Weste eerder slegte nuus van die ontwikkelende wêreld plaas as opbouende proses-tipe gebeure. Dit verklaar ook waarom *Trouw* se eie redaksie, wat verantwoordelik is vir beriggewing oor nuusgebeure in Suid-Afrika, in 1992 veel meer berigte oor Suid-Afrika uit eie geledere gepubliseer het as wat in 1996 die geval was.

Verdere feite wat uit die resultate blyk om dié aanname te staaf, is:

• *Trouw* se korrespondent in Suid-Afrika het in albei die jare omtrent dieselfde hoeveelheid artikels gelewer, naamlik 55 in 1992 en 53 in 1996, wat die stelling staaf dat die groter hoeveelheid items in 1992 deur meer daaglikse nuusgebeure veroorsaak is. Al wat dus in die korrespondent se taak behoort te verander het, is die onderwerpe waaroor hy die in-diepte artikels en agtergrondverhale geskryf het.

• 'n Groot deel (77) van die 193 items wat in 1992 meer is as in 1996, is deur *Trouw* se eie redaksie geskryf. Die res word opgemaak deur berigte van Associated Press (26 meer as in 1996), Reuter (26 meer as in 1996), ANP (11 meer) en etlike items waarvan die bron nie aangedui is nie of waaroor onsekerheid bestaan het.

• Die groter gebruik van berigte van die nuusagentskappe in 1992 soos hierbo aangedui, impliseer ook meer daaglikse nuusgebeure in dié jaar as wat in 1996 die geval was en is dus volgens Bootsma se beskrywing van die 'eie redaksie' se opdrag ook verduidelikend van die groter hoeveelheid berigte deur die 'eie redaksie' in 1992.

'n Tendens wat uit die resultate oor die primêre bron blyk, is behalwe dat die 'eie redaksie' en die 'korrespondent' in die twee jare plekke geruil het op die rangorde van primêre bronne, die verhoudings tot die groot geheel min of meer dieselfde gebly het. Waar die 'korrespondent' in 1992 altesame 12,64% van die totale aantal items uitgemaak het, het die 'eie redaksie' in 1996 altesame 12,39% van die totaal uitgemaak (kyk grafiek 5.3). In 1992 was die 'eie redaksie' verantwoordelik vir 24,38% van die items, terwyl die 'korrespondent' in 1996 altesame 21,9% van die items voorsien het. Dit geld ook die ander koderingskategorieë soos Reuter (13,3% in 1992 en 13,2% in 1996), ANP (5,28% in 1992 en 4,95% in 1996), AP (10,34% in 1992 en 7,85% in 1996) en AFP (3,44% in 1992 en 5,37% in 1996).

Wanneer die resultate van die bronne in vergelyking gebring word met dié van die tipe items en die datumreëls, verwag 'n mens dat plaaslike (Nederlandse) datumreëls sterker sal figureer weens die feit dat die eie redaksie die belangrikste voorsiener van kopie is (vgl. grafieke 5.2, 5.3, 5.6, 5.7, 5.14 en 5.15). Die rede vir dié diskrepans kan toegeskryf word daaraan dat die redaksie van *Trouw* van die kopie van nuusagentskappe gebruik maak om kopie vir die koerant voor te berei onder die naam van die eie redaksie, maar terselfdertyd steeds die nuusagentskap se datumreël bo-aan die storie gebruik.

ii. Sekondêre bron

Die sekondêre bron is die tweede bron wat in die berig aangedui is, byvoorbeeld waar Reuter-AFP as die bron van 'n berig aangedui is. Reuter is dan as die primêre bron gereken terwyl AFP as die sekondêre bron gekodeer is.

*Trouw* se belangrikste sekondêre bron in 1992 sowel as 1996, is Reuter met AFP in al twee jare die tweede belangrikste sekondêre bron (kyk grafieke 5.2b en 5.3b). Ook hier wys die verskil

in hoeveelhede op die koerant se groter afhanklikheid van die nuusagentskappe in 1992 as in 1996. In sowel Reuter (38 teenoor 12) as AFP (21 teenoor 8) se geval is dié twee nuusagentskappe in 1992 omtrent drie keer meer as sekondêre bron ingespan as in 1996. Dit is hier weereens 'n aanduiding van die groter hoeveelheid nuusstories in 1992 as in 1996.

iii. Tersiêre bron

Reuter en AFP was in al twee jare die belangrikste tersiêre bronne (kyk grafieke 5.2c en 5.3c). In 1992 is dié twee nuusagentskappe elkeen by sewe items as tersiêre bronne aangedui (kyk grafiek 5.2c). Altesame 416 items (95,64%) van die items het in 1992 geen tersiêre bron gehad nie. In 1996 is 236 (97,5%) items sonder 'n datumreël aangedui, met twee elk wat Reuter en ANP as tersiêre bron gehad het.

5.2.3.1.2 *Beeld*

i. Primêre bron

*Beeld* se primêre bronne van nuus uit en/oor Nederland in 1992 was korrespondente en die eie redaksie. Eersgenoemde was verantwoordelik vir 65 (27,083%) van die totaal van 240 items wat in dié jaar in die koerant verskyn het (kyk grafiek 5.4). Die eie redaksie het 48 (20%) van die items voorsien, terwyl 38 (15,8%) nie aangedui was nie of onsekerheid bestaan het oor hul bronne. In 1996 was die korrespondent steeds die belangrikste primêre bron met 66 (32,19%) van die 205 items in dié jaar van hom afkomstig. Die onsekere bronne was 45 (21,95%) en die eie redaksie het 35 (17,07%) van die items voorsien.

Die aantal items wat in die twee jare deur nuusagentskappe voorsien en in *Beeld* gepubliseer is, toon 'n groot verskil. Dit is veral die aantal Reuter-berigte wat afgeneem het van 1992 tot 1996. In 1992 was altesame 31 (12,92%) van die 240 betrokke berigte afkomstig van Reuter, terwyl net 5 (2,4%) in 1996 dieselfde bron gehad het (vgl. grafieke 5.4 en 5.5). Een rede vir dié afname

is die feit dat Sapa[5] net tot in Julie 1995 (dus in 1992 maar nie in 1996 nie) Reuter se berigte na sy Suid-Afrikaanse kliënte herlei het (vgl. De Beer & Steyn,1995). Reuter het sedertdien 'n eie kantoor in Suid-Afrika begin en *Beeld* ontvang nie meer dié nuusagentskap se nuus via Sapa nie. Die koerant is nog wel ingeteken op Reuter se finansiële nuusdiens, wat verklaar waarom al die Reuter-berigte in 1996 (5 of 2,4%) almal plaaslike of internasionale ekonomiese sake as hoof-onderwerp het. Die meeste van die betrokke Reuter-berigte wat in 1992 gebruik was, het sport as onderwerp gehad, terwyl die res van die berigte versprei was oor onderwerpe soos internasionale politieke en ekonomiese sake. Berigte wat direk vanaf Sapa gekom het (d.w.s. berigte wat nie herlei is van 'n ander nuusagentskap nie - kyk voetnota 4), het afgeneem van 18 (7,5%) in 1992 en die vierde belangrikste bron tot 4 in 1996 (1,95% en die negende belangrikste bron).

ii. Sekondêre bronne

In 1992 was die belangrikste sekondêre bronne Sapa en AP (twee berigte of 0,83%), en 234 items (97,5%) het geen sekondêre bron gehad nie (kyk grafiek 5.4b). In 1996 was 'n korrespondent en AP, elk met 0,48% of een berig, die sekondêre bronne (kyk grafiek 5.5b), met 203 (99,03%) van die items wat geen sekondêre bron gehad het nie.

iii. Tersiêre bronne

In 1992 was daar een item elk wat AFP en Reuter as tersiêre bron aangedui het en in 1996 is geen tersiêre bronne aangedui nie.

---

[5]Dit is belangrik om hier daarop te wys dat al die berigte waarvan die bron aangedui is as Sapa gekoppel aan 'n ander nuusagentskap (bv. Sapa-AFP of Sapa-AP), gekodeer is as sou die eerste nuusagentskap na Sapa die primêre bron wees, die tweede een die sekondêre bron ens. In geval waar die bron dus as Sapa-AFP aangedui word, is AFP as die primêre bron gekodeer. Die rede hiervoor is dat Sapa as herleier vir die internasionale nuusagentskappe optree, en dus nie self verantwoordelik is vir die skep van die berig nie. In 'n onderhoud met die nuusredakteur van Sapa, mnr. Sipke de Vries, het hy ook aangedui dat Sapa weinig internasionale berigte vanuit eie geledere versprei.

5.2.3.2 Tipe item

5.2.3.2.1 *Trouw*

By verre die meerderheid items wat in albei die jare (1992 en 1996) in die ondersoek gekodeer is, was nuusberigte met 'n vreemde datumreël (dus elders in die wêreld buite Nederland) waarby die eie land (in dié geval dus Nederland) nie betrokke was nie (kyk grafieke 5.6. en 5.7). Altesame 202 (46,44%) van die 435 items wat in 1992 in *Trouw* verskyn het, was van dié tipe items, terwyl 102 (42,14%) van die 242 items wat in 1996 in die koerant verskyn het, tot dié kategorie behoort het (kyk grafieke 5.6 en 5.7).

Twee moontlike redes kan hiervoor aangevoer word. Die datumreël dui aan dat die item 'n berig vanuit 'n spesifieke plek is waar iets nuuswaardigs gebeur het[6]. Dit het ook uit die resultate van die bronne hierbo geblyk dat die meerderheid items oor daaglikse nuusgebeure gehandel het omdat die werksverdeling by *Trouw* van so 'n aard is dat die eie redaksie die harde nuusgebeure dek, terwyl die korrespondent op agtergrondartikels fokus. 'n Oënskynlike diskrepans ontstaan nou tussen die resultate van die bronne wat aandui dat die eie redaksie die meerderheid items voorsien, terwyl die items met vreemde datumreëls die grootste deel van die totale aantal items uitmaak. Die rede hiervoor is dat die redaksielede van *Trouw* die nuusagentskappe se kopie gebruik om nuusstories te skryf onder die naam van die eie redaksie, maar steeds die nuusagentskappe se datumreëls bo-aan gebruik.

Die tweede rede, of die rede vir die tweede helfte van die kategorie-beskrywing oor die (nie-) betrokkenheid van Nederland in dié items, kan aan die hand van die hoofonderwerpe of nuustemas verduidelik word. Daarvolgens was die belangrikste onderwerp in die twee jare algemene politieke sake in Suid-Afrika soos die Kodesa-onderhandelinge en party-politieke geskille waarby Nederland natuurlik nie direk betrokke was nie.

[6]Kyk ook afdeling vier van die koderingsprotokol in bylaag A.

Die tipe item wat die tweede meeste hoeveelheid van die items in 1992 uitmaak, is berigte met 'n Nederlandse datumreël waarby Nederland ook self betrokke is. Altesame 65 (14,94%) van die items in die jaar is in dié kategorie gekodeer. Dit sluit berigte in oor byvoorbeeld internasionale politieke sake soos die debat wat in 1992 geheers het oor die Nederlandse premier se besoek aan Suid-Afrika in dié jaar. Dié kwessie het tot heelwat beriggewing in *Trouw* aanleiding gegee. In die derde plek was al die items wat sonder 'n datumreël gepubliseer is en wat nie in een van die ander kategorieë val nie, met 63 of 14,48%. Agtergrondartikels het die vierde meeste voorgekom (32 of 7,35%) met berigte met 'n plaaslike datumreël waarby Nederland nie betrokke was nie, in die vyfde plek (28 of 6,43%). Rubrieke was sesde in die ry met 'n totaal van 23 of 5,28%.

In 1996 was die tweede meeste items as berigte sonder 'n datumreël gekodeer (35 of 14,46%) met rubrieke wat die derde grootste deel van die totale aantal items uitgemaak het (24 of 9,91%). Agtergrondartikels was die vierde meeste (20 of 8,26%) met berigte met 'n plaaslike datumreël waar Nederland nie betrokke was nie, in die vyfde plek (18 of 7,43%). Berigte met 'n vreemde datumreël waarby Nederland betrokke was, was die sesde meeste met 16 (6,6%) en berigte met 'n eie datumreël waarby Nederland betrokke was in die sewende plek (11 of 4,54%).

5.2.3.2.2 *Beeld*

Die resultate van die kodering van die items in 'tipe'-kategorieë blyk die vroeëre stelling te ondersteun dat daar tussen 1992 en 1996 'n verskuiwing in die kriteria vir die selektering van nuus uit of oor Nederland plaasgevind het. Die rede hiervoor is dat die tipe item wat in 1992 die meeste voorgekom het, berigte met 'n vreemde datumreël (dus nie-Suid-Afrikaanse en meestal Nederlandse datumreël) was waarin Suid-Afrika ook in die berig betrokke was. Altesame 73 (30,416%) van die totale aantal items was in dié kategorie gekodeer teenoor die 42 (20,48%) van 1996 (kyk grafieke 5.8 en 5.9). 'n Groot deel van dié berigte het gehandel oor die polemiek rondom premier Ruud Lubbers se voorgenome besoek aan Suid-Afrika, asook handelsafvaardigings uit Nederland wat Suid-Afrika besoek het.

In 1996, daarenteen, was die meeste items gekodeer as berigte met 'n vreemde datumreël waarby Suid-Afrika nie betrokke was nie. Onder die bespreking van die onderwerpe sal meer volledig

hieraan aandag gegee word, maar voorlopig kan daarop gewys word dat die aard van die onderwerpe in 1996 meer internasionaal/Nederlands gerig is as wat in 1992 die geval was toe Nederland vir Suid-Afrika belangrik was in soverre dit Suid-Afrikaanse onderwerpe raak.

In al twee jare was die tweede meeste items in die kategorie vir berigte sonder 'n datumreël ingedeel (71 of 29,5% in 1992 en 51 of 24,8% in 1996). In 1992 was die derde meeste items gekodeer as berigte met 'n vreemde datumreël waarby Suid-Afrika nie betrokke is nie, naamlik 48 of 20%. Die situasie is omgeruil in 1996 met die derde meeste items wat gekodeer is as berigte met 'n vreemde datumreël waarby Suid-Afrika wel betrokke is (42 of 20,48%).

Dit is verder insiggewend dat *Beeld* nie in een van die twee jare eens een enkele berig oor Nederland gepubliseer het met 'n Suid-Afrikaanse datumreël waarby Suid-Afrika nie betrokke is nie, terwyl *Trouw* daarenteen verskeie sulke berigte oor Suid-Afrika gepubliseer het. Dit is 'n aanduiding van die waarde wat die koerant aan Nederland as nuusmaker heg en stem ooreen met wat Lotter (1998) oor Nederland gesê het, naamlik dat dit maar laag op *Beeld* se lysie van belangrike internasionale lande is en 'n klein en onbelangrike land is in die internasionale konteks (vgl. ook afdeling 2.4.8.3). Daar is wel in al twee jare 'n aantal berigte in *Beeld* gepubliseer met 'n plaaslike datumreël en waarby Suid-Afrika betrokke is (6 of 2,5% in 1992 en 9 of 4,39% in 1996). Dit kan as aanduiding dien vir 'n ekstrinsieke kwaliteit van nuus, soos dat 'n nuusgebeurtenis vir 'n mens of 'n nuusorganisasie belangrik/waardig word om van kennis te neem as dit psigologies proksimies naby is. Daar word meer hieroor uitgebrei onder die bespreking van die kriteria vir die selektering van nuus.

Die persentasie items wat as rubrieke gekodeer is, het tussen 1992 en 1996 byna verdubbel met 12 (5%) in 1992 en 20 (9,75%) in 1996, terwyl die agtergrondverhale of opinie-artikels net 'n effense verskuiwing getoon het. In 1992 is 18 (7,5%) van dié items gekodeer teenoor 13 (6.9%) in 1996. Briewe van lesers het in 1996 veel meer voorgekom as in 1992 met 11 (5,36%) wat in eersgenoemde jaartal gekodeer is teenoor 6 (2,5%) in 1992. Vyf kommentare (2,08%) is in 1992 in *Beeld* gepubliseer, terwyl 3 (1,4%) in 1996 gepubliseer is. Die kommentare in 1992 was almal geskryf na aanleiding van die Nederlandse premier se voorgenome besoek aan Suid-Afrika in dié jaar, terwyl die kommentare in 1996 al drie na aanleiding van koningin Beatrix se besoek aan

Suid-Afrika geskryf was. Dit is nodig om laasgenoemde in gedagte te hou omdat die resultate deur die twee besoeke, wat natuurlik nie elke jaar plaasvind nie, beïnvloed word. Dit hou egter betekenis in vir die argument dat die nuusvloeipatroon onder andere deur die kriteria vir die selektering van nuus bepaal word. Daar sal meer hieroor uitgewy word onder die afdeling vir seleksiekriteria hieronder.

5.2.3.3 Prominensie

5.2.3.3.1 *Trouw*

Byna sestig persent (257 of 59,08%) van die items wat in *Trouw* van 1992 gekodeer is, is as items van meerdere/gemiddelde prominensie aangedui (kyk grafiek 5.10). Volgens die definisie waarvolgens die kodering gedoen is[7], is dit tipies die normale nuusberigte wat nie agtergrondverhale of 'reportages' is nie, maar ook nie die 'vuller'-berigte wat soms in rubrieke met 'n klomp kort berigte gebruik word nie. Items van min belang, dus die tipiese vuller-berigte, was die tweede meeste met 108 (24,87%) en die items van uiterste belang 70 (16,09%).

In 1996 het die verhouding ietwat verander met 121 items wat as van meerdere belang aangedui is; dit verteenwoordig 'n persentasie van 50% van die totale aantal items (kyk grafiek 5.11). Die items van min belang het in 1996 agt van die nege persent daling opgevang en staan in dié jaar op 78 of 32,23%. Die ander een persent is by die items van uiterste belang gevoeg en dié aantal items was in 1996 dus 43 (17,76%). Een rede vir die verskuiwing tussen items met meerdere en min belang kan dieselfde wees as waaraan die afname van die totale aantal berigte tussen 1992 en 1996 toegeskryf kan word, naamlik die verandering in die Suid-Afrikaanse perslandskap en die gepaardgaande vermindering van nuusgebeure wat vir die buiteland (en Nederland) van belang is. Hoe minder belangrik nuusgebeure word, hoe korter plek word in 'n koerant daaraan afgestaan.

---

[7]Kyk bylaag A .

5.2.3.3.2 *Beeld*

In *Beeld* se geval is 'n geringe skuif van die kategorieë uiterste en meerdere belang na min belang toe waargeneem, maar dit is nie van dieselfde omvang as wat by *Trouw* die geval was nie. In 1992 was 126 (52,5%) van die items gekodeer as van meerdere belang, 84 of 35% as van min belang en 30 (12,5%) as items van uiterste belang (kyk grafiek 5.12). In 1996 het dié verhoudings verskuif na 106 (51,21%) berigte wat gekodeer is as van meerdere belang, 78 (38,04%) as van min belang en 21 of 10,24% as van uiterste belang[8] (kyk grafiek 5.13). Die feit dat daar nie 'n groot verskuiwing was tussen die drie kategorieë van prominensie nie, kan daarop dui dat die kriteria vir die selektering van nuus dieselfde gebly het omdat die Nederlandse perslandskap nie veel in dié jare verander het soos wat in Suid-Afrika die geval was nie.

5.2.3.4 Datumreël

5.2.3.4.1 *Trouw*

i. Primêre datumreël

Items wat sonder 'n datumreël gepubliseer is of waaroor onsekerheid bestaan, maak in albei jare 'n groot deel uit. In 1992 was dit die kategorie met die tweede meeste (116 of 26,6%) items en in 1996 was dit die belangrikste kategorie met 87 (35,5%) van die totale aantal items wat in dié kategorie gekodeer is (kyk grafieke 5.14 en 5.15). Die belangrikste datumreël in 1992 was Johannesburg - altesame 133 (30,3%) van die items is gekodeer met dié stad as primêre datumreël. Dit verskil uitermate baie van die aantal items wat in 1996 met dié stad as datumreël aangeteken is, naamlik 26 (10,74%).

---

[8]Dit moet hier in gedagte gehou word dat die definisies waarvolgens die items in terme van prominensie gekodeer is, tussen die twee koerante verskil het omdat *Trouw* se agtergrondartikels byvoorbeeld veel langer as dié van *Beeld* is. Die definisies is in dié geval ontwerp volgens wat die maatstaf vir die betrokke koerant is. Kyk bylaag A.

Die politieke aktiwiteite in Suid-Afrika voor die 1994-verkiesing, wat 1992 insluit, is al hierbo as 'n rede genoem vir die verhoogde belangstelling in Suid-Afrika in 1992 teenoor 1996. Dié stelling blyk nou weer bevestig te word deur die feit dat die fokus van beriggewing uit Suid-Afrika in 1992 na Johannesburg geskuif het waar die onderhandelinge tydens die oorgangsproses tussen die verskillende partye plaasgevind het. Die verskuiwing van fokus word ook weerspieël deur die wye verskeidenheid bronne wat in 1992 meer uit Johannesburg verslag gedoen het as in 1996. *Trouw* se korrespondent in Suid-Afrika, wat in Kaapstad gesetel is en volgens sy werkbeskrywing verantwoordelik is vir 'reportages', het byvoorbeeld in 1992 altesame 31 van die 55 items wat hy geproduseer het, vanuit Johannesburg gestuur. Daarteenoor het hy in 1996 slegs een item uit Johannesburg gestuur terwyl 37 van die 53 items wat hy dié jaar geproduseer het, Kaapstad as datumreël het.

Verder het die vier nuusagentskappe ANP, AP, AFP en Reuter in 1992 veel meer beriggewing uit Johannesburg gedoen as in 1996. Die resultate dui boonop ook aan dat die meerderheid items met algemene politieke sake as hoofonderwerp (wat in albei jare die belangrikste hoofonderwerp was) in 1996 uit Kaapstad gekom het, terwyl die meeste items met dié onderwerp in 1992 Johannesburg as datumreël het. Dit blyk dus uit die resultate dat die verskil in die Suid-Afrikaanse politieke sisteem tussen die twee jare 'n wesentlike invloed gehad het op die aard van die nuusvloeipatroon in terme van die datumreëls van die gekodeerde items.

*Trouw* se derde belangrikste datumreël by berigte oor of uit Suid-Afrika, was Amsterdam in 1992 (50 of 11,5%) en Johannesburg in 1996 (26 of 10,74%). Amsterdam was in 1996 met 23 items (9,5%) die vierde belangrikste datumreël. Amsterdam se taamlik hoë datumreël-profiel in items wat oor of uit Suid-Afrika handel, kan toegeskryf word aan die feit dat *Trouw* se eie redaksie verantwoordelik is vir die skryf van berigte en nuusanalises oor harde nuusgebeure in Suid-Afrika.

Die ander datumreël wat in albei jare onder die hoogstes figureer, is dié items wat aangedui word met 'n datumreël 'elders ter wêreld'. Dit was hoofsaaklik berigte met sport as onderwerp.

ii. Sekondêre datumreël

By *Trouw* is daar in enkele gevalle twee datumreëls aangegee, veral waar die eie redaksie oor gebeure in Suid-Afrika skryf terwyl hulle in Amsterdam sit. In 1992 is vier sulke items gekodeer met Johannesburg as tweede of sekondêre datumreël, drie met Amsterdam as sekondêre datumreël en een elk met Den Haag of 'elders in die wêreld' as datumreël. In 1996 is daar net twee items aangedui met 'elders in die wêreld' en een met Johannesburg as sekondêre datumreël.

iii. Tersiêre datumreël

Daar is net in 1992 een item gekodeer met Pretoria as derde of tersiêre datumreël.

5.2.3.4.2 *Beeld*

i. Primêre datumreël

Die datumreëls van die items wat in *Beeld* gekodeer is, het in die twee jare min of meer dieselfde gebly. Die oorgrote meerderheid items was in albei jare gekodeer in die kategorie 'onseker/geen datumreël'. In 1992 was 102 (42,5%) van die totale aantal items in dié kategorie gekodeer, terwyl 79 (38,04%) van die items in 1996 met 'geen datumreël' gekodeer is (kyk grafieke 5.16 en 5.17). In albei jare was die tweede belangrikste datumreël Amsterdam gewees met 80 (33,3%) van die items in 1992 en 64 (31,2%) van die items in 1996 wat in dié kategorie gekodeer is. Die feit dat Amsterdam in albei jare so hoog op die lys is, kan toegeskryf word aan die feit dat *Beeld* se belangrikste bron van items in albei jare die korrespondent was wat in Amsterdam gesetel is. Die stabiele Nederlandse perslandskap het natuurlik ook daartoe bygedra dat daar nie 'n fokus van items met 'n ander datumreël gepubliseer is wat anders is as wat die verwagte tendens is nie, naamlik dat omdat die meeste items deur die korrespondent voorsien word, sal die meeste items 'n Amsterdamse datumreël hê.

ii. Sekondêre datumreël

Geen item met 'n sekondêre datumreël is gekodeer nie.

iii. Tersiêre datumreël

Geen item met 'n tersiêre datumreël is gekodeer nie.

5.2.3.5 Onderwerp[9]

5.2.3.5.1 *Trouw*

i. Hoofonderwerpe

Die hoofonderwerp wat in sowel 1992 as 1996 die meeste in items uit of oor Suid-Afrika wat in *Trouw* verskyn het, voorgekom het, was by verre algemene politieke sake (kyk grafieke 5.18 en 5.19). In 1992 het 71 van die 435 items algemene politieke sake as hoofonderwerp gehad - dit is 16,32% van die totale aantal items. In 1996 het dié verhouding min of meer stabiel gebly, met 'n totaal van 35 (14,4%) van die totale aantal items van 242. Items wat onder algemene politieke sake gekodeer is, sluit in berigte oor die onderhandelingsproses tussen die politieke partye en groeperings, persverklarings van politieke partye, berigte oor politike saamtrekke, regeringsaankondigings ens.

Gesien teen die agtergrond van die politieke verwikkelinge in Suid-Afrika in 1992 aan die een kant (wat 'n rol gespeel het in die perslandskap van die tyd) en Nederland se belangstelling in die politieke gebeure in Suid-Afrika (wat onder andere blyk uit die Nederlandse premier se besoek aan Suid-Afrika in 1992) aan die ander kant, was dit te wagte dat die belangrikste hoofonderwerp in 1992 die politieke gebeure in Suid-Afrika sou wees. Dit word verder bevestig deur die feit dat

[9]In bylaag D is 'n lys van voorbeelde van berigte met elk van die onderwerpe soos dit in elk van die twee koerante, *Beeld* en *Trouw*, verskyn het.

die belangrikste subonderwerp wat in items voorgekom het wat algemene politieke sake as hoofonderwerp gehad het, 'meer as een politieke party' was. Die ANC was volgens dieselfde kruistabulasie die tweede belangrikste subonderwerp in 1992 in items wat algemene politieke sake as hoofonderwerp gehad het.

In 1996 was daar weliswaar nie sulke groot politieke gebeure soos in 1992 nie, maar die hoofonderwerp bly steeds algemene politieke sake. Die res van die onderwerpe is egter meer eweredig oor die spektrum van die protokol versprei as in 1992, wat moontlik dui op 'n meer 'algemene belangstelling' in Suid-Afrika. Die feit dat algemene politieke sake in 1996 steeds los voor die belangrikste hoofonderwerp is, dui egter moontlik ook daarop dat die nuuswaarde wat *Trouw* aan Suid-Afrika heg, grotendeels om die politieke situasie in die land wentel en dat die belangstelling in 1992 nie net 'n periodiese tendens was tydens die aanloop tot die verkiesing nie.

Die tweede belangrikste hoofonderwerp van die items wat in 1992 in *Trouw* verskyn het, het religie morele sake as hoofonderwerp gehad. Altesame 62 (14,25%) van die items het dit in dié jaar as hoofonderwerp gehad, terwyl slegs 16 (6,6%) van die items in 1996 met religie/morele sake as hoofonderwerp gekodeer is. Die rede hiervoor kan daaraan toegeskryf word dat die politieke oorgangsproses ook op kerkgebied 'n invloed gehad het, wat tot baie gesprekvoering oor die rol van die kerk in die oorgangsproses en die samesmelting van wit, swart en bruin kerke gelei het. Nog 'n moontlike rede vir *Trouw* se beriggewing oor die kerke in Suid-Afrika, is die feit dat die drie susterskerke in Suid-Afrika, die Nederduits Gereformeerde Kerk, die Nederduits Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerk, hul oorsprong in Nederland het. Teen 1996 was die probleme rondom die samesmelting van die kerke nog nie uitgestryk nie, maar skynbaar het dit in dié jaar nie meer soveel nuuswaarde gehad as in 1992 nie en is dit meer in die perspektief van die breë spektrum van onderwerpe geplaas. In albei die jare was die belangrikste subonderwerpe in die items wat met religie as hoofonderwerp gekodeer is, onderwerpe soos algemene politieke sake, rassesake, apartheid en politieke geweld en konflik, met die klem in 1992 veel meer op rassesake as in 1996.

Die derde belangrikste hoofonderwerp in 1992 was internasionale politieke sake (59 of 13,5%), wat items ingesluit het wat gehandel het oor die polemiek wat in Nederland ontstaan het oor die Nederlandse premier van die tyd, mnr. Ruud Lubbers, se voorgenome besoek aan Suid-Afrika, asook nuusgebeure waarby Suid-Afrika en sy buurlande betrokke is. Items met dié as onderwerp het in 1996 afgeneem tot 17 (7,07%), wat inpas by die meer gelyke verspreiding van beriggewing oor die hele spektrum van onderwerpe in dié jaar. Buiten die drie belangrikste hoofonderwerpe in 1992 (algemene politieke sake, religie/morele sake en internasionale politieke sake) wat ver uitstaan, was daar vier onderwerpe wat min of meer ewe veel items verteenwoordig het en op hul beurt weer onderskei word van 'n derde groep onderwerpe wat min voorkom. Dié vier is die ANC (6,6%), politieke geweld/misdaad/terreur (7,5%), sport (7,5%) en menslike belang (6,8%). Nog onderwerpe wat in 1996 belangrike verskille toon teen 1992, is die ANC (af tot 2,4%), internasionale ekonomie/handel/arbeid (op van 2,5% in 1992 tot 5% in 1996), plaaslike ekonomie/handel/arbeid (op van 1% tot 2,9%), misdaad/geweld (op van 1,9% tot 5,37%) en kulturele sake/geskiedenis (op van 3,67% tot 9,5%). Meer hieroor onder die afdeling nuustemas later in die hoofstuk.

ii. Eerste subonderwerp

In albei jare het die oorgrote meerderheid items (39% in 1992 en 54,54% in 1996) geen subonderwerpe gehad nie. Die belangrikste sub-onderwerp in *Trouw* was in albei jare algemene politieke sake (41 of 9,4% in 1992 en 20 of 8,2% in 1996). In 1992 was die politieke partye die tweede belangrikste sub-onderwerpe (39 of 8,9% vir sowel die ANC as vir meer as een politieke party). Die politieke partye was merendeels sub-onderwerpe by items met algemene politieke sake as hoofonderwerp. Daarna het politieke geweld (34 of 7,8%), rassesake (21 of 4,8%) en apartheid en internasionale politieke sake (albei 11 of 2,5%) gevolg.

In 1996 was daar 'n effense verskuiwing met politieke geweld nou die tweede belangrikste subonderwerp (17 of 7,02%) waarna apartheid (14 of 5,7%), meer as een politieke partye (8 of 3,3%) en sosiale kwessies (7 of 2,9%) volg.

iii. Tweede subonderwerp

Die belangrikste tweede subonderwerp in 1992 in *Trouw* was politieke geweld/terrorisme (7 of 1,6%), terwyl dit in 1996 proteste/konflik was (4 of 1,6%).

iv. Derde subonderwerp

Daar was een derde subonderwerp in *Trouw* in 1992, naamlik die polisie (1 of 0,22%). Geen derde subonderwerpe is in 1996 gekodeer nie.

5.2.3.5.2 *Beeld*

i. Hoofonderwerpe

*Beeld* se beriggewing oor of uit Nederland was in 1992 hoofsaaklik gefokus op kulturele sake/geskiedenis/kuns (51 of 21,25%) en internasionale politieke sake (48 of 20%) (kyk grafiek 5.20). Dié twee onderwerpe het in 1992 by verre in die meeste items voorgekom. Die groot hoeveelheid items met kultuur/geskiedenis/kuns as hoofonderwerp kan toegeskryf word aan die taal- en kultuurverbintenis van Afrikaanssprekendes met Nederland, terwyl die besoek van premier Ruud Lubbers aan Suid-Afrika in 1992 'n wesentlike aandeel van die beriggewing met internasionale politieke sake as hoofonderwerp uitmaak. Die derde belangrikste hoofonderwerp in 1992 in *Beeld* uit of oor Nederland, was items met 'menslike belang' as hoofonderwerp (29 of 12,08%), waarna internasionale ekonomie/handel/arbeid en sport volg albei met 23 of 9,58% van die totale aantal items.

In 1996 maak die items met kultuur/geskiedenis/kuns steeds 36 of 17,56% van die totale aantal items uit, maar is nou slegs die tweede belangrikste hoofonderwerp na internasionale ekonomie/handel/arbeid (kyk grafiek 5.21). Laasgenoemde was in 1996 die hoofonderwerp in 38 (18,5%) van die gekodeerde items, wat 'n verdubbeling van die aantal items met dié hoofonderwerp is en duidelik óf 'n verskuiwing in die kriteria vir die selektering van nuus

aantoon, óf aandui dat daar 'n verandering in die ekonomiese verhouding tussen die twee lande was. Die aantal items met internasionale politieke sake as hoofonderwerp het in dié jaar afgeneem van die 20% in 1992 tot 9,2% (19 items).

Net soos die geval by *Trouw* was, was daar in 1996 'n meer eweredige verspreiding van die res van die hoofonderwerpe. Van die belangrikste verskuiwings was plaaslike ekonomie/handel/arbeid (op van 3 of 1,25% in 1992 tot 10 of 4,8% in 1996), onderwys (op van 0,4% tot 3,4%), sport (af van 9,5% tot 6,3%), misdaad en geweld (op van 0,8% tot 3,9%), vermaaklikheid (op van 0% tot 4,39%) en die koningshuis (op van 1,25% tot 4,87%). Die verhoging in beriggewing oor die koningshuis kan waarskynlik toegeskryf word aan die Nederlandse koningin se besoek aan Suid-Afrika in 1996.

ii. Eerste subonderwerp

In albei jare het die oorgrote meerderheid items (66,6% in 1992 en 64,8% in 1996) geen subonderwerpe gehad nie. Van die enkele items wat wel subonderwerpe gehad het, was die ANC in 1992 die belangrikste (14 of 5,8%), gevolg deur internasionale politieke sake (8 of 3,3%) en meer as een politieke party (7 of 2,9%). In 1996 was die belangrikste subonderwerp internasionale politieke sake (11 of 5,3%), gevolg deur sosiale kwessies (9 of 4,3%) en kulturele sake en die koningshuis (beide met 8 of 3,9%).

iii. Tweede subonderwerp

In 1992 was proteste en konflik en die ANC die belangrikste tweede subonderwerpe (3 of 1,25%), terwyl die koningshuis in 1996 die belangrikste tweede subonderwerp was (6 of 2,9%).

iv. Derde subonderwerp

Geen items is in 1992 gekodeer met 'n derde subonderwerp nie, terwyl een item in 1996 gekodeer is met die koningshuis as die derde subonderwerp.

5.2.3.6 Tipe gebeure

5.2.3.6.1 *Trouw*

i. Proses vs. gebeurtenis

Die meerderheid items wat in *Trouw* verskyn het en wat in die ondersoek ingesluit is, is gekodeer as proses-tipe[10] items (kyk grafieke 5.22 en 5.26). In 1992 was soveel as 365 items (83,9%) in dié kategorie, terwyl slegs 65 (14,94%) as gebeure gekodeer is. Dié groot verskil kan verklaar word aan die hand daarvan dat, volgens die definisie van dié kategorie, al die items wat onder andere gehandel het oor die onderhandelings op politieke gebied, die polemiek rondom die samesmelting van kerke en die lang proses wat premier Ruud Lubbers se besoek aan Suid-Afrika voorafgegaan het, in dié kategorie geval het. 'n Kruistabulasie tussen 'tipe gebeure 1' en die hoofonderwerpe van die items bevestig dié stelling. Daarvolgens het berigte oor internasionale politieke sake, die ANC, algemene politieke sake, religie/morele sake en proteste/konflik in 1992 in die meeste gevalle dubbel soveel items in die proses-kategorie as in 1996 gehad.

Die verhouding tussen proses-tipe items en gebeure-tipe items het in 1996 nader aan mekaar beweeg met 71 (29,3%) van die items wat as gebeurtenisse gekodeer is en 151 (62,39%) wat as prosesse gekodeer is. Dit is in dié jaar nog hoofsaaklik dieselfde onderwerpe wat as proses-tipe items gekodeer word, maar die belang is hier dat daar in verhouding veel meer gebeure-tipe items voorkom. By die bespreking van die onderwerpe (onder 5.2.3.5.1.i en 5.2.3.5.2.i) is daarop gewys dat die verspreiding van onderwerpe in 1996 'n meer 'algemene belangstelling' in Suid-Afrika toon teenoor die gekonsentreerde belangstelling in 1992. Die verskuiwing na meer gebeure-tipe items ondersteun dié stelling van 'n meer dag-tot-dag belangstelling in die algemene nuusgebeure in Suid-Afrika.

---

[10]Sien bylaag A.

ii. Ontwrigtend vs. nie-ontwrigtend

Nie-ontwrigtende nuusgebeure het in albei jare die oorgrote meerderheid van items uitgemaak. In 1992 was 267 items (61,38%) in dié kategorie gekodeer, terwyl 142 items (32,64%) as ontwrigtend aangedui is. Dié verhouding het in 1996 ietwat verander deur 'n toename in die persentasie nie-ontwrigtende items en 'n afname in die persentasie items wat as ontwrigtend gekodeer is (kyk grafieke 5.23 en 5.27). Altesame 161 items (66,52%) was in dié jaar sogenaamd nie-ontwrigtende items, terwyl 69 (28,5%) ontwrigtende items was. Die meerderheid ontwrigtende items was in beide jare items met politieke geweld/terrorisme/politieke misdaad as die hoofonderwerp, terwyl die meeste van die nie-ontwrigtende items internasionale en algemene politieke sake, religie/morele sake en menslike belang as hoofonderwerpe gehad het.

Dié inligting is veral insiggewend in die lig daarvan dat die nie-ontwrigtend gebeure volgens die definisie in die koderingsprotokol tipies die soort gebeure is wat in hoofstuk vier as die *bad news-* of negatiewe nuusgebeure beskryf is en wat een van die motiveringsredes vir die ontstaan van die NWIKO was. Dit ondersteun die stelling wat in hoofstuk vier gemaak is dat die nuusvloeipatroon tussen Suid-Afrika en Nederland nie tiperend is van die nuusvloeipatroon tussen die Weste en die ontwikkelende wêreld nie. Daarvolgens plaas die Weste (Nederland) die klem merendeels op negatiewe nuus uit die Derde/ontwikkelende wêreld (Suid-Afrika).

iii. Roetine vs. onreëlmatige gebeure

'n Substansiële deel van die items is in albei jare onder hierdie kategorie gekodeer as onseker/nie van toepassing nie (46,2% in 1992 en 38,4% in 1996). Die rede hiervoor is dat dié items nie volgens die definisie, wat net so oorgeneem is van die protokol van die GNFP, sonder enige twyfel as roetine of onreëlmatige gebeure[11] gekodeer kon word nie. Uit die res van die items het dit wel geblyk dat die oorgrote meerderheid van die items roetine gebeure was. 'n Totaal van 191 items (43,9%) is in 1992 as roetine gebeur gekodeer en 43 (9,8%) as onreëlmatige gebeure. In 1996 was 119 items (49,17%) volgens die resultate roetine gebeure terwyl 30 (12,3%)

[11]Kyk bylaag A.

onreëlmatige gebeure was (kyk grafieke 5.24 en 5.28). Die meerderheid van die onreëlmatige gebeure-items het in 1992 politieke geweld/terrorisme/politieke misdaad as hoofonderwerp gehad, terwyl die meeste van dié items in 1996 misdaad/geweld as hoofonderwerp gehad het. Let hier op die verskuiwing van politiek-verwante geweld/misdade in 1992 na 'gewone' misdaad/geweld in 1996. Meer hieroor onder die afdeling nuustemas hieronder. Die grootste hoeveelheid roetine-gebeure het in albei jare internasionale en politieke sake, religie/morele sake en sport as hoofonderwerpe gehad, wat in ooreenstemming met die definisie van dié kategorie is.

iv. Nuusmaker

Die publiek, siviele organisasies, individue of politieke partye was in sowel 1992 as in 1996 direk of indirek verantwoordelik vir die meerderheid items. In 1992 was 258 items (59,3%) 'n inisiatief van of reaksie op die aktiwiteite van een of meer van dié elemente, terwyl 141 items (58,2%) in 1996 op dié manier ontstaan het (kyk grafieke 5.25 en 5.29). Die regering was in albei gevalle in die tweede plek met 95 items (21,83%) in 1992 en 41 of (16,9%) in 1996. Altesame 50 items (11,49%) het in 1992 op inisiatief van die media verskyn, terwyl hulle in 1996 vir 25 items (10,3%) verantwoordelik was. Die privaatsektor het in albei jare tot die minste items aanleiding gegee, naamlik 11 (2,5%) in 1992 en 10 (4,13%) in 1996. Hoewel laasgenoemde klein getalle behels, is die toename van die privaatsektor se bydrae in ooreenstemming met die toename in items met ekonomie/handel/arbeid as hoofonderwerpe in 1996.

5.2.3.6.2 *Beeld*

i. Proses vs. gebeurtenis

In teenstelling met *Trouw* se beriggewing oor Suid-Afrika, was die oorgrote meerderheid items wat in *Beeld* verskyn het, in albei jare gebeure eerder as prosesse. In 1992 was 139 items (57,9%) gekodeer as gebeure, en 96 items (40%) as prosesse. In 1996 was daar 'n effense verskuiwing met 108 items (52,6%) wat as gebeure aangedui is en 93 (45,3%) as prosesse (kyk grafieke 5.30 en 5.34). 'n Moontlike rede vir die verskil tussen *Beeld* en *Trouw* se items is die perslandskappe

in die twee lande. Die politieke aktiwiteite in Suid-Afrika veral in 1992 het die Nederlandse joernaliste die geleentheid gegee, en in 'n sekere sin die taak gestel, om deurlopend oor sekere nuustemas verslag te doen. In *Beeld* se geval was daar nie samelewingsprosesse in Nederland aan die gang wat van die omvang van dié in Suid-Afrika veral voor die 1994-verkiesing was nie, en is daar meer 'n dag-tot-dag joernalistiek bedryf. In 1992 het die meeste van die items wat as gebeure gekodeer is, internasionale politieke sake en sportgebeure as hoofonderwerpe gehad. Dié prentjie het in 1996 heeltemal verander met die meeste gebeure-items wat in dié jaar internasionale ekonomie/handel/arbeid as hoofonderwerp gehad het.

ii. Ontwrigtend vs. nie-ontwrigtend gebeure

Altesame 175 (72,9%) van die items wat in 1992 in *Beeld* uit of oor Nederland verskyn het, is gekodeer as nie-ontwrigtend-tipe items en 48 (20%) as ontwrigtend. In 1996 was 159 (77,5%) van die items as nie-ontwrigtend gekodeer en 40 (19,5%) as *ontwrigtend* (kyk grafieke 5.31 en 5.35). In albei jare het die meeste nie-ontwrigtende items sport, kultuur/geskiedenis/kuns, menslike belang en internasionale ekonomie/handel/arbeid as hoofonderwerpe gehad.

iii. Roetine vs. onreëlmatige gebeure

Die oorgrote meerderheid items was in 1992 as roetine gebeure gekodeer (149 of 62,08%). Altesame 67 items (27,9%) is gekodeer as onseker/nie van toepassing en 24 (10%) as onreëlmatige gebeure. In 1996 was die verhoudings min of meer dieselfde met 116 items (56,58%) wat as roetine gebeure gekodeer is, 61 (29,75%) as onseker/nie van toepassing en 28 (13,65%) as onreëlmatige gebeurem (kyk grafieke 5.32 en 5.36).

iv. Nuusmaker

Net soos wat by *Trouw* die geval is, het die meeste items ontstaan na aanleiding van die publiek, siviele organisasies, politieke partye of individue. Altesame 114 items (47,5%) het in 1992 na aanleiding van aktiwiteite van dié groepe tot stand gekom teenoor 87 (42,43%) in 1996. Die tweede belangrikste nuusmaker was in 1992 die regering (52 of 21,6%) en in 1996 die

privaatsektor (45 of 21,95%). Laasgenoemde was in 1992 die vierde belangrikste nuusmaker met 27 (11,25%) van die items wat deur die aktiwiteite van dié sektor tot stand gekom het. Die skerp toename tussen die twee jare stem ooreen met die toename in die aantal items wat in 1996 ekonomie/handel/arbeid as hoofonderwerp gehad het. Die res van die nuusmakers het in die twee jare tot min of meer dieselfde persentasie items aanleiding gegee (kyk grafieke 5.33 en 5.37).

### 5.2.4. 'Nuuswaardes'

Een van die deurlopende argumente in die huidige navorsing, is dat die 'nuuswaardes' wat deur 'n joernalis/koerant toegepas word, 'n definitiewe invloed het op hoe die nuusvloeipatroon daar uitsien. Die nuusvloeipatroon tussen Suid-Afrika en Nederland is reeds hierbo in detail bespreek volgens 'n voorafbepaalde koderingsprotokol. Die resultate van die koderingsprotokol sal onder hierdie afdeling gebruik word om van die belangrikste tendense met betrekking tot die 'nuus-waardes' wat deur die twee koerante, *Beeld* en *Trouw*, toegepas is, te identifiseer en te bespreek. Die bespreking word gedoen volgens die vierledige model vir 'nuuswaardes' wat na aanleiding van die literatuurondersoek oor die onderwerp ontwerp is[12].

#### 5.2.4.1 Ekstrinsieke kwaliteite

Sonder om weer die argument te voer rondom wat ekstrinsieke en intrinsieke kwaliteite van nuus is, kan kortliks gesê word dat dit dié eienskappe van 'n nuusgebeurtenis is wat nie inherent deel is van die inhoud van die nuusitem nie, maar wat die nuuswaardigheid van 'n gebeurtenis bepaal deur (a) omstandigheidsfaktore soos tyd en ruimte, asook deur die ander twee elemente van die nuusselekteringsproses, nl. (b) nuustemas en (c) faktore wat nuuswaardigheid beïnvloed (kyk fig. 3.1). Onder ekstrinsieke kwaliteite tel dan bv. tydigheid, proksimiteit, drama, prominensie, belangrikheid ens. Al is dit nie die hoofoogmerk van die huidige studie is om die twee koerante wat in die studie ondersoek word, *Beeld* en *Trouw*, se beleid oor nuuskriteria te ontleed nie, word die ekstrinsieke kwaliteite hier bespreek soos wat dit afgelei kan word uit die nuusvloeiresultate. Die ekstrinsieke kwaliteite word hier soos in hoofstuk drie bespreek volgens die indeling van

---

[12]Kyk hoofstuk drie.

De Beer (1977:40) se Afstands-/Intensiteitsmodel.

5.2.4.1.1 *Trouw*

i. Afstand

■ Tydigheid

Volgens die definisie van die kategorie 'Tipe gebeure 1', waarvolgens items as gebeure of prosesse gekodeer moes word, is die gebeure-tipe items tipies dié tipe items met 'n inleiding soos 'Iets het gister (of vandag) gebeur'. Proses-tipe items, daarenteen, is items wat nie noodwendig na aanleiding van 'n gebeurtenis kort tevore geskryf is nie. Dit is volgens die definisie tipies die 'agtergrondverhale of in-diepte artikels' van 'n koerant.

As gebeure-tipe items dus geneem word as die berigte wat harde nuus bring, kan dit gebruik word as 'n maatstaf vir **tydigheid** as ekstrinsieke kwaliteit van 'n berig. Hiervolgens was tydigheid in 1996 vir *Trouw* 'n belangriker kriteria vir die selektering van nuus as in 1992. Die rede hiervoor is dat die koerant in 1992 gefokus was op beriggewing oor die verskillende samelewingsprosesse (polities, kerklik en maatskaplik) wat in Suid-Afrika aan die gang was. Teen 1996 het die Suid-Afrikaanse samelewing (en dus die Suid-Afrikaanse perslandskap) die meeste van die prosesse afgehandel en het die koerant dus sy fokus verskuif na die daaglikse nuusgebeure in die land oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe.

■ Proksimiteit/Sosio-psigiese afstand

Aangesien Suid-Afrika en Nederland nie fisies naby mekaar geleë is nie, speel geografiese nabyheid nie 'n rol in die bepaling van die nuuswaardigheid van items uit of oor die ander land nie. Taal-, kulturele en historiese bande speel hier egter wel 'n rol, soos wat dit blyk uit die tipe items wat gekodeer is en die nuustemas van die items. Die tipe item wat in albei jare die meeste in *Trouw* voorgekom het, was berigte met 'n vreemde datumreël waarby Nederland nie betrokke was nie. Die feit dat die oorgrote meerderheid van dié berigte 'n Suid-Afrikaanse datumreël het

met onderwerpe waarby Nederland nie direk betrokke is nie, dui daarop dat daar 'n ander rede moet wees vir die selektering van dié berigte as geografiese nabyheid of eie belang.

Een van die redes kan moontlik 'n klein sosio-psigiese afstand tussen die twee lande wees wat vergestalt word in (a) die kulturele verbintenis tussen die twee lande (**identifisering** met die ander land) en (b) die **relevansie** van die gebeure in Suid-Afrika vir die Nederlandse gemeenskap. Die relevansie spruit uit Nederland se aktiewe rol in die stryd teen apartheid, wat die noodwendige gevolg het dat inligting oor die uiteindelike proses tot die omverwerping van apartheid en die gevolge daarvan vir die Nederlandse publiek belangrik is. Dit wil voorkom asof die sosio-psigiese afstand tussen die twee lande in 1992 'n kriterium in die selektering van nuus vir *Trouw* was op grond van die relevansie van politiek-verwante gebeure, terwyl daar in 1996 'n verskuiwing was na items met onderwerpe waarmee die Nederlandse leser meer kon identifiseer (soos blyk uit die verhoging in die persentasie items met onderwerpe soos kuns/kultuur, menslike belang en sport)[13].

Buiten relevansie en identifisering sluit De Beer (1977:40) ook **dramatiese elemente** in by sy lys van elemente wat sosio-psigiese afstand bepaal. In die huidige studie kan die hoeveelheid items waarin dramatiese elemente teenwoordig is, afgelei word uit die resultate van 'tipe gebeure 2' waarvolgens items gekodeer is as ontwrigtend of nie-ontwrigtend. Daaruit blyk dit dat die oorgrote meerderheid items in albei jare nie-ontwrigtend was, met 'n effense verskuiwing van ontwrigtend na nie-ontwrigtend tussen 1992 en 1996. Al maak die items met ontwrigtend of dramatiese elemente maar sowat 'n derde van die totale aantal items uit, is dit steeds merkwaardig as in ag geneem word dat dit volgens die definisie items is wat fokus op oorlog, rampe, konflik, protesaksies, geweld ens.

[13]Vergelyk grafieke met hoofonderwerpe in 1992 en 1996.

ii. Intensiteit

■ *Status quo*

Al word **konflik** eerder as nuustema gesien wanneer dit vir nuuswaardigheid beoordeel word, speel dit tog 'n rol in die intensiteitsdimensie van nuuswaardigheid. Soos met dramatiese elemente hierbo die geval is, verhoog 'n item se nuuswaardigheid as daar elemente van konflik in die gebeure aanwesig is. As aanvaar word dat al die items met politieke geweld/politieke misdaad/terrorisme, geweld/misdaad en proteste/konflik as onderwerp elemente van konflik bevat, blyk dit dat omtrent ewe veel berigte in die twee jare elemente van konflik bevat, naamlik 12,5% in 1992 en 12,8% in 1996.

**Prominensie** is nog 'n aspek van die *status quo*-element van die intensiteitsdimensie as dit beoordeel word na die bekendheid van die persone in die gebeure of die belangrikheid van die land. In die huidige navorsing is die items in terme van prominensie gekodeer op grond van die lengte van die item soos wat dit in die koerant verskyn het. Dit is dus daarom nie moontlik om prominensie as 'n kriterium van nuuswaardigheid daaruit af te lei nie.

■ Onverwagsheid

Die **onverwagsheid** van 'n gebeurtenis as 'n kriterium vir die selektering daarvan as nuus, word in die huidige navorsingsresultate weerspieël in die 'tipe gebeure 3'. Die items is in dié kategorie gekodeer as roetine- of onreëlmatige-tipe gebeure. Die resultate toon dat daar in albei jare veel meer oor roetine-tipe gebeure geskryf is as oor die onreëlmatige of onverwagse gebeure. Hieruit kan afgelei word dat dié kriterium nie so hoog aangeslaan word by die selektering van nuus uit of oor Suid-Afrika nie. Daarmee word egter nie bedoel dat 'n gebeurtenis wat wel oor dié kwaliteit beskik, nie vir selektering oorweeg sal word nie, maar eerder dat gebeure wat nié oor dié eienskap beskik nie, ewenwel nie om daardie rede nié vir selektering oorweeg sal word nie.

5.2.4.1.2 *Beeld*

i. Afstand

■ Tydigheid

Waar proses-tipe gebeure in *Trouw* die meerderheid van items uitgemaak het, was items wat as gebeurtenisse gekodeer is in *Beeld* in albei jare die belangrikste. As daar volgens dieselfde argument as hierbo aangeneem kan word dat beriggewing oor gebeurtenisse 'n aanduiding is van items wat voldoen aan die kriterium van **tydigheid**, blyk dit dat dié kriterium vir *Beeld* belangrik is in die selektering van items uit of oor Nederland. Dit moet egter in die konteks gesien word dat daar nie in Nederland se geval samelewingsprosesse aan die gang was van die omvang soos wat in Suid-Afrika die geval is nie.

■ Proksimiteit/Sosio-psigiese afstand

Net soos in *Trouw* se geval speel fisiese afstand nie 'n rol in die selektering van items nie, maar sosio-psigiese afstand wel. Laasgenoemde word in *Beeld* se geval in 1992 die duidelikste vergestalt in die **relevansie** van die gebeure in die meerderheid items wat in dié jaar berigte was met 'n vreemde (Nederlandse) datumreël waarby Suid-Afrika wel betrokke was. In 1996 was die tweede meeste hoeveelheid items ook berigte met 'n vreemde datumreël waarby Suid-Afrika betrokke was. Die relevansie spruit uit Suid-Afrika se betrokkenheid in die berigte. 'n Kruistabulasie het aangetoon dat byna die helfte van dié berigte in 1992 internasionale politieke sake as hoofonderwerp gehad het, terwyl internasionale ekonomie/handel/arbeid in 1996 die belangrikste hoofonderwerp van dié tipe berigte was. Dit verklaar waarom gestel kan word dat dié items geselekteer is op grond van hul relevansie vir Suid-Afrika is.

Een van die belangrikste hoofonderwerpe in albei jare in berigte uit of oor Nederland wat in *Beeld* verskyn het, was kultuur/geskiedenis/kuns. As in ag geneem word dat 'n belangrike deel van die berigte met dié onderwerpe in albei jare gekodeer is as berigte met 'n vreemde datumreël waarby Suid-Afrika wel betrokke is, kan die selektering van dié berigte toegeskryf word aan die

**identifisering** van die Suid-Afrikaanse leser met dié onderwerpe.

Die derde element wat 'n rol speel in die sosio-psigiese afstand, **dramatiese elemente**, blyk in *Beeld* se geval nie so 'n belangrike kriterium te wees in die selektering van berigte uit of oor Nederland nie. In albei die jare van ondersoek het die nie-ontwrigtend-tipe gebeure tussen 70% en 80% van die items uitgemaak, terwyl die items met ontwrigtend of dramatiese elemente rondom 20% gedraai het.

ii. Intensiteit

■ *Status quo*

**Konflik** as kriterium vir die selektering van nuus uit of oor Nederland speel klaarblyklik nie 'n groot rol in *Beeld* se selekteringsproses nie. In 1992 het slegs sowat 2,85% van die items elemente van konflik bevat, wat tot sowat 5,2% van die items in 1996 gestyg het. Wat **prominensie** betref kan volgens dieselfde argument as in *Trouw* se geval nie afleidings uit die nuusvloeiresultate verkry word nie, maar die volgende is tog van toepassing. Die kommentaar-artikels wat in 1992 in *Beeld* oor Nederland-verwante onderwerpe geskryf is, was almal geskryf na aanleiding van die Nederlandse premier se voorgenome besoek aan Suid-Afrika in dié jaar, terwyl die kommentare in 1996 al drie na aanleiding van koningin Beatrix se besoek aan Suid-Afrika geskryf was. Dié feit dien as bewys daarvoor dat belangrike/elite persone beslis vir *Beeld* 'n belangrike kriterium in die selektering van nuus is.

■ Onverwagsheid

'n Klein aantal items is in albei die jare van ondersoek as onreëlmatige tipe gebeure gekodeer (10% in 1992 en 13,6% in 1996). Hieruit kan die afleiding gemaak word dat onverwagsheid nie vir *Beeld* 'n belangrike kriterium vir die selektering van nuus uit of oor Nederland is nie. Dié kriterium speel vermoedelik hoofsaaklik 'n rol as dit gepaard gaan met ander kriteria wat die gebeurtenis se nuuswaardigheid vir *Beeld* ook verhoog. Om die stelling te illustreer kan daarop gewys word dat die meeste items wat in 1992 as onreëlmatige gebeure gekodeer is,

rampe/ongelukke as hoofonderwerp gehad het, terwyl misdaad/geweld in 1996 die belangrikste hoofonderwerp van dié tipe gebeure was.

5.2.4.2 Nuustemas

In hoofstuk drie is geargumenteer dat nuustemas op sigself nie 'nuuswaardes' is nie, maar dat sommige nuustemas deur sekere koerante en in sekere omstandighede wel makliker as nuus geselekteer word op grond van die feit dat dit in samehang met 'n bepaalde onderwerp ook oor 'n aantal ekstrinsieke kwaliteite beskik wat die gebeurtenis meer of minder nuuswaardig maak. Vervolgens sal die belangrikste nuustemas geïdentifiseer word wat in 1992 en 1996 in *Beeld* en *Trouw* verskyn het met betrekking tot die ander land.

5.2.4.2.1 *Trouw*

i. Politiek

Uit die resultate van die huidige ondersoek blyk dat politiek die belangrikste nuustema in *Trouw* was ten opsigte van nuusvloei tussen Suid-Afrika en Nederland. Dit is in ooreenstemming met wat Stevenson al in 1984 bevind het toe hy sê het 'news is politics' (Stevenson & Shaw, 1984:44). Politiek as nuustema is in die koderingsprotokol geoperasionaliseer deur die onderwerpkategorieë internasionale politieke sake, algemene politieke en die verskillende partye. Soos in die bespreking van die nuusvloeiresultate aangedui is, was algemene politieke sake die belangrikste onderwerp in albei jare en het internasionale politieke sake veral in 1992 sterk gefigureer.

Die belangrikheid van politiek as nuustema spruit uit die politieke aktiwiteite wat veral in 1992, maar ook steeds in 1996 die oorgangsproses van een era na die volgende gekenmerk het. Die feit dat *Trouw* as buitelandse koerant in albei jare vrylik beriggewing oor die politiek in Suid-Afrika kon skryf en publiseer, impliseer dat politiek as faktor wat perslandskappe bepaal, nie 'n beperkende invloed op die nuusvloeipatroon gehad het nie. Dit het wel 'n uitwerking gehad wat te sien is in die hoeveelheid items wat politiek as nuustema gehad het. 'n Vraag wat gevra kan word is

of die verhoogde belangstelling in die politieke bedrywighede in Suid-Afrika ook moontlik aanleiding gegee het tot 'n verhoging in beriggewing oor ander nuustemas. Uit die nuusvloeiresultate blyk dit egter nie so te wees nie. Die verskil in die hoeveelheid items tussen 1992 (435 items) en 1996 (242 items) word hoofsaaklik opgevang in die politieke onderwerpe en religie of morele sake (wat in 1992 ook hoofsaaklik polities gemotiveer was). Dit blyk dus dat politiek as nuustema in 1992 verantwoordelik was vir die groot verskil in die vloeipatroon vergeleke met 1996.

ii. Kultuur/geskiedenis/kuns

'n Interessante neiging met betrekking tot die kulturele as nuustema, is dat dié onderwerp in al twee koerante in 1996 veel belangriker was as in 1992. Dit kan daaraan toegeskryf word dat die kulturele boikot teen Suid-Afrika opgehef is en dat Nederland weer opnuut die taal- en historiese bande met Suid-Afrika wil vasmaak. Die verwikkelinge in die kulturele sisteme van die twee lande en die kulturele verhouding tussen die twee lande het dus gelei tot 'n verandering in die perslandskap wat baie duidelik in die nuusvloeipatroon weerspieël word.

iii. Religie/morele sake

Weens die historiese verbintenis van die Afrikaanse drie susterskerke met Nederland, is dit te verwagte dat kerksake 'n nuustema in veral 'n koerant soos *Trouw*, wat 'n gereformeerde geskiedenis het, sal wees. Dié tema het in 1992 sterker gefigureer as in 1996, die rede synde dat die meeste van die items wat religie/morele sake as hoofonderwerp gehad het, algemene politieke sake as eerste subonderwerp gehad het. Dié items het onder andere gehandel oor die samesmelting van kerke oor kleurgrense heen.

Die groter fokus op politiek het dus in 1992 aanleiding gegee tot meer beriggewing oor kerksake, terwyl daar in 1996 in ooreenstemming met die afplatting in die aantal items met politiek as nuustema, ook 'n vermindering in die aantal items was met religie/morele sake as onderwerp. Dit hou die implikasie in dat kerksake op sigself nie so 'n belangrike nuustema is as wat aanvanklik vermoed is nie, maar dat dit hoofsaaklik nuuswaardigheid verkry as dit in samehang

met ander belangrike nuustemas voorkom.

iv. *Bad news*

*Bad news* as nuustema word vergestalt in onderwerpe soos politieke geweld, politieke misdaad, konflik, proteste, terrorisme, rampe, ongelukke en nie-politieke geweld en misdaad. Soos wat onder konflik as ekstrinsieke kwaliteit van nuus hierbo aangetoon is, het daar in albei jare omtrent ewe veel items verskyn wat as *bad news* gedefinieer sou kon word. Dié items het in albei jare tussen 14% en 15% van die totale aantal items uitgemaak as dit saamgetel word. 'n Interessante neiging wat in die resultate waargeneem kan word, is dat daar 'n duidelike verskuiwing van politiek-verwante geweld/misdade in 1992 is na 'gewone' misdaad/geweld in 1996. Vir 'n moontlike verklaring hiervoor kan weereens verwys word na die politieke veranderinge in die Suid-Afrikaanse samelewing tussen die twee jare.

5.2.4.2.2 *Beeld*

i. Kultuur en geskiedenis

Kulturele sake/geskiedenis/kuns was in al twee die jare van ondersoek een van *Beeld* se belangrikste onderwerpe. Anders as wat by *Trouw* die geval was, was daar 'n effense afname in die aantal items met dié nuustema. Dit moet egter in die konteks gesien word van die oorkoepelende afname in die totale aantal items uit of oor Nederland wat in *Beeld* verskyn het, asook die groter verspreiding van die items oor die spektrum van onderwerpe. Die feit dat dié nuustema in 1992 die meeste en in 1996 die tweede meeste voorgekom het, wys egter steeds daarop dat dit in albei jare vir *Beeld* 'n belangrike tema was en waarskynlik 'n bepalende rol gespeel het in die selektering van dié items as nuus. Die belangrikheid van dié nuustema kan toegeskryf word aan die taal- en historiese bande tussen die twee lande.

ii. Ekonomie en handel

Een van die belangrikste tendense wat in terme van nuustemas uit die nuusvloeiresultate afgelei kan word, is die vermeerdering van berigte in *Beeld* met ekonomiese of handelsonderwerpe. Die aantal items met dié nuustema het in 1996 bykans verdubbel teenoor 1992. Die rede vir die skerp toename in berigte oor ekonomiese en handelsake kan toegeskryf word aan die feit dat Suid-Afrika sedert 1992 toenemend deel geword het van die internasionale markte met die gevolg dat items met dié nuustema, hetsy dit internasionaal of plaaslik gerig is, swaarder weeg as voorheen wanneer nuusselektering gedoen word.

iii. Menslike belang

Items wat as menslike belang beskryf word, maak in albei jare 'n substansiële deel uit van die totale aantal items. Items met dié nuustema word hoofsaaklik geselekteer word op grond van die menslike belang-element daarvan sonder dat dit noodwendig aan ander nuustemas gekoppel hoef te wees of oor baie ander ekstrinsieke kwaliteite van nuus hoef te beskik. In die huidige studie is dit ook die geval met slegs enkele items wat met menslike belang as hoofonderwerp gekodeer is, wat 'n subonderwerp ook het. Die oorgrote meerderheid van dié items was byvoorbeeld sogenaamd nie-ontwrigtend en het as rubrieke of berigte met 'n vreeme datumreël waarby Suid-Afrika nie betrokke is nie, verskyn. Dié enkele voorbeelde dui op die belangrikheid van menslike belang as nuustema in die selektering van nuus.

iv. Politiek

Politiek was ook vir *Beeld* een van die belangrikste nuustemas, veral wat internasionale politieke sake in 1992 betref. In dié jaar was by verre die meerderheid items wat politiek as nuustema gehad het, gekodeer as berigte met 'n vreemde datumreël waarby Suid-Afrika betrokke is. Die prentjie verander in 1996 met 'n algemene afname in die hoeveelheid items met een van die politieke onderwerpe as nuustema asook 'n verskuiwing na berigte met 'n vreemde datumreël waarby Suid-Afrika nie betrokke is nie. Dié feite dui daarop dat politiek as sulks, veral nie algemene politieke sake in Nederland waarby Suid-Afrika geen direkte belang het nie, nie

noodwendig 'n belangrike nuustema vir *Beeld* is sover dit beriggewing uit of oor Nederland betref nie. Dit blyk dat politiek as nuustema eers vir die koerant waarde kry as Suid-Afrika eie belang by die gebeure het of as die gebeure van internasionale belang is wat ook implikasies vir Suid-Afrika inhou al is die land nie daarby betrokke nie.

5.2.4.3 Faktore wat nuuswaardigheid beïnvloed

Van die faktore wat nuuswaardigheid beïnvloed wat in hoofstuk drie bespreek is[14], word vier hier duideliker toegelig soos wat dit op die ondersoek toepaslik is. Van die faktore wat nie bespreek word nie en wat volgens die sentrale teoretiese stelling van die verhandeling ook 'n invloed op nuusselektering en dus nuusvloei behoort te hê, is die signatuur van die koerante, die persoonlike belangstellings, ondervinding en agtergrond van die joernaliste, die organisasiestrukture en -kulture, die lewens- en wêreldbeskouings van die joernaliste en die belangstellings van die lesers. 'n Deeglike analise van dié faktore vereis 'n deeglike studie op sigself en val buite die raamwerk van die huidige navorsing. Dit is ook nie die doel van hierdie studie om die faktore wat wel bespreek word in detail te ontleed nie, maar slegs om enkele toepaslikhede uit te wys.

i. Ruimte

Dit blyk uit die ondersoek dat *Trouw* veel meer ruimte aan buitelandse nuus afstaan as wat *Beeld* (kan) afstaan. Dit blyk nie net uit die hoeveelheid items wat *Trouw* meer as *Beeld* in die betrokke jare gepubliseer het nie, maar ook uit die lengte van die items. Die definisie waarvolgens die items in die prominensie-kategorie gekodeer is, dui aan dat een van die kriteria waarvolgens die kodering gedoen is, die lengte van die item is. 'n Voorafondersoek het getoon dat die minimumlengte van 'n agtergrondverhaal ('reportage') in *Trouw* sowat 800 woorde lank is, terwyl 'n soortgelyke artikel in *Beeld* sowat 600 woorde lank is. In *Trouw* is 'n artikel van langer as 800 woorde dus as van uiterste belang gekodeer, terwyl 'n artikel van 600 woorde in *Beeld* dieselfde behandeling ontvang het. Met dit in gedagte is dit insiggewend om daarop te wys dat *Trouw* in albei jare bykans dubbel soveel items gehad het wat as 'van uiterste belang'

[14]Kyk afdeling 3.8.

gekodeer is as wat *Beeld* gehad het. Ruimte in die koerant het dus beslis 'n rol gespeel in hoe die nuusvloeipatroon daar uitgesien het.

ii. Buitelandse korrespondente en redakteurs

Soos wat in die bespreking van die perslandskappe aangedui is, het *Trouw* 'n hele span joernaliste wat op verskillende wêrelddele konsentreer. Behalwe vir die joernaliste wat oor Afrika Suid van die Sahara (en dus Suid-Afrika) verslag doen, het dié koerant ook 'n voltydse korrespondent in Suid-Afrika wie se verantwoordelikheid dit is om deurlopend nuusanalises en agtergrondverhale oor die land te skryf. *Beeld*, daarenteen, het ten tyde van die ondersoek nie 'n amptelike buitelandse redakteur gehad nie en die samewerking van 'n korrespondent in Nederland wat op deeltydse grondslag stories na die drie Nasionale Pers-koerante, waaronder *Beeld*, deurstuur. Hy is dus onder geen verpligting om enigiets te lewer nie. 'n Voorbeeld ter illustrasie wat die huidige navorser ondervind het tydens 'n veldondersoek in Nederland in 1997, is dat die korrespondent 'n dag voor die halfjaarlikse beraad van die Europese Unie in Amsterdam sou begin, met vakansie vertrek het met die verskoning 'dit het nou maar net so uitgewerk'. Nieteenstaande dié situasie was die korrespondent in al twee jare van die ondersoek *Beeld* se belangrikste bron, terwyl *Trouw* se korrespondent in albei jare een van die minder belangrike bronne was.

Die gevolgtrekking kan hier gemaak word dat die teenwoordigheid van 'n buitelandse redakteur en 'n span joernaliste wat in Nederland is, maar oor wêreldgebeure skryf, 'n groter rol speel in *Trouw* se selektering van buitelandse nuus as wat die korrespondent speel. In *Beeld* se geval is dit net omgekeerd. Weens die afwesigheid van 'n buitelandse redakteur ten tyde van die ondersoek om nuustemas deurlopend op te volg, was die onus op die korrespondent om die belangrikste deel van die nuusselektering vir die koerant te doen.

iv. Keuse van nuusagentskappe

Die nuusagentskappe speel by albei koerante 'n uiters belangrike rol in die selektering van nuusgebeure en die uiteindelike nuusvloeipatroon na die lande. Weens die feit dat dit die span

joernaliste op *Trouw* se redaksie se verantwoordelikheid is om harde nuus in Suid-Afrika te dek, is hulle byna heeltemal afhanklik van die kopie van nuusagentskappe soos Reuter, AP, AFP en ANP. Dit is dus nie verrassend dat die nuusagentskappe, veral Reuter, hoog op die lys van die koerant se bronne is nie. Verder moet in gedagte gehou word dat baie van die joernaliste se inligting wat hulle gebruik vir berigte wat onder die naamlyn 'eie redactie' gepubliseer is, ook van die nuusagentskappe afkomstig is. In *Beeld* se geval speel Sapa, die Suid-Afrikaanse nuusagentskap, 'n belangrike rol in die voorsiening van inligting uit of oor Nederland waaruit die koerant moet selekteer. Sapa herlei hoofsaaklik die kopie van ander internasionale nuusagent-skappe na sy intekenare, waarvan *Beeld* een is. Die feit dat Sapa dus in sowel 1992 as in 1996 as een van die belangrikste bronne aangedui word, is ook 'n verwysing na die belangrikheid van die internasionale nuusagentskappe vir *Beeld*. Dit is dus duidelik dat nuusagentskappe deur hul nuusagenda 'n sentrale rol speel in al twee koerante se selektering van nuus.

iv. Toeganklikheid

Nie een van die twee koerante se joernaliste of korrespondente het probleme ondervind om toegang tot nuusgebeure of -persone te kry in die sin dat hulle deur wetgewing of dergelike beperkings verhinder is om inligting te bekom of inligting te versprei nie.

**5.3 Opsomming van hoofstuk 5:**

Die navorsingsmetode en die resultate van die nuusvloeiondersoek is in hierdie hoofstuk bespreek en toepaslike gevolgtrekkings deurentyd gemaak met betrekking tot die nuuswaarde- en perslandskapelemente van die ondersoek. 'Nuuswaardes' of nuusselekteringskriteria is aan die hand van die vierledige model vir die selektering van nuus wat in hoofstuk drie ontwerp is, bespreek na die mate wat afleidings uit die resultate van die nuusvloeiondersoek gemaak kon word. Die resultate sal in die volgende hoofstuk verder bespreek word.

# HOOFSTUK 6 –

# GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

## 6.1. Inleiding

In hierdie hoofstuk sal die navorsingsvrae wat vir die studie gestel is, eerstens beantwoord word, waarna 'n gevolgtrekking gemaak word en die tekortkominge en heuristiese waarde van die studie bespreek word.

## 6.2. Beantwoording van die navorsingsvrae

6.2.1 Wat is die omvang van die nuusvloeiprosesse in 1992 en 1996 tussen Suid-Afrika en Nederland soos blyk uit *Beeld* en *Trouw* se nuuskartering van die 'ander land'?

Onder 4.4.2 is aangevoer dat *media maps* 'n voorstelling/kaart is wat 'n idee gee van die hoeveelheid en rigting van die nuusvloei tussen lande. Dié *media maps* of nuuskaarte is dus 'n aanduiding van die balans van nuusvloei tussen lande en wêrelddele en die verskuiwing wat in die kriteria vir die selektering van nuus plaasgevind het. Uit die navorsingsresultate van die huidige ondersoek het dit geblyk dat die balans van nuusvloei tussen Suid-Afrika en Nederland in 1992 na Nederland oorgehel het, terwyl dit in 1996 meer eweredig was. Die resultate het verder aangedui dat daar saam met die verandering in die omvang van veral die nuus oor Suid-Afrika na Nederland, 'n verskuiwing in die kriteria vir die selektering van nuus plaasgevind het. Die hoeveelheid of balans van die nuusvloei word hieronder bespreek, terwyl die rigting van die nuusvloei en die verandering in die selekteringskriteria in 6.2.4 aan die orde sal kom.

Uit die bespreking van die resultate blyk dat die nuusvloeiproses uit Nederland na Suid-Afrika soos weerspieël in *Beeld* se nuusdekking van die land, in al twee jare van min of meer van dieselfde omvang was in terme van die hoeveelheid items (sien 5.2.2). Die nuusvloeiproses na Nederland vanuit Suid-Afrika sien egter anders daar uit met 'n duidelike verskil in die omvang van die nuusvloei tussen die twee lande in die twee jare. In 1992 is naamlik bykans dubbel soveel items uit of oor Suid-Afrika gepubliseer as wat in 1996 die geval was. Dit is in

ooreenstemming met die tweede teoretiese argument (sien 1.5.2) dat die nuusvloeipatroon uit Suid-Afrika tussen die twee jare sal verskil weens die ingrypende veranderinge in die sosio-politieke samelewingsisteem en dus die Suid-Afrikaanse perslandskap. Volgens dié argument sal die nuusvloeipatroon uit Nederland oor die twee jare dieselfde sou bly omdat die Nederlandse samelewing nie sulke ingrypende veranderinge oor die tydperk beleef het nie.

Dit is insiggewend om daarop te let dat die meerderheid nuusitems wat in 1992 in *Trouw* oor of uit Suid-Afrika verskyn het, deur die koerant se eie redaksie voorsien is. Danksy *Trouw* se buitelandse redaksie van twaalf joernaliste, buiten nog die aantal wêreldwye korrespondente, maak dit vir die koerant makliker om self meer internasionale berigte te voorsien en regverdig dit ook meer internasionale beriggewing. Soos onder 2.3.8.3 aangedui is, is die buitelandse redakteur belas met Suider-Afrika self verantwoordelik vir beriggewing oor harde nuusgebeure uit die streek. Die korrespondent moet hoofsaaklik konsentreer op agtergrond- en interpreterende beriggewing, maar kan ook harde nuusgebeure dek. Die feit is egter dat *Trouw* meer regstreeks verbind is tot gebeure in Suid-Afrika, hetsy via die korrespondent of die buitelandse redakteur belas met Suider-Afrika, as wat die geval by *Beeld* is. Die Suid-Afrikaanse koerant het net een oorkoepelende buitelandse redakteur en geen amptelike korrespondent in Nederland nie (sien 2.4.8.3). In terme van mannekrag is dit dus ook te verwagte dat Nederland meer beriggewing oor en uit Suid-Afrika sal dra as omgekeerd.

'n Vraag wat noodwendig ontstaan, is of die nuusvloeiproses uit Suid-Afrika in die twee betrokke jare verskil weens die politieke veranderinge in die land of danksy 'n nuusgemotiveerde belangstelling in die politieke veranderinge? Die omwentelinge in die Suid-Afrikaanse samelewingsisteem het nie aanleiding gegee tot verhoogde nuusvloei uit die land nie in die sin dat beperkings op die media opgehef is en daar 'n vryer vloei van inligting kon plaasvind nie. As dit die geval sou wees, sou die omvang van die nuusvloeiproses in 1996 groter gewees het as in 1992 omdat die amptelike omwenteling eers in 1994 gekom het. Die effek van die omwenteling in die Suid-Afrikaanse samelewing kan eerder waargeneem word uit die verandering in die kriteria vir die selektering van nuus (die verskil in nuustemas ens.) wat weerspieël word in die verskillende nuusvloeipatrone uit Suid-Afrika in die twee jare, as uit 'n skielike verhoging in die aantal items uit of oor die land. Die uitermate baie items wat dus in 1992 in *Trouw* uit of oor Suid-Afrika ge-

publiseer is, kan waarskynlik eerder toegeskryf word aan die feit dat veranderinge in Suid-Afrika aan die gang was as aan die feit dat die veranderinge struktureel vryer nuusvloei bewerk het.

6.2.2 Wat is die aard van die nuus wat die onderskeie koerante van die 'ander land' bied?

Volgens die vierledige model vir die selektering van nuus, wat in hoofstuk drie voorgestel is, is daar vier elemente van nuus wat die selekteringsproses beïnvloed. Van die vier elemente is drie bepalend in die aard van die nuus[1], naamlik die intrinsieke en ekstrinsieke kwaliteite van nuus en die nuustemas. Onder 5.4.2.1 is verduidelik waarom intrinsieke kwaliteite nie in die huidige navorsing ondersoek is nie; die aard van die nuus word dus vervolgens bespreek volgens die nuustemas en die ekstrinsieke kwaliteite van nuus soos dit uit die navorsingsresultate blyk.

In terme van die nuustemas was die aard van die nuus wat *Trouw* in 1992 uit of oor Suid-Afrika gepubliseer het, oorwegend polities gemotiveer. Omtrent al die belangrikste onderwerpe in dié jaar was op een of ander manier verwant aan die politiek - selfs die items met religie/morele sake as hoofonderwerp se belangrikste subonderwerpe was rassesake, algemene politieke sake en apartheid. Die aard van die nuus het in 1996 egter verander met 'n groter verspreiding van die items oor die breë spektrum van onderwerpe en 'n afname in die politiek-verwante onderwerpe. 'n Mens kan dus sê die aard van die nuus in 1996 was meer 'n weerspieëling van die normale nuusvloeipatroon tussen twee lande met 'n meer alledaagse/'normale' samestelling van onderwerpe.

Wat *Beeld* betref, word dieselfde tendens tot 'n mate waargeneem, met die verskil dat daar in elke jaar onderwerpe was wat hulself duidelik onderskei het. Die feit dat die aantal items met kultuurverwante onderwerpe in albei jare 'n belangrike deel uitgemaak het, wys daarop dat dit, in teenstelling met wat by *Trouw* die geval was, voor en na die omwentelinge in Suid-Afrika 'n belangrike nuustema was. Verder blyk dit dat items met onderwerpe waarby Suid-Afrika in die betrokke jaar spesifieke belang gehad het, ook uitskieters was. So was internasionale politieke sake in 1992 'n belangrike onderwerp, wat toegeskryf kan word aan die maandelange polemiek

---

[1] Kyk 2.1.1.

oor die Nederlandse premier se besoek aan Suid-Afrika. In 1996 was dit weer internasionale ekonomiese sake wat uitgestaan het, moontlik weens die feit dat Suid-Afrika teen dié tyd weer deel was van die internasionale ekonomie. Dan blyk dit ook dat *Beeld* in 1996 'n wyer belangstelling in Nederland begin toon het met items wat meer oor die wye spektrum van onderwerpe handel.

In terme van ekstrinsieke kwaliteite[2] het tydigheid, relevansie, identifisering, die onverwagsheid van gebeure, dramatiese elemente en konflik die oorgrote meerderheid van berigte gekenmerk. Die meerderheid berigte oor Nederland wat in *Beeld* verskyn het, het in al twee jare van ondersoek tydigheid vooropgestel bo 'proses-tipe' gebeure. In *Trouw*, daarenteen, het die meeste berigte in 1992 oor tydigheid as kwaliteit beskik, terwyl die meeste berigte in 1996 oor 'proses-tipe' gebeure was. Dit kom ooreen met die verskuiwing wat in die nuustemas plaasgevind het van harde nuusgebeure oor die politieke aktiwiteite in Suid-Afrika in 1992 na 'n meer eweredige verspreiding van nuusitems oor die spektrum van onderwerpe soos hierbo gestel is.

Die res van die ekstrinsieke kwaliteite word volledig in hoofstuk 5 bespreek, maar hier kan kortliks met die volgende volstaan word: (a) Fisiese afstand was geen beperking nie terwyl sosio-psigiese afstand, soos vergestalt in die relevansie van bepaalde nuusgebeure vir die twee koerante en identifisering met die ander land, sonder twyfel 'n eienskap is van die nuusitems wat in al twee koerante verskyn het; (b) dramatiese elemente was nie so 'n belangrike deel van die aard van die nuus nie; (c) konflik het by al twee koerante in beide jare 'n relatief klein deel van die totale aantal items uitgemaak, en (d) onverwagsheid was blykbaar nie 'n vereiste vir selektering nie.

Om werklik die waarde van die relatiewe hoeveelheid beriggewing met kwaliteite soos konflik en dramatiese elemente te bepaal, moet 'n mens dit vergelyk met die werklike voorkoms van ontwrigtende gebeure. As daar byvoorbeeld baie ontwrigtende gebeure plaasvind, en die koerant berig min daaroor, beteken dit ewe veel as wat dit min gebeur en die koerant berig elke keer daaroor. Vir die huidige soort navorsing is dit egter belangriker om beriggewing met dié soort kwaliteite binne die konteks van die totale hoeveelheid beriggewing oor of uit die ander land te

[2]Sien 5.2.4.1.1. en 5.2.4.1.2.

verstaan.

6.2.3 Watter konseptuele nuuskaart is deur *Trouw* van Suid-Afrika en deur *Beeld* van Nederland aan sy lesers gebied?

Soos onder afdeling 4.5.2 aangevoer word, sal elke leser se konseptuele nuuskaart van 'n land verskil weens die feit dat elkeen die nuus wat hy aangebied word, vanuit sy of haar eie verwysingsraamwerk lees. Die huidige navorsing kan egter wel bevindings maak oor die twee elemente waardeur 'n konseptuele nuuskaart gevorm word, naamlik (a) die hoeveelheid en rigting van die nuusvloeipatroon en (b) die aard van die nuusvloeipatroon in terme van die nuustemas en ander nuusselekteringskriteria.

Wat eersgenoemde betref is hierbo reeds verwys na die uitermate groot omvang van die nuusvloeiproses vanuit Suid-Afrika na Nederland in 1992 wat in skerp teenstelling staan met dieselfde nuusvloeiproses in 1996 en die nuusvloeiprosesse vanuit Nederland na Suid-Afrika in 1992 en 1996. Verdere navorsing sou moes bewys of die groter stroom van items na Nederland in 1992 wat op *Trouw* se konseptuele nuuskaart van Suid-Afrika aangedui word, oorgedra is op die konseptuele nuuskaarte van die lesers en of dit Suid-Afrika hoër op die Nederlandse lesers se nuusagenda geplaas het.

Aangesien 'n konseptuele nuuskaart 'n 'verkonkretisering van internasionale verhoudings en 'n aanduiding van ontluikende neigings in sodanige verhoudings' is soos wat in afdeling 4.5.2 geargumenteer word, behoort die nuustemas 'n weerspieëling van dié verhoudings en neigings te wees. Uit die navorsingsresultate blyk dit die verhouding tussen die twee lande volgens *Trouw* se konseptuele nuuskaart in 1992 rondom politiek gebou was terwyl daar in 1996 'n neiging ontstaan het om meer ekonomiese sake en onderwerpe oor die man op die straat (onderwys, kultuur, sport, toerisme, menslike belang) op die konseptuele nuuskaart te plaas. *Beeld* het op sy beurt in 1992 'n konseptuele nuuskaart geteken met internasionale politiek en kultuur as die boustene van die verhouding tussen Suid-Afrika en Nederland, wat in 1996 verander is na internasionale ekonomie en kultuur.

Van die ekstrinsieke kwaliteite van nuus wat volgens die navorsingsresultate 'n bepalende invloed gehad het op die nuusvloeipatroon en dus die konseptuele nuuskaarte wat die twee koerante aan hul lesers gebied het, was sosio-psigiese afstand op grond van identifisering en relevansie by altwee koerante die belangrikste bydraende faktor. In die eerste teoretiese argument onder 1.5.1 en telkens in die verloop van die verhandeling is verwys na die besondere historiese en kulturele verbintenis met Nederland. Uit die bespreking van die nuustemas het dit geblyk dat kulturele sake vir *Beeld* belangriker was in sy beriggewing oor Nederland as wat dit vir *Trouw* was in sy beriggewing oor Suid-Afrika. Vir laasgenoemde was die algemene politieke sake in Suid-Afrika van groter belang was wat soortgelyke sake in Nederland van belang was. Dit is in ooreenstemming met die voorkoms van die ekstrinsieke kwaliteite van identifisering en relevansie - *Beeld* was in die twee jare van ondersoek moontlik sosio-psigies naby aan Nederland op grond van die kultuur-historiese identifisering met die land, terwyl *Trouw* veral in 1992 maar ook in 1996 sosio-psigies naby aan Suid-Afrika was op grond van die relevansie van die politieke gebeure in die land vir Nederland weens laasgenoemde se betrokkenheid in die anti-apartheidstryd.

Die belangrikste faktore wat nuuswaardigheid beïnvloed en wat 'n invloed gehad het op hoe die konseptuele nuuskaarte daar uitgesien het, was waarskynlik die beskikbaarheid van ruimte, buitelandse korrespondente en redakteurs, die keuse van nuusagentskappe en toeganklikheid. Deurdat dié faktore elkeen 'n rol speel in die selektering van nuusgebeure, is dit dus bepalend in die vorming van 'n konseptuele nuuskaart. Deurdat *Trouw* meer ruimte het om aan internasionale nuus af te staan, kry dié koerant se lesers byvoorbeeld 'n 'groter' kaart om vanaf te lees.

Die feit dat *Beeld* ten tyde van die ondersoek nie 'n buitelandse redakteur gehad het nie terwyl *Trouw* 'n vaste korrespondent sowel as 'n span joernaliste gehad het, beteken dat *Beeld*-lesers 'n konseptuele kaart gebied word wat moontlik minder deurdag en deurlopend is as wat by *Trouw* die geval is met 'n paar aangewese persone wat konsekwent oor die land verslag doen. In *Beeld* se geval kan gestel word dat joernaliste nie berigte oor Nederland soek nie (dit is volgens Lötter [1998], *Beeld* se buitelandse redakteur ten tyde van die ondersoek, 'n relatief onbelangrike landjie), maar selekteringsbesluite daaroor vel as dit teëgekom word. In dieselfde trant bied 'n groter hoeveelheid nuusagentskappe aan die lesers 'n wyer nuusdekking oor die ander land met

die gevolg dat *Trouw* aan sy lesers 'n meer volledige konseptuele nuuskaart kan bied.

### 6.2.4 Is daar 'n verskil in die aard van die nuusvloeipatrone en nuusselektering in die tydperk voor (1992) en na (1996) die 1994-verkiesing?

Die navorsingsresultate en die antwoorde op die eerste drie navorsingsvrae het duidelik aangedui dat daar by albei koerante tot mindere of meerdere mate 'n verskil was in die aard van die nuusvloei uit die een land na die ander in die twee jare. Tot dusver is die verskil in die aard van die nuusvloeipatrone tussen die twee jare aangedui in terme van omvang (hoeveelheid)[3] en die aard van die nuus[4] in die twee koerante. Daar het egter ook 'n verandering in die vloeirigting van die nuusvloeipatrone plaasgevind. 'n Verandering in die aard van die nuusvloeipatrone gaan noodwendig gepaard met 'n verandering in die aard van nuusselektering deur die hekwagters van die twee koerante.

Volgens die tweede sentrale teoretiese argument onder 1.5.2 behoort die nuusvloeipatroon vanuit 'n land te verander as die land se perslandskap verander en daar 'n verskuiwing in die kriteria vir die selektering van nuus plaasgevind het. Die navorsingsresultate toon aan dat die vloei van nuus in 1992 tussen Suid-Afrika en Nederland oorwegend van Suid na Noord plaasgevind het met byna twee keer soveel nuusitems wat in *Trouw* oor of uit Suid-Afrika verskyn het as omgekeerd. In 1996 was die vloei meer gebalanseerd, maar nog steeds oorwegend van Suid-Afrika na Nederland.

Dié nuusvloeipatroon pas nie in by die tradisionele teorie van internasionale nuusvloei nie wat stel dat nuus oorwegend van Noord na Suid vloei[5]. Volgens dié teorie word die wêreld ingedeel in 'n dominerende en ondergeskikte party en vloei die nuus van hoofsaaklik van die ontwikkelde lande na die ontwikkelende lande. Die rede daarvoor sou wees dat die ontwikkelde lande oor beter media-infrastrukture as die 'armer' ontwikkelende lande beskik, en sodoende meer en

---

[3]Kyk 6.2.1.

[4]Kyk 6.2.2.

[5]Kyk 4.6.1.

vinniger inligting versprei. In terme van die huidige navorsing was dit egter nie die geval nie, omdat Suid-Afrika oor 'n media-infrastruktuur beskik van dieselfde gehalte as Eerste Wêreld-lande. In dié opsig kan die nuusvloei tussen Suid-Afrika en Nederland dus gesien word as 'n uitruilpatroon tussen twee ontwikkelde lande.

Die uitsonderlike wanbalans in die nuusvloeipatrone tussen die twee betrokke lande in 1992, kan toegeskryf word aan 'n uitsonderlike toestand in die betrokke jaar. Die politieke aktiwiteite in Suid-Afrika en Nederland se belangstelling daarin, het bygedra tot die hoeveelheid en rigting van die nuusvloeipatroon van Suid na Noord in die jaar. Die 'normalisering' van die perslandskap die daaropvolgende paar jaar het gelei tot 'n meer 'normale' nuusvloeipatroon tussen die twee lande in 1996, soos wat 'n mens tussen twee ontwikkelde lande sou verwag.

Die verandering in 'n perslandskap lei daartoe dat 'n nuwe nuusagenda aan die hekwagters voorgesit word waarop die nuusselekteringskriteria toegepas moet word. Om dié rede is dit toepasliker om te praat van 'n *verskuiwing* in die nuusselekteringskriteria eerder as 'n *verandering*. As dieselfde nuusagenda in die twee jare aan die hekwagters voorgehou is, sou die resultate heel moontlik dieselfde wees, terwyl 'n nuwe nuusagenda ander resultate sal oplewer met dieselfde nuusselekteringskriteria.

Die nuusselekteringskriteria by al twee koerante het verskil soos wat dit manifesteer in die verandering in die nuustemas tussen die twee jare[6]. Dié verskil moet toegeskryf word aan die verandering in die nuusagenda in Suid-Afrika (vir *Trouw*) en die nuwe belange wat Suid-Afrika op wêreldvlak het met lande soos Nederland na die beëindiging van ekonomiese en kulturele sanksies (vir *Beeld*). Die ander elemente van die nuusselekteringsmodel wat in die navorsingsresultate aangespreek is, ekstrinsieke kwaliteite en faktore wat nuuswaardigheid beïnvloed, het tussen die twee jare dieselfde gebly. Ekstrinsieke kwaliteite soos tydigheid, relevansie en identifisering was in al twee jare by al twee koerante van belang, terwyl die belangrikste faktore wat nuuswaardigheid beïnvloed soos ruimte, buitelandse korrespondente en redakteurs, die keuse van nuusagentskappe en toeganklikheid, in al twee jare van ondersoek by al twee die koerante

[6]Kyk 6.2.2 en 6.2.3.

dieselfde gebly het.

6.2.5 Kan daar teen die agtergrond van die verandering in die samelewingsisteem in Suid-Afrika ook 'n verskil aangedui word in terme van die wyse waarop *Beeld* en *Trouw* die 'ander land' se nuus karteer?

Hoewel die politieke omstandighede in Suid-Afrika oor die tydperk van ondersoek verander het, het dit nie die Suid-Afrikaanse perslandskap beïnvloed in die sin dat joernaliste in 1992 meer of minder vryheid gehad het as in 1996 nie. As die ondersoek die jaar 1986 ingesluit het, sou dié aspek moontlik duideliker resultate gelewer het aangesien daar in dié jaar wetlike beperkings op die media in Suid-Afrika was. Een van die elemente van 'n perslandskap wat as gevolg van die veranderinge in die Suid-Afrikaanse samelewing wel 'n invloed op die nuusvloeipatroon en dus *Trouw* se kartering van nuus uit Suid-Afrika gehad het, is die kulturele faktore. In 1992 was daar nog 'n kulturele boikot teen Suid-Afrika wat teen 1996 afgeskaf was. Die verskil in die aantal items wat in 1992 en in 1996 met kultureel-verwante sake as onderwerp verskyn het, kan moontlik toegeskryf word aan die effek wat dié boikot op die kartering van nuus uit Suid-Afrika gehad het.

Al het die woelinge in die Suid-Afrikaanse samelewing nie dié land se perslandskap in so 'n mate beïnvloed dat dit duidelik in die nuuskartering weerspieël word nie, kan die verandering in *Trouw* se nuuskartering van Suid-Afrika wel teruggevoer word na die politieke aktiwiteite in Suid-Afrika. Soos onder 6.2.1 aangevoer is, het die verwikkelinge in die Suid-Afrikaanse samelewing aanleiding gegee tot 'n verhoogde belangstelling in 1992 in die land wat wel in die nuuskartering weerspieël word. Dan het die veranderinge in die Suid-Afrikaanse samelewing teen 1996 ook daartoe gelei dat die aard van die nuusvloeipatroon verander het deurdat die stand van die samelewing nie meer vereis dat die fokus op die politieke omstandighede moet wees nie, maar eerder op die land as geheel, wat weerspieël word deur die breër spektrum onderwerpe in *Trouw* in 1996.

Wat Nederland betref het die perslandskap gedurende die typerk van die ondersoek nie dramaties verander nie, met die gevolg dat weining of geen verandering in die nuusvloeipatroon uit die land

na Suid-Afrika verwag is. Die verandering wat daar wel plaasgevind het, word toegeskryf aan 'n verandering in die kriteria vir die selektering van nuus wat by *Beeld* plaasgevind het weens die veranderinge in die koerant se eie land.

6.2.6 Is daar 'n verandering in die hantering van die sogenaamde *bad news syndrome* in die navorsingstydperke voor en na 1994 in *Beeld* sowel as in *Trouw*?

Onder 5.4.2.1 is aangetoon dat die hoeveelheid items wat as *bad news* gedefinieer sou kon word, in albei jare in *Trouw* min of meer dieselfde was. Wat wel daaruit geblyk het en verdien om hier herhaal te word, is die feit dat die meeste van die *bad news*-onderwerpe in 1992 politiek-verwant was, terwyl dit in 1996 minder die geval was. Ander tipes *bad news* soos natuurrampe en ongelukke het bitter min in albei jare voorgekom. Wat *Beeld* se hantering van *bad news* uit Nederland betref, was die hoeveelheid items wat oor die betrokke tipe onderwerpe gehandel het, so min dat daar nie noemenswaardige gevolgtrekkings oor gemaak kan word nie. Die totale aantal items in die koerant in die twee jare wat oor dié onderwerpe gehandel het, het min of meer dieselfde gebly, met enkele verskuiwings tussen die twee jare.

Wat betref die teorie dat nuusvloei tussen ontwikkelde en ontwikkelende lande 'n Noord-Suid-patroon vorm (bedoelende dat nuus in oormaat van die ontwikkelde lande na die ontwikkelende lande vloei) met die klem op negatiewe nuus uit die ontwikkelende lande, blyk dit uit die huidige resultate dat die nuusvloeipatroon tussen Suid-Afrika en Nederland nie dié teorie ondersteun nie. In die eerste plek was daar 'n groter vloei van nuus uit Suid-Afrika (ontwikkelende land) na Nederland (ontwikkelde land)[7], en in die tweede plek was die meerderheid items wat oor albei die lande in die twee koerante verskyn het, nie tipiese *bad news* nie. Dié stand van sake ondersteun die bevinding wat in 6.2.4 gemaak is dat die nuusvloeipatroon tussen Suid-Afrika en Nederland nie inpas in die tradisionele teorieë van nuusvloei tussen 'n ontwikkelde land (Noord) na 'n ontwikkelende land (Suid) nie.

---

[7]Sien 6.2.4.

## 6.3. Gevolgtrekking

Die huidige studie het gepoog om die nuusvloei van Suid-Afrika na Nederland en omgekeerd te karteer deur die beskrywing van die nuusvloeipatrone tussen die lande, die perslandskappe van die lande en die kriteria vir die selektering van nuus wat die twee koerante in die ondersoek, *Trouw* en *Beeld*, gebruik. Die twee lande se perslandskappe is beskryf op grond van literatuur-ondersoeke in Suid-Afrika en Nederland. Die twee koerante in die ondersoek, *Beeld* en *Trouw*, is bespreek as subsisteme in hul onderskeie perslandskappe in terme van die funksionele benadering wat as basis vir die beskrywing van perslandskappe aangevoer is. Uit die literatuur-ondersoek het geblyk dat *Nederland* se perslandskap sedert die sestigerjare baie verander deur 'n proses van ontsuiling. In die tydperk van ondersoek egter, 1992 en 1996, was dié perslandskap stabiel en het geen noemenswaardige verskuiwings plaasgevind wat 'n invloed op die studie uitgeoefen het nie. In *Suid-Afrika* se geval, daarenteen, het die perslandskap heelwat verskuif van die eerste jaar van ondersoek, 1992, tot die tweede jaar van ondersoek, 1996. Die politieke verwikkelinge in Suid-Afrika het 'n nuwe perslandskap geskep met 'n verandering in politieke magte, wat aanleiding gegee het tot ontwikkelings soos die opheffing van Nederland se kulturele boikot van Suid-Afrika.

Die veranderinge in die Suid-Afrikaanse perslandskap het blykbaar gelei tot 'n verandering in die nuusselekteringskriteria by al twee koerante. Dít blyk uit die bevinding in die resultate dat daar 'n verskuiwing was in sowel *Beeld* as *Trouw* se belangrikste onderwerpe van 1992 tot 1996. Die kriteria vir die selektering van nuus is in die huidige navorsing beskryf met behulp van 'n nuwe voorgestelde vierledige model vir die selektering van nuus. Die huidige navorser het dié model ontwerp om onsekerhede oor die begrip 'nuuswaardes' uit die weg te ruim. Volgens die model word die nuuswaardigheid al dan nie van 'n gebeurtenis bepaal deur vier elemente, naamlik intrinsieke en ekstrinsieke kwaliteite van die gebeurtenis, nuustemas en faktore soos beskikbare ruimte ens.

Die nuusvloeipatroon is beskryf op grond van bogenoemde twee elemente en die resultate van 'n inhoudsanalise van al die nuusitems wat in 1992 en 1996 in die twee koerante verskyn het en oor die 'ander' land handel (in *Beeld* nuusitems uit of oor Nederland en omgekeerd). Die

resultate het onder meer aangetoon dat die nuusvloeipatroon tussen die twee lande in al twee koerante in die twee jare verskuif het. Die nuusvloeipatroon van Nederland na Suid-Afrika soos deur *Beeld* vir sy lesers aangebied, het 'n geringe verandering ondervind met die grootste klem op 'n verskuiwing in die tipe onderwerpe. Die patroon van nuusvloei van Suid-Afrika na Nederland het meer dramaties verander. 'n Groot verskuiwing in die hoeveelheid, sowel as die tipe onderwerpe, belangrikste bronne en datumreëls het plaasgevind. Dit kan toegeskryf word aan die verandering in perslandskap in Suid-Afrika en die gepaardgaande verskuiwing in die hekwagters se kriteria vir die selektering van nuus.

Die resultate het dus aangetoon dat die wedersydse nuusvloeipatroon tussen Suid-Afrika en Nederland nie tipies is van nuusvloeipatrone tussen Noord en Suid of tussen ontwikkelde en ontwikkelende lande nie. In plaas daarvan dat die oorwig na die ontwikkelende land toe lê, is daar 'n veel groter vloei van nuus na die ontwikkelde land vanuit Suid-Afrika.

**6.4. Tekortkominge, aanbevelings en heuristiese waarde**

- 'n Soortgelyke studie sal tussen twee lande gedoen moet word waarvan minstens een se perslandskap in so 'n mate verander het dat die joernaliste se aktiwiteite daardeur beperk word. In die huidige studie het die verandering in die Suid-Afrikaanse samelewing wel veranderinge in die nuusvloeipatroon meegebring, maar dit was nie as gevolg van 'n vryer perssisteem in Suid-Afrika nie, maar eerder as gevolg van 'n verhoogde belangstelling in die samelewingsprosesse wat in Suid-Afrika aan die gang was.
-
- 'n Verdere studie sal kan bepaal hoe die konseptuele nuuskaart wat die koerant aan die leser voorhou, deur die leser verstaan word en hom of haar beïnvloed.
-
- Die voorgestelde vierledige model vir die selektering van nuus wat die navorser vir die huidige studie ontwerp het, leen dit tot verdere ontwikkeling. Vir die huidige studie was dit voldoende om drie van die vier elemente van die voorgestelde model vir die bespreking van die resultate te ondersoek 'n Verdere studie kan egter gedoen word waarin dié elemente – die ekstrinsieke kwaliteite van 'n gebeurtenis, nuustemas en die faktore wat die

nuuswaardigheid van die gebeurtenis beïnvloed – in diepte ondersoek word. Sodanige studie sal egter op die vierde element – die intrinsieke kwaliteite van 'n nuusitem– moet fokus en daarop moet uitbrei.

**BIBLIOGRAFIE**


1996. *Artikel 3 der Statuten.* De Telegraaf.

1997. Redactiestatuut: Trouw.

AMPS. 1993. Tellmar Crosstabulations: Beeld 1992.

AMPS. 1997. Tellmar Crosstabulations: Beeld 1996.

ANNAS, R. 1997. News flow out of Africa: are Western media striving for excellence in communication standards? *Ecquid Novi,* 18(2): 196-208.

ANON. 1996. Het bedreigde debat?!/2: verslag van een werkkonferentie. *Publikasie van het Bedrijfsfonds voor de Pers over het symposium 'Het bedreigde debat' op 15 Maart 1995.* Ando: Den Haag.

ANON. 1996. Jaarverslag 1996: De Nederlandse Dagbladpers. Amsterdam: Vereninging de Nederlandse Dagbladpers.

ATWOOD, L.E. 1984. International news trends and news maps. *Ecquid Novi*, 5(1): 3-15.

AYISH, M.I. 1992. International communication in the 1990's: implications for the Third World. *International Affairs*, 68(3): 487-510.

BARDOEL, J. & BIERHOFF, J. (reds.). 1984. Media, feiten, structuren. Groningen: Wolters-Noordhoff.

BARDOEL, J. & BIERHOFF, J. (reds.). 1994. Media, feiten, structuren. Groningen: Wolters-Noordhoff.

BAGGERMAN, J.A. en HEMELS, J.M.H.J. 1985. Verzorgd door het ANP: Vijftig jaar nieuwsvoorziening. Veen Uitgewers: Utrecht/ Antwerpen.

BARDOEL, J. & BIERHOFF, J. (reds.). 1994. Media, feiten, structuren. Groningen: Wolters-Noordhoff.

BASS, A.Z. 1989. Bass' doubla action model of internal news flow. (In: McQUAIL, D. & WINDAHL, S. 1981. Communication models for the study of mass communication. London: Longman. p.104)

BERTHELOT, D.A. & MANCUSO, L.C. 1988. Public as gatekeepers survey factors serious news values in same-day international events. *Ecquid Novi*, 9(2): 136-146.

BEUKES, W.D. 1992. Oor grense heen: Op pad na 'n nasionale pers 1948-1990. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

BIELENSTEIN, D., red. 1978. Toward a new world information order: Consequences for development policy. Bonn: Institute for International Relations and Friedrich-Ebert-Stiftung.

BOHLE, R.H. 1986. Negativism as News Selection Predictor. *Journalism Quarterly*, 63(4):789-796.

BOTHA, E. 1996. Beeld: Image problems. *Finance Week;* 5-11 Augustus:35.

BOOTSMA, E. 1997. Mondelinge mededeling aan die outeur. Amsterdam: Nederland. (Kassetopname in besit van die outeur.)

BOURNE, R. 1995. News on a knife-edge: Gemini journalism and a global agenda. London: John Libbey.

BOYD-BARRETT, O. 1980. The international news agencies. Kalifornië: Sage Publications.

BOYD-BARRETT, O. & THUSSU, D.K. 1992. Contra-flow in global news: international and regional news exchange mechanisms. London: John Libbey.

CAMPBELL, W.J. 1996. Two days in the world of news: An exploratory analysis of media content in 37 countries. *Paper presented to the International Communication Association Annual Conference, Illinois, USA, May 1996.*

CAMPBELL, W.J.; STEVENSON, R.L. & JACKSON, S.P. 1996. Women as correspondents and newsmakers in a 37-nation study of foreign and international news flow. *Paper presented to International Association for Mass Communication Research Annual Conference, Sydney, Australia, August 1996.*

CHANG, T-K. & LEE, J-W. 1992. Factors affecting gatekeepers' selection of foreign news: A national survey of newspaper editors. *Journalism Quaterly*, 69(3): 554-561.

CHOI, Y. 1994. The effect of social and physical distance on the global communication networks. *Gazette*, 54: 163-192.

CHRISTIANS, C.G.; FERRé, J.P. & FACKLER, P.M. 1993. Good News: Social ethics and the Press. New York: Oxford University Press.

COHEN, Y. 1995. Foreign press corps as an indicator of international news interest. *Gazette*, 56: 89-100.

CORRIGAN, D.M. 1990. Value Coding Consensus In Front Page News Leads. *Journalism Quaterly*, 67(4): 653-662.

COWIE, A.P. (ed.). 1992. Oxford advanced learners's dictionary of current english. Oxford University Press: Oxford.

DAVIE, W.R. & LEE, J-S. 1995. Sex, violence and consonance differentiation: An analysis of local TV news values. *Journalism and mass communication quaterly*, 72(1):128-138.

DE BEER, A.S. 1977. Nuuswaardes en nuuswaardigheid. Johannesburg: De Jong.

DE BEER, A.S. 1989. The press in a post-Apartheid South Africa: a Functional Analysis. *Ecquid Novi*, 10(1&2): 141-164.

DE BEER, A.S. (red.). 1993. Mass media for the nineties. Pretoria: Van Schaik.

DE BEER, A.S. 1994. Demokrasie en die media: Voorwaardes en geleenthede vir 'n nuwe Suid-Afrika. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 34(2):126-137.

DE BEER, A.S. 1997. Mass communication in society. (In: DE BEER, A.S. (ed.). Mass Media for the Nineties: The South African Handbook of Mass Communication. Pretoria: J.L. van Schaik.)

DE BEER, A.S. & STEYN, E.F. 1993. The National Party and the Media: A Special Kind of Symbiosis. (In: LOUW, P.E. (ed.). South African Media Policy: Debate of the 1990's. Bellville: Anthropos. pp. 204-225.)

DE BEER, A.S. & STEYN, E.F. 1994. Coming in from the cold: South African media coverage of the 1992 Olympic Games. *Ecquid Novi*, 15(2):195-237.

DE BEER, A.S. & STEYN, E.F. 1997. Beeld as a mirror on the world: A qualitative stydy of international news flow and news selection at South Africa's biggest Afrikaans daily. *Communicatio*, 23(1):16-27.

DE BEER, A.S. & STEYN, E. 1996. Towards defining news in the South African context: the media as generator or mediator of conflict. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Sosiologie*, 27(3): 90-97.

DE BEER, A.S., SERFONTEIN, L. & NAUDé, A. 1996a. The new South Africa and international news flow: is it new or is it much of the same story? *Paper presented at the 20th General Assembly & Scientific Conference of the International Association for Mass Communication Research, Australia, 18-22 Augustus 1996.*

DE BEER, A.S.; SERFONTEIN, L. & NAUDé, A. 1996b. International news flow: some implications for development and media policy formation. *Paper presented before the World Commission on Culture and Development of Unesco, South Africa, 29-31 August 1996.*

DE JAGER, H. & MOK, A.L. 1976. Van verlossing tot vertrossing: De ontwikkeling van het Nederlandse massamedium van emancipatie en mechanisme tot eenheidswerkt. Baarn: Anthos.

DE VITO, J.A. 1991. Human Communication: the basic course. New York: Harper Collins.

DE WET, J. (red.). 1995. Beeld 21: Mondig en gereed vir 'n groot toekoms. *Bylae by Beeld*, 21 September 1995.

DIAMOND, E. 1978. Good news, bad news. London: MIT Press.

DIEDERICHS, P. & DE BEER, A.S. 1997. Newspapers: The fourth estate - a cornerstone of democracy. (In: DE BEER, A.S. (ed.). Mass Media for the Nineties: The South African Handbook of Mass Communication. Pretoria: J.L van Schaik. 426pp.)

DIZARD, W. (Jr). 1994. Old media, new media. New York: Longman Press.

DONCK, H. 1996. News concerning Africa in Dutch morning papers. *Gazette*, 58:117-129.

DU PLESSIS, T. 1998. Mondelinge mededeling. Johannesburg. (Kassetopname in besit van outeur.)

ERIBO, F. 1997. Cultural proximity, topic emphasis and sources of Nigerian media coverage of international news. *Ecquid Novi*, 18(2): 264-276.

FAURE, C. 1994. Die NWIKO en Suid-Afrika. Beskikbaar op internet: http://www.unisa.ac.za/dept/kom/d1lnwiko.html [15 Oktober 1997]

FOURIE, P.J. 1994. Afrikaans en die media. *Ecquid Novi*, 15(2): 256-283.

FRONEMAN, J.D. 1989. 'n Beeld van die kerk in die pers: 'n joernalistieke ondersoek na kerklike beriggewing in die dagblad *Beeld* in 1982. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (Verhandeling: M Joernalistiek).

FRONEMAN, J.D. 1997. Towards a christian model for journalism. *Koers*, 62(1):1-17.

FRONEMAN, J.D. & DE BEER, A.S. 1993. The Afrikaans press: heading for demise or a constructive role in a plural-democratic South Africa. *Communicare*, 19(2): 52-63.

FRONEMAN, J.D. & DE BEER, A.S. 1993b. *Media ethics: Thorny questions and diverse answers*. (In: DE BEER, A.S. (red.). Mass media for the nineties. Pretoria: Van Schaik. 249-272.)

FULLER, J. 1996. News values: ideas for an information age. University of Chicago Press: Chicago.

GALTUNG, J. & RUGE, M.H. 1970. The structure of foreign news: The presentation of the Congo, Cuba and Cyprus Crises in Four Foreign Newspapers. (In: TUNSTALL, J. (ed.). *Media sociolog: A reader.* London: Constable.)

GALTUNG, J. & RUGE, M.H. 1965. The structure of foreign news. *Journal of peace research*, 2: 64-90.

GALTUNG, J. & RUGE, M.H. 1973. Structuring and selecting news. (In: COHEN, S. & YOUNG, J. (eds.). 1973. The manufacture of news. London: Constable.)

GALTUNG, J. & VINCENT, R.C. 1992. *Global Glasnost: Toward a New World Information and Communication Order?* New Jersey: Hampton Press.

GANS, H. 1979. Deciding what's news. New York: Vintage Books.

GAUNT, P. 1990. Choosing the news: the profit factor in news selection. New York: Greenwood Press.

GERBNER, G., MOWLANA, H. & NORDENSTRENG, K. (eds.). 1993. The Global Media Debate: its rise, fall and renewal. New Jersey: Ablex Publishing Corporation.

GITLIN, T. 1980. The whole world is watching: mass media in the making and unmaking of the new left. Berkeley: University of California Press.

GREVEN, J. 1987. Christelike identiteit in die media. Franeker: Wever.

Grondwet **kyk** SUID-AFRIKA. 1996.

GROVé, A. 1996. Changes and imminent ownership changes in South Africa's printed media industry since 1994. *Ecquid Novi*, 17(2): 327-333.

HACHTEN, W.A. 1994. *The World News Prism: changing media, clashing ideologies.* Iowa: The Iowa State University Press.

HAUSMAN, C. 1990. The Decision-Making Process in Journalism. Chicago: Nelson-Hall Publishers.

HARRIS, J.; LEITER, K & JOHNSON, S. 1992. The complete reporter: Fundamentals of news gathering, writing and editing. Sesde uitgawe. MacMillan Publishing: New York.

HEMELS, J. 1992. De pers onder het juk van een fiscale druk. Amsterdam: Otto Cramwinckel..

HESTER, A. 1993. An analysis of news flow from developed and developing nations. *Journal of Communication*, 43(1): 120-142.

HIEBERT, R.E., UNGURAIT, D.F. & BOHN, T.W. 1985. Mass Media IV: An introduction to modern communication. New York: Longman.

HJARVARD, S. 1995. TV news flow studies revisited. *Electronic Journal of Communication*, 5(2 & 3):18-31. [More information available from the editor, Prof. Kaarle Nordenstreng, Department of Communication, University of Tampere, Finland].

HOLMES, A.F. 1983. Contours of a world view. Michigan: William B. Eerdmans.

JANSE, C.S.L. 1991. Krant en verzuiling. (In: VAN DER ROS, B. Het christelijke dagblad in de samenleving. Leiden: JJ Groen & Zoon.)

JANSEN, C.H. 1987. Politiek en dagbladjournalistiek. Muiderberg: Coutinho.

JANSEN, C.H. 1996. Het Dagbladbedrijf. Amsterdam: Stichting Krant in die Klas.

JACKSON, G.S. 1993. Breaking story: The SA press. Colorado: Westview Press.

JOHNSON, S. 1996. South Africa's press at crossroads. *Ecquid Novi*, 17(2): 291-299.

KARIEL, H.G. & ROSENVALL, L.A. 1984. Factors influencing international news flow. *Journalism Quaterly*, 16(3): 509-516.

KENNEY, K.R. 1994. Images of Africa in news magazines: Is thère a black perspective? *Gazette*, 54: 61-85.

KEPPLINGER, H.M. & HABERMEIER, J. 1995. The impact of key events on the presentation of reality. *European Journal of Communication*, 10(3): 371-390.

KIM, K. & BARNETT, G.A. 1996. The determinants of international news flow: A network analysis. *Communication research: an international quaterly*, 23(3): 323-352.

KüHN, W. 1995. Vir die nuwe geslag - nou meer as ooit tevore. (In: DE WET, J. (red.). Beeld 21: Mondig en gereed vir 'n groot toekoms. *Bylae tot Beeld*, 15 September 1995.)

LAMBETH, E.B. 1992. Committed journalism: an ethic for the profession. Indiana: University Press.

LEGUM, C. & CORNWELL, J. 1978. A free and balanced flow. Toronto: Lexington Books.

LORIMER, R & SCARMELL, P. 1994. Mass Communication: A Comparitive Introduction. Trowbridge: Redwood Books.

LOTTER, F. (flotter@beeld.com) 1998. Onderhoud oor *Beeld* se beleid oor buitelandse nuus. E-pos aan: Coetzee, M. (mcoetzee@beeld.com). 17 Oktober 1998.

LOUW, P.E. 1993. South African Media Policy: Debates of the 1990's. Belville: Anthropos.

MALEK, A. (ed.). 1997. News media and foreign relations: a multifaceted perspective. New Jersey: Ablex Publishing Corporation.

McCOMBS, M.E. & SHAW, D.L. 1972. The agenda-setting function of the mass media. *Public Opinion Quaterly*, 36:176-187.

McCOMBS, M.E. & SHAW, D.L. 1976. Structuring the 'Unseen Environment'. *Journal of Communication*, Spring:18-22.

McNELLY, J.T. 1959. McNelly's model of news flow. (In: McQUAIL, D. & WINDAHL, S. 1981. Communication models for the study of mass communication. London: Longman. p102)

McNELLY, J.T. & IZCARAY, F. 1986. International news exposure and images of nations. *Journalism Quaterly*, 63(3):546-553.

McQUAIL, D. 1987. Mass Communication Theory. London: Sage.
McQUAIL, D. & WINDAHL, S. 1989. Communication models for the study of mass communication. London: Longman.

MERRILL, J.C. (ed.). 1991. Global Journalism: Survey of international communication. New York: Longman.

MERRILL, J.C., LEE, J. & FRIEDLANDER, E.J. 1990. Modern mass media. New York: Harper & Row.

MEYER, W.H. 1992. Structures of North-South informational flows: an empirical test of Galtung's theory. *Journalism Quaterly*, 34(2):123-145.

MULLER, C.F.J. 1990. Sonop in die suide. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

NEGRINE, R. 1989. Politics and the mass media in Britain. London: Routledge.

NIEUWENHUIS, A.J. 1991. Persvrijheid en persbeleid. Gepubliseerde proefskrif vir doktorsgraad aan die Universiteit van Amsterdam. Amsterdam: Otto Craamwinkel Uitgevers.

OLORUNNISOLA, A.A. 1997. Political ideology and news selection in local versus foreign press coverage of a domestic political event. *Ecquid Novi*, 18(2):247-263.

OSTGAARD, E. 1965. Factors influencing the flow of news.
*Journal of Peace Research*, 2: 39-63.

OSTGAARD, E. 1969. In: KIM, K. & BARNETT, G.A. 1996. The determinants of international news flow: A network analysis. *Communication research: an international quaterly*, 23(3): 323-352.

PEELEN, G.J. 1976. Van verlossing tot vertrossing: De ontwikkeling van het Nederlandse massamedium van emancipatie en mechanisme tot eenheidswerkt. Baarn: Anthos.

PERRY, D.K. 1987. The Image Gap: How International News Affects Perceptions of Nations. *Journalism Quaterly*, 64: 416-421.

PERRY, D.K. 1990. News Reading, Knowledge About and Attitudes Toward Foreign Countries. *Journalism Quaterly*, 67(2): 353-358.

PETERSON, S. 1979. Foreign News Gatekeepers and Criteria of Newsworthiness. *Journalism Quaterly*, 56: 116-126.

PETERSON, T. & SCHRAMM, W. 1974. Four theories of the press. Urbana: University of Illinois Press.

REISNER, A.E. 1992. The News Conference: How Daily Newspaper Editors Construct The Front Page. *Journalism Quaterly*, 69(4): 971-986.

ROSCHO, B. 1975. Newsmaking. University of Chicago Press: Chicago.

SALWEN, M.B. & MATERA, F.R. 1992. Public salience of foreign nations. *Journalism Quaterly*, 69(3): 623-632.

SCHOLTEN, O. 1992. Krant en democratie: Een studie oor politieke informatie in landelijke dagbladen. Amsterdam: Vrije Universiteit. *Gepubliseerde proefskrif ter verkryging van die graad in sosiale wetenskappe aan Vrije Universiteit van Amsterdam, 26 November 1982.*

SEXWALE, T. 1996. Changes in the South African Press environment. *Ecquid Novi*, 17(2): 306-311.

SHOEMAKER, P.J. 1991. Communication concepts 3 - Gatekeeping. Newbury Park: Sage Publications.

SHOEMAKER, P.J.; DANIELIAN, L.H. & BRENDLINGER, N. 1991. Deviant Acts, Risky Business and US Interests: The newsworthiness of World Events. *Journalism Qauterly*, 68(4): 781-795.

SIEBERT, F.; PETERSON, T. & SCHRAMM, W. 1956. Few theories of the press. University of Illinois Press: Urbana.

SINGER, E.; ENDRENY, P. & GLASSMAN, M.B. 1991. Media Coverage of Disasters: Effect of Geographic Location. *Journalism Quaterly*, 68(1&2): 48-58.

SNYMAN, P.G. 1971. Pers en leser - 'n prinsipiële voorstudie tot die persetiek. Potchefstroom: Pro Rege. (Proefskrif – MA).

SREBERNY-MOHAMMADI, A. 1995. International news flows in the Post-Cold War World: Mapping the News and the News Producers. *The Electronic Journal of Communication*, 5(2&3). [More information available from the editor Prof. Kaarle Nordenstreng, Department of Communication, University of Tampere, Finland].

SREBERNY-MOHAMMADI, A. & MOHAMMADI, A. 1994. Small media, big revolution: Communication, culture and the Iranian revolution. Minneapolis: University of Minnesota.

SREBERNY-MOHAMMADI, A.; MCKENNA, J. & BOYD-BARRETT, O. (reds.) 1997. Media in global context - a reader. Londen: Arnold.

SREBERNY-MOHAMMADI, A.; NORDENSTRENG, K. & STEVENSON, R.L. 1984. The world of the news study. *Journal of Communication*, 34(1):134-138.

STARCK, K. & VILLANUEVA, E. 1993. Foreign Correspondents and cultural framing. *Ecquid Novi*, 14(1):3-35.

STEVENSON, R.L. & SREBERNY-MOHAMMADI, A. 1995. Cooperative study of foreign news and international news flow in the 1990's. Beskikbaar op die internet: http://metalab.unc.edu/newsflow/. [Datum van gebruik: 14 November 1996]

STEVENSON, R.L. & SHAW, D.L. 1984. Foreign news and the new world information order. Iowa: Iowa State University Press.

STOKER, H.G. 1967. Oorsprong en rigting: Band 1. Kaapstad: Tafelberg.

SUID-AFRIKA. 1996. Constitution of the Republic of South Africa as adopted by the Constitutional Assembley on 8 May 1996 and as amended on 11 October 1996. (B34B-96) (ISBN: 0-260-207-16-7.)

SUMMO-SCANNER. 1993. Lezersprofiel Dagbladen: personen van 13 jaar en ouder. Perscombinatie Marktonderzoek.

SUMMO-SCANNER. 1997. Lezersprofiel Dagbladen: personen van 13 jaar en ouder. Perscombinatie Marktonderzoek.

TOMASELLI, K.G. 1997. Ownership and control in the South-African print media: black empowerment after apartheid, 1990-1997. *Ecquid Novi*, 18(1): 21-68.

TOMASELLI, K.G. & LOUW, P.E. 1989. The South African progressive press under emergency, 1986-1988. *Ecquid Novi*, 10(1&2): 70-94.

TRABER, M. & NORDENSTRENG, K. 1992. Few voices, many worlds: Towards a media reform movement. London: World Association for Christian Communication.

TUCHMAN, G. 1978. Making news. New York: Free Press.

TUNSTALL, J.T. 1972. Journalists at work. London: Constable.

VAN CUILENBURG, J.J. 1977. Lezer, krant en politiek. Amsterdam: Vrije Universiteit.

VAN CUILENBURG, J.J. 1988. Concentratie en persklimaat. Amsterdam: Vrije Universiteit.

VAN CUILENBURG, J.J.; VAN HAAREN, H.; HASSELHOFF, F. & LICHTENBURG, L. 1992. Tussen krantenbedrijf en mediaconcern: Een beleidsessay over pers en persbedrijf. Amsterdam: Otto Cramwinckel.

VAN DER BERG, D. 1998. Skriftelike mededeling aan die outeur. Johannesburg: Suid-Afrika. (Skriftelike kopie in besit van die outeur).

VAN DER ROS, B. 1991. Het Christelijk dagblad in de samenleving. Leiden: JJ Groen en Zoon.

VAN DER ROS, B. (red.) 1993. Geschiedenis van de christelijke dagbladpers in Nederland. Kampen: J.H. Kok.

VAN DER WALT, B.J. 1990. Om mens te wees: gawe en opgawe. Potchefstroom: PU vir CHO.

VAN DEVENTER, H. 1995. Pyn en koste was enorm. (In: DE WET, J. Beeld 21: Mondig en gereed vir 'n groot toekoms, *Bylae tot Beeld*, 15 September 1995:12.)

VERENIGING DE NEDERLANDSE DAGBLADPERS. 1997. Jaarverslag 1996 De Nederlandse Dagbladpers. Amsterdam: VNDP.

WATSON, J. & HILL, A. 1997. A dictionary of communication and media studies. London: Arnold.

WEIMANN, G. & BROSIUS, H-B. 1991. The newsworthiness of international terrorism. *Communication Research*, 18(3): 333-353.

WEPENER, W.J. 1995. Beeld se suksesresep. (In: DE WET, J. Beeld 21: Mondig en gereed vir 'n groot toekoms, *Bylae tot Beeld*, 15 September 1995:9.)

WESTERSTåHL, J. & JOHANSSON, F. 1994. Foreign News: News Values & Ideologies. *European Journal of Communication*, 9: 71-90.

WHITE, D.M. 1950. The gatekeepers: a case study in the selection of news. *Journalism Quarterly*, 27:383-390.

WHITE, M. 1995. Reconsidering television program flows, or whose flow is it anyway? *The Electronic Journal of Communication*, 5(2&3). [More information available from the editor Prof. Kaarle Nordenstreng, Department of Communication, University of Tampere, Finland].

WIMMER, RD & DOMINICK, JR. 1991. Mass media research: An introduction. Belmont: Wadsworth.

# BYLAAG A: KODERINGSPROTOKOL

## 1. Tipe item

1.1 Nuusberigte met of sonder 'n foto:

Nuusberigte is alle items wat in die afdeling Redaksioneel van die koerante verskyn. Hierdie berigte verskyn hoofsaaklik op die bladsy/e met buitelandse beriggewing, maar die voorblad en die res van die nuusberigte is ook by die ondersoek ingesluit. 'n Kenmerk van die tipe berigte wat in die ondersoek ingesluit is, is dat dit gewoonlik 'n buitelandse datumlyn het. Alle berigte met 'n Nederlandse (in *Beeld*) of Suid-Afrikaanse (in *Trouw*) datumlyn is in die ondersoek ingesluit. Items wat plaaslik (in een van die twee lande) ontstaan het maar internasionale inhoud bevat, is egter ook gekodeer. In die volgende voorbeelde ter verduideliking van die vier soorte nuusberigte word aanvaar dat *Trouw* die eenheid van analise is:

i. Suid-Afrikaanse datumlyn; geen betrokkenheid van eie land:

> JOHANNESBURG - Opstande tussen ANC en Inkhata-ondersteuners in KwaZulu/Natal het gister weer vlam gevat ...

ii. Suid-Afrikaanse datumlyn; betrokkenheid van eie land:

> JOHANNESBURG - Die ambassadeur van Nederland in SA het gister bekend gemaak dat Nederlandse studente vanaf 1997 volgens 'n kulturele ooreenkoms tussen die twee lande gratis in SA sal kan studeer.

iii. Plaaslike datumlyn; geen betrokkenheid van eie land:

> AMSTERDAM - Die Suid-Afrikaanse ambassadeur in Nederland, mnr. Carl Niehaus, het gister bekend gemaak dat sy vrou hul eersteling verwag.

iv. Plaaslike datumlyn; betrokkenheid van eie land:

> AMSTERDAM - Die Suid-Afrikaanse nasionale krieketspan het gister hier met hul Nederlandse eweknieë afgereken toe hulle laasgenoemde met nege paaltjies geklop het.

1.2 'n Foto alleen gebruik

Daar word dikwels net 'n foto met 'n onderskrif van 'n buitelandse gebeurtenis geplaas. Hierdie foto's word meestal via die persagentskappe ontvang. Sulke foto's wat uit Nederland (in *Beeld*) of uit Suid-Afrika (in *Trouw*) ontvang is en foto's wat in Nederland (in *Beeld*) of in Suid-Afrika (in *Trouw*) geneem is, word getel.

1.3 Redaksionele kommentaar

Redaksionele kommentaar is dieselfde as die hoofartikel van die koerant en word geskryf deur die hoofredakteur of 'n senior lid van die hoofredaksie. In hierdie kommentare word die koerant se beleid uitgespreek. Dit sal slegs gekodeer word as 'n onderwerp ter sprake is waarin Nederland (in *Beeld*) of Suid-Afrika (in *Trouw*) die bron van die onderwerp is. 'n Voorbeeld hiervan is as in *Trouw* se redaksionele kommentaar kritiek uitgespreek word teen Suid-Afrika se apartheidsbeleid.

1.4 Agtergrondverhale

Agtergrondverhale is die langer artikels in 'n koerant waarin 'n saak wat heel moontlik prominent in die nuus was, meer in diepte ondersoek en toegelig word. Dit sluit ook artikels in waarin die skrywer sy eie opinie uitspreek. 'n Voorbeeld daarvan is wees 'n agtergrondverhaal oor die stand van die Suid-Afrikaanse ekonomie na die afskaffing van apartheid wat in *Trouw* gepubliseer word.

1.5 Briewe

Briewe wat in *Trouw* of *Beeld* verskyn met Suid-Afrika (in *Trouw*) of Nederland (in *Beeld*) of persone of gebeure uit die ander land as onderwerp van die brief. 'n Voorbeeld sou wees 'n brief

in *Beeld* oor Koningin Beatrix se besoek aan SA.

1.6 Rubrieke

Items is as rubrieke gekodeer as dit op die elektroniese argiefweergawe van die betrokke berig as sodanig aangedui is.

**2. Prominensie**

Items word ingedeel in drie kategorieë van prominensie, nl. van min belang, meerdere belang en uiterste belang. Weens die feit dat die items met behulp van elektroniese data-argiewe getrek is en die navorser dus nie die fisiese koerante in die ondersoek gebruik het nie, is kriteria soos die item se posisie op die bladsy en die grootte en wydte van die kop nie in die oorweging van die prominensie van die item gebruik nie. Faktore wat wel 'n rol gespeel het, is die volgende: die lengte van die item, verskyn die item op die voorblad en die gebruik van 'n foto, illustrasie of grafiese voorstelling saam met die item.

2.1 Uiterste belang

Items wat in *Trouw* verskyn het en langer as 800 woorde was, is dadelik as 'n item van uiterste belang gekodeer. Dit was in die meerderheid van die gevalle agtergrondverhale. In *Beeld* se geval is items wat langer as 600 woorde was, dadelik as 'n item van uiterste belang gekodeer. Die rede vir die verskil in die lengte tussen die twee koerante is die resultaat van 'n voorafondersoek waaruit geblyk het dat die twee getalle die redelike lengte van agtergrondverhale in die twee koerante is. Weinig indien enige berigte in *Beeld* het ooit meer as 800 woorde beslaan, terwyl dit in *Trouw* se geval in die konteks van die res van die koerant skynbaar die minimum lengte van 'n agtergrondartikel is.

Items wat uit minder as dié aantal woorde bestaan het, kon steeds as van uiterste belang gekodeer word as dit op die voorblad gebruik is, saam met 'n foto of grafiese voorstelling gebruik is of dit, hetsy as redaksionele kommentaar of rubriek, op die hoofartikelbladsy verskyn het. Foto's wat alleen gebruik is net saam met 'n onderskrif, is nie as van uiterste belagn gekodeer nie, behalwe in gevalle waar dit op die voorblad verskyn het.

2.2 Meerdere belang

Items wat as van 'meerdere belang' gekodeer is, was tipies tussen 200 en 600 woorde (in *Beeld* se geval) en tussen 200 en 800 woorde (in *Trouw* se geval) lank. Dit is die 'gewone' berigte, rubrieke en briewe wat gebruik word. Foto's wat alleen gebruik is met slegs 'n onderskrif daarby, is ook as sodanig gekodeer.

2.3 Min belang

Hierdie is die items wat uit minder as 200 woorde bestaan en wat tipies die 'vullers' is. Dié items word dikwels ook in rubrieke gebruik onder opskrifte soos 'nuusflitse' of iets dergeliks.

**3. Bron**

Bronne is gekodeer as primêre, sekondêre en tersiêre bronne, wat onderskeidelik eerste, tweede en derde in die bronaanduiding staan. 'n Berig wat byvoorbeeld AFP-AP as bron aangedui het, is gekodeer met AFP as primêre bron en AP as sekondêre bron. Items wat Sapa vooraan die bronaanduiding het (bv. Sapa-AFP of Sapa-Reuter), is gekodeer met die tweede bron (AFP of Reuter) as die primêre bron. Die rede hiervoor is dat Sapa dié betrokke agentskappe se berigte aan die Suid-Afrikaanse media herlei, en dus nie regtig die primêre bron is nie.

3.1 Korrespondent

In gevalle waar die bron as korrespondent aangedui is, is dit as sodanig gekodeer. 'n Groot hoeveelheid items wat deur die korrespondente voorsien is, is egter net onder hul eie name gepubliseer. Die name van diesulke persone is deur die twee koerante aan die navorser voorsien en items wat onder hul name gepubliseer is, is dus gekodeer met korrespondent as die bron.

3.2 Persagentskappe

Dit sluit al die internasionale persagentskappe in soos AP, AFP, DPA, ANP, Reuter en Sapa.

3.3 Eie redaksie

Items waar aangedui is dat dit deur die eie redaksie geskryf is, is in dié kategorie gekodeer. 'n Lys met name van itemskrywers is vir elk van die publikasies gemaak en aan hulle verskaf, wat vir die navorser aangedui het wie eie redaksielede, korrespondente en medewerkers was.

3.4 Leser

Lesers wat briewe ingestuur het is as die bronne van die briewe gekodeer.

3.5 Onsekerheid/word nie aangedui

In enkele gevalle was daar by die items geen aanduiding van wie die bron van die item was nie, of was daar onsekerheid oor die status van die skrywer van 'n item. Sulke items is onder dié kategorie gekodeer.

3.6 Medewerkers

Medewerkers is mense wat nie vir die koerant werk nie, maar tog bydraes vir die koerant gelewer het. Rubriekskrywers is die algemeenste vorm van bronne wat as medewerkers aangedui is, terwyl vryskutjoernaliste en politici ook sporadiese medewerkers was.

**4. Datumlyn**

Die datumlyn is die naam van die stad van waar die nuusstorie berig word. In *Beeld* se geval word datumlyne in baie gevalle nie verskaf as dit 'n plaaslike storie is nie. In sulke gevalle word die item gekodeer as 'geen datumlyn/onseker'. Dieselfde geld rubrieke, redaksionele kommentare, briewe en foto's. Die datumlyn wat eerste verskyn is as die eerste datumlyn gekodeer, die een wat tweede verskyn as die tweede datumlyn ensovoorts. Datumlyne wat nie in die koderingslys voorkom nie, is gekodeer onder 'elders in Suid-Afrika/Nederland/die wêreld'.

**5. Tipe gebeure**

5.1 No. 1

Items is gekodeer as *gebeurtenisse* of *prosesse*. Nuusitems wat oor 'n enkele, spesifieke gebeurtenis handel is as *gebeurtenisse* gekodeer, terwyl items wat oor 'n algemene situasie of 'n langtermynproses handel as *prosesse* gekodeer is. Gebeurtenisse is die tipiese berigte met 'n inleiding wat sê "Dit of dat het gister of vandag gebeur"; dit beantwoord die vrae wie, wat, waar, wanneer, waarom en hoe. Proses-items maak soms gebruik van 'n enkele, spesifieke gebeurtenis as aanleiding tot 'n breër beskrywing van sosiale, ekonomiese of politieke omstandighede of agtergrond; dit word dikwels in die teenwoordige tyd geskryf - "dit is hoe dinge is", terwyl gebeurtenis-items in die verlede tyd geskryf word. Die proses-items is die tipiese agtergrond- of in-diepte artikels.

5.2 No. 2

In dié kategorie word 'n onderskeid getref tussen items met *ontwrigtend* en *nie-ontwrigtende* inhoud. Items wat oor konflik, oorloë, natuurrampe, ongelukke, proteste, misdaad ensovoorts handel, is as ontwrigtend gekodeer. In kort word *bad news* as ontwrigtend gekodeer en die res as nie-ontwrigtend.

5.3 No. 3

Die items is gekodeer as *roetine-* of *onreëlmatige/onbeplande* gebeure. Die doel van dié kategorie is om 'n aanduiding te kry van hoeveel items die gevolg is van roetine, herhalende gebeure wat die normale, daaglikse aktiwiteite van regerings en gemeenskappe reflekteer, en hoeveel items die gevolg is van onvoorsiene gebeure. Roetinegebeure is beplan en vooraf bekend dat dit gaan plaasvind, soos sportbyeenkomste, die gebeure op die aandelebeurs, verkiesings, nuuskonferensies en regeringsverslae ensovoorts. Onreëlmatige gebeure kan nie voorsien word of vooraf beplan word nie.

5.4 No. 4

Dié kategorie het ten doel om te bepaal in watter mate die items 'n produk is van joernalistieke inisiatief en in watter mate dit 'n reaksie is op die aktiwiteite van ander. Items is gekodeer as geïnisieer deur die *media, regering, privaatsektor* of *publiek/siviele organisasies/individue*. Items wat die gevolg is van die media se eie inisiatief, is items soos sommige agtergrondartikels of ondersoekende joernalistiek, opvolgberigte, in-diepte artikels en sommige onderhoude. Die regering is as die inisieerder aangedui waar berigte handel oor regeringsaankondigings of regeringsaktiwiteite. In gevalle waar projekte van die privaatsektor die onderwerp van die item is, items wat handel oor maatskappye of ekonomiese sake waarby die regering nie direk betrokke is nie, is die privaatsektor as die inisieerder aangedui. Die laaste veranderlike, publiek/siviele organisasies/individue, behels byvoorbeeld briefskrywers, drukgroepe en enige lid van die publiek wat die aanleiding gee tot die item.

**6. Onderwerpe**

6.1 Internasionale politieke sake

Dit sluit items in wat handel oor politiekverwante sake waarby Nederland en Suid-Afrika betrokke is, hetsy altwee in een berig of net een van die twee, of items van internasionale politieke belang waarby nie een van die twee lande self betrokke is nie, maar wat sy oorsprong in een van die twee lande het. Dit sluit uitsprake en aktiwiteite van internasionale organisasies soos bv. die Europese Unie in, maar ook uitsprake en aktiwiteite van regerings en partye (of verteenwoordigers daarvan) wat 'n internasionale hoek het. Premier Ruud Lubbers se besoek aan Suid-Afrika is 'n goeie voorbeeld van dié onderwerpe.

6.2 Binnelandse politieke sake

Dit kon ook partypolitieke sake genoem word en sluit alle items in wat handel oor (a)die partye se blik op aangeleenthede soos uitgespreek op byvoorbeeld partysaamtrekke, nuuskonferensies deur persone wat in die hoedanigheid as verteenwoordiger van 'n spesifieke party optree en (b)persone wat vir 'n spesifieke party staan. 'n Voorbeeld van eersgenoemde sal wees 'n berig in *Trouw* oor die ANC se uitspraak oor aborsie, en 'n voorbeeld van laasgenoemde 'n agtergrond-

artikel oor FW de Klerk en sy rol as NP-leier. Dit is belangrik om hier op te let dat dit gaan oor gebeure waarin persone in hulle hoedanigheid as verteenwoordigers van hulle partye optree en nie in hulle hoedanigheid as regeringsamptenare nie. Binnelandse politieke sake is opgedeel in 'n kategorie vir elk van die belangrikste politieke partye (ANC, NP, IVP, DP, CDA, VVD, PvdA), vir 'ander politieke partye' en vir 'meer as een politieke party'.

6.3 Algemene politieke sake

Dit sluit alle items in wat handel oor sake waarby die regering van die land waaroor die item gaan, betrokke is of oor politieke gebeure waarby 'n spesifieke politieke party nie noodwendig betrokke is nie. Dit gaan dus hier hoofsaaklik oor regeringsaangeleenthede. Berigte oor die voorbereiding van die verkiesings in Suid-Afrika of oor die vordering van die onderhandelings-proses word as algemene politieke sake gekodeer. Waar 'n lid of leier van 'n betrokke party in sy of haar hoedanigheid as regeringsamptenaar optree, word dit as 'n algemene politieke saak gekodeer. 'n Berig wat in *Beeld* verskyn oor 'n aankondiging van minister Sorgdrager rakende Nederland se dwelmbeleid, sal hieronder gekodeerr word. By items soos die Suid-Afrikaanse regering se onsuksesvolle pogings om die misdaadsyfer in Suid-Afrika te laat daal, moet die kodeerder hom laat lei deur die kop en die inleidingsparagraaf van die berig om te bepaal of die hoofonderwerp misdaad is en of dit onder algemene politieke sake gekodeer moet word. Die ander een van die twee word dan as subonderwerp aangedui.

6.4 Politieke geweld/Terrorisme/Politieke misdaad

Berigte oor geweld, misdaad of terrorisme waarby 'n politiek motief betrek word, word hieronder gekodeer.

6.5 Internasionale ekonomie/handel/arbeid

Items waarby een of albei die lande in terme van internasionale ekonomiese sake betrokke is. 'n Voorbeeld sou wees 'n berig in *Trouw* oor Suid-Afrika se handelsbande met die lande van die Europese Unie, of 'n berig oor 'n handelsafvaardiging van Suid-Afrika na Nederland.

6.6 Plaaslike ekonomie/handel/arbeid

Items wat handel oor ekonomiese/handel/arbeidsake in een van die twee lande en waaroor in die ander land se koerant berig word, word hieronder gekodeer. 'n Voorbeeld is 'n berig in *Trouw* oor die stand van die Suid-Afrikaanse ekonomie.

6.7 Internasionale militêre aangeleenthede

Dit sluit items in wat handel oor militêre aangeleenthede waarby een of albei die lande in die ondersoek betrokke is, of items oor militêre aangeleenthede waarby nie een van die twee lande betrokke is nie, maar wat sy oorsprong in een van die twee lande het. 'n Voorbeeld is 'n berig in *Trouw* oor Suid-Afrika se inval in Lesotho.

6.8 Plaaslike militêre aangeleenthede

Items wat hieronder gekodeer word, moet duidelik onderskei word van items wat 'Polisie' as hoofonderwerp het. Items in *Trouw* wat handel oor sake soos die integrering van die verskillende Suid-Afrikaanse weermagte na die oorgang, word hieronder gekodeer.

6.9 Sosiale kwessies/Ontwikkeling/Onderwys

Items wat handel oor maatskappelike kwessies soos dwelmmisbruik, opvoeding, opheffing van agtergeblewenes e.d.m. word hieronder gekodeer.

6.10 Sport

Items met sport as hoofonderwerp waarby een of albei die lande betrokke is, of wat sy oorsprong in een van die twee lande het, word hieronder gekodeer.

6.11 Misdaad/Geweld

Alle items wat oor misdaad- of geweldverwante sake handel wat sy oorsprong in die 'ander' land (Nederland vir *Beeld* en omgekeerd vir *Trouw*) het, word hieronder gekodeer.

6.12 Rampe/Ongelukke

Alle items wat oor rampe of ongelukke handel wat sy oorsprong in die 'ander' land (Nederland vir *Beeld* en omgekeerd vir *Trouw*) het, word hieronder gekodeer.

6.13 Omgewingsake/Landbou/Veeboerdery

Alle items wat oor omgewingsake, landbou of veeboerdery handel wat sy oorsprong in die 'ander' land (Nederland vir *Beeld* en omgekeerd vir *Trouw*) het, word hieronder gekodeer.

6.14 Religie/Morele sake

Alle items wat oor religieuse of morele sake handel wat sy oorsprong in die 'ander' land (Nederland vir *Beeld* en omgekeerd vir *Trouw*) het, word hieronder gekodeer. Dit sluit veral berigte oor kerksake in, maar ook items wat handel oor die morele sy van sake soos aborsie, doodstraf ens.

6.15 Kulturele sake/Geskiedenis/Kuns

Alle items wat oor kulturele sake, geskiedenis of die kunste handel wat sy oorsprong in die 'ander' land (Nederland vir *Beeld* en omgekeerd vir *Trouw*) het, word hieronder gekodeer.

6.16 Toerisme

Items wat oor sake handel waar toerisme 'n rol speel. Dit sluit items in oor toerismebestemmings, neigings in die toerismebedryf ens.

6.17 Menslike belang

Items wat as menslike belang gekodeer word, handel gewoonlik oor sake wat vir die gemiddelde mens interessant sal wees. 'n Tipiese voorbeeld is die storie van 'n kat in Amsterdam wat al nege sy lewens opgebruik het en steeds leef.

6.18 Emigrasie/Immigrasie

